DIE ARGITEKTUUR VAN DIE PAARL TUSSEN DIE TWEE WêRELDOORLOë - 'n KULTUURHISTORIESE ONDERSOEK

Elizabeth Albertyn

Proefskrif ingelewer vir die graad van Doktor in die Wysbegeerte (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. P.W. Grobbelaar

Desember 1992

DIE ARGITEKTUUR VAN DIE PAARL TUSSEN DIE TWEE WêRELDOORLOë - 'n KULTUURHISTORIESE ONDERSOEK

Elizabeth Albertyn

Proefskrif ingelewer vir die graad van Doktor in die Wysbegeerte (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. P.W. Grobbelaar

Desember 1992

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

.....
Handtekening

92 · 11 · 20
Datum

OPSOMMING

Bouwerk in die Paarl tussen die twee wêreldoorloë is deur verskeie belangrike sosio-ekonomiese en kulturele omstandighede beïnvloed en het as gevolg hiervan 'n belangrike beeldverandering in die beboude omgewing teweeggebring. Hierdie tydperk kan beskou word as 'n oorgangsfase van 'n tradisionele na 'n moderne lewenswyse en hierdie verskynsel word duidelik in die bouwerke van daardie jare weerspieël.

Van die belangrike gebeure wat die lewens van alle Paarliete in daardie jare geraak het en hulle bouwerke beïnvloed het, was die Groot Griep van 1918, die wêreldwye depressie van 1929 tot 1932, die hoogty en kwyning van die wamakersbedryf, die koms van die motor, elektrisiteit, rolprente en ander tegnologiese ontwikkelinge. Hierdie tegnologiese ontwikkeling (veral dié van die motor), het tot gevolg gehad dat nuwe geboue soos vulstasies, motorvertoonlokale en privaat motorhuise oral in die dorp verrys het. Paaie is geteer en verbeter en elektriese straatligte is aangebring. Op 29 November 1924 is alle dokumente en planne wat in die destydse Stadhuis gehuisves is, deur 'n brand verwoes.

Verdere ontwikkelinge wat die Paarl beïnvloed het, was die totstandkoming van die KWV in 1918, die stigting van SASKO in 1935, die bou van 'n nuwe hospitaal, stadsaal, hoof-poskantoor, skole en die vestiging van verskeie ander, veral vrugte- en wingerdverwante bedrywe. Ook die granietbedryf het in hierdie jare 'n bloeitydperk beleef.

Vir die eerste keer het die Paarl beskik oor vermoënde plaaslike argitekte, tekenaars en bouers. Verskeie belangrike argitekte van Kaapstad en elders het ook werke in die dorp uitgevoer. Volgens bestaande rekords by die Munisipaliteit van die Paarl, was nie minder nie as vier-en-dertig verskillende argitekte en/of vennootskappe, tekenaars of bouers verantwoordelik vir die ontwerp van geboue en die teken van planne wat tussen 1926 en 1939 daar ingedien is.

Voor hierdie tydperk is die Paarl se strate nooit formeel uitgelê nie en vir die eerste keer word groot dele van die dorp nuut beplan en het woonbuurte op 'n groot skaal tot stand gekom.

'n Wye verskeidenheid van strukture wat wissel van aanbouings aan bestaande geboue, verandas, motorhuise, swembaddens, winkelgeboue, kantore, skole, kerke en openbare geboue is in dié tydperk in die Paarl opgerig.

Bogenoemde strukture is in die volgende heersende style en invloede ontwerp: Arts and Crafts-beweging, Tudor-herlewing, Mediterreense invloed, Klassieke invloed, Kaaps-Hollandse Herlewing, geboue met verandas en oop portale, rondawelhuise, Internasionale Styl en Art Deco.

Ten spyte van die groot afstande tussen die Paarl en Europa en die V.S.A. waar van die style soos Art Deco en Internasionale Styl in hierdie tye ontstaan het en groot aanklank gevind het, het hierdie style spoedig aan die suidpunt van Afrika en selfs in die Paarl gewild geraak.

SUMMARY

The erection of buildings in Paarl during the period between the two world wars was influenced by several important socio-economical and cultural circumstances. These events changed the built-up environment of Paarl dramatically. This period can be seen as a change from a traditional to a modern way of living and this phenomena is clearly imposed on the buildings erected during this period.

Some of the important happenings that changed the lives of all Paarlites in those years and influenced their building works, was the influenza epidemic of 1918, the worldwide depression of 1929 which lasted until 1932, the peak and the pining of the wagonbuilding industry, the introduction of the motor car, electricity, motion pictures and technological development in general. This technological progress, especially the introduction of the motor car, brought about the erection of new types of buildings like service stations, show rooms and private garages for these vehicles all over Paarl. Roads were tarred and improved and electrical street lighting was introduced. On 29 November 1924 all the documents and building plans housed in the then existing town hall were destroyed by fire.

Further developments that influenced living in Paarl was the establishment of the KWV in 1918, SASKO in 1935, the erection of a new hospital, town hall, post-office, schools and the establishment of several other fruit and wine related industries. The granite industry flourished during this period.

For the first time Paarl had its own local architects, draughtsmen and builders. Several important architects from Cape Town and elsewhere executed buildings in the town.

According to existing records at the Paarl Municipality no less than 34 different architects or partnerships, draughtsmen and builders were responsible for the execution of building plans handed in at the Municipality between 1926 and 1939.

Before the period in question Paarl streets were never formally laid out and for the first time large townships were planned from scratch.

A wide spectrum of structures ranging from alterations to existing buildings, verandahs, garages, swimming pools, shops, offices, schools, churches and public buildings were erected in Paarl during this period.

The above mentioned structures were designed in the following building styles: Arts and Crafts, Tudor revival, Mediterranian influence, Classical revival, Cape Dutch revival, buildings with verandahs and open vestibules, rondawel houses, International Style and Art Deco.

In spite of the vast distances between Paarl and Europe and the U.S.A. (where styles like Art Deco and International Style were introduced), these styles soon emerged here at the southern tip of Africa and became popular even in Paarl.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank:

My promotor, **prof. P.W. Grobbelaar**, vir sy insiggewende en gewaardeerde leiding.

Drs. M. Burden en **M. Olivier**, wat as mede-eksaminatore opgetree het.

Ds. H.D. Barnard en **Christof Albertyn** vir tegniese hulp.

Riana Prins, vir die tikwerk, tegniese versorging en finale uitdruk van die skripsie.

.....

E. ALBERTYN

PAARL
November 1992

Opgedra aan Christof en Ljubljana Albertyn

INHOUD

INLEIDING 1

I ALGEMENE AGTERGROND

1. KULTUURBODEM

1.1 Inleiding 6

1.2 Geologie 6

1.3 Topografie en grond 7

1.4 Klimaat 8

2. KULTUURHISTORIESE AGTERGROND

2.1 Ontstaan 10
2.2 Die tydperk tussen die twee wêreldoorloë (1918-1939) 14
2.2.1 Griepepidemie 14
2.2.2 Vredesluiting 14
2.2.3 Vrouestemreg 15
2.2.4 Stadhuis brand af 16
2.2.5 Depressie 17
2.2.6 Nasionalisme 18
2.2.7 Nuwe ontwikkelings 23
2.3 Vername besoekers aan die Paarl 24
2.4 Museum 29

3. DORPSONTWIKKELING

3.1 Dorpsuitleg 31
3.2 Plaaslike owerheid 34
3.3 Watervoorsiening 36
3.4 Elektrisiteit 39
3.5 Posdienste 42
3.6 Telefoondienste 43
3.7 Swembad 45
3.8 Jan Phillips-bergpad 47
3.9 Rioolwerke 50
3.10 Strate 51
3.11 Straatnaamgewing 56
3.12 Algemeen 77

II ARGITEKTUUR

4. ARGITEKTE EN ANDERE

4.1 Die argitekprofessie in Suid-Afrika 82
4.2 Bouplanne goedgekeur 85
4.3 Adams, M. 86
4.4 Bethke, W. 86
4.5 Black & Fagg 87
4.6 Brink, H.L. 87
4.7 Bromfield, B.C.J. 91
4.8 Cech, W. 91
4.9 Chapman, S. 93
4.10 Collins, J.B. 93
4.11 Combrink, N.C. 94
4.12 Day, R.F.R. 107
4.13 De Koker, J.H. 108
4.14 De Villiers, A. 108
4.15 Finley, H. 110
4.16 Forsyth, T.D.P. 110
4.17 Gaurmann, J.C. 111
4.18 Grant, W.H. 112
4.19 Grundlingh, J.P. 112
4.20 Immelman, S.R. 113
4.21 Johnston, A.C. 117
4.22 Johnston & Thomson 118
4.23 Lonstein, J. 118
4.24 Louw, W.H. en Louw & Louw 119
4.25 Meiring & Naude 126
4.26 Mitchell, C.M.F. 127
4.27 Nöthling, G.H. 128
4.28 Reitz, H. 128
4.29 Retief & McDonald 129
4.30 Roberts & Small 129
4.31 Sterrenberg & Lutz 130
4.32 Tallo, G. 133
4.33 Vromans, J.P. 133
4.34 Walgate & Elsworth 134
4.35 Woods, W.P. 134
4.36 Woolley, H.H. 137

5. BOUMATERIAAL

5.1 Algemeen 139
5.2 Graniet 148
5.2.1 Bedryf 148
5.2.2 Paarl Monumentale Werke 151
5.2.3 J.A. Clift (Edms) Bpk 152
5.2.4 Unie Monumentale Werke 155
5.2.5 J. Allen en seuns 156
5.2.6 Westelike Provinsie Monumentale Werke 157

5.2.7 Kleiner ondernemings wat by die granietbedryf ..... betrokke was 157

6. GEBOUTIPES

6.1 Residensieel 160
6.2 Opvoedkundig 161
6.3 Kommersieel 162
6.4 Industrieel 164
6.5 Openbare geboue 166
6.6 Religieus 167

7. HEERSENDE STYLE EN INVLOEDE

7.1 ARTS AND CRAFTS-BEWEGING 169
Residensieel
7.1.1. Woonhuis, Hoofstraat 28 175
7.1.2 Woonhuis, Proteastraat 5 177
Religieus
7.1.3 Kerksaal op die h.v. Van der Lingen- en Hoofstraat 180

7.2 TUDOR-HERLEWING 183

7.3 KAAPS-HOLLANDSE HERLEWING 184
Residensieel
7.3.1 Pastorie, Hoofstraat 384 196
7.3.2 Motorhuis, Nantesstraat 3a 197
7.3.3 Woonhuis, Sinagogestraat 41 198
7.3.4 Motorhuis op die h.v. Verster- en Kasteelstraat 200
7.3.5 Skakelhuis, Bredastraat 96 200
7.3.6 Skakelhuis, Bethelstraat 13 en 15 202
7.3.7 Woonhuis, Thomstraat 2 203
7.3.8 Woonhuis, Hoofstraat 42 205
Kommersieel
7.3.9 Elite-bioskoop, Hoofstraat 207
7.3.10 Werkswinkel, Jan van Riebeeckweg 207
7.3.11 Veranda vir Dick & Allsop, Hoofstraat 208
7.3.12 Kantien vir mnre. S en A Cohen, Hoofstraat ..... Noorder-Paarl 209
7.3.13 Loodgieterswinkel vir O.J. Arnold, op die h.v. ..... Breda- en Loopstraat 210
7.3.14 Viswinkel en Woonhuis, Hoofstraat 536 211
Industrieel
7.3.15 Houtpakkamer vir Rabinowitz & Berman, op die h.v. ..... Kasteel- en Nuwestraat 212
Openbare gebou
7.3.16 Biblioteek, Hoofstraat 213
Religieus
7.3.17 Talmud Torah-saal, Sinagogestraat 214
7.3.18 A.G.S-saal, Malherbestraat 215

7.4 GEBOUE MET VERANDAS EN OOP PORTALE 216
Residensieel
7.4.1 Skakelhuis, Bredastraat 110 221
7.4.2 Woonhuis, Sinagogestraat 41 222
7.4.3 Veranda vir Losieshuis, tans Afrikaanse Taalmuseum, Pastorielaan 11 223
7.4.4 Woonhuis, Pleinstraat 22 223
7.4.5 Woonhuis, Victoriastraat 6 225
7.4.6 Woonhuis, Fabriekstraat 45 226

7.4.7 Woonhuis, Louiestraat 12 227
Kommersieel
7.4.8 Veranda vir winkel van M. Uys, op die h.v. Auret- en Hoofstraat 229
7.4.9 Veranda vir Slaghuis van N. Rossouw, Hoofstraat 135 230

7.5 RONDAWELHUISE 230
Residensieel
7.5.1 Woonhuis, Hoofstraat 34 232

7.6 MEDITERREENSE INVLOED 234
Residensieel
7.6.1 Woonhuis, Hoofstraat 30 236
Kommersieel
7.6.2 Veranderings aan Central Hotel, op die h.v. Hoof- en Markstraat 237
Openbare gebou
7.6.3. Distrik Hospitaal, Hospitaalstraat 240

7.7 KLASSIEKE INVLOED 241
Residensieel
7.7.1 Woonhuis, Tweede Laan 7 243
Opvoedkundig
7.7.2 Onderwyserskollege Athlone, Sanddriftstraat 244
7.7.3 Huis Robert Möhr, Van der Lingenstraat 244
Kommersieel
7.7.4 Veranderings aan die Palladium, Lady Greystraat 245
Openbare geboue
7.7.5 Stadsaal, op die h.v. Hoof- en Faurestraat 247
7.7.6 Poskantoor, op die h.v. Hoof- en Bo-Lady Greystraat 250
Religieus
7.7.7 Sinagoge, op die h.v. Breda- en Sinagogestraat 251

7.8 MODERNE BEWEGING 251
7.8.1 INTERNASIONALE STYL 257
Residensieel
7.8.1.1 Woonhuis, Pleinstraat 21 260
7.8.1.2 Moderne fasade aan bestaande huis, Oranjestraat 23 262
Kommersieel
7.8.1.3 Nuwe fasade vir woonstelle en winkels vir A. Frorath, Hoofstraat . 263

7.8.2 ART DECO 265
Residensieel
7.8.2.1 Addisionele kamers, Waterkantstraat 273
7.8.2.2 Dubbelmotorhuis, Bredastraat 274
7.8.2.3 Veranda vir bestaande huis, Bethelstraat 29 274
7.8.2.4 Motorhuis, Templierstraat 276
7.8.2.5 Skakelhuis, Tekstielstraat 29 276
Opvoedkundig
7.8.2.6 Koshuis vir La Rochelle, Faurestraat 277
7.8.2.7 Skoolgebou vir La Rochelle, Faurestraat 279
Kommersieel
7.8.2.8 Veranda vir A.L. Dick & Co., Lady Greystraat 280
7.8.2.9 Nuwe winkelvensters vir C. de Villiers, Lady Greystraat 281
7.8.2.10 Boedelgebou op die h.v. Lady Greystraat en Hoofstraat 281
7.8.2.11 Rabinowitz & Bermangebou, Lady Greystraat 285
7.8.2.12 Pakkamer en winkel, Bredastraat 285

7.8.2.13 Nuwe vertoonvensters vir Economic, Hoofstraat 286
7.8.2.14 Phillipsgebou, Lady Greystraat 286
7.8.2.15 Winkels en woonstelle vir Dick & Allsop, Hoofstraat 289
7.8.2.16 Nuwe Palladiumgebou (nooit gebou nie), ... Lady Greystraat 292
7.8.2.17 Motorhawe vir C. Back, Hoofstraat 1 293
7.8.2.18 Motorhawe vir Williams, Hunt & Johnston Ltd., Fabriekstraat 293
7.8.2.19 Vertoonkamers vir Holmes Motor Co. op die h.v. ..... Lady Grey- en Bredastraat 294
7.8.2.20 Meubelwinkel vir Bloom op die h.v. Lady Grey- en Versterstraat 295
7.8.2.21 Vernuwing van klerewinkel vir Garlicks, Lady Greystraat 296
7.8.2.22 Nuwe fasade vir African Mutual Trust, ... Hoofstraat 310 298
7.8.2.23 Paarlse Eksekuteurskamer, Hoofstraat 258 298
7.8.2.24 Vernuwing van die Lady Grey Bridge-hotel, Lady Greystraat 301
7.8.2.25 Protea Bioskoop, Hoofstraat 302
Industrieel
7.8.2.26 Royal Baking Powder (Pty) Ltd, Jan van Riebeeckweg 303

8. GEVOLGTREKKING 305

BYLAE

Strate 310
Verklarende woordelys 311

BRONNE

Boeke en Artikels 316
Koerante, Tydskrifte, ens. 342
Argivale bronne 345
Persoonlike onderhoude 347

AFKORTINGS vi

AFKORTINGS

AB & E	Architect Builder and Engineer
ARIBA	Assosiaatlid, Royal Institute of British Architects
CIAM	Congress Internationaux d'Architecture Moderne
CPIA	Cape Provincial Institute of Architects
CPIAK	Cape Provincial Institute of Architects Kalender
DAK	Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis
HAT	Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
ISAA	Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek
KIA	Kaapse Instituut van Argitekte
KPIA	Kaapse Provinsiale Instituut van Argitekte
MP	Munisipaliteit van die Paarl
NBRI	The National Building Research Institute
OKP	Onderwyserskollege Paarl
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RNG	Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede

RIBA	Royal Institute of British Architects
SAA	The South African Architect
SAAR	South African Architectural Record
SAB	South African Builder
SABS	Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
SESA	Standard Encyclopedia of Southern Africa
WAD	Wesseis Albertyn Du Toit Argitekte

INLEIDING

TERREINAFBAKENING

Die dorpsgebied van die Paarl is die geografiese fokuspunt van hierdie studie. Die dorp lê op 44°45' suid en 18°59' oos. Dit is 'n belangrike historiese dorp, die tweede oudste in Suid-Afrika en die sogenaamde bakermat van die Afrikaanse taal. W.H. Louw, 'n bekende argitek en boorling van die Paarl wat daar gewoon en gewerk het en in 1940 die erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse boukuns ontvang het, was ook die eerste Afrikaanssprekende argitek in die land.

Wetenskaplike studies oor die argitektuur van spesifieke dorpe in kultuurhistoriese verband tussen die twee wêreldoorloë het tot op hede min aandag gekry. Die enigste studie, sover vasgestel kon word oor 'n spesifieke plek tydens bogenoemde tydperk, is die doktorale proefskrif van G. van der Waal met die titel: *Die boukuns van Johannesburg, 1886-1940* wat in 1985 gepubliseer is. Die navorsing handel egter hoofsaaklik oor die ontwikkeling van 'n mynkamp tot 'n metropool in teenstelling met die Paarl wat 'n plattelandse, landbou-georiënteerde gemeenskap is.

Die doel van hierdie studie is om die argitektuur van die Paarl tussen die Eerste (1914-1918) en die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) uit 'n kultuurhistoriese oogpunt te benader. Hiervoor is daar verskeie redes: dié tydperk in die Paarl is tot op hede nog nie intensief nagevors nie; verskeie geboue, veral in Lady Greystraat, is reeds gesloop om plek te maak vir nuwe ontwikkelings en 'n groot kultuurskat sou verlore gaan indien besonderhede omtrent hoe die geboue gelyk het nie op skrif gestel word nie.

Dié tydperk is ook veral gekies omdat tydsgebeure soos die wêreldwye depressie van 1929 tot 1932 'n direkte invloed uitgeoefen het op die boubedryf in die Paarl. Plaaslike vervaardiging het vir die Suid-Afrikaner 'n noodsaaklikheid geword. Sodoende het plaaslike nywerhede tot stand gekom wat 'n ekonomiese inspuiting vir die dorp was. Vele industriële geboue is opgerig en die boubedryf het gefloreer. Kenmerke van die meeste stylverskynsels en stylinvloede uit hierdie tydperk het in die Paarl voorgekom.

Alhoewel dit algemeen aanvaar word dat Suid-Afrika onder andere op die gebied van die argitektuur altyd 'n periode agter Europa is, het die Moderne Beweging gedurende die tydperk onder bespreking alreeds in Suid-Afrika, veral in Johannesburg en omstreke, weerklank gevind. Die Switserse argitek Le Corbusier het in 1936 die volgende oor Suid-Afrikaanse ontwerpe gesê: "I was very touched. In the first place to find something so alive in that far away spot in Africa." Daar is verbasend vroeg geboue in die Paarl met moderne elemente ontwerp. In 1934, 'n jaar voor die voltooiing van die Dorcher-woonstelgebou, wat as een van die eerste geboue in Kaapstad met Internasionale Stylelemente beskou word, is 'n woonhuis in bogenoemde trant in die Paarl opgerig. Alhoewel die boustyl van die woonhuis te Pleinstraat 21, wat deur die plaaslike argitek S.R. Immelman ontwerp is, eklekties van aard is, het dit tog duidelike herkenbare elemente van die Internasionale Styl bevat.

Persoonlike informante lewer 'n belangrike bydrae ten opsigte van ons kennis omtrent kultuurskeppinge. 'n Wye verskeidenheid informante, soos argitekte, tekenaars en inwoners wat in daardie tydperk in die Paarl gewoon het, kon geraadpleeg word. Verskeie informante wat geraadpleeg is, is sedertdien oorlede.

WERKMETODE

Die periode tussen die twee wêreldoorloë is 'n tyd van verandering en toenemende industrialisasie. Die uitgangspunt is dus dat dié gemeenskap, soos elke ander gemeenskap, 'n bepaalde kultuurpatroon ontwikkel het wat skakel met dié van ander gemeenskappe, maar tog iets heel besonders en uniek besit, 'n eie skepping. Die liniêre ontwikkeling van die dorp aan weerskante van die lang Hoofstraat bied 'n chronologiese beeld van boustyle uit die verskillende tydperke van die Paarlse bestaan. Tesame met die vermenging van plase en woongebiede vorm dit 'n besondere eienskap van die dorp. Alhoewel Paarl-graniet vir verskeie groot geboue landwyd gebruik is, is ringmure van graniet, motorhuise wat hoofsaaklik van graniet gebou is, asook die granietrantstene by alle strate tydens die tydperk onder bespreking, eie aan die Paarl.

In die eerste gedeelte van die proefskrif word 'n algemene agtergrond geskets. Daar word aangetoon hoe die omgewing en klimaat die dorpsuitleg en die aktiwiteite van die inwoners beïnvloed het. Agtergrondgebeure van die tydperk tussen die twee wêreldoorloë word kortliks genoem. Straatnaamgewing wat tot op hede nog nie nagevors is nie, is op 'n besondere wyse aan die geskiedenis

en ontwikkeling van die dorp verbonde en word in die besonder behandel. Vir die huidige geslag sou baie van die straatname nie meer betekenis hê nie aangesien die mense, geboue of sakeondernemings waarna hulle vernoem is in die vergetelheid verdwyn het.

In die tweede gedeelte van die proefskrif word spesifiek na die argitektuur verwys. Alhoewel informele onderrig in Argitektuur voor die Eerste Wêreldoorlog gegee is, was dit eers gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë dat akademiese opleiding in Argitektuur in Suid-Afrika tot sy reg gekom het. Gevolglik was al hoe meer argitekte vir die ontwerp van geboue in die Paarl verantwoordelik.

Al die bouplanne uit die tydperk onder bespreking by die Paarlse Munisipaliteit is nagegaan en daar is vasgestel dat altesame 34 argitekte en ander ontwerpers betrokke was by die indien van hierdie 2 148 planne. Die opstellers van hierdie bouplanne en hulle werk, asook die verskillende bouverwante bedrywe en ondernemings word ontleed en bespreek.

Die ontwikkeling van die dorp word in die lys van verskillende geboutipes weerspieël. Die invloed van die heersende boustyle word aangetoon en tipiese bouwerke bespreek. Planne van die geboue onder bespreking is gefotografeer en word ook in die teks ingesluit. Daar word nie alleen aandag geskenk aan geboue met erkende stylelemente nie, maar minstens een voorbeeld van elke tipe gebou wat in die Paarl opgerig is, word bespreek.

Laastens is daar ook 'n bylaag wat 'n dorpskaart en 'n verklarende woordelys insluit.

BRONBESPREKING

In die studie oor die Paarl is 272 boeke en artikels geraadpleeg. Bestaande publikasies oor die Paarl tot 1970, word in twee bibliografieë uiteengesit, nl F.P.G. Shuttleworth: *Paarl 1687-1899* en S.M. Kahan: *Paarl 1900-1970*. Die bronne was van hulp by die samestelling van die algemene oorsig, maar bevat geen inligting oor die argitektuur tussen die twee wêreldoorloë nie. Besondere boeke oor die algemene agtergrond van die Paarl is dié van W.A. Joubert (samesteller): *Die Paarl, sy ontstaan en groei* en B.J. Maré (red.): *In the valley of the Berg*, wat herdenkingsboeke is. Die Paarlse Munisipaliteit het in 1929 'n

boekie: *Paarl (The pearl of the Cape)* met interessante gegewens omtrent die dorp, uitgegee. Verder het H. van der Merwe die beroemde wamakers van die Paarl in sy M.-tesis: *Die wamakersbedryf in S.A., met spesifieke verwysing na die Paarl* uitgelig.

In 1987 het die dorp sy 300-jarige bestaan feestelik herdenk en het die publikasie *Paarlvallei 1687-1987* onder redaksie van A.G. Oberholster verskyn. Aangesien die boek so 'n lang tydperk dek, is daar nouliks aan die tydperk onder bespreking aandag geskenk. In die hoofstuk oor die argitektuur word daar slegs melding gemaak van drie argitekte, nl. W.H. Louw, S.R. Immelman (na wie verkeerdelik as S.C. Immelman verwys word) en A.L. Meiring, terwyl daar 34 opstellers van planne in die Paarl aktief was.

Slegs W.H. Louw word in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* beskryf. Die Instituut van Suid-Afrikaanse argitekte se ledelys in Johannesburg en ongepubliseerde inligting by die RGN het wel besonderhede oor sommige van die ander argitekte verskaf.

Verskeie Amerikaanse en Europese boeke oor heersende style is geraadpleeg. Plaaslike publikasies was egter beperk. In Cumming-George (red.) *Architecture in South Africa*, word een gebou in die Paarl bespreek. Van besondere hulp was Duncan-Brown se ongepubliseerde M.-tesis: *The International Style of Architecture in South-Africa: Port Elizabeth - a case study*; Fisher & Le Roux: *Die Afrikaanse woning (1919-1931)*; H. Fransen: *Drie eeue kuns in Suid-Afrika*; Harrip-Allin: *A study of the world of the South African architect Norman Eaton 1902-1966;* G. Herbert: *Martiensen and the International Style* , Van der Hoven se ongepubliseerde Honneurs-werkstuk: *Art Deco - An international style at the Cape* en Van der Waal se boek: *Die boukuns van Johannesburg 1886-1940.* Buiten eersgenoemde boek en die werkstuk van Van der Hoven is daar egter geen verdere verwysings na Paarlse geboue nie.

Daar is 57 verskillende koerante, tydskrifte en joernaalblaaie geraadpleeg, waarvan die *Paarl Post* die belangrikste bydrae gelewer het. Nege verskillende argiewe is geraadpleeg, waaronder dié van die Drakenstein-heemkring wat veral kosbare dokumente opgelewer het, soos onder andere die fotoversameling van Gribble. Laasgenoemde familie was vir verskeie geslagte sedert 1888 tot vandag in die Paarl aktief. Ongeveer 25 000 negatiewe van dié firma is beskikbaar vir navorsing.

'n Groot ramp het die Paarl getref toe die destydse Stadhuis en kantore op 29 November 1924 afgebrand het. Alle bouplanne vir die dorp asook alle ander rekords van die Munisipaliteit is vernietig. In die herdenkingsboek *Paarlvallei 1687-1987* word daar verkeerdelik na die datum as 24 November verwys. Volgens 'n berig in die *Paarl Post* en persoonlike onderhoude was dit egter 29 November. Tans is daar geen bouplanne voor 1926 by die Paarlse Munisipaliteit beskikbaar nie. Om inligting oor die geboue voor bogenoemde tydperk aan te vul, is die persoonlike dagboek van die argitek W.H. Louw, wat in die besit van sy seun Tobie Louw is, geraadpleeg. 'n Paar bouplanne, onder andere dié van die huidige stadsaal, is by die KAB gevind.

Persoonlike informante was van groot hulp en onderhoude is met meer as 300 mense gevoer. Alhoewel almal interessante gegewens kon onthou, het veral mnr. N.C. Combrink 'n belangrike bydrae gelewer. Hy was verantwoordelik vir die ontwerp van die grootste getal geboue wat in die tydperk onder bespreking in die Paarl opgerig is.

I ALGEMENE AGTERGROND

I. KULTUURBODEM

1.1 Inleiding

Met kultuur word bedoel al die stoflike en geestelike dinge wat die mens onder die dwang van sy gees skep, teenoor die bodem wat die fisiese omgewing verteenwoordig (Coetzee 1960:5; Grobbelaar 1974:6; Nel 1981:3). As die begrippe "kultuur" en "bodem" dieper ontleed word, word die gevolgtrekking gemaak dat daar wedersydse beïnvloeding plaasvind. Die eerste stap tot beskawing is dan ook die ontginning van die bodem. 'n Mens se kultuur ontwikkel in ooreenstemming met die welslae wat hy met hierdie ontginning behaal (Potgieter 1974:88-89).

1.2 Geologie

Die vernaamste geologiese kenmerk van die Paarl is sy graniet (Swanevelder 1987:2). Tussen 500 en 600 miljoen jaar gelede het magma uit die diepte van die aarde die bestaande gesteentes binnegedring en gestol tot wat vandag as die bekende graniet te siene is. Met so 'n magma-indringing beïnvloed die hitte en druk wat daarmee gepaard gaan die omliggende gesteentes. Op 'n hele paar plekke is die sagte Malmesbury-skalie, wat ongeveer 850 miljoen jaar gelede gevorm is, in baie harder gesteentes soos horingfels verander (Twindale 1982:6-7). Omdat magmatiese graniete diepliggende gesteentes is, staan dit as plutone bekend. Dit is vernoem na Pluto wat in die Romeinse mitologie as die god van die onderwêreld en die dood bekend was (Du Plessis 1987:2). Graniet word eers aan die oppervlakte waargeneem wanneer die oorliggende materiaal deur erosie verwyder is (Raguin 1965:1-3).

Graniet is 'n suurstollingsgesteente wat bestaan uit duidelik waarneembare kristalle, naamlik veldspaat, kwarts en mika. Die growwe tekstuur is te wyte aan die stadige afkoeling wat by platoniese magma teenwoordig is (Truswell 1977:94; Wellington 1955:33). Op Paarlberg kom 'n groot verskeidenheid granietlandvorme voor waarvan die koepels, nl. Paarlrots, Bretagneklip en Gordonrots, seker die indrukwekkendste is (Smit 1974:4).

Paarlrots (KAB:AG 6343)

Die graniet van Paarlberg word winsgewend gemyn, verwerk en bemark. Graniet van die Paarlse steengroewe is vir die oprigting van verskeie groot geboue gebruik (W. Clift 1988: onderhoud). Behalwe die graniet word horingfels ook voordelig benut. Dit word vir bouklip en vir die konstruksie van paaie gebruik (Swanevelder 1987:2).

1.3 Topografie en grond

Die Paarlvallei is geleë in die bolope van die Bergrivier met Paarlberg aan die westekant en die Klein-Drakensteinberge aan die oostekant. Nog voor die nedersetting aan die Kaap het die Portugese na die Bergrivier as die "Santiaguo" (die apostel Jakobus -sint of die heilige Jakobus) verwys (Randles 1958:5). Die huidige naam kan teruggevoer word na die beskrywing "Groote Berghrevier" deur Abraham Gabbema, leier van die derde ruilekspedisie met die Khoi wat Jan van Riebeeck uitgestuur het , toe hulle die eerste keer die vallei betree het (Bosman 1955:466). Water is lewensbelangrik vir dorpsontwikkeling, landbou

en nywerheid. Daarom was die rol van die Bergrivier so belangrik vir die eerste nedersetters en selfs die ontdekkingsreisigers om die kus (Swanevelder 1987:6).



'n Deursnit vanaf Paarlberg in die weste tot by Du Toitskloof in die ooste Dit dui op die fisiese bakens wat die Paarlvallei omsluit (Talbot 1971:11)

Wat die grondverspreiding betref, is daar goed gedreineerde kleileemgronde aan die voet van Paarlberg met alluviale sand en leem in die sentrale valleigedeelte aan weerskante van die Bergrivier. Verweerde granietgronde is uiters geskik vir wingerdbou. Klipperige alluviale terrasse kom ietwat verder weg van die rivier voor (Geldenhuys 1989:27; Odendaal 1983:7).

1.4 Klimaat

Die Paarl lê in 'n Mediterreense winterreënvalstreek en ontvang 'n gemiddeld van 933 mm reën per jaar (Weerburo, D.F. Malan-lughawe). Altesaam 65 persent van die reënval kom in die maande Mei tot Augustus voor. Donderstorms kom selde voor. Die heersende wind in die tyd is die noordwestewind (Dendale 1987:9; Mountjoy 1965:489).

Die heersende somerwind is die suidooster. In teenstelling met die koel nat winters is die somermaande warm en droog (Swanevelder 1987:7). Die gemiddelde temperatuur vir Februarie is 22½°C met 12½°C vir Julie. Die gemiddelde aantal sonskyndae jaarliks is ongeveer sewentig persent (Weerburo, D.F. Malan-lughawe).

Maand	Reën (mm)		Temperatuur (°C)			
			Maksimum		Minimum	
	Hoogste	Laagste	Hoogste	Laagste	Hoogste	Laagste
Januarie	30	10	31	28	17	15
Februarie	30	15	32	29	17	15
Maart	30	15	29	26	16	14
April	80	50	27	24	14	11
Mei	140	80	21	17	11	7
Junie	180	80	19	16	10	5
Julie	200	80	18	15	9	4
Augustus	160	80	18	14	9	5
September	70	50	20	16	9	7
Oktober	60	40	24	20	9	11
November	40	20	27	24	14	12
Desember	35	15	28	25	15	14
Jaar	1 200	500				

Gemiddelde jaarlikse temperatuur en reënval vir die Paarl-vallei gedurende 1984 (Elsenburg 1985:117)

Vanweë die gunstige klimaat en bestendige reënval is die gebied geskik vir kultuurgewasse soos wingerd, olywe, graan en 'n groot verskeidenheid vrugte. Die landbou word egter deur wingerdbou oorheers (Swanevelder 1987:11).

2. KULTUURHISTORIESE AGTERGROND

2.1 Ontstaan

Nog voor die nedersetting van Europeërs in Suid-Afrika was die huidige Paarlberg onder die Khoikhoi as Skilpadberg bekend (*Die Burger* 7 Maart 1987; Hahn 1881:34; *Reader's Digest* 1982:75). Die nomadiese Khoi-stamme was die bewoners van die omgewing voordat die eerste blankes hulle daar gevestig het, maar omdat hulle 'n nomadiese bestaan gevoer het, het hulle geen sigbare invloed op die argitektuur van die Paarl uitgeoefen nie (Rode 1987:166; Shapera 1933:22).

Vyf jaar nadat die VOC 'n verversingspos aan die Kaap gestig het, het Jan van Riebeeck besluit om 'n ruilekspedisie na die binneland te stuur (Godeé-Molsbergen 1916:28). Die fiskaal en sekretaris van die Politieke Raad, Abraham Gabbema, 'n landmeter, Pieter Potter, dertien blankes en vier Khoisan het die Fort op 19 Oktober 1657 verlaat (Bosman 1957:479). Drie dae later het hulle die vallei bereik en het Gabbema dit soos volg beskryf: "Ende quamen omtent's avonts te 4 uyren aen voorsz revier, die bij ons genoempt wierd de Groote Berghrevier, alwaer ons ter neder sloegen ende den nacht verbleven, passerende des middaegs de clooff, leggende tusschen den Diamandt- ende Peerlbergh ende aen d' ander sijde de Clapmusbergh" (Bosman 1955:454). Die landmeter, Pieter Potter, moes die omgewing op kaart vaslê (Godeé-Molsbergen 1916:32; Pettman 1931:69).

Dit was egter nie net Gabbema en sy geselskap wat deur hierdie pragtige granietkoepels beïndruk is nie, want gedurende die 18de eeu verwys besoekers soos Kolb, Thunberg, Sparrman, De Jong en lady Anne Barnard almal na die benaming wat Gabbema gebruik het (Anderson 1776:103; Barnard 1924:38; De Jong 1802:94; Kolb 1727:120; Nienaber 1963:312; Mockford 1944:31; Sparrman 1787:63; Thunberg 1772:121). Francis Masson, 'n tuinier van die Kew Botanical Gardens in Engeland, wat gedurende die tweede helfte van die 18de eeu nuwe plante in Suid-Afrika vir dié tuin kom soek het, sê in sy reisbeskrywing: "I saw nothing so worthy of observation as two large solid rocks of a roundish figure" (Masson 1776:270). Die rots "Diamandt" is die kleinste en dit is waarskynlik waarom die lomp benaming "Diamandt ende Peerelbergh" net Paarlberg geword het. Die dorp wat aan die voet van die berg ontstaan het, het dan ook die naam Paarl gekry (Masson 1776:270).

Die Bergrivier met Paarlberg in die agtergrond (KAB:S151)

Nadat Gabbema en sy geselskap die vallei besoek het, het dertig jaar verloop voordat die eerste blankes permanent in die omgewing kom bly het. In Oktober 1687 het Simon van der Stel besluit om grond in die Bo-Bergrivier-omgewing aan 23 vryburgers te gee. Volgens die *Daghregister* het hy die omgewing Drakenstein genoem: "Syn Edele gaf an dese vermakelyke landstreek den naam van Drakenstein." Dit was waarskynlik ter ere van Hendrik Adriaan van Rheede tot Drakenstein, heer van Mijdrecht, wat die Kaap in 1685 as kommissaris besoek het (Du Plessis 1973:98; Moodi 1841:421). Die meeste van die Hugenote wat in 1688 na die Kaap gekom het, het hulself in die Drakensteinvallei gevestig (Coertzen 1988:128). In dieselfde jaar het families uit Holland ook in die Kaap aangekom en plase tussen die Franse Hugenote is aan hulle toegeken, want Simon van der Stel was bevrees dat die Hugenote 'n aparte volksgroep sou vorm (Joubert 1952:5). Die Hugenote was nie tevrede dat Drakenstein deel van Stellenbosch se gemeente uitgemaak het nie. Reeds in 1689 kom hul met 'n versoek om 'n eie gemeente en twee jaar later stig hulle af. Na die afstigting het die behoefte aan 'n eie kerkgebou groter geword en in 1694 het die eerste predikant van die gemeente, ds. Pierre Simond (1691-1702), 'n stuk grond naby Babylonstoren vir dié doel verkry. Die gemeente het toe self 'n kerkgeboutjie daar opgerig (Oberholster 1941:22-38).



Paarlberg en omgewing volgens 'n skets van E.V. Stade (agtiende-eeuse kunstenaar) wat in 1710 gemaak is (KAB:M1/986)

Die eerste tekens van 'n dorp was egter eers in 1715 toe die plaas van Pieter Jansz van Marsseveen aan die voet van Paarlberg vir die bou van 'n pastorie aangekoop is. Die Drakensteinse gemeente het so uitgebrei dat daar besluit is om 'n nuwe kerk op 'n meer sentrale plek as Babylonstoren te bou (Oberholster 1941:26; Theal 1975:340).

Die "hokje" by Babylonstoren wat as eerste kerkgebou vir die Hugenote gedien het soos E.V. Stade dit in 1710 in 'n tekening uitgebeeld het (KAB:M1/986)

Die regeringslandmeter E.W. Cochius het op 7 Junie 1717 'n stuk grond onder Paarlberg as kerkgrond opgemeet (N.G.-kerkargief: Besluite kerkraad van Drakenstein 6 Sep. 1718). Die destydse Suider-Paarlse N.G.kerk, algemeen bekend as die Strooidakkerk, staan vandag nog op die grond. Met hierdie kerk as sentrale kern het ambagslui hulle in die omgewing begin vestig. Eenvoudige

Kaaps-Hollandse huise is deur die eienaars self gebou en langs die strate is eikebome geplant. Die groei van die dorp gedurende die agtiende eeu was baie stadig. In 1735 was daar nog net tien huise om die kerk gesentreer (Mentzel 1944:2).

In die 19de en begin 20ste eeu het die Paarl tot een van die belangrikste dorpe in Suid-Afrika ontwikkel (*Paarl Post* 2 Jan. 1926; Hope 1936:28; Joubert 1952:112; J. Phillips 1988: onderhoud; Van Zyl 1987:100). In Oktober 1816 word die eerste voltydse posmeester aangestel en in 1839 word die Paarl 'n magistraatsdistrik onafhanklik van Stellenbosch. Die magistraat, maj. Henry Piers, se hoofkwartier was vermoedelik waar die ouetehuis Huis Vergenoegd vandag is (Oberholster 1987:177). Die eerste Stadhuis met Klassieke kenmerke word in 1881 onder leiding van ene mnr. Van Blerk gebou (*Di Patriot* 3 Feb. 1882). Die Paarl se bevolking verdubbel van 5 760 in 1875 tot 11 293 in 1904 (KAB:CO 6023).

'n Beeld van die Paarl gedurende die 19de eeu nog voordat die sakesentrum om Lady Greystraat ontwikkel het. 1. Lady Greystraat 2. Oude Pastorie 3. Gimnasium-skool 4. Die wamakersfirma Retief, De Ville & Co. (Gribble)

Die dorp word 'n belangrike nywerheidsentrum. Teen die einde van die 19de eeu was daar 47 wa- en rytuigbouers in die Paarl. Volgens G.L. Hartwich was wamakery die eerste intensiewe nywerheid van Suid-Afrika en die Paarl was 'n belangrike sentrum van die bedryf (*Farmers Weekly* 23 Des. 1959; SESA Deel

XI). Teen die eeuwending verskuif die sakesentrum van Hoofstraat na Lady Greystraat en die geboue het amper deurgaans Victoriaanse kenmerke gehad (Garrison 1910:3).

2.2 Die tydperk tussen die twee wêreldoorloë (1918 - 1939)

2.2.1 Griepepidemie

Die griepepidemie van 1918 het die wêreld in rou gedompel. Duisende mense is dood en opvoedkundige sentrums asook sakeondernemings in die Paarl het gesluit (O. Basson 1988:onderhoud; L. Paulse 1988:onderhoud; C.P. Priem 1987:onderhoud; A. Solomons 1989:onderhoud). Luidens 'n berig in die plaaslike koerant is daar binne 'n bestek van 'n maand 690 mense in die Paarl oorlede (*Paarl Post* 16 Nov.1918). Volgens die destydse Minister van Binnelandse Sake is daar tussen 1 Augustus en 30 November 87 108 mense in die Kaapprovinsie oorlede (*Paarl Post* 1 Febr.1919). In die Paarl het daar daagliks 'n wa by die huise omgekom waarop lyke gelaai is (J.W. Cilliers 1989:onderhoud; M.J. Liebenberg 1988:onderhoud). 'n Plaaslike skrynwerker, Hendrik Basson, het doodskiste maak (O. Dreyer 1987:onderhoud). 'n "Spaanse Influensa Epidemi Komitee" is onder leiding van die Stadsraad en die N.G. kerk gestig (*Paarl Post* 19 Okt.1918; *Kerknotule* 19 Nov.1918). Die komitee het gereël dat daar tente by Paarlstasie, Markplein en Van der Poelsplein opgerig is. Vrywilligers het daar gewerk en gratis medisyne, sop en melk aan die behoeftiges uitgedeel (J. Meiring 1988:onderhoud). 'n Knoffelsakkie om jou nek was 'n algemene boereraat om jou teen dié siekte te beskerm (S. Abrahams 1987:onderhoud; D. Bassick 1989:onderhoud; O. Basson 1988:onderhoud; J. Jacobs 1989:onderhoud; H.V. Smith 1989:onderhoud; H. Snyders 1989:onderhoud). Omdat die epidemie die ekonomie tot stilstand gebring het en familielewe ernstig ontwrig het, het die boubedryf feitlik tot 'n stilstand gekom.

2.2.2 Vredesluiting

Die einde van die griepepidemie het saamgeval met die beëindiging van die uitgerekte Eerste Wêreldoorlog (C.G. Bester 1987:onderhoud; C.J. Bosman 1988:onderhoud). Die wapenstilstand is op 11 November 1918 aangekondig (Muller 1973:398). Die Paarliete het op die Markplein saamgedrom en dié

aankondiging met klokgelui, toeters en hoera's verwelkom (I.D. Blignault 1988:onderhoud).

Paarliete op Markplein terwyl hulle na nuus oor die vredesluiting luister (Gribble)

Die huise is met Union Jacks versier en daar is optogte in die strate gehou. Die destydse burgemeester, mnr. F.S. Roux, het in 'n wa wat deur vier wit perde getrek is, gery en die vrou van mnr. J.C. Faure, L.V. vir die Paarl, het die "vredesengel" voorgestel en was in wit geklee (A. du Toit 1986:onderhoud; DAK *PAA* IV 1975:31). Die griepepidemie en die na oorlogse toestande het die boubedryf lam gelê sodat die eerste noemenswaardige oplewing eers in die periode 1928-1930 voorgekom het. In 1939 die jaar van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, was daar weereens 'n beduidende afname in die boubedryf (vgl. 4.2).

2.2.3 Vrouestemreg

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu het daar a.g.v. die emansipasie van die vrou groot deurbrake t.o.v. vroueregte gekom. In die jaar 1919 het die Volkerebond die gelyke regte van vroue erken (*Paarl Post* 7 Jan.1928). Op 12 Desember 1919 is daar in die C.J.V.-saal van Noorder-Paarl 'n debat oor die onderwerp "vrouestemreg" gehou (*Paarl Post* 6 Des.1919; J. Smit 1986:onderhoud). Vyf jaar later word 'n mosie ten gunste van vrouestemreg met 54 teenoor 48 stemme deur die Volksraad aanvaar en in

1930 het blanke vroue in Suid-Afrika finaal stemreg gekry (*Paarl Post* 23 Febr.1924; *Paarl Post* 1 Nov.1930; *Die Burger* 26 Julie 1965). Vanaf 1930-1939 is 86 bouplanne spesifiek vir vroue-eienaars by die Paarlse Munisipaliteit ingedien (MP).

2.2.4 Stadhuis brand af

'n Groot ramp het die Paarl getref toe die stadsaal en kantore, onder die destydse inwoners bekend as die Stadhuis, op 29 November 1924 afgebrand het (*Paarl Post* 6 Des.1924; J.P. Theron 1988:onderhoud).

Die Stadhuis wat in 1881 in die Hoofstraat naby Pontacstraat gebou is (KAB: J 9023)

Die brandweer en die polisie is in kennis gestel, maar dit was reeds te laat (*Paarl Post* 6 Des. 1924). Die kerkklokke het gelui en die publiek het na die brandtoneel gestorm (L. Orsmond 1989:onderhoud; G.J. Retief 1986:onderhoud; F. van den Berg 1989:onderhoud). Niemand weet presies hoe die brand ontstaan het nie. Sommige mense beweer dat iemand uit wraak die gebou aan die brand gesteek het. Niemand wou egter name noem nie, want dan sou die persoon by jou kom "spook" (Drakenstein-heemkring: kasset nr. 10) Die bouplanne vir geboue in die dorp asook alle ander dokumente van die Munisipaliteit is in die brand vernietig (*Paarl Post* 6 Des. 1924). Die biblioteek wat in 'n vertrek in die Stadhuis gehuisves was, se 10 000 boeke en

waardevolle Africana-versameling is ook in die brand vernietig (Openbare Biblioteek, Paarl notule 1925; *Paarl Post* 6 Des.1924; J. Warmenhoven 1987:onderhoud).

2.2.5 Depressie

Die tydperk van 1929 tot 1932 word wêreldwyd as depressiejare erken (Muller 1973:415). Geld was skaars en blanke meisies het as huishulpe gaan werk om iets te verdien. Mev. H. Fouché onthou nog hoe sy gedurende die dertigerjare as huishulp in die Paarl werk gesoek het (1988:onderhoud). Volgens mev. Bettie Louw van Babylonstoren het jong meisies Saterdae bymekaargekom en sokkies gestop. Vir dié diens het jy 'n halfpennie per maand verdien (1988:onderhoud). Kinders het paraffienblikke vol akkers opgetel en aan boere as varkvoer verkoop (Y.G. Fisher 1988:onderhoud). Mense wat koffie nie meer kon bekostig nie, het akkers gedroog, gemaal en dit as plaasvervanger gebruik (DAK PAA I 1971:13). Groot dele van Suid-Afrika was in 'n droogtegreep vasgevang en al hoe meer mense het in die Paarl kom werk soek. Mev. Dina Bassick (gebore Brink), een van 'n gesin van twaalf kinders, onthou nog goed hoe hulle sak en pak in die Paarl aangekom het nadat haar ouers alles a.g.v. die droogte verloor het (1989:onderhoud). Op kulturele vlak het die Debatsvereninging, wat dié vermaaklikheidsorganisasie van daardie tye was, se ledetal aansienlik gedaal. Die lede kon nie meer hul subskripsie aan die tesourier betaal nie (*Joernaalboek van die Klein Drakenstein-debatsvereniging* 1928-1930:83).

Ten spyte van al hierdie struikelblokke het die Paarl gegroei. In 1931 is besluit om 'n daaglikse mark te hou wat die publiek van huislike benodigdhede sou voorsien. Die markmeester was mnr. L. Brink. Die geld wat die boere daar verdien het, is weer gebruik om hulle arbeiders te betaal (*Paarl Post* 7 Nov. 1931). Volgens mnr. W. Basson was daar nie een boer in die Paarlvallei wat gedurende die depressiejare bankrot verklaar is nie. As rede hiervoor noem hy dat hulle selfonderhoudend was (Drakenstein-heemkring: kasset nr. 28).

Die wêreldwye depressie het Suid-Afrikaners verplig om meer klem te lê op plaaslike ontwikkeling (*Boys High School Annual* 1930:46; M.E. de Villiers 1989:onderhoud). Op 13 Oktober 1930 is die Kamer van Koophandel gestig en die eerste voorsitter was mnr. A. Devine, die destydse burgemeester van die Paarl (J. Devine 1988:onderhoud; Joubert 1952:117). 'n Italiaanse kweker, mnr. Ferdinando Costa van die plaas Nervi by Hugenoot, het in 1935 die

olyfbedryf 'n groot inspuiting gegee deurdat hy 'n oliepers op sy plaas opgerig het. Hiermee is 'n mark vir die olyfboere verseker (M. Ficosecco 1989:onderhoud; Van Zyl 1987:96). In dieselfde jaar is die Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy (SASKO) met sy hoofkantoor in die Paarl gestig (*Paarl Post* 30 Okt. 1935; C.P. Priem 1989:onderhoud). Die oudste vervaardigers van verpakkingsmateriaal in die Paarl is Jiffy Packing Company (Pty) Ltd wat in 1932 'n fabriek geopen het. Drie jaar later het die firma Bakke in Dal Josafat ook met 'n verpakkingsmateriaal-fabriek begin (Van Zyl 1987:102).

2.2.6 Nasionalisme

Belangrike gebeure wat die opkoms van nasionalisme in die land gekenmerk het, word ook in die Paarl feestelik gevier. Dit toon aan hoe die dorp geskakel het met die res van die land, maar tog ook plaaslik op 'n eie manier daaraan gestalte gegee het.

Agtien jaar na Uniewording kry Suid-Afrika sy eie vlag. Die bekendstelling op 31 Mei 1928 is landwyd gevier (Gie 1989:14). In die Paarl het die inwoners by die sportterrein byeengekom en van daar is almal na Markplein waar toesprake gehou is. Die strate was met vlae versier en skoliere het met wapperende Unievlaggies in hul hande gemarsjeer. By Markplein het mnr. P.du Toit, voorsitter van die Vlaghysingskomitee, die volgende in sy toespraak gesê: "die Unievlag is vir ons 'n sinnebeeld van nasionale erkenning. Die Vlag is 'n teken van volksvryheid en erkenning van volksregte" (*Hoër Jongenskool-jaarblad* 1928:32; *Paarl Post* 31 Mei 1928). Die magistraat, mnr. H.F. Borcherds, het 'n welkomswoord namens die regering gerig en sy vrou het die vlaghysing waargeneem (*Hoërskool La Rochelle-jaarblad* 1928:60).

Die kosgangers van La Rochelle gedurende die Unievlagfeesvierings (La Rochelle-jaarblad 1928:60)

C.J. Langenhoven was so besiel met die betekenis van die Unievlag dat hy 'n gedig geskryf het wat die bekende "Vlaglied" geword het. Die destydse tandarts van die Paarl, dr. F.J. Joubert, het die kompetisie vir die toonsetting daarvan gewen (Drakenstein-heemkring: kasset nr. 7; Maree 1970:12).

By die meeste geboue in die Art Deco-styl wat in die tydperk onder bespreking opgerig is, is voorsiening gemaak vir vlaghouers in prominente posisies.

Op 31 Mei 1931 met die een-en-twintigste viering van Uniewording het die skoliere van die Paarl dennepitte op Paarlberg geplant as simbool van die groei van 'n volk (J.J. Meyer 1986:onderhoud; *Paarl Post* 30 Mei 1931; DAK PAA VI 1976:17).

Skoliere van La Rochelle besig om dennepitte te plant (Beskikbaar gestel deur dr. Maria du Toit. Haar oupa was Gideon Malherbe in wie se huis die Genootskap van Regte Afrikaners gestig is en haar vader was die destydste eienaar van die Paarl Post*)*

Die eeufees van die Groot Trek is in 1938 landwyd gevier (Mostert 1940:126). Elke dorp het sy eie reëlingskomitee gehad om die aankoms van die Simboliese Ossewatrek en fakkelloop van die Voortrekkkers te organiseer en om geld vir die Voortrekkermonument in te samel (S. Andrew 1989:onderhoud). 'n Geweldige opwelling van 'n eie nasionalisme het daarmee gepaard gegaan (I.D. Blignault 1988:onderhoud; E.J. Mostert 1981:onderhoud; A.C. Oosthuizen 1988:onderhoud; J.P. Theron 1988:onderhoud). Die mans het hul baarde laat groei en die vroue het Voortrekkerklere gemaak (R. Briers 1988:onderhoud; G.J. Retief 1986:onderhoud). Garlicks in die Paarl het Voortrekkerklere in die vertoonvensters uitgestal (*Paarl Post* 9 Aug.1938; O. Basson 1988:onderhoud; R. Dalebout 1981:onderhoud).

Die Basson-broers, boere van Klein Drakenstein, gedurende die herdenkingsfees van 1938.
Agter v.l.n.r. : Die tweeling Frans en Pieter
Voor : Simon, Jannie en Danie
(Beskikbaar gestel deur mev. M.E. Basson)

Op 10 Augustus 1938 is die ossewa in die Paarl deur die destydse burgemeester, mnr. Du Pre le Roux, met 'n verwelkomingswoord by die Suider-Paarl-dennelaning begroet. 'n Perdekommando met ds. J.F. Mentz as voorryer, 3 000 skoolkinders, Voortrekkers met 'n vlag en 'n stoet motors het in 'n optog by die trekgeselskap aangesluit (M. Bouwer 1989:onderhoud; J.M. le Roux 1989:onderhoud; Mostert 1940:126). By Kerkplein, langs die huidige Strooidakkerk, het die wa onder luide applous tot stilstand gekom. 'n Steen is gelê om die koms van die wa te herdenk en die voorsitter van die Afdelingsraad, mnr. S. de Villiers, het gesê: "In hierdie dorp is Piet Retief gedoop. Die pad van Suid-Afrika loop deur die Paarl." (Mostert 1940:126; P. Retief 1988:onderhoud). Mnr. C. Kohler, voorsitter van die K.W.V., het 'n vaatjie soetwyn en 'n paar bottels K.W.V.-reukwater aan die trekgeselskap geskenk (J. Kohler

1988:onderhoud). Die wamakersfirma J.F. Phillips en Kie het een van die waens, die Hendrik Potgieter, geskenk (J.F. Phillips 1988:onderhoud).

Skoliere in Voortrekkerklere op die Hoër Jongenskool se sportgronde gedurende die herdenkingsfees van 1938 (Beskikbaar gestel deur E.C.(Bettie) Basson, dogter van "Slypsteen" de Villiers, die redakteur van die Paarl Post *gedurende die twintigerjare)*

Die aand is die gebeurtenis met toneel, musiek en sang in 'n stampvol stadsaal gevier (Mostert 1940:127; *Paarl Post* 30 Mei 1938). Die feesvierings op verskeie dorpe, die fakkelloop en die ossewatrek van Kaapstad tot Pretoria is op film vasgelê. Die Paarl was die eerste plattelandse dorp waar die rolprent vertoon is (*Paarl Post* 13 Jan. 1939; *Paarl Post* 3 Maart 1939).

Die Groot Trek-vierings in 1938 het veroorsaak dat die koms van die Franse Hugenote in 1688 na Suid-Afrika eers in 1939 herdenk is. Die opskrif in 'n jaarblad van 1939 in verband met hierdie fees, lui soos volg: "As daar al ooit 'n fees was, wat 'n diep en onuitwisbare indruk gemaak het, en wat die nasietrots van die Afrikaner as afstammeling van die Hugenoot, weer verskerp en laat herleef het, was dit ongetwyfeld die kwart millenium Hugenotefees wat ons Paarliete gevier het" (*La Rochelle-jaarblad* 1939:10). Die *Paarl Post* van 15 September 1939 het 'n spesiale Hugenoot-uitgawe van 32 bladsye uitgegee. Die destydse senator F.S. Malan was die voorsitter van die komitee wat die feesviering gereël het. 'n Spesiale reeks posseëls is uitgereik (*Paarl Post* 4 Julie 1939). Die naweek van 17 September 1939 is die herdenkingsfeeste gehou (*Paarl Post* 10 Febr. 1939; A.J.R. Smook 1988:onderhoud). Die hoofgedenkdiens was die Sondag in die Srocidakkerk en die middag is 'n gedenkdiens op Simondium gehou (H.S. Louw 1988:onderhoud; *Paarl Post* 24 Maart 1939). Maandag, 18 September 1939, is die Hugenotemuseum in die Paarl ingewy. Die middag het die plaaslike skoliere "Hugenotefees" op die dorp

se sportgronde uitgespel. Daarna het voorstellings van die herroeping van die Edik van Nantes, die aankoms van die Hugenote aan die Kaap, die petisie van die Hugenote aan goewerneur Simon van der Stel en die eerste huwelik tussen Hugenoot en Hollander gevolg (*Paarl Post* 15 Sept. 1939; L. Mostert 1982: onderhoud; A.P. Retief 1988:onderhoud). Die verrigtinge is afgesluit met die sing van Ps. 75 (A. Blanckenberg 1988:onderhoud; *La Rochelle-jaarblad* 1939:12). Dié feesvierings het 'n hernieude nasietrots en nasiebewustheid onder die Paarliete laat ontbrand (Cameron 1986:258; M.E. de Villiers 1988:onderhoud; J. Henderson 1987:onderhoud).

2.2.7 Nuwe ontwikkelings

Tydens die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het die lewenswyse van die Paarliete ingrypend verander (S.M. de Villiers 1986:onderhoud). In 'n beriggie in die *Paarl Post* skryf die redakteur in 1930 dat die dae van handvervaardiging van artikels verby is; die ou, tradisionele bedrywe word deur meer moderne tegnologie vervang (11 Jan. 1930). Namate die paaie verbeter het, het die motorbedryf die eens wêlbekende wamakersbedryf verdring (Van der Merwe 1983:121). Die enigste oorblywende wamakersfirma net voor die oorlog was dié van J.F. Phillips en Kie. Hul laaste groot opdrag was in 1939 toe die Suid-Afrikaanse regering 'n aantal kanonwiele vir die Weermag bestel het. In 1942 het die fabriek sy deure permanent gesluit (*Farmers Weekly* 23 Des. 1959; Malan 1981:62).

Ook wat die boerdery betref, het daar groot omwentelings gekom. Vir die Paarlse boere was die wynbedryf van wesenlike belang, want hulle voortbestaan het daarvan afgehang. Chroniese oorproduksie en die ongeorganiseerde wedywering tussen die wynboere bring mee dat die Koöperatiewe Wynbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt (K.W.V.) onder voorsitterskap van C.W.H. Kholer in 1918 gestig is (A.J. Hugo 1988:onderhoud; K.W.V.-*argief* 1918-1924:37). Die totstandkoming van die organisasie het vir die wynboere voorspoed beteken. Gedurende die twintigerjare is reuse depots vir die veroudering van brandewyn in die Paarl opgerig. Dit het wynhandelaars van brandewyn voorsien om na die buiteland uit te voer. In 1938 het die K.W.V. oor die mees moderne bogrondse kelders ter wêreld beskik (Van Zyl 1987:86).

2.3 Vernamе besoekers aan die Paarl

Sedert die Eerste Wêreldoorlog het verskeie belangrike mense die Paarl besoek. Dit bevestig die stelling in die *Paarl Post* dat die Paarl een van die belangrikste dorpe in die land was (*Paarl Post* 2 Jan. 1926). Op 29 Maart 1924 het die destydse goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, sy gade, prinses Alice, en hul dogter, lady May Cambridge, vergesel van lady Dawson 'n informele besoek aan die Paarl gebring. Die hoofdoel was om die granietkoepels van Paarlberg te besigtig (*Paarl Post* 5 April 1924). Die geselskap het met twee motors van Kaapstad na die Paarl gereis en is by die stadhuis verwelkom. Van daar is hulle na Auretstraat, waar hulle uitstappie na die berg begin het. Middagete het hulle by Meulwater (die piekniekplek bo-op Paarlberg) genuttig en daarna het hulle Bretagnerots met behulp van toue uitgeklim (J. Meyer 1987:onderhoud; *Paarl Post* 5 April 1924). Die middag om halfvier was hulle weer terug in Auretstraat. Die geselskap het daarvandaan per motor deur die Paarl tot by die bekende plaas Vredenhof gery (S.M.J. Lategan 1988:onderhoud).



Die plaas Vredenhof. Volgens oorlewering is die huis deur Thibault (vgl. 4.1) ontwerp (Gribble)

Die burgemeester, mnr. A. Devine, die magistraat, mnr. H. Maclear, en mnre. F. Basson en G. Bernhardi het die geselskap vergesel. Die eienaar van die plaas, mnr. Freddie Kirsten, en sy vrou het die besoekers met koek, tee en vrugte

getrakteer (J. Daisy 1989:onderhoud; E. Carolissen 1989:onderhoud). Prinses Alice het telkens te kenne gegee hoe pragtig die Paarl is. Na die tee is die geselskap weer terug Kaap toe (*Paarl Post* 5 April 1924). Die Onderwyserskollege Athlone (vgl. 7.7.2) is in 1925 na hom vernoem.

V.l.n.r. : Prinses Alice, die goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, en die Prins van Wallis (Adcock 1926:60)

Een van die grootste gebeurtenisse in die Paarl tussen die twee wêreldoorloë, was die besoek van die Prins van Wallis, seun van koning Eduard, op 4 Mei 1925. 'n Jaar voor sy koms op 17 Maart 1924 het die Paarliete al in die stadhuis byeengekom om reëlings te tref (*Paarl Post* 15 Maart 1924; *Paarl Post* 22 Maart 1924). Die reëlingskomitee het uit die burgemeester, mnr. C.L. de Jongh, die onder-burgemeester, mnr. A.M. Devine, die magistraat, mnr. H. Borcherd, dr. A.L. de Jager, L.V., mnre. S. de Villiers, voorsitter van die Afdelingsraad, G. Joubert, stadsklerk, asook J. Gribble en Attie de Villiers, bestaan (D. Dreyer 1988:onderhoud). Hulle sou die Prins om halfvier by die ingang tot die Paarl onder 'n verwelkomingsbanier ontmoet. Die reëlingskomitee het stiptelik volgens skedule van die munisipale kantore vertrek, maar die Prins was 'n halfuur te vroeg en sy stoet motors was toe alreeds by die destydse Royal Hotel. Na raming was daar ongeveer 8 000 mense in die strate wat met

groen takke, baniere en Union Jack-vlaggies versier was (*Paarl Post* 9 Mei 1925; DAK PAA IV 1975:32). Die hoofverrigtinge was by die sportterrein waar daar 'n skare van 12 000 mense op die Prins se besoek gewag het. By die ingang was 'n ereboog en die paviljoen was met 'n banier "God seën onse Prins" versier. Voor dié ingang het die "Boy's Life Brigade" en binne die hek oudgediendes erewagte gevorm (Adcock 1926:31; Y.G. Fisher 1988:onderhoud; S.L. Joubert 1988:onderhoud).

Die paviljoen by die Paarlse sportterrein tydens die Prins van Wallis se besoek (Paarl Post *9 Mei 1925)*

Vir die Paarliete was dit 'n vakansiedag. Tweeduisend klein vlaggies en 'n duisend wimpels met foto's van die Prins daarop is onder die skoliere uitgedeel. Die publiek het op die paviljoen en die skoliere op die rugbyveld gesit. Reg voor die paviljoen was 'n podium wat vir die Prins en sy geselskap asook die reëlingskomitee afgesonder was. In die oop ruimte tussenin is die publiek nie toegelaat nie (C.J. Visser 1988:onderhoud; J. Warmenhoven 1987:onderhoud). Die plaaslike musiekgeselskap en die Berg-orkes het musiek verskaf. Die H.J.S.- en Gimnasium-kadette asook die "Girl Guides" en "Boy Scouts" het erewagte vanaf die ingang tot by die podium gevorm. Die Prins se aankoms by die sportterrein is met trompetgeskal aangekondig. Die motors het voor die ingangshek stilgehou en van daar het die Prins en sy geselskap na die podium geloop terwyl die Britse volkslied gespeel is. Die burgemeester het die prins verwelkom en twee oorkondes, in kleur opgestel en versier deur mev. E. Fisher, is aan hom oorhandig. Hy het kortliks geantwoord. Die publiek het hom toegejuig en die skoolkinders het "God bless the Prins of Wales" gesing (S. Joubert 1988:onderhoud; *Paarl Post* 9 Mei 1925).

'n Boek oor die Paarl, *In the Valley of the Berg*, is aan hom oorhandig. Daarna is hy na die tentoonstellinggebou waar die plaaslike A.C.V.V. 'n asteruitstalling

en koek en tee vir sy koms gereël het. Van daar is hy per motor na Hugenootstasie. By die stasie het die blaasorkes en tamboer-en-fluitgroep met blanke en bruin lede hom ingewag (*Hoër Meisieskool-jaarblad* 1925:48; A. Fredericks 1989:onderhoud). Musiek is gemaak en onder luide toejuiging het die Prins met sy spesiale wit trein en sy veerembleem daarop vertrek (C. Crotz 1989:onderhoud; J. Dawids 1989:onderhoud).

*Die vertrek van die Prins van Wallis vanaf Hugenootstasie (*Paarl Post *9 Mei 1925)*

'n Jaar na die Prins het die destydse eerste minister, generaal J.B.M.Hertzog, die Paarl besoek (*Paarl Post* 18 Des. 1926). Hy is in 1866 in Wellington gebore en in 1942 in Pretoria oorlede (Swart 1980:102). Hy was 'n bekende regsgeleerde, Boeregeneraal en eerste minister van die Unie vanaf 1924 tot 1939. Met sy besoek aan die Paarl het 'n kommando van ongeveer vyfhonderd perderuiters die Generaal in sy koets, wat deur vier perde getrek is, gevolg. Die stoet het deur Hoofstraat, Lady Greystraat, Pleinstraat, Meulstraat, Dwars-in-den-weg en Faurestraat gery en daarna is almal na die sportterrein. Die paviljoen was stampvol mense (*Paarl Post* 18 Des. 926; A. Carolissen 1989:onderhoud). Die orkes, onder leiding van mnr. Woods, het "Dat 's Heeren zegen op u daal" gespeel. Die voorsitter van die Paarlse Nasionale Party-tak, mnr. P. du Toit, het generaal Hertzog verwelkom en dr. D.F Malan, provinsiale leier, het 'n paar woorde namens die N.P. van die Kaapprovinsie gesê. Daarna is oorkondes aan die Eerste Minister oorhandig. Die een oorkonde is deur 'n bruin man, mnr. Olivier, voorgelees (*Paarl Post* 18 Des. 1926). Die Eerste Minister het die publiek toegespreek en daarna het hy versnaperinge by die sportterrein genuttig. Na die afloop van die verrigtinge is hy terug Kaap toe (M. Vlotman 1988:onderhoud).

In 1934 het prins George, die jongste seun van koning George V van Brittanje, die Paarl besoek (Cornell 1988:83; *Paarl Post* 9 Febr. 1934). 'n Week voor sy koms het die Paarliete al begin om die strate met vlae en baniere te versier (J. Abrahams 1988:onderhoud; J. Jacobs 1989:onderhoud; M. Moosa 1989:onderhoud). Op 8 Februarie 1934 is die Prins by die ingang van die Paarl deur die burgemeester, mnr. A. Devine, en die voorsitter van die Afdelingsraad, mnr. S.P.A. de Villiers, ontmoet. Van daar is almal in hul motors na die stadsaal waar duisende op die koninklike besoeker gewag het. By sy aankoms het die skare hom spontaan toegejuig (R.C. Van Ginkel 1987:onderhoud; H.J. Roux 1989:onderhoud). Lucy Faktor-Kreitzer, bekende violis van die Paarl, skryf in haar outobiografie die volgende oor die Prins se besoek: "We 'ooed' and 'aahed' that day in 1934, and jostled one another to get a better view, and I was shocked to see that he wore lipstick and rouge" (1988:35). Die Voortrekkers, "Girl Guides" en "Boy Scouts" het 'n erewag gevorm waardeur die Prins geloop het. Die blaasorkes het "God save the King" ter ere van die prins se vader gespeel. Die Paarliete het ook die geleentheid gehad om die Prins se hand te skud. In die propvol stadsaal het die burgemeester die Prins verwelkom en daar is 'n oorkonde aan hom oorhandig. Prins George het 'n kort toespraak gehou en daarna 'n middagete by Meulwater, die piekniekplek bo-op Paarlberg, genuttig (*Paarl Post* 9 Febr. 1934).

Tydens die middagete by Meulwater: Links agter staan mnr. Keyter, die stadsklerk, en regs van hom, met die snor, sit mnr. Seppie de Villiers, die voorsitter

van die Afdelingsraad. Voor op die stoel sit prins George. (Beskikbaar gestel deur E. Blignault, dogter van mnr. S. de Villiers)

Die Prins het veral die rit met Jan Phillips-bergpad en die besoek aan die K.W.V.-kelders daarna geniet. (*Paarl Post* 9 Febr. 1934; E.L. Blignault 1988:onderhoud).

2.4 Museum

In die twintigerjare is 'n tentoonstelling van oudhede in die Paarl gehou waarna die publiek teen betaling kon gaan kyk. Die geld wat op dié manier ingesamel is, is vir behoeftige kinders aangewend (J.J. Dressler 1990:onderhoud; M.M. Victor 1990:onderhoud). Na aanleiding hiervan het daar by die Hugenote-vereniging 'n gedagte ontstaan om 'n museum in die Paarl te begin. Die eerste vergadering hieroor is op 12 September 1929 gehou. Die voorsitter van die vereniging, dr. W.J.B. Pienaar, het verduidelik dat die Paarl uitstekend geleë is om as sentrum vir die omliggende dorpe soos Wellington, Malmesbury, Franschhoek en Stellenbosch te dien (Oude Pastorie-museumargief; *Paarl Post* 17 Mei 1930; 6 Sep. 1930). Die burgemeester, mnr. A. Devine, het namens die Munisipaliteit 'n kamer by die stadsaal beskikbaar gestel vir dié doel (*Paarl Post* 19 April 1930).

Op 9 Mei 1931 is die offisiële opening van die museum deur dr. D.F. Malan, destydse Minister van Binnelandse Sake, waargeneem. Volgens hom was die onderneming 'n teken dat die Afrikanervolk reeds 'n aktiewe belangstelling in sy roemryke geskiedenis aan die dag lê. By die opening was daar alreeds verskeie meubelstukke en voorwerpe van geskiedkundige waarde (*Paarl Post* 16 Mei 1931). Die museum het so ontwikkel dat die vertrek by die stadsaal te klein geword het (E. Brisley 1989:onderhoud; M. de Villiers 1989:onderhoud).

In 1934 koop die Munisipalitiet die Oude Pastorie, wat toe in die besit van die familie Thom was, aan. Die grond is destyds deur die landdros en heemrade van Stellenbosch vir die bou van 'n pastorie vir die gemeente van Drakenstein aangekoop. Teen die einde van die 18de eeu was die gebou so verwaarloos dat dit gesloop moes word. Baie van die ou materiaal is gebruik by die herbou daarvan sodat dit so na as moontlik na die oorspronklike Kaaps-Hollandse gebou sou lyk (*Paarl Post* 17 Aug. 1934). Op 18 September 1939, gedurende die

Hugenote-feesvierings, het die inwyding van die Hugenote-museum in die Oude Pastorie-gebou plaasgevind (*Paarl Post* 6 Okt. 1939).

Die opening van die Hugenote-museum in 1939 met mnr. Seppie de Villiers aan die woord (Beskikbaar gestel deur E.Blignault)

Daar was verskillende welbekende sprekers soos mnr. J.H. Hofmeyr, Minister van Finansies en Onderwys, dr. D.F. Malan en die burgemeester, mnr. P.J. du Pré le Roux. Die Hugenote-museum is in 1940 deur proklamasie as museum en die gebou as die eerste nasionale gedenkwaardigheid in die Paarl verklaar. In 1969 is die naam van die museum na die Oude Pastorie-museum verander en die tema "Die geskiedenis van die Paarl" is daaraan toegeken, terwyl die Hugenote-museum na Franschhoek verskuif is (Oude Pastorie-museumargief; RNG).

3. DORPSONTWIKKELING

3.1 Dorpsuitleg

Die Paarl is nie formeel gestig of uitgelê nie. Die oorspronklike plase wat in die huidige dorpsgebied uitgereik is, het van Paarlberg tot by die Bergrivier gestrek. Die plase het aan mekaar gegrens sodat dit makliker was om aanvalle van die Khoisan af te weer (KAB:VC11 Daghregister 1687: 425-427). Die eerste straat was waarskynlik Buurmanslaan en het net bo die huidige Hoofstraat geloop. Dit het spontaan ontstaan omdat die boere daarlangs geloop het om vir hul bure te gaan kuier (Green 1957: 334; Joubert 1952: 7; DAK PAA! 1971: 3). Die boerderygemeenskap het mettertyd in 'n dorp ontwikkel.

Die N.G. kerk wat naby Paarlberg gebou is, het vir die vroeë nedersetters as 'n geestelike band en sosiale bymekaarkomplek gedien (N.G. Kerkargiefbewaarplek: besluite kerkraad van Drakenstein 6 Sep. 1718). Ambagslui het hul in die omgewing begin vestig en in 1735 was daar tien huise om die kerk gesentreer (Mentzel 1944: 2). Ongeveer sewentig jaar later beskryf reisigers die Paarl as 'n lang Hoofstraat met ongeveer vyftig huise aan weerskante en die kerk in die middel (Burchell 1967: 143-144; Lichtenstein 1930: 122). Die geografiese ligging van die Paarl met die Paarlberg aan die weste- en die Bergrivier aan die oostekant, is waarskynlik die rede waarom die nedersetting in 'n "Strassendorf" of straatdorp (dit wil sê 'n lang hoofstraat wat die ruggraat van die dorp vorm) ontwikkel het. Dié hoofstraat het ook al die verkeer na die noorde gedra aangesien die ou wapad deur Bainskloof geloop het (Noble 1885:54; *Paarl Post* 31 Des. 1921; Talbot 1971:42).

Hoofstraat in die vroeë dae soos L. Vidal (kunstenaar wat sketse van Kaapstad

en omgewing aan die begin van die neëntiende eeu gemaak het) dit voorgestel het (KAB: AG308)

Gedurende die neëntiende eeu is daar dennelanings by die ingang en uitgang van Hoofstraat aangeplant (*Die Burger* 11 Aug. 1924).

Die dennelaning by Suider-Paarl wat deur mnre. Haupt en Louw, vorige eienaars van Labori, aangeplant is (Joubert 1952:7)

Nadat die Lady Greybrug oor die Bergrivier in 1857 voltooi is, het die sakesentrum van Hoofstraat na Lady Greystraat verskuif. In 1863 is die spoorlyn van Kaapstad tot in Wellington voltooi en die stasie in die omgewing van die brug het ook na Lady Greystaat verskuif. Die dorp het vinnig uitgebrei. In 1875 het die bevolking gegroei tot 5 000 en was Hoofstraat sewe myl lank (*Di Afrikaanse Patriot* 2 Maart 1877; Green 1957:81; Noble 1875:54; Talbot 1971:42).

Die dorpskaart PW 360, wat net hierna volg, is in 1954 deur E. Pikholz opgestel. Dit gee 'n duidelike beeld van die dorp se ontwikkeling en uitleg. Die oorspronklike kaart is by die Drakenstein-heemkring beskikbaar (F. de Klerk 1987:onderhoud). Die kaart dui aan watter plaasgrond onderverdeel en tot woon- en industriële gebiede ontwikkel is. Die munisipale grense word ook aangedui. Die Paarl is uniek in die opsig dat daar nog steeds plase binne die munisipale grense van die dorp is, wat beslis tot die aantreklikheid van die dorp bydra (Drakenstein-heemkring PW 360; A. Abrahams 1989:onderhoud).


PAARLBERG
PAARL MOUNTAIN
+1844
+1922
+1946
+1946
+1844
+1953
+1952
+1922
+1946
+1952
+1958
GROWTH of PAARL
- LEGEND -
MAP Nº 2
PAARL AND ENVIRONS
PW. 360

Die dorp was vroeër in twee dele, Bo- en Onder-Paarl, verdeel. Die Bo-Paarl lê eintlik aan die suidekant van die dorp, terwyl die Onder-Paarl aan die noordelike kant van die dorp is. Die Paarliete was taamlik bewus van stand. Die welgesteldes van die dorp het suid van die stadsaal gewoon en noord daarvan was die onderdorp. Vir status moes 'n persoon nie alleenlik in die bodorp woon nie, maar ook aan die berg se kant van Hoofstraat (A. Blanckenberg 1988: onderhoud; H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; J.J. Meyer 1986:onderhoud; DAK PAA VII 1976:3).

Die ou pastorie, vandag die Oude Pastorie-museum, se tuin het vroeër tot by die Bergrivier gestrek. Die grond is later onderverdeel en bruin mense het hulle in die gebied kom vestig. Die woongebied het as die Ou Tuin bekend gestaan. Die aangrensende woongebied in die omgewing van Bredastraat was die Maleierbuurt en dit is Jubilee genoem (O.J. Dreyer 1988:onderhoud; M. van Graan 1988:onderhoud; Drakenstein-heemkring kasset nr.7). Die woongebied wat van Oranjestraat tot by Kloofstraat gestrek het, is vroeër die Droëriem genoem. Volgens mededelings was die gedeelte van die dorp baie droër as die laagliggende woongebiede naby die rivier. Tuiemakers het hier gebly. In die somer was dit so droog dat hulle gesê het dis so droog soos 'n riem (H. Grobbelaar 1989:onderhoud; J. Kholer 1988:onderhoud; DAK PAA I 1971: 6; *Paarl Post* 22 Maart 1919). Die laer gedeeltes langs die rivier was moerasagtig, van daar die naam Swartvlei (E.L. Blignault 1986:onderhoud; A.E. Briers 1989:onderhoud; Drakenstein-heemkring kasset nr.44; Richard 1987:84). Noord van Swartvlei was Rooikamp geleë. Volgens oorlewering was daar rooi klei wat as verf vir die onderste dele van die mure by huise gebruik is (Drakenstein-heemkring kasset nr.44; F. Vlotman 1987:onderhoud). Die suidelike deel van die dorp in die omgewing van die huidige Paarl-stasie was as Lappiesdorp bekend. Daar het bruin mense in veelkleurige huise gewoon en die kinders het gelapte klere gedra (J. Devine 1988:onderhoud). Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was bogenoemde indeling en name nog algemeen onder die inwoners bekend. By die huidige geslag het die benaminge egter uitgesterf (W.A. de Klerk 1988:onderhoud; F. van Dyk 1986:onderhoud).

3.2 Plaaslike owerheid

Die Paarl is op 9 Oktober 1840 deur die goewerneur van die Kaapkolonie, sir George Napier, tot 'n munisipaliteit verklaar (*Cape of Good Hope Government Gazette 1844; Paarl Post* 13 Sept. 1930). Die eerste Raad van Kommissarisse het uit sewe lede bestaan. Hulle het hoofsaaklik na die volgende omgesien:

watervoorsiening, brandbestryding en die instandhouding van paaie. As gevolg van die brandgevaar was daar in 1840 'n reël dat die publiek nie toegelaat is om vuurwerke binne 'n afstand van 'n halwe myl van die naaste huis binne die munisipale grense af te skiet nie. Weddenskappe op haan- en hondegevegte was ook verbode. Teen 1875 het die dorp so gegroei dat daar 771 huise in die munisipale gebied was (*Cape of Good Hope Government Gazette 1875*; *Paarl Post* 13 Sept. 1930). In 1882 word die ou benamings voorsitter en kommissaris met die huidige benamings burgemeester en raadslid vervang (Joubert 1952:17). Die aantal raadslede is sestien jaar later tot twaalf vergroot. In 1904 het die Paarl reeds 11 239 inwoners van alle bevolkingsgroepe gehad (*Cape of Good Hope Government Gazette 1898-1907*).

In 1905 het die munisipaliteit sy eerste dorpswapen gekry. Dit was die familiewapen van Hendrik Adriaan van Rheede tot Drakenstein, Heer van Mydrecht, na wie die distrik Drakenstein vernoem is. Die wapen is egter hersien en 42 jaar later is die huidige wapen by die Royal College of Heraldry in Londen geregistreer (*The Argus* 23 Mei 1952; RNG 1985:7).

Volgens die sensusopname van 1918, was die Paarl die tweede grootste dorp in die Unie (*Paarl Post* 29 Junie 1918). Gedurende 1922 word Hugenoot ook binne die munisipale grense van die Paarl ingesluit (Fitzpatrick 1948: 41; *Paarl Post* 15 April 1922; 29 Julie 1922).

Hugenoot (Stadsklerk-argief)

In 'n beriggie in die *Paarl Post* van 14 Januarie 1928, skryf 'n joernalis dat die Paarl die "eerste dorp in Kaapland gebenoem" kan word. Alhoewel dit nie die

eerste dorp of munisipaliteit was nie, word die Paarl as die mees vooruitstrewende dorp beskou (Hope 1936:28; Joubert 1952:112; Van Zyl 1987:100). Daardie jaar is £60 000 vir openbare verbeterings aangewend en bouplanne ter waarde van £112 139 is deur die Raad goedgekeur. Die munisipale belasting was nog besonder laag. Die eiendomsbelasting was 2½d in die £ en water was 9d per 1 000 gellings (*Gimnasium-joernaalblad* 1937). Volgens 'n verslag van die destydse burgemeester, mnr. A. Devine, was daar vir al die inwoners van die dorp werk. Die Paarl het ook nie agterbuurtes gehad nie (*Paarl Post* 23 Aug. 1930; Wells 1939:392). Die inwonertal het steeds toegeneem en volgens die sensusopnames van 1939 was die bevolking van die Paarl 18 290 (*Paarl Post* 29 Mei 1939).

Die burgemeesters van die Paarl gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was die volgende: mnr. F.S. Roux van 1918 tot 1921; mnr. A.M. Devine 1921 tot 1924; mnr. C.L. de Jongh 1924 tot 1925; mnr. E.C. Bosman 1925 tot 1926; mnr.A.M. Devine 1926 tot 1937 en mnr. P.J. du Pré le Roux van 1937 tot 1940 (Joubert 1952:79; *Paarl Post* 26 Sept. 1925; 23 Aug. 1930; 3 Sept. 1935; 6 Sept. 1936; 17 Maart 1939).

3.3 Watervoorsiening

Die grondeienaars moes vroeër self in hul waterbehoeftes voorsien. Die meeste inwoners het teen 1830 hul eie putte en waterbalies in hul agterplase gehad. Dié wat nie putte gehad het nie, moes hul water by 'n waterpyp in Reservoirstraat gaan skep. Vroeër het die meeste huise rietdakke gehad en brand was 'n groot gevaar. In 1801 het die Paarl sy eerste brandspuit gekry. Dit is deur die plaaslike kerkraad aangekoop en is in die koster se stal gebêre. Die wa is deur 'n donkie getrek. As 'n brand uitgebreek het, moes hulle eers die donkie in die berg gaan vang, sodat die vertraging soms tragiese gevolge gehad het (Joubert 1952:70; J. Meyer 1986:onderhoud).

Nadat 'n munisipaliteit in 1840 tot stand gekom het, was dit die kommissarisse se pligte om die waterbronne in stand te hou. 'n Reservoir is agter die pastorie van die Paarlse gemeente gebou en daar is 'n begin gemaak om water met pype na die dorp aan te lê. 'n Superintendent van waterwerke is aangestel (O.J. Dreyer 1988: onderhoud; Munisipaliteit Paarl, Notuleboek 7 Julie 1859). Die waterwerke was baie primitief en die reservoir was gou te klein vir die groeiende dorp. In 1881 is met die bou van die Victoriadam op Paarlberg begin. Die waterpype is toe na die Paarl-stasie en Cecelliasdrif en in die rigting van

Noorder-Paarl tot oor die plaas Dammetjie (waar die Hoërskool Gimnasium vandag staan) gelê. Tien jaar later, in 1891, is die Victoriadam vergroot deur sy wal te verhoog (Drakenstein-heemkring kasset nr.53; *Paarl Post* April 1931).

Reservoir op Paarlberg (KAB: AG 6310)

Die Munisipaliteit het die waterregte van Meulwater aangekoop en gedurende die Eerste Wêreldoorlog is die Betheldam aangebou. Die watervoorraad was toe voldoende, maar sedert 1929 het die Paarl weer 'n waterskaarste gehad. Daar is toe begin met die oprigting van 'n pompstasie by Ceceliasdrif, aan die Bergrivier en 'n jaar later moes nog een opgerig word (*KAB:* M1/1455; M1/1456; *Paarl Post* 23 Aug. 1930).

Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was mnr. Willie Stiglingh die watersuperintendent van die Paarl (B. Cockeram 1989:onderhoud; C.A. Reitz 1989:onderhoud; K. Segoma 1988:onderhoud). Hy is in die Paarl gebore en was een van die laaste dopelinge van wyle ds. G.W.A. van der Lingen. In 1888 het hy onder sy vader, wat toe die watersuperintendent was, begin werk en twaalf

jaar later het hy sy vader se pos oorgeneem. Die pos het hy tot in die dertigerjare beklee (Drakenstein-heemkring kasset nr.53; *Paarl Post* 4 April 1931).

Die afbrand van die stadsaal in 1924 was 'n groot skade vir die Paarl. Daar is verwytend gepraat van die brandweer se "primitive aparatus such as was available in London in the sixteenth century" (*Paarl Post* 6 Des. 1924). In 1926 is die ou brandpomp met 'n masjienaangedrewe brandweerwa vervang (O. Dreyer 1988:onderhoud; *Paarl Post* 21 Jan. 1932).



'n Groep Paarliete kyk hoe die nuwe "red fire-engin" in 1926 getoets word (KAB: AG 14671)

In 1938 is 'n munisipale waterfiltrering- en chlorineringsaanleg opgerig (*Paarl Post* 25 Okt. 1938).

Die nuwe watersuiweringsaanleg van 1938 (Paarl Post *25 Okt. 1938*)

Dit het verseker dat die Paarl voldoende skoon water vir 'n afsienbare tyd sou hê (*Paarl Post* 21 Jun. 1932).

3.4 Elektrisiteit

Die voorsiening van elektrisiteit het aan die begin van die twintigste eeu 'n werklikheid geword (J.C. Basson 1988:onderhoud; Visagie 1987:50).

Hoofstraat, soos dit gelyk het voor die koms van elektrisiteit (Joubert 1952:12)

Vroeër het paraffienlampe en kerse beligting verskaf (Drakenstein-heemkring kasset nr.45; J. Meyer 1986:onderhoud). Sommige bruinmense het 'n blikkie lampolie met 'n stuk lap as spit gebruik om lig te verskaf (A. Herr 1989:onderhoud). Hoofstraat was verlig met paraffien-straatlampe (de Villiers 1948:45). As die son sak, het mnr. Manie Marais die lampe aangesteek (O. Basson 1988:onderhoud; A.C. du Toit 1988:onderhoud). Hy het altyd in die Bo-Paarl (Suider-Paarl) begin en met sy eselkarretjie van lamppaal tot lamppaal gery. Die donkie het doodstil gestaan en mnr. Marais het op die sitplek van die waentjie geklim om by die lamp by te kom en dit aan te steek. Met dagbreek het hy weer al die lampe doodgeblaas (O. Basson 1988:onderhoud).

Regs van die man op die fiets, een van die ou paraffienlamppale wat Hoofstraat vroeër verlig het (Poskaart J. Hoitsema)

Die Paarlse Stadsraad het in Junie 1914 besluit om 'n kragstelsel vir die dorp te installeer. Dit was ag jaar voordat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie in 1922 gestig is om krag landwyd te voorsien (Louw 1948:4). Al die waterregte van die Meulwaterstroom is deur die Stadsraad aangekoop. Die stroom wat uit Paarlberg vloei, het dié naam gekry omdat 'n ou meul vir baie jare deur hierdie waterstroom aangedryf is. Hulle plan was om dit ook vir kragopwekking te gebruik. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is die projek vertraag. Die Betheldam is op Paarlberg gebou en 'n pypleiding is daarvandaan na 'n kragsentralegebou onder Paarlberg gelê. Die gebou van graniet wat vandag nog in Meulstraat staan, het twee 75 kW- hidroëlektriese opwekkers gehuisves (DAK PAA IV 1975:37; DAK PAA XIII 1980:6; DAK PAA XVII 1984:18).



Die kragsentralegebou in Meulstraat

Die kragopwekkers is op 22 Junie 1917 deur die destydse burgemeester, mnr. S.P.H. de Villiers, se vrou aan die gang gesit. Dit was 'n feestelike geleentheid vir al die inwoners. Altesame 62 woonhuise en 250 straatligte is met dié elektrisiteit bedien (E. Blignault 1988:onderhoud; De Villiers 1948:45; O.J. Dreyer 1988:onderhoud; J. Henderson 1987:onderhoud; *Paarl Post* 26 Jun. 1918).

Een van die elektriese straatligte is voor regs sigbaar (KAB: AG 7890)

Gedurende 1920 het die Paarl 'n droogte beleef en die destydse elektriese ingenieur, mnr. Hugh Purves, het voorgestel dat 'n bykomende stoomkragstasie opgerig moet word. Dit het egter deur die mat geval. Eers in 1925 het Evkom aangebied om krag aan die dorp te lewer. Dit is aanvanklik van die hand gewys, maar die volgende jaar is dit wel aanvaar (De Villiers 1948:45; M. Liebenberg 1988:onderhoud).

Die ou gaslampe van die Strooidakkerk is verkoop en nuwe elektriese ligte is op Sondag, 15 November 1925, ingewy (Kaapse Kerkargief: Paarlse Notuleboek 1916-1934:27). Mnr. A.L. Smook (vader van mnr. A.J.R. Smook van Smook en Seuns van Hoofstraat 472) was een van die pioniers op die gebied van elektrisiteit in die Paarl. Hy het in 1926 na die Paarl gekom en 'n onderneming met die naam, A.L. Smook Engineering and Electrical Contractor in Lady Greystraat begin (A.J. Smook 1988:onderhoud; *Paarl Post* 16 Jan 1932).

Die dorp het ontwikkel en al hoe meer industrieë het van krag gebruik begin maak. Volgens 'n berig in die *Paarl Post* van 14 Junie 1928 het die Paarl Roller Flour Mills meer krag as enige ander nywerheidsinstelling in die Unie van Suid-Afrika gebruik. Ten spyte van die depressiejare het die vraag na elektrisiteit steeds toegeneem. In 1933 is die Evkom se toevoerspanning van 3 300 volt tot 11 500 volt verhoog (KAB: M1/1459; Visagie 1987:50).

3.5 Posdienste

Voor die einde van die agtiende eeu was daar nie georganiseerde posdienste nie. Daar is hoofsaaklik van Khoi-hardlopers gebruik gemaak om die pos te vervoer. In 1806 is 'n posdiens vir die versending van briewe in die Kaap ingestel, maar eers op 4 Oktober 1816 het die Paarl sy eerste voltydse posmeester gekry (Conradie 1953:30; Strauss 1966:49). Twee jaar later het die dorp sy eie posstempel gekry.

'n Afdruk van die eerste amptelike posstempel van die Paarl (Esterhuyse 1987:11)

Die posmeesteres, mev. Wrakmore, het egter die stempel verloor en dit is nooit weer gevind nie. Vir twee-en-dertig jaar is die pos in die Paarl per hand gekanselleer totdat daar in 1848 'n nuwe stempel, 'n agthoekige raampie met die nommer 12 in, uitgereik is (Esterhuyse 1987:11).

Gedurende 1880 is die poskantoor na Hoofstraat verskuif en was as die "Upper-Paarl" of Bo-Paarl bekend. Nog 'n poskantoor is in die Onder-Paarl geopen asook een in Hugenoot. Die Hugenootposkantoor is gebruik as 'n sentrale plek waar pos gesorteer is. Dit het egter verwarring veroorsaak en elke poskantoor het later sy eie amptelike naam gekry. Die poskantoor by Hugenootstasie word Hugenoot, Bo-Paarl word Suider-Paarl en Onder-Paarl word Noorder-Paarl (Conradie 1953:30; Esterhuyse 1987:19; Strauss 1966:49).

Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was daar vier poskantore: Paarl, Suider-Paarl, Noorder-Paarl en Hugenoot (*The South African Railways and Harbours* 1929:48). In 1936 het die Departement van Poswese die inwoners van die Paarl versoek om openings in hul hoofingangsdeur te laat maak of hulle moes 'n posbus langs die straat aanbring. Indien inwoners dit nie wou doen nie, sou die pos nie afgelewer word nie (D. Bassick 1989:onderhoud; *Paarl Post* 25 Sept. 1936).

3.6 Telefoondienste

Die destydste burgemeester, mnr. S.P.H. de Villiers (1900-1917), het vier jaar lank vertoë gerig om 'n telefoondiens in die Paarl ingestel te kry (De Villiers 1948:45). Die poskantore het hul eie boodskappers gehad en volgens hulle was die diens goedkoper as om 'n telefoonsentrale op te rig en aan die gang te hou. Die Departement van Poswese het aan mnr. de Villiers te kenne gegee dat hulle bereid sou wees om 'n telefoonsentrale op te rig indien hy vier-en-sestig Paarliete kry om 'n huurkontrak te teken (E. Blignault 1988:onderhoud; DAK PAA XIII 1980:24). Na baie moeite het mnr. de Villiers die voorgestelde getal mense oorreed en in 1908 is die telefoonlyn van Kaapstad na die Paarl geopen (Emms 1988:7; Louw 1948:4).



'n Foto van die telefoonhuurders in die Paarl uit die Telefoon-adresboek voor het Kaapse Sklereiland, Caledon, Malmesbury, Paarl, Worcester en Buurt 1917 (Poskantoor-museum Pretoria)

Al hoe meer mense het van telefone begin gebruik maak en in 1917 was daar honderd-ag-en-sestig huurders teenoor die vyf-en-tagtig in 1910 (telefoongids 1910 en 1917). Die tariewe in 1930 was 1½d per oproep en die telefoonhuur was £3 12s per jaar (*Paarl Post* 24 April 1930; E. Perold 1988:onderhoud). Volgens mej. E.S. Perold, wat gedurende die dertigerjare by die skakelbord gewerk het, het 'n wit liggie aangegaan as jy moes Engels praat, 'n groen liggie vir Afrikaans en 'n addisionele rooi liggie het aangegaan wanneer iemand van 'n telefoonhokkie geskakel het (1988:onderhoud; *Paarl Post* 14 Julie 1933).

Volgens 'n beriggie in die *Paarl Post* van 14 Maart 1939 is die aankoop van 'n outomatiese telefoon vir die munisipale kantore goedgekeur. Dit het die gebruik van batterye uitgeskakel. Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was daar 999 telefoonhuurders in die Paarl (*Telefoonadresboek* 1939).

3.7 Swembad

Teen die eeuwending wou die Paarliete baie graag 'n swembad gehad het. Daar het verskeie beriggies in die plaaslike koerant oor die aangeleentheid verskyn. Een beriggie in 1918 het soos volg gelui: "Oor nog vyftig jaar hoop ek te kan sê wie die eerste 'n swembad in ons dorp gebouw het; of, wie burgemeester was toe die stadsraad besluit het, dat daar 'n swembad sal wees en daar was 'n swembad" (*Paarl Post* 10 Aug. 1918). Ses maande later verskyn die volgende humoristiese samespraak:

Nuwe leerling	:	Waar is jul swembad?
Paarliet	:	Ons het nie so iets nie.
Nuwe leerling	:	Maar, hier is 'n rivier, ne?
Paarliet	:	Ja, maar die dokters het ons gewaarsku om nie daarin te swem nie.
Nuwe leerling	:	En wat maak julle met al die water wat op die berg is en waaromtrent julle so baie spog?
Paarliet	:	O, daardie water? Ons laat dit see toe loop.
Nuwe leerling	:	Julle is snaakse mense. Ek sal vir my pa skrywe om my na 'n ander dorp te stuur waar daar 'n swemplek is.

(*Paarl Post* 15 Feb. 1919)

In 1924 het 'n ene mej. Paterson van Nieu-Seeland in Suid-Afrika rondgereis en lesings oor kindergesondheid gegee. Sy het veral twee belangrike dinge beklemtoon en gesê elke dorp moet 'n medisynekliniek en openbare swembad hê (*Paarl Post* 17 Sept. 1921; 15 Maart 1924).

Op 5 Maart 1927 word 'n plan vir 'n toekomstige swembad in die *Paarl Post* gepubliseer. Volgens die berig kon die swembad vergelyk word met die opelugswembad in Pretoria wat ten volle met teëls uitgelê is. Daar is besluit om 'n deel van Victoriapark te gebruik vir die swembad. Die dorpsingenieur, mnr. Harry Reitz, het die planne opgestel (KAB: M2/2407; M2/2408; M2/2409).

Die terreinplan (KAB: M2/2407)

Dit was 'n belangrike gebeurtenis vir die Paarliete toe die openbare swembad in Desember 1927 ingewy is (M.S. Myburgh 1988:onderhoud; E. Rhode 1987:onderhoud). Die opskrif in die *Paarl Post* het soos volg gelui: "Paarl's dream accomplished" (17 Des. 1927).

Tydens die opening van die swembad in 1927 (Paarl Post *17 Des. 1927)*

Daar was ongeveer tweeduisend toeskouers en die destydse burgemeester, mnr. Alf Devine, het die openingstoespraak gehou. Dié dag is ook 'n swem-, duik- en waterpolovertoning aangebied. Om 'n feestelike atmosfeer te skep, het mnr. Woods en lede van sy orkes musiek gemaak. Die ingang na die swembad was aan Faurestraat se kant en aan daardie kant is ook die paviljoen met kantoor, kleedkamer en stortgeriewe opgerig. Aan Markstraat se kant is 'n outydse teekiosk gebou (*Paarl Post* 17 Des. 1927).

Die swembad met die ingang en kleedkamers in die agtergrond (S.A. Spoorweë 1951:28)

Die Kaaps-Hollandse boustyl het gedurende hierdie tydperk 'n herlewing beleef en dit is weerspieël in die gebruik van rietdakke en gewels by die oprigting van geboue by die swembad. Die rietdakke is egter later met teëls vervang (N.C. Combrink 1989:onderhoud). Sophie Kannemeyer het vir die munisipaliteit by die swembad gewerk. Sy het kontrole by die toegangshek uitgeoefen. By haar kon swembroeke en handdoeke gehuur word (B. Louw 1988:onderhoud). Meisies en seuns moes op verskillende tye gaan swem. Die kerk en skoolraad was sterk teen "gemengde baai" gekant (*Paarl Post* 15 Feb. 1930). Gedurende 1930 het die dorpsingenieur, mnr. Harry Reitz, nuwe filtreerbakkke vir die swembad ontwerp en dit is die volgende jaar geïnstalleer (*Paarl Post* 29 Nov. 1930; 7 Feb. 1931).

3.8 Jan Phillips-bergpad

Jan Frederik Phillips het in 1881 op een-en-twintigjarige leeftyd as 'n brandarm man uit die Ceres-distrik, waar hy gebore is, na die Paarl gestap om 'n nuwe heenkome te vind. Hy het in 'n agterplaas begin om waens te bou (*Die Afrikaanse Patriot* 8 April 1881; Marc 1924:68). Sy twee broers het by hom aangesluit en gou was die werksplek te klein en is 'n perseel van ongeveer twee morg in Fabriekstraat aangekoop. Die firma J.F. Phillips en Kie het met rasse skrede gegroei en bestellings uit Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Suidwes-Afrika (Namibië) en selfs Rhodesië (Zimbabwe) het ingestroom. Volgens 'n tydskrifartikel was oom Jan bekend as die Henry Ford van Suid-Afrika. Hy het

met niks begin nie, maar is in 1934 as 'n baie welgestelde man oorlede (V. Uys 1989:onderhoud; Vercueil 1966:10-13).

Hy was baie lief vir die Paarl en veral die berg, van waar jy die pragtige vallei kan besigtig. Hy was begeesterd met die gedagte om 'n bergpad uit te lê en het self begin om die roete af te steek (De Villiers 1949:159). Die wamakersbedryf het hom so besig gehou dat al tyd wat hy kon afknyp, Sondae na kerk was. Sondag na Sondag het hy penne ingesteek (T. Louw 1988:onderhoud; J. Phillips 1987:onderhoud). Mnr. Phillips se geesdrif het ook die plaaslike boere beïnvloed en hulle het van hul arbeiders gestuur om hand by te sit (J. Albertus 1989:onderhoud; B. Armstrong 1989:onderhoud; P. Brand 1989:onderhoud). Volgens 'n berig in die *Paarl Post* het in 'n munisipale vergadering "'n diskussie plaatsgevonden waaruit het bleek, dat al die raadsleden ten gunste van 'n bergpad of 'high level road' waren" (7 Junie 1919). Mnr. Wynand Louw, die destydse argitek van die Paarl, het 'n stuk van sy grond vir die bou van die pad aan die Munisipaliteit geskenk (T. Louw 1989:onderhoud).

Op 3 November 1928 is die bergpad amptelik deur die destydse administrateur van Kaapstad, mnr. A.P. Faure, geopen. Die finale koste was 12 000 pond waarvan mnr. Jan Phillips 5 000 pond bygedra het. Die pad is na hom vernoem (Drakenstein-heemkring: D.J. van Niekerk-plakboek; J. Mitchel 1986:onderhoud; *Paarl Post* 10 Nov. 1928; H. Pieterse 1988:onderhoud; M. Smit 1989:onderhoud).

Die Jan Phillips-bergpad (S.A. Biblioteek: Cape Times versameling GNS 90)

Die pad bied toegang tot verskeie ontspanningsplekke soos die gewilde Meulstroompiekniekplek en die veldblomtuin. Gedurende 1932 het lede van die Verfraaiingsvereniging van die Paarl saam met mnr. Du Pre le Roux, destydse raadslid, na die berg gegaan om 'n stuk grond aangrensend aan die Meulstroompiekniekplek vir die veldblommetuin uit te meet. 'n Pr gtige tuin is uitgelê en die ingangshek is deur mnr. Wynand Louw ontwerp. Twee blokke Paarl-graniet is as kantstene gebruik en die gegote ysterhek is daaraan gehang (C. Conradie 1987:onderhoud; C. Cyster 1989:onderhoud; Drakensteinheemkring Verfraaiingsvereniging verslag).

Die volgende kaart dui die ligging van die bergpad aan, van punt A in die suide tot by punt B in die noorde, na voltooiing in 1928.



(S.A. Spoorweë 1929:28)

3.9 Rioolwerke

Tot in die dertigerjare was die sanitêre geriewe by huise 'n buitehuisie met 'n emmersteisel. 'n Nagwa het gereeld aangedoen en die emmers weggery (J. Henderson 1987:onderhoud; B. Louw 1988:onderhoud). Die inhoud is begrawe tussen die duine aan die oostekant van die Bergrivier, ongeveer waar die Arboretum (Paarlse boomtuin) vandag is (J.P. Theron 1988:onderhoud). Volgens die destydse stadsklerk, mnr. L.A. Keyter, was die kostes verbonde aan die verwydering van nagvuil binne die munisipale grense van die Paarl in 1930 as volg: "Twee verwyderings per week; 4/5 per emmer per maand; weeklikse verwydering 2/3 per emmer per maand" (*Paarl Post* 11 Jan. 1930).

Die Stadsraad het in Januarie 1933 die destydse ingenieur, mnr. H. Reitz, die opdrag gegee om planne en spesifikasies vir 'n rioolskema te ontwerp. Op 26 April 1933 het die belastingbetalers, ten spyte van die Depressie, ten gunste van 'n rioolstelsel gestem (*KAB* M2/2487; Paarl Post 8 April 1933). Dit was 'n groot omwenteling vir die Paarliete, want al die strate is opgekap (W. Hugo 1988:onderhoud; B. Louw 1988:onderhoud).



Die rioolskema (Munisipaliteit Paarl-argief)

Die offisiële opening van die rioolwaterreinigingswerke was op 12 Junie 1935. Dit is feestelik gevier in die Central Hotel en daar was ongeveer honderd en twintig gaste teenwoordig. Een van die sprekers by die geleentheid was die burgemeester van Kaapstad en hy het gesê: "Paarl is one of the leaders amongst the larger municipalities." Van die ander sprekers het gesê: "formerly they had looked to Cape Town for inspiration, they now turned their eyes to Paarl" (*Paarl Post* 4 Junie 1935). 'n Jaar na die opening het die Stadsraad besluit dat alle eiendomme geleë binne die munisipale gebied aan die rioolstelsel gekoppel moet word (*Paarl Post* 10 Julie 1936).

3.10 Strate

Die Hoofstraat en Lady Greystraat vorm die ruggraat van die dorp. Geen inligting is gevind omtrent hoe die straatuitleg beplan is nie. Volgens die oudste straatplan van die dorp beskikbaar blyk dit dat die verdeling van die strate taamlik onreëlmatig is (Munisipaliteit Paarl-argief). In 'n publikasie van die S.A. Spoorweë in samewerking met die Paarlse Munisipaliteit word die strate soos volg beskryf: "What a charm there is in these haphazard and promiscuous streets and byways. These thoroughfares were never laid out chess-board fashion by means of a T-square and parellel rule like those of so many South African towns. Long before the amenities of town planning ever engaged public attention, these paths were beaten out by the early settlers in accordance with the physical characteristics of the land and the convenience of the inhabitants, resulting in an unconstraint and an aesthetic effect far more pleasing to the artistic sense than the most strained-after efforts of the modern specialist" (S.A. Spoorweë 1929:14).

Omdat die paaie vroeër ongeteer was, was stof in die somer en modder in die winter 'n groot probleem (Drakenstein-heemkring kasset nr.2; DAK PAA X 1980:2).

Lady Greystraat met granietrantstene, voordat die oppervlakte geteer is (KAB: R 1371)

In *Di Afrikaanse Patriot* van 21 Oktober 1881, kla 'n verslaggewer oor die stof in die strate: "al wat die klok slaat is stof! stof! stof!" In 1864 is besluit om 'n waterkar aan te koop om die strate nat te spuit (O.J. Dreyer 1988:onderhoud). Met die toename van verkeer is nuwe eise aan die Munisipaliteit gestel. Op 21 Januarie 1918 bepleit die *Paarl Post* beter parkeergeriewe weens die verkeersdrukte in die Paarl. Die strate was in 'n swak toestand en die Stadsraad het besluit om Lady Greystraat en 'n gedeelte van die Hoofstraat met gruis te bestraat. (*Paarl Post* 12 Jan. 1918; 7 Sep.1918; V.d.S. Uys 1989:onderhoud). Die inwoners van die Paarl was steeds nie tevrede met die toestand van die strate nie (Bond 1956:105) . In die *Paarl Post* van 11 Januarie 1919 skryf 'n joernalis die volgende: "met die nouw strate wat ons het, kan die Paarl nooit 'n pragtige stad word nie. Behalwe Hoof- en Lady Greystraat is die strate enkel, wat ons in Engels noem 'Lanes'. Die enkelstrate het ons te danke aan vorige munisipale rade. Grondbesitters is toegelaat geword om bij die verkoop van erwe, die nodige strate af te steek soos hulle wil, met die gevolg dat in al die gevalle die strate twee- en driemaal nouwer is as hulle behoort te wees. Vandag ook kan ons geen groter verbetering hierin verwag nie; want, as ons dit wel het, is die wijdte van strate vas gestel op 30 vt., sonder enige voorsiening vir voetpaadjies."



Pontacstraat aan die begin van die twintigste eeu met die persele van die afslaers F.P. Retief en A.B. de Villiers & Co op die voorgrond (KAB: AG 12500)

Oor die stofstrate het die inwoners van die Paarl goeie humorsin openbaar en die volgende grappie is vertel: "Daar is geen slange in die Paarl nie omdat die slange daar binne 'n paar minute so baie te vreet krij, dat hulle ontplof en in stof verander" (O.J. Dreyer 1989:onderhoud; *Paarl Post* 29 Nov. 1919).

Die Munisipaliteit het in 1921 sy eie klipbreker of "crusher" aangekoop (*Paarl Post* 16 Julie 1921; S. Plaatjies 1988:onderhoud). Gedurende die twintigerjare het die Munisipaliteit met 'n teereksperiment in Lady Greystraat begin. Dit was so suksesvol dat daar ook met die res van die strate begin is (*KAB:* PAS 2/523; *Paarl Post* 22 Julie 1922). Ou inwoners van die Paarl onthou nog hoe mnr. Klaas Loubser van die Munisipaliteit met groot padrollers wat deur die plaaslike firma W.Voigt Ltd. vervaardig is, die paaie geteer het (E.C. Basson 1989:onderhoud; J. Henderson 1987:onderhoud; *Paarl Post* 18 Sep. 1926).

Hoofstraat in Suider-Paarl ongeveer 1930 nadat die straat geteer is (S.A. Biblioteek:Cape Times-versameling GNS 156)

Die benaming "Bo-" en"Onder-" Paarl het verwarring veroorsaak en in 1930 het die Stadsraad besluit om die dorp soos volg te verdeel:
(a) Vanaf die Suider-Paarl-ingang tot by Kerkplein, bekend as Suider-Paarl.
(b) Die gedeelte vanaf Kerkplein tot by Van der Poelsplein bekend as Paarl-Sentraal.
(c) Die gedeelte noord van Van der Poelsplein, tot by die munisipale grens, bekend as Noorder-Paarl.
(*Paarl Post* 1 Maart 1930)

In dieselfde jaar is ook besluit dat huise en sakeondernemings in Hoofstraat genommer moet word (*Paarl Post* 1 Maart 1930; R. Alexander 1989:onderhoud). Gedurende 1932 is die persele in Hoofstraat genommer en is ook met dié van Lady Greystraat begin. Hierdie verbetering het baie verwarring uitgeskakel en dit het veral vreemdelinge wat adresse in die 10 km lange Hoofstraat gesoek het, baie gehelp (O. Basson 1988:onderhoud; M. le Roux 1988:onderhoud; *Paarl Post* 22 Maart 1930; 27 Feb. 1932; 5 Maart 1932).

In 1934 het die Stadsraad besluit om die vergunning om petrolpompe voor winkels op te rig, op te skort. Volgens 'n berig in die plaaslike koerant was hulle bevrees dat "Hoofstraat naderhand net 'n ry petrolpompe sou hê in plaas van bome" (*Paarl Post* 24 Mei 1934; M. le Roux 1988:onderhoud).

Die enigste brug oor die Bergrivier was die Lady Greybrug. Die oorspronklike houtstruktuur is in 1904 met beton en staal vervang. Behalwe die brug was daar nog drie driwwe waar die Bergrivier oorgesteek kon word. In Suider-Paarl by Ceceliastraat was die Ceceliadrif. Dan was daar ook nog Kalkoentjiesdrif, waar Markstraatbrug vandag is en die derde drif was onderkant Langstraat in Noorder- Paarl (Green 1957:81; J. Henderson 1987:onderhoud; J.P. Theron 1988:onderhoud). Voor die Tweede Wêreldoorlog in 1939 is 'n spoorwegoorbrug by Hugenoot teen 'n koste van £27 000 voltooi (J. Meyer 1986:onderhoud).



Die Hugenootbrug (Poskaart J. Hoitsema)

Soos die dorp ontwikkel het, is al hoe meer plase onderverdeel, in erwe opgesny en nuwe strate uitgemeet. Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het die volgende ontwikkeling plaasgevind In 1923 het mnr. A. Perold sy plaas, Fountain Lodge, in 78 erwe met vier strate van veertig voet wyd laat onderverdeel. Tans is die fontein op die hoek van Hoof- en Devinestraat al wat van die oorspronklike opstal oorgebly het (*Paarl Post* 26 Mei 1923; F. van der

Berg 1989:onderhoud). In dieselfde jaar is die eiendom van mev. E.A.M. Murray, wat aan Hoof- en Sanddrifstraat gegrens het, in 65 erwe onderverdeel (*Paarl Post* 6 Okt. 1923). Mnr. J. P. Ratief, eienaar van die plaas Oranje, het gedurende 1923 besluit om sy plaas in 134 erwe op te sny en op 16 Januarie 1924 is dit te koop aangebied (*Paarl Post* 8 Des. 1923; G. Hendricks 1989:onderhoud). Die eienaar van die plaas Pontac, mnr. D.J. van Niekerk, is herhaaldelik gevra om 'n deel van sy plaas in erwe op te sny. Die erwe was veral gewild weens hul unieke ligging bo teen die berg. Gedurende 1925 is 52 van hierdie erwe te koop aangebied (R. Klaasen 1989:onderhoud; *Paarl Post* 6 Junie 1925; D.J. van Niekerk 1989:onderhoud). 'n Gedeelte van die plaas Orleans, wat aan die sakeonderneming Bloom & Volks behoort het, is in 103 erwe opgesny. Dit was in die omgewing van die munisipale slagplaas (*Paarl Post* 21 Des. 1925). Mnr. J.R. Louw van Langlaagte het sy eiendom in Rosestraat in 6 erwe laat onderverdeel en dit is op 'n openbare veiling te koop aangebied (*Paarl Post* 14 Junie 1928). Altesaam 40 bouerwe oorkant die munisipale swembad en park is gedurende 1928 te koop aangebied. Die eiendom het aan mnr. Otto Arnold van Bredastraat behoort (*Paarl Post* 11 Maart 1928). 'n Stuk grond aangrensend aan Ceceliastraat is gedurende 1933 in 17 erwe verdeel; die eienares was mev. G.H. Meiring (*Paarl Post* 16 Sep. 1933). Die perseel aangrensend aan Auretstraat, bekend as Combrai, is in 1934 onderverdeel (*Paarl Post* 28 Sep. 1934). Die onderverdeling van die Zoete Invallandgoed is in 1938 deur die stadsbeplannerskomitee goedgekeur (*Paarl Post* 9 Aug. 1938; 15 Sept. 1939).

3.11 Straatnaamgewing

Gedurende die Middeleeue het straatnaamgewing wêreldwyd al in die volksmond tot stand gekom (Naamkunde-commissie 1953:8). Volgens die stadsbeplanner en landmeter van die Paarl, mnre. A. Swanevelder en D. Wright onderskeidelik, is daar eers in die vyftigerjare 'n straatnaamgewingskomitee in die Paarl aangestel. Voor die tyd was dit die eienaar, wie se grond onderverdeel is, se voorreg om name aan die nuwe strate te gee (onderhoude 1989). In die *Paarl Post* van 13 Februarie en 10 Augustus 1918 het mnr. E. Malherbe 'n berig geskryf oor die vroeë dae van die Paarl. Hy vertel in besonderhede waar elke woonhuis in die middel van die vorige eeu gestaan het en aan wie dit behoort het. Die verskillende straatname word ook gegee.

Die kaart "Growth of Paarl" wat mnr. E. Pikholz saamgestel het asook die gereelde beriggies in die *Paarl Post* oor die onderverdeling van grond, is gebruik

om te bepaal watter strate gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë uitgemeet is en sodoende name gekry het. Daar was nie vaste reëls nie en baie name het in die volksmond ontstaan. Die spesifieke datum van naamgewing kan dus nie vasgestel word nie. Die straatname word alfabeties bespreek.(Vergelyk Bylaag II waarop die strate aangedui word. Die nommer by die straatnaam is 'n aanduiding van waar die naam op die kaart te vinde is).

Abattoirstraat F6: Die munisipale slagplaas was vroeër in dié straat en vandaar die naam (D.W. Wright 1990:onderhoud; M.D. Jordaan 1988:onderhoud; M. Plezens 1989:onderhoud).

Ambagtsvalleistraat F5: Volgens mev. E. Fitzpatrick was die gebied Hugenoot oorspronklik 'n groot plaas met die naam Ambachsvlei. Haar vader mnr. Isaac Jacob de Villiers het die plaas van dr. Zeederberg gekoop. Die grond is onderverdeel en het toe as Hugenoot bekend geword. In 1922 word Hugenoot by die Paarl ingelyf en bogenoemde straat het die naam van die oorspronklike plaas gekry (Fitzpatrick 1945:99; *Paarl Post* 15 April 1922; P. Pietersen 1989:onderhoud).

Annie Benjaminstraat F6: Annie Benjamin was 'n bekende vrou in die bruin gemeenskap (C. Fortuin 1989:onderhoud; H.D. Liebenberg 1988:onderhoud). Die straat was vroeër as Luxullyn bekend en is in die dertigerjare na Annie Benjamin verander (D.W. Wright 1990:onderhoud).

Attie Basstraat H4: Die straat is vernoem na mnr. Attie de Villiers wat vroeër in Kloof- en later in Patriotstraat gebly het (vgl. 4.14). Hy was 'n boukontrakteur en 'n stadsraadlid van die Paarl. (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; J.J. Meyer 1986:onderhoud). Vir die bynaam Bas bestaan daar twee verklarings. Sommiges beweer dat hy die bynaam gekry het omdat hy so 'n mooi basstem gehad het (J.J. Meyer 1986:onderhoud; H.W. Smith 1989:onderhoud; F. de Klerk 1987:onderhoud). Volgens nog 'n vertelling het hy die bastrompet in die Strooidakkerk se blaasorkes bespeel (DAK PAA VII:2). Hy was ook 'n bekende seremoniemeester by troues (B. Louw 1988:onderhoud; E. Page 1988:onderhoud; T.M. Truter 1988:onderhoud).

Bethelstraat F3: Dit is vernoem na die plaas Bethel wat in 1692 aan Louis Cordier toegeken is (KAB: VC 39; E. du Preez 1989:onderhoud; J. Henderson 1987:onderhoud).

Blakestraat G3: Die naam verwys na Blake se meul wat aan die bopunt van die straat geleë was. Die meul is deur water uit 'n bergstroom aangedryf. Die meul het egter afgebrand en is nie weer herbou nie. (Joubert 1952:9; H.D. Liebenberg 1988:onderhoud).

Bredastraat F4: Die straat is vernoem na die eerste siviele kommissaris van die Paarl, mnr. Breda. Hy het in sy tyd talle akkerbome in die strate van die Paarl laat aanplant (*Paarl Post* 13 Febr. 1918; *Western Province Advertiser* 5 Maart 1881) .

Brugstraat H4: Die straat het tot by die ysterspoorwegbrug oor die Bergrivier geloop. Dit was vroeër as Ysterbrugstraat bekend (E.M. Boshoff 1988:onderhoud; J. Botma 1988:onderhoud; G. Brewis 1989:onderhoud).

Chevestraat F3: Dit is vernoem na die plaas Cheve wat aan ene mnr. Van der Merwe behoort het (A. Herr 1989:onderhoud; Pritchard 1912:kaart).

Commercialstraat F3: Die naam verwys na die Commercial Hotel wat op die hoek van Lady Grey- en Commercialstraat geleë was. Vandag is die O.K. Basaargebou op dié perseel (O. Bassson 1988:onderhoud; H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; F. Joubert 1989:onderhoud; M. Malherbe 1989:onderhoud; A. Voight 1989:onderhoud).

Cupidostraat D4: Mnr. Cupido, bekende bruin bouer, het in 'n groot huis in die straat gewoon (D. Wright 1990:onderhoud).

De Kleine Molenstraat G3: Dit is vernoem na die plaas De Kleine Molen wat aan J.P. de Villiers behoort het (Pritchard 1912:kaart; M. Smit 1989:onderhoud).

Derde Laan G4: Nommers is toegeken om die lane te onderskei wat uit Devinestraat suidwaarts strek (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; W. Wright 1990:onderhoud).

Devinestraat G4: Die straat is vernoem na mnr. Alf Devine wat van 1921 tot 1924 en 1926 tot 1937 burgemeester van die Paarl was. Hy was van 1915 tot 1944 raadslid, maar was veral vir sy onderneming, Devine Algemene Handelaar in Suider-Paarl, bekend. Die winkel was geleë op die hoek van Hoof- en

Stasiestraat, waar Laboriewinkelsentrum vandag staan (J. Devine 1988:onderhoud; S. Farao 1989:onderhoud).

Mnr. A. Devine (Beskikbaar gestel deur J. Devine)

De Villiersstraat F4: Dit is onbekend na wie De Villiersstraat vernoem is. Daar het egter vroeër baie De Villiers-gesinne in die Paarl gebly. Dit word vertel dat as jy teen 'n boom vasgeloop het, het jy uit gewoonte gesê: "Ag, ekskuus tog, mnr. De Villiers" (C. Alijanson 1989:onderhoud, C.J. Bosman 1988:onderhoud; V. Smith 1989:onderhoud).

Distillerystraat F5: Om die wynindustrie na die phylloxeraplaag aan die begin van die twintigste eeu van totale ondergang te red, het die staat lenings beskikbaar gestel om koöperatiewe wynkelders te finansier (Van Zyl 1987:84). E.K. Green & Co. het in dié straat 'n wynkelder opgerig, vandaar die naam (vgl. 7.4.1.1) (M. April 1989:onderhoud; D. Wright 1990:onderhoud).

Dorpstraat F4: Die straat is in die Swartvleigebied geleë en was naby aan die sakesentrum (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud).

Durrstraat G3: Die naam verwys na die Durrs wat vroeër daar gebly het (H. Liebenberg 1988:onderhoud). Volgens die transportakte het mnr. Durr in 1936 aansoek vir onderverdeling gedoen (MP).

Eeuwfeesstraat H4: Die straat is in 1938 gedurende die Groot Trekherdenkingsfees benoem (G.E. Laubscher 1988:onderhoud, J.P. Theron 1987:onderhoud).

Eilandstraat G5: Daar word vertel dat die Bergrivier een jaar sy walle oorstroom het en dat die stuk grond vandag bekend as Eilandstraat met water omring was (D. van Niekerk 1988:onderhoud; J. van Eeden 1988:onderhoud).

Elizabetstraat H3: Volgens die skrywer Lawrence Green is die straat vernoem na die dogter van mnr. Isaac de Villiers wat op die plaas Ambachsvlei gebly het (1957:38). Die destydse skoolhoof van La Rochelle , mej. J. Meyer, meen egter dat die straat vernoem is na die dogter van Koos en Bettie le Roux van Vredenburg in Hoofstraat (onderhoud 1988).

Fabriekstraat F4: Die Paarl was vroeër 'n belangrike sentrum vir die wamakersbedryf. Op 'n perseel wat vandag as Wamakersplein bekend staan, was die grootse rytuigfabrikante, Retief, De Ville & Kie, in 1860 gevestig. (*Huisgenoot* 28 April 1961; Malan 1981:61). J.F. Phillips & Kie het 'n perseel op die hoek van Lady Grey- en Fabriekstraat bekom. Die huidige gebou op dié terrein is nog as die Phillipsgebou bekend (*Rooi Rose* 14 Aug. 1968). Gedurende die twintigerjare het laasgenoemde firma vir Retief, De Ville & Kie oorgeneem en was hulle die grootste rytuigfabrikante in Suidelike Afrika.

Die fabriek van Retief, De Ville & Co. op die hoek van Lady Grey- en Fabriekstraat. J.F. Phillips en Kie se fabriek was op die teenoorgestelde hoek geleë (Oude Pastorie-museum)

Dié straat is na hierdie fabriek vernoem (E. Dörnbrack 1989:onderhoud; C. Conradie 1987:onderhoud; J. Mitchel 1986:onderhoud).Met die koms van die motor het die bedryf egter uitgesterwe.

Falaisestraat G3: Die straat is in 'n onderverdeling van Buitenverwagting. Waarskynlik het die destydse eienaar van die plaas dié Franse naam aan die straat gegee (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud).

Geffenstraat G5: Gedurende die laat neëntiende en begin twintigste eeu het 'n groot getal Joodse gesinne hulle in die Paarl gevestig (C. Press 1988:onderhoud). Jacob Judel Geffen is in 1874 in Rusland gebore en in die jaar 1900 met Rebecca Abrahamson getroud. Hulle het vyf kinders gehad en het gedurende 1902 na die Paarl gekom. Hy het 'n algemene handelaarsonderneming in die straat begin en vandaar die naam (De Saxe 1929:172). Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het hy 'n leiersrol in die Joodse gemeenskap van die Paarl gespeel. Hy was van 1926 tot 1928 voorsitter van die Paarlse Joodse gemeenskapsraad. Nadat die sinagoge op 1 Julie 1926 afgebrand het, was hy op die boukommissie vir die oprigting van 'n nuwe gebou. Hy het alle korrespondensie behartig en was ook

verantwoordelik vir die hou van die boeke van die Joodse sinagoge (Markowitz 1947:5; Rybko 1947:23).

Mnr. J.J. Geffen (Beskikbaar gestel deur C Press)

Hoffmanslaan H3: Volgens mev. A.C.M. Metzeler, dogter van dr. Hoffman, is die laan na haar vader vernoem (Drakenstein-heemkring: kasset nr. 6). Josias Mathias Hoffman is op 8 November 1852 op Stellenbosch gebore. Hy was die oudste seun van E. Hoffman en sy eggenote, 'n nooi Neethling van Stellenbosch. E. Hoffman se vader was 'n jonger broer van Josias Hoffman wat die eerste president van die O.V.S. was. Hy het op Stellenbosch sy skoolopvoeding ontvang en daarna het hy 'n B.A.-graad aan die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop verwerf. Hy was van 1873 tot 1875 hoof van die Paarl First Class Public School (later Hoër Jongenskool). Hy besluit egter om medies te gaan studeer en in 1880 verwerf hy die grade M.B. Ch.B in Edinburgh, Skotland. In 1881 vestig hy hom in die Paarl as geneesheer (Krüger 1971:321). Sy apteek was op die hoek van Hoffmanslaan en Hoofstraat. Hy het agter die apteek gebly en sy eiendom het destyds tot aan die Bergrivier gestrek. Hy het spoedig 'n groot praktyk opgebou. Die bruin mense het hy teen 'n geringe bedrag of gratis behandel (B. Armstrong 1989:onderhoud; M. April 1989:onderhoud).

Dr. J. M. Hoffman (Joubert 1952:35)

Op 18 Augustus 1894 word hy luitenant van die Paarl Volunteer Rifles. Hy was ook ondervoorsitter van die Afrikanerbond en lid van die Taalbond. In 1898 word hy as Bondskandidaat vir die Paarl aangewys. In 1902 word hy as tesourier en sekretaris van die South African College van Kaapstad verkies. Hy is in 1904 op een-en-vyftigjarige leeftyd in die Paarl aan ingewandskoors oorlede (Drakenstein-heemkring: kasset nr.6; Krüger 1971:251).

Houtstraat G3: Die straat het ontstaan omdat die bruin mense dit as gereelde roete gebruik het om hout in die berg te gaan kap. Die hout is dan teen ses pennies 'n drag verkoop (L. Albertus 1989:onderhoud; S.G. Lochner 1989:onderhoud; DAK PAA I 1971:12).

Jan Smutsstraat G4: Die grond het aan mnr. J. van Niekerk behoort en met die onderverdeling het hy besluit om die nuwe strate na belangrike mense te noem (D.J. Van Niekerk 1989:onderhoud). Die straat is na die destydse eerste

minister van die Unie van Suid-Afrika genl. J.C. Smuts, noem. Hy was van 1919 tot 1924 en toe weer vanaf 1939 tot 1948 aan bewind (De Kock 1968:769).

Jan van Riebeecklaan H5: Die laan is vernoem na Jan van Riebeeck, stigter van die eerste blanke nedersetting aan die Kaap. Hy is op 21 April 1619 in Culemburg Nederland, gebore. In 1640 het hy as klerk en koopman in Oos-Indië gewerk en in 1651 is hy gekies om in bevel te wees van die aanlê van 'n verversingspos aan die Kaap. Op 6 April 1652 het hy in Tafelbaai aangekom (Preston 1989:14).

Joubertstraat G3: Die straat is vernoem na mnr. W.A. Joubert wat vanaf 1919 tot 1950 hoof van die Onderwyserskollege Paarl was. Die Laerskool W.A. Joubert is ook na hom vernoem. Hy was die redakteur van die boek *Die Paarl, sy ontstaan en groei*, wat in 1952 by geleentheid van die Van Riebeeckfees saamgestel is (G. Albertus 1989:onderhoud; De Vries 1963:9; M. Le Roux 1988:onderhoud).

Mnr. W. A. Joubert (De Vries 1963:9)

Kasteelstraat (Eng: Castle St.) F4: Die Castle Wine and Brandy Co. het 'n wynkelder in die straat gehad en vandaar die naam (K. Fortuin 1988:onderhoud; L. Hendricks 1989:onderhoud; H. Horak 1989:onderhoud). Gedurende die loop van die twintigste eeu is enkele wyn- en brandewynfirmas in die Paarl gevestig. Castle Wine and Brandy Co het as 'n organisasie van die boere in die Noorder-Paarl ontstaan. In 1901 het hulle 'n wynkelder in dié straat opgerig (Mareé 1924:63). Gedurende die twintigerjare is die wynkelder na Hugenoot verskuif en is die kelder in Kasteelstraat as 'n pakskuur gebruik.

Mnr. L. Malzer wat van 1901 bestuurder van die Castle Wine and Brandy Co. was (Garrison 1909:20)

Keeromstraat F5: Die straat het gelei na die plase in Klein Drakenstein, maar omdat daar nie 'n brug oor die rivier was nie, was dit 'n doodloopstraat waar jy moes omdraai (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; M. Peterson 1988:onderhoud).

Klein Schmidt F3: Dit is 'n kort straatjie wat uit Pleinstraat loop en het die naam gekry omdat daar vroeër 'n Schmidtgesin in die straat gebly het (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; H. Pietersen 1988:onderhoud).

Kloofstraat G3: In die omgewing van dié straat is 'n natuurlike kloof en vandaar die geografiese benaming (A. Arnold 1989:onderhoud; P. Brandt 1986:onderhoud).

La Modestraat G3: Op die hoek van Hoof- en Houtstraat, staan 'n gebou, vandag bekend as die Houtstraatgalery. Dit was vroeër La Mode, 'n bekende modewinkel. Die winkel is deur Abraham Lochner de Villiers aan die begin van die twintigste eeu gevestig en vroue het van reg oor die land by hom klere bestel. Daar word vertel dat hy twee pragtige susters gehad het en elke Sondag het Abraham hulle in die nuutste modes geklee. Sondag vir Sondag kon die Paarlse vroue in die kerk sien wat die nuutste modes was. Hy het as 't ware die kerkdiens as 'n modeparade gebruik (E. Blignault 1989:onderhoud, M. Malherbe 1989:onderhoud; A. Roux 1989:onderhoud). Gedurende die twintigerjare het mej. G. Esterhuysen die winkel by hom oorgeneem. Die straat wat net agter bogenoemde perseel verbygeloop het, is na die destydse modewinkel vernoem (K. Faure 1988:onderhoud)

Abraham Lochner de Villiers in Easter dress

Die destydse eienaar Abraham Lochner de Villiers van La Mode (Drakenstein-heemkring)

Louis Bothastraat G4: Die straat is vernoem na Louis Botha, die eerste premier van die Unie van Suid-Afrika vanaf 1910. Hy is in 1919 op 56-jarige leeftyd aan 'n hartaanval oorlede (Joyce 1989:54; D.J. van Niekerk 1988:onderhoud).

Monistraat G4: Die straat is na die bekende Monis firma, wat 'n wynkelder in die straat gehad het, vernoem. Mnr. Robert Moni is in 1822 in Lucca Italië, gebore. Sy familie was vir geslagte lank wynmakers. Hy het op aanbeveling van sy twee broers, wat ondernemings in Johannesburg en Kaapstad gehad het, na die Paarl verhuis. In 1906 het hy met Moni's Wineries, Ltd. begin wat destyds as die "Italian Warehouse" bekend was. Hy was die eerste wynhandelaar wat verkoelingswynmaaktegnieke hier toegepas het. Die firma het veral bekendheid verwerf vir gefortifiseerde dessertwyne. Gedurende die dertigerjare was die firma bekend vir die Napoleon-brandewyn wat hulle vervaardig het. In 1956 is die plaas Nederburg aangekoop en tien jaar later het die firma met Stellenbosch-Boerewynmakery saamgesmelt (*Die Wynboer* Sep. 1970; *Paarl Post* 8 Nov. 1930; Van Zyl 1987:90).

Myburghstraat G3: Die straat is na die bekende Myburghgesin wat op die hoek van Kloof- en Myburghstraat gebly het, vernoem. Dit was in die twintigerjare die hoogste geleë huis in die straat. Mnr. Hugo Myburgh was 'n welgestelde boer van Klein Drakenstein. Hy is met mnr. J.E. de Villiers, alombekend as Japie Helpmekaar, se dogter Rachel de Villiers getroud. Hulle het vyf kinders gehad. Mnr. Hugo Myburgh het met vrugte en wingerd op die plaas Goede Verwachting geboer. Die Myburgh-nartjie is na hom vernoem. Hy was volgens sy dogters 'n baie goeie skut (M. de Villiers 1990:onderhoud; A. Oosthuizen 1987:onderhoud).

Nantesstraat F3: Die straat is uitgelê op die oorspronklike plaas Nantes wat vanaf 1690 aan Jan Colmar behoort het (De Wet 1987:17). Na die ontbinding van die VOC, wat 'n meul op die plaas laat oprig het, het die meul in die hande van mnr. A. W. Louw gekom. Daarna was dit vir drie geslagte in die besit van die De Villiersfamilie. In 1907 het nog 'n vennoot, J.P. Retief, by die firma aangesluit en sake is onder die handelsnaam Nantes Roller Flour Mills gedoen. Die meul is in 1917 deur 'n brand verwoes en is nie weer herbou nie (L. Booysen 1989:onderhoud; *Paarl Post* 30 Okt. 1926).

Oranjestraat G3: Die straat is na die oorspronklike plaas Orahge wat in 1712 aan L. de Beer toegeken is, vernoem (*De Kolonist* 9 Sep. 1899; Pritchard 1912 kaart; C. Jansen 1989:onderhoud). Gedurende die twintigerjare van hierdie eeu

het die grond aan die Retiefs behoort. Die hoofopstal van die plaas was waar die Oranjezicht-woonstelle vandag is. Daar het mnr. Koos Retief, alombekend as Ryk Koos, gebly. Bo in die berg was 'n fontein waar hy altyd vars water vir sy whisky laat haal het (J. Kohler 1988:onderhoud).

Proteastraat G3: Die blomnaam verwys na die inheemse fynbosplantegroei wat vroeër daar gefloreer het. Die gebied was gedurende die twintigerjare as Armmanskraal bekend. Die minder gegoede familielede van die Retiefs, alombekend as die Luise, het in die straat gebly (J. Henderson 1987:onderhoud; F. van Wyk 1989:onderhoud).

Patriotstraat H4: Die Genootskap van Regte Afrikaners wat in die Paarl tot stand gekom het, het besluit om 'n maandelikse koerant, *Di Afrikaanse Patriot*, uit te gee. Die eerste uitgawe het op Saterdag, 15 Januarie 1876, verskyn. Die koerant is deur die firma D.F. du Toit en Kie., wat in 1875 gestig is, gedruk. Die straat is na die koerant vernoem (A.C. du Toit 1988:onderhoud; Joubert 1952:113).

Paul Krugerstraat G4: Die straat is vernoem na pres. Paul Kruger wat op 10 Oktober 1825 in die distrik Cradock gebore is. Hy was die seun van trekboere van Duitse herkoms en het geen formele opleiding gehad nie. Hy was 'n leeujagter van beroep en bekende Transvaalse staatsman. Hy is op 14 Julie 1904 in Switserland oorlede (Preston 1989:60).

Pleinstraat F3: In die omgewing van die straat was 'n baie groot plein, Van der Poelsplein. Dit was teen die einde van die neëntiende eeu min of meer die eindpunt van die dorp aan die noordekant. Die plein is na ene mnr. Van der Poel, wat daar gebly het, vernoem. Dit het as 'n uitspanplek vir die boere gedien. In 1910 het die Munisipaliteit die plein aangekoop. 'n Gedeelte van die plein, waar die huidige hospitaal vandag staan, was vroeër sportvelde. Al wat vandag van die oorspronklike groot plein oor is, is die huidige parkie op die hoek van Plein- en Hoofstraat (C. Joubert 1952:13; Pritchard 1912:kaart; S. van Wyk 1989:onderhoud; M. Williams 1989:onderhoud; *Western Province Advertiser* 14 Aug. 1880).

Reitzstraat C4: Die straat is na mnr. Harry Reitz vernoem (vgl. 4.2.8). Hy was gedurende die tydperk onder bespreking die stadsingenieur van die munisipaliteit

(M. Louw 1989:onderhoud; H.D. Liebenberg 1988:onderhoud; M. Malan 1989:onderhoud).

Rooseveldstraat G4: Die bekende Theodore Rooseveld, wat op 42-jarige ouderdom die jongste man was wat president van die V.S.A. geword het, is ook in die Paarl vereer met 'n straatnaam. Hy was president vanaf 1901 tot 1909 en is op 6 Januarie 1919 oorlede (Grey 1988:84-89).

Septimusstraat G3: Die straat is vernoem na Septimus Peter Henry de Villiers wat op 7 Maart 1867 in Bloemfontein gebore is. Hy was die sewende kind uit 'n gesin van sewentien kinders. Hy is op 7 April dieselfde jaar gedoop. Septimus de Villiers was 'n legendariese persoonlikheid in die Paarl. Hy het as jongman in die Paarl kom bly en was vir 17 jaar, vanaf 1900 tot 1917, burgemeester. In hierdie tydperk het die Paarl telefone en elektrisiteit verkry. Hy het 31 jaar in die Paarlse Afdelingraad gedien, waarvan hy 17 jaar voorsitter was. Vir 15 jaar was hy ondervoorsitter van die Hospitaalraad en het 40 jaar lank as lid van die Dranklisensieraad gedien. Sy langste dienstermyn was seker die 60 jaar wat hy lid van Gimnasium se skoolkomitee was. Vir 50 jaar was hy sekretaris van die Meisieskool La Rochelle en het 51 jaar as kerkraadslid van die Toringkerk gedien. Van 1909 tot 1910, tydens die totstandkoming van die Unie, het hy as Volksraadlid in die ou Kaapse parlement gedien. Kenmerkend van hom was sy lang snor. Gedurende die Britse koningsgesin se besoek op 20 Februarie 1947, het koningin Elizabeth die volgende oor mnr. Septimus de Villiers se snor gesê: "It was the best decoration they had in the Paarl." Hy is op 11 Mei 1967 op honderdjarige leeftyd oorlede (J.J. Ackerman 1989:onderhoud; E.L. Blignault 1989:onderhoud; De Villiers 1948:45; K. Faure 1988:onderhoud; Louw 1948:4; *Paarl Post* 2 Des. 1949; D. Niehaus 1987:onderhoud; M. Schietekat 1988:onderhoud; V. Smith 1989:onderhoud; K. van Breda 1987:onderhoud; A. van Zyl 1989:onderhoud).

*Mnr. Septimus de Villiers (*Die Kerkbode *18 Maart 1953).*

Schneiderstraat G3: Die straat is vernoem na die Schneiders van D.J. Schneider en Co. wat in die straat gebly het. Die firma is omstreeks 1880 gestig en het mans- en vroueklere en ander benodigdhede aan die Paarlse publiek verskaf. Hulle het hulle veral op Suid-Afrikaanse produkte toegespits. Hulle was die eerste firma wat met die veldtog "Buy South African clothing" begin het. Gedurende die dertigerjare het die tweede generasie, mejj. F. en N. Schneider, die firma oorgeneem (*Paarl Post* 8 Nov. 1930).

'n Afbeelding van 'n kwitansie wat deur D. J. Schneider & Co.uitgereik is (Van Niekerk-plakboek)

Die Scnneidergebou op die hoek van Hoof- en Gimnasiumstraat is reeds gesloop. Die huidige gebou op die perseel is egter n steeds as die Schneidergebou bekend, alhoewel die winkel nie meer bestaan nie (H. Liebenberg 1990:onderhoud; A. Simpson 1988:onderhoud; R. Wagner 1989:onderhoud).

Sinagogestraat F4: Op 3 Februarie 1904 is die hoeksteen van die eerste sinagoge in die Paarl deur A.P. Bender, rabbi van die Joodse gemeente in Kaapstad, gelê. In dieselfde jaar is die sinagoge teen 'n bedrag van £5 000 voltooi. Die planne is deur 'n Kaapse argitek, mnr. J.L. Wood, geteken. Op 1 Julie 1926 het die sinagoge egter om 'n onverklaarbare rede afgebrand (Joubert

1952:55; *Paarl Post* 3 Julie 1926; C. Press 1988:onderhoud). 'n Rekonstruksie met enkele wysigings van die oorspronklike gebou is deur 'n plaaslike argitek, mnr. Wynand Louw, ontwerp en die huidige gebou is in September 1927 voltooi (vgl. 7.6.1.2) (MP 1927,plan 750). Mnr. Louw het £130 vir die projek ontvang (C. Press 1988:onderhoud).

Sinagoge, Paarl

Sinagoge, Paarl (Paarl Post)

Die straat is vernoem na die sinagogegebou wat in die straat geleë is (M. Malherbe 1988:onderhoud; S. Hoffmeyer 1989:onderhoud; C. Press 1988:onderhoud).

Skuinsstraat F6: Die benaming verwys na die geografiese ligging van die straat (W. Baudazzi 1989:onderhoud; D.W. Wright 1990:onderhoud).

Swartvleistraat F4: Die straat is vernoem na die gebied wat as Swartvlei bekend is (E.L. Blignault 1988:onderhoud; E. de Villiers 1989:onderhoud; M. Hofmeyer 1989:onderhoud).

Tekstielstraat (Eng: Textilestreet) G5: Daar was verskeie weefnywerhede in die omgewing en vandaar die naam (M. Ackerman 1988:onderhoud; B. Rossouw 1989:onderhoud; A. Siebrits 1989:onderhoud; A. Vivier 1989:onderhoud). Volgens mev. L. Paulse was die straat gedurende die twintiger- en dertigerjare as "Lock Upstraat" bekend omdat baie bruin mense daar gevang en weens leeglêery toegesluit is (1989:onderhoud).

Thesenstraat G4: In die jaar 1900 is 'n graanmeul deur Thesen & Co. naby die Lady Greybrug in die omgewing van die huidige Thesenstraat opgerig. Die firma se bestuurder was mnr. L.K. Brunett en onder sy leiding het die firma vinnig uitgebrei. 'n Reusegebou vir die maalbedrywighede en silo's waar die koring geberg is, is opgerig. Die firma het onder die handelsnaam Paarl Roller Flour Mills sake gedoen (*Afrikaanse Patriot* 3 Des. 1903; *Paarl Post* 5 Sep. 1918).



Thesen & Co. se meule (Garrison 1909:5)

Nadat die Nantesmeul in 1917 afgebrand het, het die firma J.P. de Villiers & Co. met Paarl Roller Flour Mills geamalgameer. Agtien jaar later het die pas gestigte Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy (SASKO) die meul aangekoop (Van Zyl 1987:101).

Treurnichstraat J4: By die eeuwending het ene mnr. Treurnich in die straat gebly. Hy het 'n kapkarretjie met een perd gehad waarmee hy die publiek van en na die stasie vervoer het (J.C. Beyers 1989:onderhoud; J. Devine 1988:onderhoud; DAK PAAI 1971:9). Volgens mnr. M. Moosa het mnr. Treurnich ook snuif en tabak aan die winkels verkoop (1989:onderhoud).

Tweede Laan G4: Nommers om die lane te onderskei (W. Lutz 1989:onderhoud; L. Smit 1989:onderhoud).

Tulbaghstraat F5: Die straat is na Rijk Tulbagh, vroeë Kaapse goewerneur (1751-1771) wat in 1699 in Nederland gebore is en op 11 Augustus 1771 in Kaapstad oorlede is, vernoem (De Kock 1968:774; A.W. Pickard 1989:onderhoud; A. van Schalkwyk 1989:onderhoud).

Uniestraat D4: Die naam verwys na Uniewording wat op 31 Mei 1910 plaasgevind het (S. Kurtz 1989:onderhoud; J. van Ravesteyn 1989:onderhoud).

Voigtstraat G4: Die straatnaam verwys na W. Voigt Ltd., 'n ingenieursfirma wat volgens die *Paarl Post* van 12 November 1937, net so bekend as die Paarl was. Volgens die berig het die firma tred gehou met die vooruitgang van die dorp en dit was een van die bes toegeruste ingenieurswerke in die Unie. Dit was ook die oudste onderneming van sy soort in die Paarl. Wilhelm Voigt, sy vrou en twee klein seuntjies het uit Duitsland na Suid-Afrika geëmigreer. Hulle het op 5 April 1893 in Kaapstad aangekom. Werksomstandighede in Kaapstad was beperk en hulle het besluit om na die Paarl te verhuis, waar mnr. Voigt met sy onderneming in dié straat begin het. Die fabriek het die boere van plaasimplemente, stookketels en wynperse voorsien (M. de Villiers 1989:onderhoud; H. Gersbach 1989:onderhoud; J. Gilbert 1989:onderhoud; A. Voigt 1989:onderhoud). Die firma het ook die wamakers van moderne masjiene voorsien en daar is selfs 'n warem ontwerp, alombekend as die "Voigt Kiek". Gedurende die Eerste Wêreldoorlog kon staal nie ingevoer word nie en het die firma begin om staalplate te vervaardig. Koperbeddens is opgesmelt om koper in die hande te kry. Vervaardigde produkte is oor die hele Unie en tot so ver as Nigerië versend (*Paarl Post* 9 Feb. 1918; A. Voigt 1989:onderhoud). Die fabriek het steeds uitgebrei en daar is begin om sierysterwerk vir boudoeleindes te vervaardig. Die firma het ook die eerste dieselenjin in Suid-Afrika vervaardig (E. du Preez 1989:onderhoud; M. Malherbe 1989:onderhoud; A. Voigt 1989:onderhoud). Die gereedskap wat plaaslik in die fabriek vervaardig is, het die handelsnaam Voortrekker gedra. Na die Eerste Wêreldoorlog het hulle ook

begin om die Stadsraad en Afdelingsraad van ystersleepwaens, klipbrekers, sanitêre tenks en padrollers te voorsien. Warmwatersilinders is plaaslik vervaardig.

Koop Afrikaanse Masjienerie!

Besproeiing- en Keller-Masjienerie gemaak in Suid-Afrika.

Afrikaners! Ondersteun u land se Nywerhede.



Mos- en Doppiespomp.

Sentrifugal Pompe vanaf ¾ dm. tot 6 dm. Plungerpompe, Kragkoppe, Silinders, Pype.

Kellermasjienerie: Gedurigwerkende Doppresse, Mos- en Doppompe, Druiwe-meule (vir hand en krag) Wynkoelers, Wynpompe, Wynleiers, Poorte, Kleppe, en Krane vir Sementkuipe en Stukvate.

OLIE-ENJINS, STOOM-ENJINS- EN KETELS, (NUWE EN TWEEDEHAND) ELEKTRIESE-MOTORS Ens., Ens., STOKERY- EN BRANDEWYNKETELS VAN ALLE GROOTTE.

W. VOIGT, BEPERK.

'n Advertensie in Hoërskool Gimnasium se Jaarblad, 1933

Gedurende die sewentigerjare is hierdie firma ontbind (A. Voigt 1989:onderhoud).

van der Stelstraat F6: Die straat is na Simon van der Stel, kommandeur en later goewerneur van die Kaap van 1679 tot 1699, vernoem (De Kock 1968:852; A.E. Eksteen 1988:onderhoud).

Van Niekerkstraat H3: Die grond het aan mnr. D. J. van Niekerk behoort. Volgens hom het sy pa die plaas Pontac in 1906 van mnr. Le Roux gekoop (D.J. van Niekerk 1988:onderhoud). Neëntien jaar later, in Junie 1925, toe die grond in mnr. Van Niekerk se besit was, is 'n gedeelte van die plaas in erwe opgesny en is Van Niekerkstraat uitgemeet en na hom vernoem (*Paarl Post* 6 Junie 1925). Dedrick Johannes (Dicky) van Niekerk is op 12 Maart 1897 op Prieska gebore. Nadat sy pa plase in die Paarl-distrik gekoop het, het hulle daarheen verhuis. In 1923 het mnr. Van Niekerk met Susanna Johanna (Babsie) Hauptfleisch van die Paarl getrou. Haar vader was 'n wamaker en het by die Retiefs gewerk (D.G. Malherbe 1986:onderhoud; D.J. van Niekerk 1988:onderhoud). Daar word ook die storie vertel dat die destydse eienaar van Pontac, mnr. Le Roux, 'n private bank bestuur het. Hy het besef die bank gaan bankrot verklaar word en het 'n kis vol goud en diamante op die plaas begrawe. Hy is oorlede voordat hy dit weer kon opgrawe. Die kis is tot op hede nog nie opgespoor nie, alhoewel mnr. Van Niekerk al vele soektogte onderneem het (D.J. van Niekerk 1988:onderhoud). Mnr. Van Niekerk is in 1990 op drie-en-neentigjarige leeftyd op die plaas Pontac oorlede (J. Dressler 1990:onderhoud).

Versterstraat F4: Die straat is na die bekende Versters in die wamakersbedryf vernoem. In Lady Greystraat waar Grand Bazaars se gebou vandag staan, was met die eeuwending die rytuigfabriek van Thom & Verster. Mnr. Thom het gewoon waar Checkersgebou vandag is. In kamers agter die ou woonhuis het vakleerlinge in die wamakersbedryf hul vakleerlingskap deurloop (N.C. Combrink 1989:onderhoud; *De Paarl* 17 Mei 1892; L. Robertson 1989:onderhoud). Gedurende 1903 is die firma so uitgebrei dat hulle van stoomkrag gebruik kon maak (Danoldson 1905:120). Die katalogus van Thom & Verster wat in die vorm van 'n fotoalbum was, bevat ses oopkar- en tien kapkarmodelle, een skotskar, een verewaentjie en vier verskillende tipes waens (*Oude Pastorie-museum: katalogus)*.

Waterkantstraat F4: Die straat is nader aan die Bergrivier as aan die berg, dus aan die waterkant van die dorp geleë (M. Dawey 1989:onderhoud; C. Martin 1989:onderhoud; M. Ross 1989:onderhoud).

Woollenstraat G4: Die straat is vernoem na die fabriek wat vroeër in die straat geleë was. Die *Paarl Post* van 21 Januarie 1922 berig soos volg: "'n Kollosale fabrieke - Deze week hadden wij het voorrecht 'n bezoek aan een van onze voornaamste fabriek - te mogen brengen. Wij bedoelen de Wol en Laken fabriek, te Hugenoot. Toen de bestierder, de heer Farrow - ons door deze grote werken

- groter dan enig soortgelijke in Zuid-Afrika nam" Volgens W.A. Joubert was die Hugenoot-fabriek die oudste en die baanbreker op die gebied van die kombersindustrie in Suid-Afrika (1952:112). Die fabriek het gedurende die dertigerjare ongeveer vierhonderd werkers in diens gehad (H. Carstens 1988:onderhoud; S. Hugo 1988:onderhoud; S. Koeglenberg 1988:onderhoud). Die Consolidated Textile Mills, Ltd., was algemeen as die Woollensfabriek bekend (J. Adonis 1988:onderhoud; S. Anderson 1989:onderhoud; N. Erenrech 1989:onderhoud; E. Morkel 1987:onderhoud; M. Philander 1988:onderhoud). Gedurende 1926 het die leerlinge van La Rochelle opstelle oor "A visit to the Woollens" geskryf (La Rochelle-jaarblad 1926:40).

Zionstraat H3: Volgens mnr. D.J. van Niekerk was dié straat vroeër as Le Rouxstraat bekend. Dit het na die vorige eienaars van die plaas Pontac verwys, want die straat het tot by die opstal geloop (1989:onderhoud). Dokumente in die N.G.-kerkargief en KAB bevestig dat daar kort na 1802 al met sendingwerk in die Paarl begin is. Die slawe en nie-blankes het wel sitplek , bekend as die kombuis, in die Strooidakkerk gehad. Die sitplek was egter beperk en die bruin mense het nie van die hoogdrawende Nederlands gehou nie. Daar is besluit om 'n gebou op te rig waar bruin mense godsdienonderrig kon ontvang. Omdat daar nie kerkdienste gehou is nie, is na die gebou waarvan die fondamente vroeg in Oktober 1813 gelê is, as die "Het Gesticht" of "Oefeninghuis" verwys. Vanaf 1820 het die gemeente as die Zionskerk bekend gestaan. Die Het Gesticht-gebou het te klein geword en op die erf was daar nie ruimte vir uitbreiding nie. Daar is toe besluit om 'n nuwe gebou op te rig. Die gebou is op 4 Augustus 1842 in gebruik geneem. Hierna is algemeen gepraat van Zionstraat (Coertzen 1987:118; Joubert 1952:26; Kotze 1965:5; J. Meyer 1986:onderhoud; *Paarl Post* 19 Nov. 1932). Op 26 November 1977 is die kerk egter gesluit. Tans is die kerk in die besit van die Nederduitse Hervormde gemeente wat uit Stellenbosch bedien word (Coertzen 1987:119).

3.12 Algemeen

In die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was die Paarl 'n vooruitstrevende dorp (Hope 1936:28). Volgens 'n opname deur Gimnasiumleerlinge in 1922 dui die onderstaande skets die bedrywigste deel van die dorp aan (O. Dreyer 1987:onderhoud; *Gimnasium-jaarblad* 1922:50).



Die bedrywigste deel van die dorp. Op die skets word die Oude Pastorie-museum nog as 'n skoolkoshuis aangedui (D. Hendriksz Okt. 1922).

Die volgende foto is uit die Gribble versameling van glasnegatiewe. Die foto beeld Lady Greystraat gedurende die twintiger- en begin dertigerjare van die 20 ste eeu uit. Dit is in 'n oostelike rigting geneem.

Lady Greystraat is hier alreeds geteer en links is die Commercial Hotel op die hoek van Lady Grey- en Commercialstraat. Net langsaan is Hoitsema se winkel. Op die hoek van Lady Grey- en Hoofstraat is die Paarl-kafee. Die Paarl-kafee het aan Philip Meyer, broer van mej. J. Meyer, skoolhoof (1921-1947) van La Rochelle, behoort. Die gebou is in 1933 gesloop en planne vir die nuwe boedelgebou is op 7 November 1934 by die Paarlse munisipaliteit ingedien. Oorkant die Commercial Hotel is die winkel van Dick & Allsop. Mnr. Decker, wat 'n gemmerbierfabriek agter die huidige Protea-bioskoop gehad het, se vragmotor is ook sigbaar op die foto. Die bus was die eiendom van Redelinghuys-transport wat hoofsaaklik plaaskinders skool toe vervoer het. Net regs van die bus is 'n petrolpomp. Met die koms van die motor is talle petrolpompe in Lady Grey- en Hoofstraat opgerig. Al die geboue wat op die foto sigbaar is, is reeds gesloop (J. Devine 1988.onderhoud; Drakenstein-heemkring; kasset nr.1; Dressler 1990:onderhoud; V.G. Fisher 1988:onderhoud)

Alhoewel Lady Greystraat gedurende hierdie tydperk 'n belangrike sakesentrum was, was daar nogtans talle woonpersele in die straat soos blyk uit die Foto (O. Basson 1988:onderhoud; F. Gertze 1988:onderhoud; D. Marthenussen 1989:onderhoud). Die foto is by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad beskikbaar en kom uit die Cape Times-versameling (GNS 436).



*Voor op die foto is die Gimnasium skool, dan volg die Toringkerk en regs daarvan die kerksaal wat in 1927 voltooi is. Agter die kerk is Gimnasium se skoolkoshuis wat in 1934 voltooi is. Tans huisves dit leerlinge van die Hoërskool Laborie (*Gimnasium-jaarblad *1934:16)*

Die beste woongebied was aan die westekant van Hoofstraat en veral bo teen die berg (Bosman 1988:onderhoud). Beyers het in sy tesis die gebied soos volg beskryf: "Hierdie hoër liggende gedeelte word dan ook beskou as die beste residentiële kwartier. Die bebouing van 'n ope tipe. Elke villa staan in ruime gronde, gewoonlik 'n blomtuin. Baie van die geboue is twee verdiepings hoog en met rooi panne bedek, hoewel die vorm van die wonings sterk afwissel" (1933:77). Die oortollige reënwater het natuurlik na die Bergrivier gedreineer, maar omdat die helling van die berg 'n taamlike val het, was die afloop met

swaar reëns taamlik groot. Daarom was die agterplase van die meeste wonings aan die westekant van Hoofstraat met sement of klippe bedek (A. Andrews 1989:onderhoud; Beyers 1933:75; A. du Toit 1988:onderhoud).

In die minder gegoede woongebiede soos die Jubilee, was die huise opmekaar en soms was tot vyf skakelhuise aanmekaar gebou. 'n Huis daar het gewoonlik net twee vertrekke gehad en daar het soms 'n paar gesinne in gebly. Daar was baie min tuingrond om dié huise (C. Adams 1987:onderhoud; M. Roberts 1988:onderhoud; K. Williams 1989:onderhoud). Die meeste van daardie huise is egter al gesloop vir nuwe ontwikkeling (O. Basson 1988:onderhoud).

Gedurende die tydperk net voor die Tweede Wêreldoorlog, en ook daarna, het die nywerheidsgeboue grotendeels uit die sentrale dorpsgebied verdwyn en is geboue naby die treinstasies opgerig. Om nywerhede na die Paarl te lok, het die plaaslike Stadsraad fabriekspersele, veral in die Dal Josafatgebied goedkoop beskikbaar gestel (Bond 1956:102; Cox 1936:37; Delius 1947:80; *Paarl Post* 7 Okt. 1938). Volgens die *South and East year book & guide* van 1937 was "Paarl the second largest centre in the S.W. of Cape Province and is growing fast" (1937:470).

II ARGITEKTUUR

4. ARGITEKTE EN ANDERE

4.1 Die argitekprofessie in Suid-Afrika

Louis Michel Thibault, wat in 1783 uit Frankryk in die Kaap aangekom het, was die eerste formeel opgeleide argitek wat geboue in Suider-Afrika ontwerp het. Hy het sy opleiding by die Argitektuurskool in Parys ontvang en was 'n student van die Franse argitek J.A. Gabriel (De Puyfontein 1972:6; Lewcock 1963:63; Pearse 1968:29). Ná Thibault het verskeie gekwalifiseerde argitekte vanaf Europa na Suid-Afrika gekom. Die Kaapse Instituut van Argitekte het in 1899 tot stand gekom en in die daaropvolgende jare is daar ook institute in die ander provinsies gestig (Delbridge 1917:16; ISAA 1935:1; Pearse 1934:2).

Die eerste gebore Suid-Afrikaner wat as argitek opgelei is, was waarskynlik Johann Carl Erns Seeliger (A. Seeliger 1986:onderhoud). In 'n berig in die *Cape Times* van 1985, word die volgende oor hom gesê: "Corporation Chambers was built in 1902 by the owners, Messrs S. Zackon and M. Saacks, and was designed by the first architect of note to be born in South Africa, Berlin-trained Mr. Johann Seeliger." J.C.E. Seeliger is op 18 Desember 1863 in die Paarl gebore (Krüger 1977:755).

Die doopsertifikaat van J.C.E. Seeliger, Paarl 10 Januarie 1864, en regs daarvan is 'n foto van mnr. Seeliger wat in 1889 van hom geneem is (Beskikbaar gestel deur A. Seeliger)

Seeliger het sy skoolonderrig in Kaapstad ontvang en het vanaf 1887 tot 1889 aan die Baugewerkschule in Berlyn gestudeer waar hy hom as argitek bekwaam het. In 1890 het hy sy eie praktyk in Kaapstad begin. Op 18 Januarie 1938 is hy in Kaapstad oorlede (*Die Burger* 20 Jan. 1938; *Cape Times* 20 Jan. 1938; A. Seeliger 1986:onderhoud).

Studente moes vir 'n akademiese kwalifikasie in argitektuur na die buiteland gaan, derhalwe het 'n behoefte aan plaaslike opleiding al hoe groter geword. Alhoewel voor die Eerste Wêreldoorlog reeds informele onderrig in argitektuur gegee is, was dit eers gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë dat akademiese opleiding in Suid-Afrika tot sy reg gekom het. Deur die beywering van die Transvaalse Instituut van Argitekte en die Vereniging van Londense Argitekte asook donasies van individuele persone het die eerste leerstoel in argitektuur by die Universiteit van Mynwese en Tegnologie (tans die Universiteit van die Witwatersrand) in 1921 tot stand gekom (Kamstra 1985:28; Pearse 1934:2; SAAR 1928:64; Van der Merwe 1960:7). Die

Departement Argitektuur het destyds in die Fakulteit Ingenieurswese geressorteer (Herbert 1975:9; Pearse 1934:5).

In 1925 is ook met 'n Departement Argitektuur by die Universiteit van Kaapstad begin. Hierdie Departement het deel gevorm van die Michaelis-skool vir Beeldende Kunste (KPIAU 1933-1934; *Gimnasium-jaarblad* 1934; Robertson 1981:54; Walker 1929:116). By beide universiteite was die kursusse gebaseer op die universiteitsopleiding wat studente in Engeland ontvang het, en het 'n graad- of diplomakursus behels wat oor 'n tydperk van vyf jaar verwerf kon word. By die Universiteit van die Witwatersrand kon die studente 'n B.Arch.-graad en by die Universiteit van Kaapstad 'n B.A.-graad en 'n Honneursgraad in Argitektuur verwerf. Die finale eksamen vir die graadkursusse is deur die Royal Institute of British Architects goedgekeur (Pearse 1934:7-8; SAAR Maart 1927:12).

Gedurende 1927 het die institute van die vier provinsies geamalgameer en as die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte bekend gestaan. Die eerste Uniale kongres is vanaf 3 tot 8 Desember 1928 by die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gehou (Lewis 1953:6; Pearse 1934:1; SAAR Des. 1928:124).

Die voorblad van die spyskaart van die eerste Uniale kongres wat op 3 Desember 1928 gehou is (SAAR 1928:124)

Teen 1939 was daar 505 geregistreerde argitekte wat in Suid-Afrika gepraktiseer het. In die Kaanprovinsie was daar 136, in Natal 59, in die Vrystaat 20 en in Transvaal 290 (ISAA:ledelys).

4.2 Bouplanne goedgekeur

'n Brand op 29 November 1924 in die destydse Stadhuis, het al die bouplanne vernietig en die inligting wat volg is dus hoofsaaklik gebaseer op die planne wat daarna ingedien is. Die bouplanne word tans volgens erfnommers ingedeel en dus sal 'n chronologiese lys van bouplanne nie meer in die toekoms beskikbaar wees nie. Die name van die mense wat betrokke was by die oprigting van geboue in die Paarl, is verkry uit die bouplanne wat by die Munisipaliteit van die Paarl beskikbaar is.

Jaar	Aantal planne ingedien	Planne met geen aanduiding van opstellers nie
1926	1	0
1927	54	19
1928	151	11
1929	123	35
1930	108	28
1931	97	35
1932	63	25
1933	86	28
1934	137	51
1935	125	48
1936	164	77
1937	176	60
1938	179	69
1939	144	54
TOTAAL	1 608	540

Die aantal planne wat by die Munisipaliteit Paarl in die tydperk 29 September 1926 tot 19 Desember 1939 ingedien is. Daar is geen planne van voor 1926 beskikbaar nie

Van die 2 148 planne is op 1 608 aangedui wie verantwoordelik was vir die opstel daarvan, terwyl op 540 geen sodanige aanduiding gegee word nie. Die argitekte e.a.

betrokke by Paarlse geboue wat wel geïdentifiseer kon word, word alfabeties bespreek. 'n Kort biografie oor die persoon of vennootskap word verskaf, indien inligting opgespoor kon word, en daarna volg 'n lys van alle bouplanne wat gedurende dié tydperk by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is.

4.3 Adams, M.

Martin Adams is in 1902 in Kaapstad gebore. Hy het sy universiteitsopleiding van 1923 tot 1928 by die Argitektuurskool aan die Universiteit van Kaapstad ontvang. Hy was lid van die RIBA en vanaf 1927 ook lid van die ISAA. Hy is op 24 Junie 1973 oorlede (AB&E 1927:15; ISAA:ledelys; RNG; SAAR 1939:13). Op die munisipale bouplanne word sy adres aangegee as Posbus 1171, Kaapstad.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
16 Julie 1929	78	'n Nuwe veranda met betonpilare vir 'n bestaande huis van J.A. Clift, Stasiestraat

4.4 Bethke, W.

Hy was nie 'n argitek nie, maar het 'n boumaatskappy by Koningin Victoriastraat 14, Kaapstad, gehad. Verdere inligting oor hom is onbekend.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
14 Februarie 1929	19	Tekeninge van die Mutual Hall Hotel in Hoofstraat waar die destyds bestaande houtpilare met betonpilare vervang word

4.5 Black & Fagg

William Black was die senior vennoot in die bekende firma Black & Fagg in Kaapstad. Hy is in 1870 in Victoria, Australië, gebore. Hy het siviele ingenieurs- en argiteksopleiding in Melbourne en Londen ontvang. As student het hy verskeie pryse gewen. Gedurende 1893 verhuis hy na Suid-Afrika en maak sy eie praktyk in Kaapstad oop. Twee jaar later neem hy W.G. Fagg in diens. Gedurende 1904 word W.G. Fagg, H. Black en W. Black vennote. Na die afsterwe van William Black in 1922 het Fagg nog steeds onder die naam Black & Fagg gepraktiseer (AB&E 1922:2; Brown 1969:2; ISAA:ledelys; RGN)

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
10 Maart 1928	29	Aanbouings, S.A. Milling Co., Ltd., Hugenoot
1 Augustus 1928	98	Bakkerykamer en oond vir die S.A. Milling Co., Ltd., Noorder-Paarl
20 Junie 1939	69	Nuwe veranda en kamer vir die Standard Bankgebou in Hoofstraat

4.6 Brink, H.L.

Hardwich Louw Brink is in Holland gebore, waar hy ook sy argiteksopleiding ontvang het. Gedurende die twintigerjare het hy hom in Rosestraat, Paarl, kom vestig. In 1923 wen hy die tweede prys vir die ontwerp van die N.G. kerk se destydse sinodale saal te Koningin Victoriastraat 44, Kaapstad. Hy was lid van die ISAA. Hy kon egter nie op sy eie 'n bestaan maak nie en het toe vir Wynand Louw (vgl. 4.24) gewerk. Die planne is onderteken deur H.L. Brink, maar die stempel van W.L. Louw verskyn daarop (ISAA-ledelys; KPIA 1939:25; RGN; T. Louw 1989:onderhoud).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*

1 Mei 1928	60	Woonhuis vir mnr. W.H. Cockeran, Hoofstraat, Noorder-Paarl
3 Julie 1928	85	Nuwe kamer en badkamer vir bestaande huis van mnr. W.A. Joubert, Nantesstraat
15 Julie 1928	88	Nuwe motorhawe met Klassieke stylelemente vir mnr.J.A. Husselman, op die hoek van Rose- en Hoofstraat
23 Augustus 1928	100	Woonhuis met 'n spitsdak en 'n stoep vir mnr. J.A. van der Westhuizen in Du Toitstraat
20 September 1928	104	Veranderings aan bestaande slaghuis van mnr. N.J. Rossouw in Hoofstraat (vgl. 7.4.9)
20 September 1928	119	Vrugtepakkamer vir mnr. J.B. le Roux van Suider-Paarl
20 September 1928	120	Motorhuis met 'n spitsdak vir die Afdelingsraad op die hoek van Hoof- en Patriotstraat
5 Maart 1929	27	Woonhuis vir mnr. Sterrenberg met Kaaps-Hollandse stylelemente in Thomstraat
5 Maart 1929	37	Woonhuis met 'n sinkdak en 'n stoep vir mnr. D. Moyle in Rosestraat
5 Maart 1929	38	Woonhuis vir mev. E. Smuts met Kaaps-Hollandse stylelemente in Concordiastraat
19 April 1929	61	Nuwe stoep met betonpilare vir Devine & Co. in Suider-Paarl
16 Mei 1929	70	Woonhuis met ses kamers en 'n teëldak vir mnr. Sterrenberg in Thomstraat

24 Mei 1929	72	Nuwe veranda met 'n gewel, betonpilare en groter vertoonvensters aan bestaande Georgiaanse gebou vir Dick & Allsop in Hoofstraat, aan die Markplein (vgl. 7.3.11)
19 November 1929	109	'n Rondawelhuis met 'n rietdak vir mnr. A. Bohlman in Van der Lingenstraat
18 Februarie 1930	18	Nuwe eetkamer aan bestaande woonhuis van mnr. T.M. Cross, Hoofstraat
6 Mei 1930	31	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir mej. K. de Villiers in Thomstraat (vgl. 7.3.7)
17 Oktober 1930	88	Veranda vir mnr. P.J. du Pre Le Roux in Hoofstraat
1 September 1931	61	Nuwe dak vir bestaande wynkelder van KWV, Paarlstasie
19 April 1932	24	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir S. Hauptfleisch, te Hoofstraat 42a (vgl. 7.3.8)
20 September 1932	46	Woonhuis met Arts and Crafts- stylelemente vir S.G. Malherbe in Auretstraat
4 Julie 1933	31	Veranda met betonpilare aan bestaande huis vir mnr. R. Retief in Hoofstraat
5 Junie 1934	68	Aanbouing aan bestaande huis vir J.F. Kriel, Meulstraat
27 September 1934	104	Huis met 'n stoep vir J. van Wyk in Van der Lingenstraat

7 Mei 1935	53	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J.A. Heineman in Lady Greystraat
16 Julie 1935	68	Woonhuis en motorhuis met 'n trapgewel vir M. Sykers in Derde Laan
16 Julie 1935	70	Bykomende toiletgeriewe vir die Paarlse hospitaal
20 Augustus 1935	81	Woonhuis met trapgewel vir mnr. J. Atkins in Bethelstraat
5 November 1935	108	Buitegeboue vir homself in Rosestraat
3 Desember 1935	118	Badkamer aan bestaande huis vir J. du Toit in Concordiastraat
19 Mei 1936	36	Badkamer aan bestaande huis vir mnr. L.H. de Villiers in Hoofstraat
7 Julie 1936	92	Toiletgeriewe vir Imhoff-koshuis, Hoër Jongenskool, Auretstraat
15 Desember 1936	160	Badkamer en veranda aan bestaande huis vir mnr. D.J. Kritzinger in Olyvenstraat
22 September 1937	127	Arbeidershuisies vir W.H. Louw op die plaas Die Hoogte
7 Desember 1937	159	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir dr. I.A. Perold, Durrstraat
4 April 1938	27	Veranda met betonpilare aan bestaande huis vir mnr. W.J. Sands, Oranjestraat

19 April 1938	37	Motorhuis en 'n ekstra kamer vir E. Hugo in Hoofstraat

4.7 Bromfield, B.C.J.

Bertie Cecil John Bromfield was 'n praktiserende lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte sedert 1930 (ISAA:ledelys). Sy praktyk was in die Suidwes-huis, Groentemarkplein, Kaapstad (MP). Hy is in 1957 oorlede (RGN).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
2 April 1935	36	'n Nuwe veranda met Art Deco-stylelemente vir N.G. Schneider in Bethelstraat

4.8 Cech, W.

Hy was 'n boukontrakteur in die Paarl en sy sakeperseel was te Hoofstraat 239. Buiten onderstaande advertensie en die twee planne wat deur hom ingedien is, is verdere inligting oor hom onbekend.

'n Advertensie in die Paarl Post *van 17 Junie 1937*

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
18 November 1932	51	Veranda vir P.M. Cross, Hoofstraat 245
4 Mei 1937	52	Werkswinkel met Klassieke stylelemente vir J.N. Hogkins in Fabriekstraat

4.9 Chapman, S.

Hy was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte (ISAA:ledelys). Op die planne wat by die Munisipaliteit Paarl ingedien is, word sy adres as Houtstraat 25, Kaapstad, aangegee.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
17 Mei 1938	63	Distilleerkamer met gegolfde dak vir E.K. Green & Co. in Distillerystraat
17 Oktober 1938	124	Veranderings aan bestaande gebou vir E.K. Green, Hugenoot

4.10 Collins, J.B.

John Berrow Collins is op 5 April 1913 op Beaufort-Wes gebore. Hy het sy argiteksopleiding aan die Universiteit van Kaapstad ontvang, waar hy sy graad in 1936 verwerf het. Wynand Louw (vgl. 4.24) was sy oom. Hy het vir drie jaar by die firma Louw & Louw in Kaapstad gewerk. Gedurende 1938 het hy sy eie praktyk in Stellenbosch begin, waar hy tot hede (1990) nog praktiseer. Hy het veral na die Tweede Wêreldoorlog verskeie geboue vir die Universiteit van Stellenbosch ontwerp. Hy was ook verantwoordelik vir die ontwerp van die N.G. Kerksentrum en Sinodesaal in Kaapstad (J.B. Collins 1990:onderhoud; ISAA:ledelys; RGN).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
4 Oktober 1938	126	Nuwe veranda aan bestaande huis van A. Galloway in Markstraat
9 Mei 1939	42	Vulstasie vir J. de Klerk in Parysweg

4.11 Combrink, N.C.

Nicolaas Casparus (beter bekend as Nico) Combrink is op 14 Julie 1904 op Wellington gebore. Hy was die enigste kind van Johannes Nicolaas en Johanna Magdelena Combrink. Sy vader was bou- en gesondheidsinspekteur in die Paarl van 1918 tot 1942. N.C. Combrink was vanaf standerd vyf in die Laer- en Hoërskool Gimnasium in die Paarl en hy het in 1923 gematrikuleer. Hy het 'n korrespondensietekenkursus by die destydse International Correspondent School gedoen. Gedurende 1929 word hy by die Shell-maatskappy in Kaapstad as 'n tekenaar aangestel. Hy is later tot hooftekenaar bevorder. Omdat hy so 'n goeie student was, het die International Correspondent School hom gevra om as eksaminator vir die tekenkursus op te tree. Hy het in die Paarl gewoon en in sy vrye tyd geboue vir mense in die Paarl ontwerp. Hy het daagliks met die trein ingery Kaapstad toe (N.C. Combrink 1989:onderhoud; O.J. Dreyer 1987:onderhoud).

Mnr. N.C. Combrink (Beskikbaar gestel deur mnr. Combrink)

Hy was ook van 1969 tot 1970 en van 1973 tot 1974 burgemeester van die Paarl (H.D. Liebenberg 1988:onderhoud). Volgens die opname was hy verantwoordelik vir die ontwerp van die grootste aantal geboue gedurende die tydperk onder bespreking.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
1 Maart 1927	766	Stalle vir mnr. Jafe in Loopstraat

6 Maart 1927	770	Kombuis en badkamer vir mev. Dubovsky in Suider-Paarl
16 Maart 1927	771	Kamer aan slaghuis vir H.A. Loubser, Hoofstraat, Noorder-Paarl
5 April 1927	776	Winkel met groot glasvensters vir G.J. Retief, Hoofstraat
5 April 1927	780	Skakelhuis en winkel met 'n stoep vir A.J. Joubert op die hoek van Berlyn- en Bosstraat
5 April 1927	781	Skakelwoonhuis en -slaghuis met 'n stoep vir A. Theunissen in Bredastraat
5 April 1927	784	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir Rabinowitz & Berman op die hoek van Sinagoge- en Kortrivierstraat (vgl. 7.3.3)
19 April 1927	789	Woonhuis met 'n spitsdak en 'n stoep vir J. Rust in Langstraat
3 Mei 1927	790	Kombuis en 'n motorhuis met 'n gewel vir A. van der Merwe in Skoolstraat
7 Junie 1927	795	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir M. Gobregts in Napierstraat
7 Junie 1927	797	Winkel vir J. Bloom in Lady Greystraat
7 Junie 1927	798	Woonhuis met 'n stoep en 'n spitsdak vir B. Volks in Kasteelstraat
7 Junie 1927	799	Woonhuis met 'n stoep en 'n spitsdak vir J. Rust in Langstraat

7 Junie 1927	807	Addisionele kamer vir J. Johnson, Kerkstraat
7 Junie 1927	808	Pakhuis vir J. Bloom in Jubileestraat
7 Junie 1927	809	Skakelhuis met veranda vir B. Volks op die hoek van Breda- en Sinagogestraat (vgl. 7.4.1)
7 Junie 1927	810	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir Rabinowitz & Berman in Kortrivierstraat
7 Junie 1927	811	Woonhuis met 'n stoep vir J. Radschke in Drakensteinweg, Hugenoot
7 Junie 1927	812	'n Lang gebou met ag skakelvertrekke vir J. Geffen in Hugenoot
7 Junie 1927	816	Woonhuis en motorhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J. Grundlingh in Lady Greystraat
1 Julie 1927	817	Winkel met Kaaps-Hollandse stylelemente vir M. Krawitz, Lady Greystraat
1 Julie 1927	818	Motorhuis vir G. King op die hoek van Hoof- en Boschstraat
1 Julie 1927	819	Skakelhuis met 'n stoep en Doriese betonpilare vir J. Bloom in Parysweg
1 Julie 1927	820	Woonhuis met Kaap-Hollandse stylelemente vir A.J. Stark, Pleinstraat
1 Julie 1927	821	Woonhuis met 'n stoep en Doriese betonpilare vir A. du Biel in Meulstraat

1 Augustus 1927	822	Woonhuis met 'n stoep en betonblokpilare vir A. Joubert in Meulstraat
5 September 1927	831	Winkel met veranda vir J. Radschke in Bethelstraat
5 September 1927	836	Winkel met veranda vir S. Shapiro, Parysweg
5 September 1927	839	Vyf skakelhuise met 'n stoep en Doriese betonpilare vir Rabinowitz & Berman in Sinagogestraat
5 September 1927	840	Woonhuis met 'n stoep vir mej. B.E. Custellian in Meulstraat
5 September 1927	845	Vyf skakelhuise vir B. Shapiro in Hoofstraat
5 September 1927	847	Woonhuis met 'n stoep en Doriese betonpilare vir V.K. Hoffman in Versterstraat
3 Oktober 1927	853	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir A. King, op die plaas Alphorex Noorder-Paarl
17 Januarie 1928	2	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir S. Hendler in Markstraat
17 Januarie 1928	6	Winkel met stoep en Doriese betonpilare vir J. Bloom in Lady Greystraat
17 Januarie 1928	7	Motorhuis vir D.J.P. du Toit in Hoofstraat
17 Januarie 1928	9	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J. Bloom, Bredastraat 96 (vgl. 7.3.5)
7 Februarie 1928	10	Skakelwinkel en -woonhuis vir H. Carolissen, Klein- Drakensteinweg

7 Februarie 1928	11	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir D.R. Basson, Swartvleistraat
7 Februarie 1928	13	Woonhuis vir B. Volks op die hoek van Breda- en Kasteelstraat
7 Februarie 1928	17	Woonhuis met 'n stoep en Doriese betonpilare vir W. Mouton op die hoek van Devinestraat en Tweede Laan
20 Februarie 1928	18	Skakelhuis met stoep en Doriese betonpilare vir G. Minnaar, Bredastraat
20 Februarie 1928	19	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir M. van der Westhuizen in Kasteelstraat
20 Februarie 1928	20	Woonhuis met stoep en Doriese betonpilare vir mev. Van Rensburg, Waterkantstraat
6 Maart 1928	21	Veranda met Doriese betonpilare aan bestaande huis vir J. Liebenstein in Lady Greystraat
6 Maart 1928	22	Winkel met veranda en Doriese betonpilare vir P. Hendler in Markstraat
6 Maart 1928	23	Woonhuis met veranda en Doriese betonpilare vir S. de Kock, Le Rouxstraat
6 Maart 1928	28	Woonhuis met veranda en Doriese betonpilare vir I.J. Siebrits, Berlynstraat
19 Maart 1928	25	Dertig arbeidershuise vir mev. R. Lambrecht, Kerkstraat
19 Maart 1928	31	Addisionele kamer en kombuis vir A. Katz op die hoek van Berlyn- en Sanddrifstraat

19 Maart 1928	32	Woonhuis met Kaaps-Holiandse stylelemente vir A. Basson, Patriotstraat
19 Maart 1928	33	Addisionele veranda met Doriese betonpilare vir C. Arnolt, Malherbestraat
19 Maart 1928	34	Vier addisionele kamers vir S.G. Basson op die plaas De La Roche
19 Maart 1928	35	Woonhuis met veranda en Doriese betonpilare vir M.S. van Breda op die hoek van Malherbe- en Derksenstraat
10 April 1928	47	Stal en pakhuis vir J. Radsche, Drakensteinweg
30 April 1928	52	Tien arbeidershuise vir O. Arnold, Weisstraat
14 Mei 1928	57	Ablusiegeriewe in Immanuelskool, Hoofstraat, Noorder-Paarl
14 Mei 1928	62	Winkel met veranda en Doriese betonpilare vir B. Miller op die hoek van Breda- en Du Toitstraat
14 Mei 1928	65	Woonhuis met veranda en Doriese betonpilare vir J. Bloom, Dreyerstraat
1 Junie 1928	68	Addisionele kamers vir W.J. Martin, Berlynstraat
1 Junie 1928	69	Pakhuis vir M. Krawitz, Lady Greystraat
15 Junie 1928	78	Woonhuis met 'n veranda en Doriese betonpilare vir J.A. Heineman, Patriotstraat

11 Julie 1928	86	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir S.J. de Villiers, Fabriekstraat
1 Augustus 1928	92	Nuwe kombuis vir H. Hendricks, Hoofstraat, Suider-Paarl
1 Augustus 1928	93	Woonhuis met veranda en Doriese betonpilare vir A.W. Karg, Pleinstraat
2 Augustus 1928	94	Addisionele kamers vir mej. R. Malherbe, Swartvleistraat
2 Augustus 1928	95	Aanbouing aan barbierswinkel van J. Geffen, Lady Greystraat
2 Augustus 1928	96	Vier skakelhuise vir mev. G. Abrahams op die hoek van Malherbe- en Kortrivierstraat
30 Augustus 1928	101	Motorhuis en stalle vir mnr. I.H. Cross, Lockupstraat (tans Tekstielstraat)
20 September 1928	105	Meubelpakkamers vir F.C. Ravensteyn, Hoofstraat
20 September 1928	106	Nuwe kombuis en badkamer vir F. Retief, Hoofstraat, Noorder-Paarl
20 September 1928	108	Nuwe looierykamer, 'n ketelkamer en droogkamer vir die Paarl Tanning and Boot Co., Van der Lingenstraat
26 September 1928	115	Woonhuis en motorhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente, Skoolstraat, Noorder-Paarl
26 September 1928	116	Nuwe badkamer vir F.J. Retief, Monte Rosa, Hoofstraat

30 Oktober 1928	127	Motorhuis vir O.J. Arnold, Bredastraat
12 Desember 1928	140	Woonhuis met teëldak vir B. du Toit, Patriotstraat
29 Januarie 1929	9	Twee arbeidershuise vir F. Kirsten, Retiefstraat
14 Februarie 1929	20	Stalle vir A. Hendricks, Hoofstraat, Suider-Paarl
14 Februarie 1929	22	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir H.C. Marais, Retiefstraat, Noorder-Paarl
14 Februarie 1929	25	Kantien met Kaaps-Hollandse stylelemente vir A. Cohen, Hoofstraat, Noorder-Paarl (vgl. 7.3.12)
14 Februarie 1929	26	Kantien met Kaaps-Hollandse stylelemente vir D.A. Fortuin, Hoofstraat, Noorder-Paarl
5 Maart 1929	28	Addisionele kamers vir die Park Hotel van mnr. P. Hendler, Markstraat
5 Maart 1929	31	Woonhuis vir Isak Meyer, Berlynstraat
5 Maart 1929	32	Woonhuis vir mev. J.C. Loubser op die hoek van Koning- en Prinsstraat
5 Maart 1929	35	Nuwe veranda met Doriese betonpilare aan skakelhuis en winkel vir A. Latief, Bredastraat
25 Maart 1929	50	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir H.J. du Plessis, Hoofstraat, Noorder-Paarl
27 Maart 1929	54	Skakelhuis met 'n veranda vir I. Miller, Stasiestraat

22 Mei 1929	69	Skakelhuis vir I. Meyer, Berlynstraat, Noorder-Paarl
4 Junie 1929	71	Nuwe kombuis vir J.P. Retief, Oranjestraat
6 Augustus 1929	80	Motorhuis vir P. Hendler, Markstraat
6 Augustus 1929	81	Woonhuis met 'n veranda en Doriese betonpilare vir P.J. Marais, Pleinstraat
15 Oktober 1929	99	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir D.R. Basson, Swartvleistraat
29 Oktober 1929	100	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir H. Loubser, Bethelstraat 13 en 15 (vgl. 7.3.6)
19 November 1929	110	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir A. van der Berg, Hoofstraat, Suider-Paarl
19 November 1929	111	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J.H. Bernhardi, Bethelstraat
4 Februarie 1930	6	'n Motorhuis en badkamer vir mev. J.C. Koay, van der Lingenstraat
6 Mei 1930	27	Loodgieterswinkel met Kaaps-Hollandse stylelemente vir O.J. Arnold op die hoek van Breda- en Loopstraat (vgl. 7.3.13)
19 Augustus 1930	59	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J.L. Hamman, Derksenstraat
16 September 1930	73	Aanbouing met trapgewel vir H. Carolissen, Waterkantstraat (vgl. 7.8.2.1)

19 Mei 1931	34	'n Nuwe stoep en kantien vir die International Hotel van Roup Bros., Stasiestraat
3 November 1931	85	Woonhuis en winkel met Klassieke stylelemente vir A. Essop, Bredastraat
3 November 1931	86	Bestaande winkelvensters word met groter vertoonvensters vervang vir C. de Villiers, Lady Greystraat (vgl.7.8.2.9)
16 Februarie 1932	12	Bestaande woonhuis word in winkel verander vir H. Park, Lady Greystraat
7 Februarie 1933	5	Pakkamers vir P.C.F. Mills , Lady Greystraat, Hugenoot
6 Maart 1934	18	Twee woonhuise met Kaaps-Hollandse stylelemente vir E. Lange, Swartvleistraat
17 April 1934	42	Kantien met 'n veranda en betonpilare vir D. Nelson, Hoofstraat, Noorder-Paarl
17 April 1934	43	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir vir H. Roup, Bredastraat
1 Mei 1934	49	Motorhuis en ringmuur vir die Duitse Kerk, Meulstraat
5 Junie 1934	65	Pakkamer en winkel met Art Deco-stylelemente vir Shoolman Bros., Bredastraat (vgl. 7.8.2.12)
3 Julie 1934	74	Pakkamer vir C. Malherbe in Lady Greystraat
4 September 1934	93	Motorhuis vir D. Fortuin, Hoofstraat

18 September 1934	98	Viswinkel en woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir D. Fortuin, Hoofstraat 535, Noorder-Paarl (vgl. 7.3.14)
9 November 1934	119	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir P. Conradie, Alexanderstraat
9 November 1934	126	Motorhawe vir S & A Cohen, Hoofstraat
20 November 1934	127	Twee skakelhuise met Kaaps-Hollandse stylelemente vir M.A. Slabber, Fabriekstraat
4 Desember 1934	133	Afdak vir P.J. Marais, Napierstraat
15 Januarie 1935	1	Nuwe badkamer en motorhuis vir L. de Villiers, Uitkyk, Meulstraat
2 April 1935	32	Kantien vir die Oak Hotel van T. Totz, Bredastraat
7 Mei 1935	42	Pakkamer vir J. Bloom, Versterstraat
18 Junie 1935	58	Motorhuis vir C.C.F. Zimmerman, Meulstraat
5 November 1935	112	Woonhuis met 'n veranda en betonpilare vir H. Kulsen, Suidstraat
4 Februarie 1936	7	Silo vir A.J. van Niekerk, Firwoods
7 April 1936	29	Twee arbeidershuise vir E. du Preez, op die plaas The Pines
7 April 1936	43	Arbeidershuise vir C.A. van der Merwe, Meulstraat

21 April 1936	48	Vier skakelhuise met Kaaps-Hollandse styl-elemente vir mev. S. Goldstein, Kasteelstraat
7 Julie 1936	85	Twee skakelhuise met 'n veranda en Doriese betonpilare vir A. Kulsen, Suidstraat
18 Augustus 1936	118	Twee woonhuise met Kaaps-Hollandse styl-elemente vir H. Roux, Joubertstraat
20 Oktober 1936	139	Motorhawe met Art Deco-stylelemente vir C.C. Back, Hoofstraat 1 (vgl. 7.8.2.17)
16 Maart 1937	37	Motorhuis vir mev. J.E. Blignault, Victoriastraat
16 Maart 1937	40	Pakkamer vir L. Sutin, Lady Greystraat
7 April 1937	50	Motorhuis met Art Deco-stylelemente vir W. Stiglingh, Lady Greystraat
1 Junie 1937	64	Woonhuis met veranda vir J. de Villiers, Victoriastraat 6 (vgl. 7.4.5)
20 Julie 1937	88	Woonhuis met veranda en betonpilare vir P. Ackerman, Louisstraat
3 Augustus 1937	102	Verffabriek met 'n ronde dak vir J.J. Immelman, Lady Greystraat
13 September 1937	120	Motorhuis met Art Deco-stylelemente vir D. Moyle, Templierstraat (vgl. 7.8.2.4)
13 September 1937	125	Skakelhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir P. Goldstein, Kasteelstraat

7 Desember 1937	167	Winkel met Art Deco-stylelemente vir Bloom op die hoek van Lady Grey- en Versterstraat (vgl.7.8.2.20)
1 Februarie 1938	3	Winkel met Art Deco-stylelemente vir S & L Back, Stasiestraat
19 April 1938	31	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir mev. C. du Preez, Malherbestraat
7 Junie 1938	71	Wynpakhuis met geronde dakke vir Morris, Eilandstraat
19 Julie 1938	86	Woonhuis met 'n veranda vir P. Siebrits, Joubertstraat
6 September 1938	108	Motorhuis en pakkamer vir H. van Schaik, Hoofstraat
1 November 1938	145	Stoepkamer vir mej. N. du Toit op die hoek van Pastorie- en Du Toitstraat
15 November 1938	155	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir P.J. van der Westhuizen, Auretstraat
11 April 1939	31	'n Addisionele vertrek vir die Holy Trinity kerk, Hoofstraat
9 Mei 1939	44	Vier arbeidershuise vir E. Horwitz, Hugenoot
23 Mei 1939	51	Woonhuis met 'n veranda en siersteenpilare vir M. Semer, Septimusstraat
23 Mei 1939	52	Toiletgeriewe by bestaande pakkamer vir A. Cohen, Hoofstraat, Noorder-Paarl

20 Junie 1939	60	Badkamer vir S. Kaplan, Bethelstraat
4 Julie 1939	71	Bad- en toiletgeriewe vir die Stasie Hotel, Hugenoot
4 Julie 1939	78	Motorhuis vir J.H. Le Roux, Auretstraat
15 Augustus 1939	90	Huishulpkamer vir S. Kaplan, Bethelstraat
5 September 1939	95	Motorhuis vir A. Cohen, Hoofstraat, Noorder-Paarl
19 September 1939	112	Woonhuis met 'n veranda en siersteenpilare vir mej. J.J. Meyer, Louiestraat
17 Oktober 1939	123	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir C. du Toit, op die plaas De La Roche, Noorder-Paarl

4.12 Day, R.F.R.

Ronald Fredrick Richard Day is op 18 Julie 1904 in Kimberley gebore. Hy het sy universiteitsopleiding aan die Argitektuurskool van die Universiteit van Kaapstad ontvang. In 1925 is hy na Europa waar hy verder gestudeer, gewerk en getoer het. By sy terugkoms na Suid-Afrika in 1929 het hy sy eie praktyk in Kaapstad begin. In 1938, op 34-jarige ouderdom, word hy die jongste president van KPIA asook die eerste argitek wat in Suid-Afrika gebore is, om die amp te beklee. Hy is in Oktober 1980 oorlede. Op die planne wat by die Munisipaliteit van die Paarl ingedien is, word sy adres as Atlasgebou, Kaapstad, aangegee (ISAA: ledelys; RGN; SAAR 1937:421-51; SAAR 1938:22).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien.

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
1 Maart 1930	42	Bykomende projektorkamer vir die Palladium-bioskoop, Lady Greystraat (vgl. 7.7.4)

4.13 De Koker, J.H.

Volgens mnr. N.C. Combrink was mnr. De Koker 'n boukontrakteur en het hy die meeste geboue wat mnr. Combrink ontwerp het gebou (1989:onderhoud). Buiten die onderliggende advertensie is geen verdere inligting oor hom bekend nie.

Planne en Spesifikasies op Aanvraag—VRY Telefoon 100



J. H. DE KOKER

BOUER EN KONTRAKTEUR,

Fabriekstraat 41, Noorder Paarl.

Hoër Meisieskool-jaarblad 1934

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
20 Oktober 1931	76	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir C. Booysen, Hoofstraat, Noorder-Paarl

4.14 De Villiers, A.

Adriaan de Villiers was die oudste seun van Rocco Catorzia de Villiers en sy moeder was 'n dogter van ds. Van der Lingen. Hy was alombekend as Attie Bas (vgl. 3.11 Attie Basstraat) (E. Blignault 1988:onderhoud; *Hoër Jongenskool-jaarblad* 1933:30). In die *Telefoon-Adresboek* van 1917 word sy besonderhede as "45 De Villiers, A.J. Rocco son

(late De Villiers & Larson), Builders, Contractors and Civil Engineers Lady Grey st. 11" aangegee. Die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, het hy as "A. de Villiers (Rocco son)" onder'ɔken. Hy is met Annie Zuidmeer van die Paarl getroud (E. Blignault 1988:onderhoud).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
19 Maart 1927	787	Addisionele kamers aan bestaande gebou vir E. Allen, Suider-Paarl
3 Mei 1927	793	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir A.B. de Wet, Meulstraat
1 Mei 1928	63	Wynkelder vir D.J. Le Roux, Ceceliastraat
1 Junie 1928	76	Melkerygebou vir A.C. van Niekerk op die plaas Firwood
11 Junie 1928	87	Werkswinkel van sink vir D. Roux , Suider-Paarl
20 September 1928	122	Wynkelder vir Italian Warehouse, Eilandstraat
21 Oktober 1930	84	Badkamer vir Simms, St. Peterstraat
17 November 1931	90	Verpulpingskamer vir H. Jones & Co., Paarl-stasie
16 Oktober 1934	117	Koelkamers vir H. Jones & Co., Paarlstasie
17 September 1935	91	Pakkamer vir H. Jones & Co., Paarlstasie
4 Oktober 1938	127	Aanbou aan bestaande fabriek vir H. Jones & Co., Paarlstasie

20 Junie 1939	63	Drieverdieping-kantore met Kaaps-Hollandse stylelemente vir H. Jones & Co., Paarlstasie

4.15 Finley, H.

Howard Finley is in 1883 in Ierland gebore en was sedert 1927 lid van die ISAA. Die plan wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, het hy as argitek van Kaapstad onderteken. Hy is op 15 Februarie 1936 in 'n hospitaal in Johannesburg oorlede (AB&E Maart 1937:21; ISAA:ledelys; RGN).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
2 September 1930	69	Veranderings aan die Vrymesselaarslosie, Lady Greystraat. Die Klassieke stylelemente van die gebou word behou

4.16 Forsyth, T.D.P.

Thian Davison Parker Forsyth het sedert 1920 op sy eie in Kaapstad gepraktiseer. Van 1923 tot 1926 was hy met A.J. Thomson in vennootskap. Sedert 1928 was hy lid van die ISAA. Op die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, word sy adres as Adderleystraat 80, Kaapstad, aangegee. Hy is in 1963 oorlede (Cumming-George 1933:128; ISAA:ledelys; KPIA 1939:32; RGN).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
12 April 1928	58	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir E.A.O. de Villiers , Oranjestraat
12 April 1928	59	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir F. Allsop , Van der Lingenstraat

29 November 1928	136	Woonhuis vir H.F. Borcherds, Hoofstraat
29 Oktober 1929	101	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir Hartford, Hoofstraat 28, Suider-Paarl (vgl. 7.1.1)
29 Oktober 1929	123	Stoep vir Kaaps-Hollandse huis op Nieuwe Plantatie (tans Grande Roche Hotel)
2 Desember 1930	103	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir D.F. Strauss, agter stadsaal
16 Junie 1931	49	Bykomende toiletgeriewe en 'n kamer vir Hartford, Hoofstraat, Suider-Paarl
18 September 1934	96	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir C.E. Gründlingh, Plantasiestraat
15 Januarie 1935	5	Woonhuis vir L. Fisher, Proteastraat
17 Augustus 1937	206	Veranderings aan die Central Hotel op die hoek van Hoof- en Markstraat (vgl. 7.6.2)

4.17 Gauermann, J.C.

Sy adres word as "Paarl" aangegee. Geen inligting is oor hom bekend nie. Hy was waarskynlik 'n plaaslike bouer wat self verantwoordelik was vir die een plan wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is.

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
20 Maart 1928	39	Woonhuis met 'n spitsdak en stoep vir J.C. Nolte, Hugenoot

4.18 Grant, W.H.

William Hood Grant is in 1877 in Dundee, Forfarshire, gebore. Hy het argitektuur by die Dundee School of Art gestudeer en het in 1896 'n nasionale brons medalje in Argitektuur verwerf. Hy het in 1901 na Suid-Afrika gekom en sy eie praktyk in Kaapstad gevestig (RGN). Gedurende die dertigerjare het hy verskeie geboue met Art Deco-stylelemente in Kaapstad ontwerp, bv. die Commercial Union-gebou, tans die Market-gebou op Groentemarkplein (Fransen 1981; AB&E Sept. 1932:3-6; Cumming-George 1933:97; Fransen 1981:153; SAB Feb. 1933:21). Hy is in 1957 oorlede (RGN).

W.H. Grant het gedurende 1939 die Protea-bioskoop (vgl. 7.8.2.25) in die Paarl ontwerp. Die oorspronklike planne is egter nie meer by die plaaslike Munisipaliteit beskikbaar nie (SAB 1939:71).

4.19 Grundlingh, J.P.

J.P. Grundlingh was nie 'n argitek nie, maar 'n plaaslike bouer wat ook planne geteken het (O. Dreyer 1989:onderhoud). In die Kaapse Skiereiland, Westelike en Suidwestelike Distrikte Telefoonadresboek van 1939 word die adres van die firma as "Grundlingh & sons (PTY.), LTD, J.L. Builders & Contractors, 86 Main str." aangegee. Mnr. Grundlingh het twaalf geboue in die Paarl ontwerp en verskeie geboue opgerig (MP).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
20 Sept 1928	111	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir J.L. Grundlingh, Hoofstraat
6 November 1928	147	Arbeidershuise vir P.J. Hugo
6 Mei 1930	32	Stal en kraal vir J.B. Le Roux, Hoofstraat, Suider-Paarl
17 April 1934	33	Pakkamer met Art Deco-stylelemente vir Devine & Co., Concordiastraat

1 Mei 1934	47	Addisionele kamers vir J. Anders, Pleinstraat
21 Augustus 1934	86	Badkamers vir N.J. Rossouw, Hoofstraat
27 September 1934	105	Veranderings aan Commercial Hotel, Lady Greystraat
18 Februarie 1936	14	Twee motorhuise vir J.P. Treurnich, Hoofstraat
21 April 1936	48	Motorhuis vir A.J. Reynecke, Hoofstraat
15 Desember 1936	154	Twee skakelhuise met Kaaps-Hollandse styl-elemente vir G. Caris, Louwshoogte
4 Julie 1939	76	Kombuis vir Smuts de Villiers op die plaas, Rozenfontein
5 Desember 1939	140	Wynkelders met geronde dak vir H. Kramer, Dal Josafat

4.20 Immelman, S.R.

Stephanus Rhyno Immelman was die enigste kind van Carel Pieter en sy vrou Helena, gebore Retief, en is op 8 Januarie 1900 op Van Rhynsdorp gebore. Kort na sy geboorte het sy ouers na die Paarl verhuis, waar sy vader as hoofmagistraat aangestel is (P.W. Immelman 1990:brief). Hy het sy aanvangsonderwys aan La Rochelle ontvang (O.J. Dreyer 1988:onderhoud; La Rochelle-jaarblad 1936:2). Volgens mej. Meyer, destydse skoolhoof van La Rochelle, was S.R. Immelman van kleins af lief vir teken (1986:onderhoud).

S.R. Immelman as volwassene en tydens sy jare in die kindertuin (La Rochelle-jaarblad 1936:2)

Gedurende 1917 het hy Matriek aan die Hoërskool Gimnasium behaal. Na sy skoolopleiding is hy na die Universiteit van Kaapstad vir verdere studies. Hy het dieselfde kursus as sy vader, nl. BA, LLB, gevolg. Hy het egter later daarteen besluit en oorgeskakel na Argitektuur, waarin hy sy graad in 1924 behaal het. Sedert 1928 was hy lid van die ISAA (P.W. Immelman 1990:brief; ISAA:ledelys).

Hy het eers in Durban en Oos-Londen vir bouaannemers gewerk voordat hy as argitek vir 'n firma ook in Durban gepraktiseer het. In Januarie 1930 is hy met Jean Warlaw Muir van Skotland getroud. Gedurende die Depressiejare het hy sy werk in Durban verloor en is hy terug na die Paarl waar hy en sy vrou by sy ouers gaan bly het. Hy het uit sy ouerhuis, Belle Ombre, Hoofstraat 274, Paarl, gepraktiseer (P.W. Immelman 1990:brief).

TENDERS

Tenders word gevra vir die afbreek van die teenwoordige geboue van die Pêrelse Boedel- en Agentskap-Maatskappy Beperk op die hoek van Hoof- en Lady-Greystrate, en die oorneem van die ou materiaal.

Tenders sluit op Vrydag, 3de November, om 4-uur n.m. Vorms vir tenders is verkrygbaar by die argitek

S. R. IMMELMAN, B.A., M.I.A.
Belle Ombre,
Hoofstraat 274, Paarl.

'n Advertensie wat in die Paarl Post *van 27 Oktober 1933 verskyn het*

Hy het voor die Tweede Wêreldoorlog na Kaapstad verhuis en sy eie praktyk daar oopgemaak. Hy het kantore in die Colonial Orphan Chambers aan Kerkplein en in die Security-gebou op Exchange-plein gehad. Hy is in Julie 1958 oorlede (P.W. Immelman 1990:brief; KIA 1939:32; RGN).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit vir goedkeuring ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
18 Julie 1933	32	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir Wallace Room , La Modestraat
7 November 1933	60	Kantore en Winkels met Art Deco-stylelemente vir Paarlse Boedel Agentskap in die Hoofstraat (vgl. 7.8.2.10)
20 Maart 1934	27	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir J. Dick, Septimusstraat

16 Oktober 1934	115	Woonhuis met Internationale Stylelemente vir mev. F. Kirsten, Pleinstraat 22 (vgl. 7.8.1.1)
16 Oktober 1934	116	Veranderings aan die Elite Kafee, Lady Greystraat
4 Desember 1934	131	Kantore en winkels met Art Deco-stylelemente vir Jack Phillips, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.14)
19 Maart 1935	26	Woonhuis vir P.O. Laubscher met Arts and Crafts-stylelemente
19 Maart 1935	30	La Rochelle koshuis met Art Deco-stylelemente (vgl. 7.8.2.6)
2 April 1935	31	Woonstel en winkel vir Dick & Allsop, Hoofstraat 248 (vgl. 7.8.2.15)
7 Februarie 1935	39	Woonhuis met veranda vir M. Hough, Pleinstraat 22 (vgl. 7.4.4)
5 November 1935	105	Veranderings aan die Afdelingsraadgebou, Hoofstraat
3 November 1936	144	Skoolgebou vir die Skoolraad, Hugenoot
17 November 1936	147	Winkel met Art Deco-stylelemente vir Jack Phillips, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.14)
17 November 1936	148	Addisionele kamers vir die Paarlse biblioteek, Hoofstraat (vgl. 7.3.16)
17 November 1936	149	Nuwe skoolgebou vir La Rochelle met Art Deco-stylelemente (vgl. 7.8.2.7)

16 Oktober 1934	115	Woonhuis met Internationale Stylelemente vir mev. F. Kirsten, Pleinstraat 22 (vgl. 7.8.1.1)
16 Oktober 1934	116	Veranderings aan die Elite Kafee, Lady Greystraat
4 Desember 1934	131	Kantore en winkels met Art Deco-stylelemente vir Jack Phillips, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.14)
19 Maart 1935	26	Woonhuis vir P.O. Laubscher met Arts and Crafts-stylelemente
19 Maart 1935	30	La Rochelle koshuis met Art Deco-stylelemente (vgl. 7.8.2.6)
2 April 1935	31	Woonstel en winkel vir Dick & Allsop, Hoofstraat 248 (vgl. 7.8.2.15)
7 Februarie 1935	39	Woonhuis met veranda vir M. Hough, Pleinstraat 22 (vgl. 7.4.4)
5 November 1935	105	Veranderings aan die Afdelingsraadgebou, Hoofstraat
3 November 1936	144	Skoolgebou vir die Skoolraad, Hugenoot
17 November 1936	147	Winkel met Art Deco-stylelemente vir Jack Phillips, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.14)
17 November 1936	148	Addisionele kamers vir die Paarlse biblioteek, Hoofstraat (vgl. 7.3.16)
17 November 1936	149	Nuwe skoolgebou vir La Rochelle met Art Deco-stylelemente (vgl. 7.8.2.7)

2 Februarie 1937	17	Klaskamers vir Hoërskool Gimnasium, Gimnasiumstraat
2 Februarie 1937	18	'n Nuwe fasade met Art Deco- stylelemente vir die African Mutual Trust & Assurance Co. Ltd, Hoofstraat 310 (vgl. 7.8.2.22)
1 Junie 1937	67	Woonhuis met 'n stoep vir T.J. de Villiers, Victoriastraat.
16 November 1937	153	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir mev. R. Smuts, Houtstraat
7 Junie 1938	66	Winkel vir J. Phillips, Lady Greystraat
15 November 1938	153	Veranderings aan die Royal Hotel met Art Deco-stylelemente vir W.T. Mouton, Hoofstraat
3 Oktober 1939	113	Laboratoriumkamer vir Royal baking Powder Co., Van Riebeeckweg (vgl. 7.8.2.26)

4.21 Johnston, A.C.

Alan Connor Johnston is op 5 Mei 1907 gebore. Hy was 'n voltydse student by die Universiteit van Kaapstad van 1925 tot 1927. Van 1928 tot 1929 het hy deeltyds gestudeer en ook deur Europa getoer. In 1930 slaag hy sy finale eksamen by die Royal Institute of British Architects in Londen. Hy het in 1976 afgetree. Op die plan wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, word sy adres as Southern Life-gebou, Kaapstad aangegee (ISAA:ledelys; CPIA 1939:32; RGN).

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien.

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
17 Oktober 1939	125	Woonhuis vir G.O. Neser, Septimusstraat

4.22 Johnston & Thomson

John Johnston en D.W. Thomson was in 'n vennootskap en het sedert 1930 in Kaapstad gepraktiseer. Hulle het verskeie hotelle in Kaapstad ontwerp (ISAA:Iedelys; RGN; SAB 1931:37). Op die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingegee is, word die adres as Markhams-gebou, Houtstraat, Kaapstad, aangegee.

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
17 Februarie 1930	13	Veranderings by die Royal Baking Powder Co., Hugenoot

4.23 Lonstein, J.

Julius Lonstein is in 1895 gebore. Hy het sy B. Arch-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. Hy het in 1919 die studenteprys vir die opstel "Open timber roofs" gewen. Gedurende 1928 het hy sy eie praktyk in Kaapstad begin. Van die vroegste geboue wat hy daar ontwerp het, was die sinagoge in Seepunt. Hy is op 14 November 1954 oorlede (*Building* Junie 1919:272; ISAA:Iedelys; RGN). Volgens die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, was sy adres Uniegebou, Groentemarkplein, Kaapstad.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
1 Maart 1927	763	Woonhuis met Mediterreense stylelemente vir A. de Villiers, Thomstraat
3 Oktober 1927	850	Pakkamer vir L. Louw, Suider-Paarl
19 Februarie 1935	11	Woonhuis met oop portaal vir I. Kaplan, Septimusstraat

19 Februarie 1935	83	Nuwe Palladiumbioskoop-gebou met Art Deco-stylelemente op die hoek van Lady Grey- en Fabriekstraat. Laasgenoemde gebou is egter nooit gebou nie. (vgl 7.8.2.16)

4.24 Louw, W.H. en Louw & Louw

Wynand Hendrik Louw en Henri Louw was twee van die twaalf seuns en twee dogters van Tobias Johannes Louw van die plaas Labori et Picardi, Paarl. Hul moeder was 'n dogter van J.D. Bosman wat op Nieuwe Plantatie geboer het. Hul vader was een van die stigters van Paarl African Trust Mpy. wat later Boland Bank geword het (Louw 1974:21; H. Louw 1986:onderhoud).

Wynand Louw is op 17 Februarie 1883 in die Paarl gebore; sy geboortedatum word foutiewelik in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* as Maart 1883 aangegee (Beyers 1981:340; Louw 1988:27; RGN). Sy broer Henri is nege jaar later op 30 September 1892 gebore. Beide broers het hul skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool ontvang. Na Matriek het Wynand by die Normaalkollege in Kaapstad gestudeer. Hy gaan by sy Muller-familie tuis en toe sy oom C.F. Muller as professor by die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch aangestel is, verhuis hy saam met hulle na Stellenbosch en studeer verder by die Victoria Kollege (T. Louw 1987:onderhoud).

Tobie Johannes Louw, boer van Labori et Picardi, op die stoel voor en sy seuns (van links na regs) Eben, Henry, George, Tobie, Louis, Wynand, Charlie, John, Attie en Pieter Heyns (skoonseun). Voor kniel Kobus en die inlasfoto is van Frank (Beskikbaar gestel deur H. Louw)

Na sy studie op Stellenbosch het Wynand 'n jaar lank op die plaas Labori et Picardi gebly en tekenwerk en houtwerk gedoen. Van 1902 tot 1905 doen hy tekenwerk vir die argitek Seeliger. Wynand Louw en Johan Seeliger het lewenslange vriende gebly (Beyers 1981:300; M.J. Louw 1989:onderhoud; A. Seeliger 1986:onderhoud).

In 1905 vertrek hy na Londen om by die Architectural Association te studeer. In 1907 keer hy terug na die Paarl waar hy as eerste opdrag 'n kerksaal vir die Paarl-gemeente (Strooidakkerk) ontwerp het. Op 29 Mei 1912 is hy met Maria Norval getroud. Wynand Louw het verskeie studietoere na Europa en Amerika onderneem. Volgens verskeie bronne was hy die eerste Afrikaanssprekende argitek. (Boonzaaier 1963:7; Du Toit 1953:22; Louw 1974:67 en 86; SAAR 1967). *Die SA Biografiese woordeboek* beskryf hom soos volg: "Louw het 'n belangrike rol gespeel in die argitektoniese toneel gedurende die eerste vier dekades van die twintigste eeu en is mettertyd deur die Afrikaanssprekende lede van hierdie professie as 'n patriargale figuur beskou. As eerste Afrikanerargitek het Louw met sy vroeë werk 'n stewige fondament gelê vir latere omvangryke bydrae van Afrikaanssprekendes van hierdie beroep." (Beyers 1981:340).

Danksy sy invloedryke familie het Wynand baie werk gekry. Die predikante in die familie het Wynand gebruik om kerke te ontwerp. Sy reis na die V.S.A. gedurende 1913 het sy ruimtelike beplanning van kerke sterk beïnvloed. Vir die meeste kerkgeboue wat hy ontwerp het, het hy nie van die Griekse kruisvorm gebruik gemaak nie, maar wel van 'n aghoekige vorm (Du Toit 1953:23).

Wynand het 4 3/4 morg grond van Labori by sy vader aangekoop. Die gedeelte het vroeër onder hul kinders as Die Hoogte bekend gestaan omdat die grond daar 'n effense bult gevorm het. Toe Wynand in 1914 begin het om sy huis daar te bou het die huis die naam Die Hoogte gekry. Volgens korrespondensie is bouwerk eers finaal in Desember 1918 afgehandel. In 1919 het hy begin om mnr. Alf Devine se huis in Hoofstraat te ontwerp. Die huis is op 1 morg grond wat van mnr. Louw se grond afgesny is, gebou. Op 20 Januarie 1920 het Wynand se kantore van Die Hoogte na die dubbelverdieping Paarlse Eksekuteurskamergebou, wat reg oorkant die huidige Paarl Hotel staan, verskuif. Die kantoor is ingerig met een stoel, een tafel en 'n Yost nr. 10-tikmasjien vir die tikster. Daar was ook een "double elephant"-tekenbord, een snippermandjie, papier met briefhoof, koeverte, opwasstander, gordyn, een rol deursigtige tekenlinne, inkleur-materiaal, een rol deursigtige tekenpapier, 'n aantal katalogusse en lêers vir korrespondensie. Wynand moes baie reis en mnr. H.L. Brink, 'n gekwalifiseerde argitek, is in Maart 1920 aangestel en het in Wynand se kantoor begin werk om hom behulpsaam te wees en namens hom plaaslike besoeke af te lê (W.H. Louw: persoonlike dagboek). Volgens sy seun, Tobie Louw, ook 'n argitek, het sy vader honderd-en-

twintig kerke landwyd ontwerp (1989:onderhoud). Behalwe al die kerkgeboue wat Wynand ontwerp het, het hy verskeie groot geboue vir die Universiteit van Stellenbosch, Volkskas, K.W.V., Nasionale Pers en Santam ontwerp. Wynand Louw is as die dubbelganger van generaal Smuts aangesien. Tydens generaal Smuts se siekte wat later tot sy dood gely het, was Wynand in Londen. Die publiek en selfs die pers was verbaas oor "generaal Smuts" se vinnige herstel toe huile vir Wynand Louw sien rondgaan het (Du Toit 1953:22).

Nadat Wynand se broer Henri sy matriek by die Hoër Jongenskool Paarl voltooi het, gaan hy verder studeer by RUK Grahamstown en verwerf die Intermediêre eksamen. Op hierdie stadium het Wynand egter so baie werk dat hy in 1920 vir Henri nader om vir 'n proeftydperk by hom in die kantoor te werk. Henri toon talent en Wynand stuur hom vir argiteksopleiding na Londen. Hy vertrek op 2 September 1921. In Londen was Henri die kaptein van die Architectural Association se eerste rugbyspan. Hy slaag die vyfjaar argitektuurkursus binne vier jaar en word 'n assosiaat-lid van die Royal Institute of British Architects (H. Louw 1986:onderhoud; Louw 1988:24).

Van 1921 tot 1926 was Wynand in vennootskap met G. Moerdijk. Nadat Henri sy studies as argitek in Engeland voltooi het, word hy 'n verteenwoordiger van Louw & Moerdijk in Bloemfontein. Weens die groot afstand tussen Moerdijk in Pretoria en Wynand in die Paarl, het die vennootskap in 1926 ontbind. Na die ontbinding van G. Moerdijk en W. Louw word Henri en Wynand vennote en praktiseer onder die naam Louw & Louw. Die naam Louw & Louw kom egter eers in 1932 voor op die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is. In 1931 trou Henri met Helena van Niekerk en hy ontwerp 'n woonhuis vir hom en sy vrou in Tamboerskloof (W.H. Louw: persoonlike dagboek ; Louw 1988:31).

In 1940 ontvang Wynand Louw die erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse boukuns (Boonzaaier 1963:7; Louw 1974:68; Louw 1988:25). Wynand Louw het 'n goeie humorsin gehad, hy was 'n gewaardeerde volks- en kerkman en het op verskeie rade gedien (*Die Kerkbode* 20 Des. 1967). Hy was direkteur van Nasionale Pers, was ook betrokke by die Helpmekaarfonds en het verskeie beurse vir jong studente daargestel (Louw 1974:86). Wynand Louw is op 21 Augustus 1967 in sy huis Die Hoogte in die Paarl oorlede (Louw 1988:26). Sy broer Henri wat in die Kaap gebly het, het met die praktyk Louw & Louw voortgegaan. In 1975 het hy afgetree en in die Strand gaan woon. Na 'n kort siekbed in Huis Ametis in die Strand, is hy op 15 Augustus 1988 oorlede (*Paarl Post* 25 Aug. 1988).

Alhoewel al die planne van die Paarlse Munisipaliteit tot en met 1926 vernietig is, kon die volgende lys van geboue deur Wynand Louw beplan, uit sy dagboeke wat in sy seun, Tobie, se besit is, vasgestel word.

Datum	*Besonderhede*
1918	Eie woonhuis voltooi met Arts and Crafts-stylelemente, Hoofstraat 32
1919	Woonhuis vir A. Devine met Mediterreense stylelemente, Hoofstraat 301 (vgl.7.6.1)
1920	Tabakskuur vir W.P. Tobacco Co., in Louwslaan, Suider-Paarl
1921	Veranderings vir £400 aan Standard Bank, Noorder-Paarl
1921	Veranderings aan N.G. kerk, Paarl-Vallei
1921	Pastorie vir N.G. kerk, Paarl-Vallei met Kaaps-Hollandse stylelemente, Hoofstraat 384 (vgl.7.3.1)
1921	Hospitaal met Mediterreense stylelemente (vgl.7.6.3)
1921	Klaskamer vir Hoërskool Gimnasium, Hoofstraat
1921	Elite-Bioskoop met Kaaps-Hollandse stylelemente, Hoofstraat (vgl.7.3.9)
1921	Uitbreidings aan La Rochelle-skoolgebou, Faurestraat
1922	Geen geboue in die Paarl nie, maar verskeie landwyd
1923	'n Gebou vir Paarl Drukkery, Lady Greystraat
1923	Biblioteekgebou met Kaaps-Hollandse stylelemente, Hoofstraat (vgl. 7.3.16)
1923	Pawiljoen vir die Paarl, Faurestraat
1923	Aanbouings aan die Paarl Roller Flower Mills
1924	Tien badkamers vir La Rochelle koshuis

1925	Pakhuis vir KWV, Paarlstasie
1925	Onderwyserskollege Athlone vir bruin mense met Klassieke stylelemente (vgl. 7.7.2)
1925	Winkel vir mnr. Van den Bergh, Paarlstasie
1925	Die enkelverdieping gebou van die Hoër Jongenskool word verander na 'n dubbelverdiepinggebou, Auretstraat

Planne deur W.H. Louw by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
29 September 1926	733	Kerksaal vir die N.G. kerk, Noorder-Paarl met Arts and Crafts-stylelemente, Hoofstraat, Noorder-Paarl (vgl. 7.1.3)
8 Januarie 1927	750	Aanbouing aan Sinagoge, Bredastraat (vgl. 7.7.7)
10 Maart 1927	768	Tien arbeidershuise vir mev. Lambrechts, Kerkstraat
16 Maart 1927	769	Arbeidershuise, J.A. Louw, Bergstraat
7 Junie 1927	800	Toiletgeriewe vir Paarl Roller flower Mills
7 Junie 1927	804	Seunskamers agter Die Hoogte, Suider-Paarl
1 Augustus 1927	829	Melkery-gebou vir A.J.B. Retief, Pleinstraat
15 Augustus 1927	830	Aanbouings, Hoërskool Gimnasium, Hoofstraat

5 September 1927	843	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir D.J. Retief, Rosestraat
5 September 1927	846	Badkamer vir dr. De Jager, Hoofstraat
5 September 1927	848	Woonhuis met veranda vir C. Arnold, Hugenoot
29 Januarie 1929	11	Addisionele klaskamers, Zionskool, Zionstraat
7 Mei 1929	63	Veranda vir C. Bosman, Hoofstraat
17 September 1929	94	Addisionele kamers, P. Hugo, Altenburg, Suider-Paarl
21 Januarie 1930	1	Nuwe veranda en glasvensters, Ackermans, Lady Greystraat
21 Januarie 1930	3	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir C. Hamman, uit Patriotstraat
6 Mei 1930	26	Kombuis- en toiletgeriewe, Manskoshuis OKP, Hoofstraat, Noorder-Paarl
11 Julie 1930	46	Veranderings aan Royal Hotel, Hoofstraat
5 Augustus 1930	53	Drie arbeidershuise vir J. van Gemert, Hugenoot
18 Augustus 1930	64	Dubbelverdieping woonhuis vir J.S. van der Spuy, The Garden, Paarl
2 September 1930	68	Klaskamers en toiletgeriewe, Hoër Meisieskool
7 Oktober 1930	77	Nuwe veranda en glasvensters vir winkel van M. Uys, Hoofstraat (vgl.7.4.8)

4 November 1930	91	Grofsmidwinkel vir J.A. Clift, Paarlstasie
17 Februarie 1931	10	Omheiningsmuur, hek en motorhuis vir W.H. Brummer, Zionstraat
2 Junie 1931	43	Vier woonstelle met Mediterreense stylelemente vir P.M. Cross, Hoofstraat
1 September 1931	60	Drie winkels met Art Deco-stylelemente vir W. Voigt, Lady Greystraat
20 Oktober 1931	79	Kamers en 'n veranda vir mev. M. Marais, Hoofstraat, Suider-Paarl

Planne deur Louw & Louw by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
2 Augustus 1932	39	Veranda en 'n nuwe dak vir die Palladium-bioskoop, Lady Greystraat (vgl. 7.7.4)
4 Oktober 1932	47	Woonhuis met oop portaal vir T.E. Sterrenberg, Thomstraat
2 Mei 1933	15	Woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente, N. Blanckenberg, Hoofstraat, Suider-Paarl
19 Junie 1933	27	Woonhuis, A.B. Galloway, Markstraat
19 Junie 1933	26	Winkel met Art Deco- stylelemente vir Rabinowitz & Berman, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.11)
23 November 1933	70	Gimnasiumkoshuis met Klassieke stylelemente, Van der Lingenstraat (vgl.7 7.3)

5 Desember 1933	72	Pakskuur, K.V .V., Paarlstasie
20 Februarie 1934	15	Woonhuis met granietplint vir H. de Villiers, Hugenoot
18 Junie 1934	70	Pakkamer en Ringmuur vir Oosthuizen en Sterrrenberg, Thomstraat
7 Augustus 1934	81	"Clock-in Room" vir KWV, Paarlstasie
7 April 1936	39	Koshuis, Hoër Jongenskool, Auretstraat
21 Julie 1936	96	Twee skakelhuise met 'n veranda, mev. J. van Niekerk, Lock-upstraat (tans Tekstielstraat)
1 September 1936	126	Kantoorgebou met Klassieke stylelemente vir Devine & Co., Concordiastraat
3 Mei 1938	39	Kerksaal, Lock-upstraat (tans Tekstielstraat)
1 November 1938	140	Aanbouing aan Hoër Jongenskool, Auretstraat
11 April 1939	33	Buitegeboue, Louis Louw, Picardi, Suider-Paarl
20 Junie 1939	67	'n Rondawel huurhuis op W.H. Louw se grond, Hoofstraat, Suider-Paarl (vgl. 7.5.1)

4.25 Meiring & Naude

Adriaan Louw Meiring is op 4 Mei 1904 in Johannesburg gebore. Kort na sy geboorte het die gesin na die Paarl verhuis, waar hy sy skoolopleiding by die Hoër Jongenskool ontvang het. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad 'n B.A.-graad verwerf en daarna het hy in 1926 by die kantoor van Wynand Louw (vgl. 4.24) in die Paarl gaan werk. Vanaf 1927 het hy by die firma Louw & Louw in Kaapstad gewerk. Twee jaar later gaan studeer hy by die Liverpool School of Architecture, waar hy 'n B.Arch-graad verwerf het. Gedurende dié tydperk het hy deur Europa getoer. Sy vriend, D. Naude, het saam

met hom by Liverpool gestudeer en verwerf ook 'n B.Arch-graad. Gedurende 1934 keer hulle terug na Kaapstad en gaan by Louw & Louw in Kaapstad werk. Vier jaar later word Meiring en Naude vennote en praktiseer in Kaapstad onder die naam Meiring & Naude. Daar is onsekerheid oor wanneer die vennootskap ontbind het. In 1943 word A.L. Meiring die eerste voltydse professor in Argitektuur by die Universiteit van Pretoria. A.L. Meiring is in 1979 oorlede (N.C. Combrink 1989:onderhoud; Herbert 1975:243; RGN; SAB Maart 1939:70). Volgens mnr. T. Louw, seun van Wynand Louw, het mnr. A.L. Meiring die destydse Paarl Board of Executers-gebou in 1936 ontwerp, terwyl hy vir sy vader gewerk het. Die oorspronklike planne van die gebou is egter nie meer by die Paarlse Munisipaliteit beskikbaar nie, maar is in die besit van die huidige eienaars (1989:onderhoud).

Op die plan wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, is Meiring & Naude se adres as Southern Life gebou, St. Georgestraat, Kaapstad aangegee.

Plan by die Paarlse Munisipaliteit vir goedkeuring ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
4 Julie 1939	74	'n Nuwe veranda vir mej. C.S. Malan, Patriot-straat

4.26 Mitchell, C.M.F.

Charles Marcus Fitz-William Mitchell is op 10 Februarie 1907 gebore. Hy het sy universiteitsopleiding in Argitektuur by die Universiteit van Kaapstad ontvang. In 1929 ontvang hy die John Perryprys by dié universiteit. Hy praktiseer in Kaapstad en het 'n tyd vir J. Morris gewerk (ISAA-ledelys; SAAR 1929:18; RGN). Op die plan wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, word sy adres as Francisstraat 4, Pinelands, aangegee.

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
4 Julie 1939	75	Kantore vir J.A. Clift, Koöperasiestraat

4.27 Nöthling, G.H.

Gottlieb Hireholdt Nöthling is op 15 Junie 1915 in die Barrydale-distrik gebore. Hy het as tekenaar by Louw & Louw argitekte, Hoofstraat 130, Paarl, gewerk. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy vir twee jaar by W. Woods Bpk. in Dal Josafat gewerk. Na die oorlog het hy weer na Louw & Louw teruggekom en met deeltydse studies in argitektuur by die Universiteit van Natal begin. In 1960 het hy sy B.Arch-graad verwerf. Hy het minstens veertig kerkgeboue in Kaapland ontwerp. Hy is op 4 Junie 1983 oorlede (L. Nöthling 1990:brief).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
16 Januarie 1934	2	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente
15 Mei 1934	59	Veranda met betonpilare vir J.A. de Kock, Hoofstraat
18 September 1934	97	Dubbelverdieping woonhuis met Klassieke stylelemente vir G.H. Nöthling, 2de Laan (vgl. 7.7.1)
15 Januarie 1935	3	Balkon aan M. Uys se klerewinkel, Auretstraat
2 Maart 1937	30	Veranda vir H. Vercueil, Rosestraat

4.28 Reitz, H.

Harry Reitz was die stadsingenieur van die Paarl. Hy het sy diploma in Siviele Ingenieurswese in Delft, Holland ontvang (Munisipaliteit van die Paarl 1929:38). Hy het destyds die bouplanne goed- of afgekeur. Hy was verantwoordelik vir die ontwerp van die stadsaal (vgl. 7.7.5) en die plaaslike swembad se aantrekgeriewe. Die planne is egter nie by die Paarlse Munisipaliteit nie, maar by die Kaapse Argiefbewaarplek beskikbaar (KAB:M2/2407; KAB:M2/706; M2/710).

*Mnr. H. Reitz (*Paarl Post *10 Feb. 1939)*

4.29 Retief & McDonald

Albert John Retief is op 8 Oktober 1910 gebore. Hy het sy professionele opleiding in argitektuur by die Universiteit van Kaapstad ontvang. Gedurende 1932 het hy op 'n studentetoer wat Engeland, Holland en Duitsland besoek het, gegaan. In 1937 word B.M. McDonald 'n vennoot van Retief en hulle het in Kaapstad onder die naam Retief & McDonald gepraktiseer (ISAA-ledelys; RGN; SAB 1940:64).

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
19 September 1939	109	Dubbelverdieping woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir D. Hauptfleisch, Jan-Phillipsbergpad

4.30 Roberts & Small

Hubert Luscombe Roberts is op 27 Januarie 1896 in Johannesburg gebore. Na skool het hy kunslesse in Kaapstad geneem en ook die klasse wat deur die Kaapse Provinsiale Instituut van Argitekte aangebied is, bygewoon. Na die Eerste Wêreldoorlog word hy lid van die KIA. Vanaf 1929 tot 1939 word H.L. Roberts en L.L. Small vennote en

praktiseer onder die naam Roberts & Small. In 1930 ontwerp hulle die Namaqua House en na die voltooiing van die gebou verskuif hul kantore daarheen. Volgens Cummings-George was Kaapstad meer konserwatief as Johannesburg wat die Moderne beweging betref. Tog was daar argitekte soos Roberts & Small in Kaapstad wat van stylelemente van die Moderne beweging gebruik gemaak het (AB&E 1936:11; Cummings-George 1934:86-87; Herbert 1975:154; ISAA:ledelys; SAB Jan. 1932:31).

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
1 Desember 1931	97	Fabriek en kantore met Art Deco-stylelemente vir Royal Baking Powder Ltd., Wemmershoekweg (vgl. 7.8.2.26)
19 Januarie 1932	2	Droogkamer vir Royal Baking Powder, Wemmershoekweg
7 Julie 1936	80	Fabriek vir Premier Canning & Manufacturing Co., Dal Josafat
18 Januarie 1937	9	Twee skakelhuise vir die Premier Canning & Manufacturing Co., Dal Josafat

4.31 Sterrenberg & Lutz

Sterrenberg & Lutz was boukontrakteurs en nie argitekte nie, alhoewel hulle ook geboue ontwerp het. Mnr. Theo Sterrenberg was die seun van ds. Peter Sterrenberg, 'n Rynse sendeling wat vanaf Duitsland na Suid-Afrika gekom het. Hy het sy skoolopleiding in Wellington ontvang en het die bouvakmanskap by sy oom, Japie Lutz, aangeleer. Mnr. J. Lutz se seun het later die vennoot van Theo Sterrenberg geword. Mnr. Theo Sterrenberg het verskeie geboue regoor die land vir mnr. W. Louw gebou. Wynand Louw het die Teringkerk se kerksaal in 1926 ontwerp en vir mnr. Sterrenberg gevra om die bouer te wees. Die volgende jaar word mnr. Sterrenberg se tender vir die bou van die stadsaal aanvaar en hy en sy gesin verhuis na die Paarl (L. Smith 1989:onderhoud).

Voor van regs na links: Lulu Smith, onbekend, Eureka Perold (haar vader was dr. I. Perold van KWV) en Felix Lutz

Agter van regs na links: mnr. Theo Sterrenberg, sy vrou Hester, Johanna Perold en Thea Sterrenberg

(Beskikbaar gestel deur L. Smith)

Mnr. Sterrenberg het vir homself 'n huis met Kaaps-Hollandse stylelemente ontwerp en in Thomstraat gebou. Gedurende die dertigerjare het Theo Sterrenberg en Gustav Lutz vennote geword. Aan die een kant van die Sterrenbergs het mej. Meyer, vroeëre skoolhoof van La Rochelle, gewoon en aan die ander kant het Gustav Lutz gewoon (W.J.Lutz 1989:onderhoud; L. Smith 1989:onderhoud).

RAADPLEEG

STERRENBERG & LUTZ

BOUKONTRAKTEURS

THOMSTRAAT 7 en 9, :-: PAARL.

Vir enigiets in die lyn van BOUBEDRYF. Dit maak geen verskil hoe groot of hoe klein u onderneming is nie.. Ons neem geboue aan van die Kaap tot aan die Sambesie. Geboue deur ons opgerig dwarsdeur die Unie van S.A.—Die Pêrel nie uitgesluit nie,—getuig van die egtheid en deeglikheid van ons werk. Meeste van ons boustof importeer onsself.

Ons spesialiseer in besproeiingswerke, soos damme, kanale ens.

Bel, Foon 412 of 606, of skrywe aan Thomstraat 7 en 9, Paarl.

'n Advertensie in Hoërskool Gimnasium-jaarblad 1937

Arbeiders wat vir Sterrenberg & Lutz gewerk het, was hoofsaaklik arm blankes.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
17 November 1931	89	Die oprigting van 'n veranda met betonpilare vir A.C. Dick, Hoofstraat
1 Desember 1931	93	Veranda met betonpilare vir Ackermans, Hoofstraat
2 Februarie 1932	8	Woonhuis met veranda vir mev. G. Retief, Hoofstraat
7 Augustus 1934	82	Motorhuis, T. Sterrenberg, Thomstraat 13
7 April 1936	30	Werkswinkel, Sterrenberg & Lutz, Thomstraat
18 Januarie 1937	10	Pakkamer, Royal Baking Powder, Parysweg

20 Julie 1937	87	Nuwe fasade met Art Deco-stylelemente vir Holmes Motor Co., Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.19)

4.32 Tallo, G.

Garbor Tallo is op 12 Februarie 1908 gebore. Hy was sedert 1938 lid van die ISAA. Hy het eers in Johannesburg gepraktiseer en voor die Tweede Wêreldoorlog na Kaapstad verhuis. Op die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is, word sy adres as Adderleystraat 38, Kaapstad aangegee. Hy is in 1979 oorlede (RGN).

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
17 November 1936	145	Woonhuis met Art Deco- stylelemente vir R. Hupkes, Hoofstraat 506

4.33 Vromans, J.P.

Nie een van die informante met wie onderhoude gevoer is, kon enige inligting oor mnr. Vromans verskaf nie. Alhoewel die planne wat by die Paarlse Munisipaliteit in 1939 ingedien is, onderteken is deur J.P. Vromans, argitek van die Paarl, was hy waarskynlik net 'n tekenaar. Vromans se naam kon egter nie onder die ledelys van die ISAA gevind word nie.

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
5 September 1939	100	Werkswinkel en woonhuis vir Malan Siebrits, Hoofstraat, Noorder-Paarl
19 September 1939	107	Woonhuis met veranda vir F. Williams, Reitzstraat

17 Oktober 1939	122	Nuwe woonstelle met Internasionale Stylelemente, A. Frorath, Hoofstraat (vgl. 7.8.1.3)
7 November 1939	128	Bykomende kamer, mev. Geduld, Templierstraat
7 November 1939	130	Stalle en kamers vir S & L Back, Hoofstraat
21 November 1939	134	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir D. van Niekerk, Textiliestraat
5 Desember 1939	141	Motorhuis, dr. Meisner, Houtstraat

4.34 Walgate & Elsworth

Walgate en Elsworth was sedert 1921 vennote. Die belangrikste werk van die vennootskap was die ontwerp van die hoofgeboue van die Universiteit van Kaapstad. Die firma het ook verskeie pryse, bv. die brons medalje vir die ontwerp van die stadsaal van Stellenbosch, gewen (AB&E April 1926:21; ISAA-ledelys; RGN).

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
15 November 1938	152	Dubbelverdieping woonhuis met Arts and Crafts-stylelemente vir D.J. du Plessis, Proteastraat (vgl. 7.1.2)

4.35 Woods, W.P.

Mnr. W.P. Woods was 'n winkeleienaar wat ook planne opgetrek het. In 1933, na 26 jaar in diens as smid by die firma F.J. Retief en Kie, het hy kennis gegee en sy eie smidswinkel in Van der Lingenstraat geopen (*Paarl Post* 25 Feb. 1933). Die onderneming het so ontwikkel dat 'n groothandelsaak met die naam W. Woods (Eien.) Bpk. in Hoofstraat in die omgewing van die huidige Federated Timbers geopen is (J. Meyer 1986:onderhoud).

W. WOODS (Eien.) Bpk.

DIREKTE INVOERDERS.

Handelaars in Boumateriaal, Omheiningsmateriaal, Boerderygereedskap en Algemene Produkte Handelaars en Kopers.

Die Venootskap bestaan uit Oud-Studente, gee ons u ondersteuning.

Foon 92.

Adres: 546 Hoofstraat, NOORDER PAAR.

'n Advertensie in Hoërskool Gimnasium se Jaarblad van 1936

Planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
16 Januarie 1932	14	Woonhuis met 'n geronde veranda, vir A. Coetzer, Sinagogestraat 41 (vgl.7.4.2)
2 Augustus 1932	37	Woonhuis vir mej. E. Nolte, Houtstraat
16 Augustus 1932	40	Woonhuis, Mev. I. Uitenbogaardt, Sinagogestraat
7 Februarie 1933	6	Veranda vir F. Perold, Hoofstraat
7 Februarie 1933	7	Houtpakkamer met Kaaps-Hollandse stylelemente (vgl. 7.3.15)
21 Februarie 1933	11	Drie arbeidershuise vir F. Kirsten, Vredenhof
7 November 1933	65	Woonhuis vir D. van Niekerk, Lock-upstraat (tans Tekstielstraat)

5 Desember 1933	79	Woonhuis met 'n veranda vir mej. S. Zuidmeer, Oranjestraat
4 September 1934	92	Motorhuis en stal vir P.M. Siebrits, Bergrivierstraat
16 Oktober 1934	116	Nuwe veranda vir G. van Niekerk, Hoofstraat 489
16 Julie 1935	69	Skakelhuis vir mev. Hugo, Bethelstraat
3 September 1935	87	Twee skakelhuise met Kaaps-Hollandse stylelemente vir G. Moolman, Hospitaalstraat
3 September 1935	90	Motorhuis met 'n trapgewel vir Kirsten, Pleinstraat
7 Julie 1936	84	Skakelhuis vir M. Geduld, Templierstraat
6 Oktober 1936	133	Pakkamer vir W. Woods Bpk., Hoofstraat, Noorder-Paarl
3 November 1936	142	Woonhuis vir mev. F. Walder, Pontacstraat
16 Februarie 1937	26	Woonhuis vir H. Rabie, Fabriekstraat 45 (vgl. 7.4.6)
16 Februarie 1937	28	Twee skakelhuise vir G. van Niekerk, Hoofstraat
4 Mei 1937	59	Veranda met betonpilare vir W. Woods se winkel, Hoofstraat
7 Desember 1937	160	Woonhuis en werkswinkel vir F. Nell, Charleston Hill
7 Desember 1937	170	Woonhuis, S. Malan, Retiefstraat

19 April 1938	35	Droogkamer met 'n platdak vir W. Woods Bpk., Hoofstraat
3 Mei 1938	40	Werkskamer vir B. Siebrits, Joubertstraat
11 Mei 1938	55	Woonhuis met Kaaps-Hollandse stylelemente vir A. Maree, Retiefstraat
2 Augustus 1938	103	Veranda met betonpilare vir J. Heydenreich, Hoofstraat, Noorder-Paarl
4 Oktober 1938	124	Skakelhuis met 'n veranda vir F. Marais, Boomstraat
18 Oktober 1938	135	Motorhuis en pakkamer vir dr. Hofmeyer, Fairview
6 Desember 1938	164	Motorhuis en kamer vir die Immanuelkerk, Hoofstraat
7 Februarie 1939	2	Vier skakelhuise vir H. Roep, Kasteelstraat
7 Maart 1939	20	Woonhuis vir G.A. Theron, Hoofstraat
5 September 1939	97	Woonhuis met Art Deco-stylelemente vir P.J. Louw, Malherbestraat

4.36 Woolley, H.H.

Henry Howel Woolley was lid van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte en het sedert 1927 in Kaapstad gepraktiseer. In dieselfde jaar het hy aan 'n kompetisie "Houses for poorer classes" deelgeneem en 'n derde plek behaal. Hy is in 1964 oorlede (AB & E 1928:8; ISAA-ledelys; RGN).

Plan by die Paarlse Munisipaliteit ingedien:

Datum	*Plan-nommer*	*Besonderhede*
1 Junie 1928	73	Nuwe veranda en spitsdak vir D. McCulldugh, Lady Greystraat

5. BOUMATERIAAL

5.1 Algemeen

Alhoewel boumateriaal óf van Europa bestel óf plaaslik by agente of firmas aangekoop kon word, het die boeregemeenskap nog in die meeste gevalle hul eie boumateriaal soos skulpe tot kalk verbrand en stene vervaardig (DAK PAA XIV 1982:15; P. Retief 1988:onderhoud; J.P. Theron 1988:onderhoud). Volgens berigte wat in plaaslike nuusblaaie verskyn het, kon vasgestel word wat die omstandighede i.v.m. bakstene op die dorp was. Op 18 Oktober 1919 het die redakteur van die *Paarl Post* die volgende hieroor geskryf: "Huizen zijn schaars, doch niemand kan bouwen, want materiaal, waaronder bakstenen, is duur en schaars. Bakstenen moet men met grote koste aanvoeren van Koelenhof of elders, terwijl hier aan di Paarl, bruikbare bakstenen gemaakt kannen worden. Grotendeels omdat onze Municipaliteit destijds ter bescherming van die fijne reukorganen van sommige fijne mensen, het branden van stenen binnen de municipaliteit verboden heeft." Die volgende jaar het die Paarlse Stadsraad vir mnr. J. G. Le Roux toestemming gegee om bakstene by Wateruintjiesvlei op munisipale grond te vervaardig. Die voorwaarde was dat hy 5/- per duisend stene aan die Paarlse Munisipaliteit betaal (*Paarl Post* 18 Jan. 1920). Gedurende die twintiger- en dertigerjare het nog plaaslike steenmakerye tot stand gekom (J.J. Meyer 1986:onderhoud). Daar was Gebrs. Van der Merwe van De Hoop, G.P Lutz van Schoongezicht baksteenmakery en D.J.J. du Plessis Steenmaker van Vlakkeland. Almal was in Dal Josafat gesetel (*Telefoonadresboek* 1939; Drakenstein-heemkring: plakboek; *Paarl Post* 29 April 1922).



Telefoon:/Telephone:
Baksteenvormery/Brickfields 5..
Woning/Dwelling 606

FAKTUUR / INVOICE

Thomstraat 9,
9 Thom Street,
PAARL.

Aan mr. D. J. van Niekerk, 31/5/34.
Pontac, 29
Paarl.

G. P. LUTZ SCHOONGEZICHT BAKSTEENMAKERY / BRICKFIELDS
DALJOSAPHAT

Datum Date		Afleweringsbrief No. Delivery Note No.	Hoeveelheid Quantity	Beskrywing Description	Prys per 1,000 Price per 1,000	BEDRAG AMOUNT
Aug	11	2392	1000	Gemeng	85/-	£4-5-0

'n Faktuur van Schoongezicht Baksteenmakery (Drakenstein-heemkring:plakboek)

Rabinowitz & Berman, van Hugenoot, het sement en kalk in dromme, vate of sakke verkoop (*Paarl Post* 29 April 1922). Die Paarliete kon betonblokke van enige grootte by F. Costa op die plaas Nervi, Klein Drakensteinweg, Hugenoot, koop. Volgens die advertensie in die *Paarl Post* het hulle van die beste riviersand, Suid-Afrikaanse sement en gruis van die granietsteengroewe by die Paarl gebruik (*Paarl Post* 8 Nov. 1930). Die firmas Dick & Allsop en A.L. Dick & Co. het volgens 'n advertensie in die *Paarl Post* 'n gesamentlike argitek, waarskynlik 'n tekenaar, in diens gehad. Indien kliënte boumateriaal by die firmas aangekoop het, kon hulle die tekenaar of argitek gebruik om gratis bouplanne te teken (*Paarl Post* 29 April 1922). Die firmas het onder andere ook Malthoid 'n sintetiese vloerbedekking verkoop.



'n Malthoid-advertensie (Paarl Post *20 Feb. 1926)*

Die firma W. Woods (Eiens.), Beperk, Hoofstraat 548, Noorder-Paarl, het ook boumateriaal verkoop en 'n tekenaar in diens gehad wat bouplanne geteken het (C.J. Bosman 1988:onderhoud; *Paarl Post* 27 Jan. 1934). Die firma het ook 'n tak in Dal Josafat gehad (W.Boudazzi 1989:onderhoud).

W. WOODS (EIENS.), BEPERK,
VIR BOUMATERIAAL EN YSTERWARE.
DIREKTE INVOERDERS.
Die firma met 'n reputasie vir goeie behandeling en kwaliteit. Planne geteken gratis. Prysc Billik.
Hoofstraat 548,
N. PAARL
Fone
627 en 226

(Die advertensie van die firma W. Woods (Eiens.), Beperk het in die destydse Telefoon-adresboek van 1939 verskyn)

Rabinowitz & Berman, Lady Greystraat, Paarl, was regstreekse invoerders van alle soorte boumateriaal (Hoër Meisieskool-jaarblad 1937; *Paarl Post* 3 Julie 1926; *Paarl Post* 10 Des. 1927). Volgens mnr. N.C. Combrink, 'n plaaslike tekenaar, het die firma vensters en deure volgens gegewe mate gemaak (1989:onderhoud).



*'n Voorbeeld van 'n bad en warmwatersilinder wat destyds by Rabinowitz & Berman te koop aangebied is (*Paarl Post *10 Des. 1927)*

'n Plaaslike ingenieursfirma, W. Voigt, Ltd., Hugenoot, het elektriese warmwatersilinders vervaardig (A. Voigt 1989:onderhoud).



'n Advertensie van W. Voigt se warmwatersilinders (Paarl Post *1 Sep. 1939).*

Linoleum was gewild as vloerbedekking (J. Meyer 1986:onderhoud; *Paarl Post* 5 Julie 1919). In die *Paarl Post* van 23 April 1937 is soos volg hieroor berig "Linoleum is, om verskillende redes, teenswoordig 'n baie populêre vloerbedekking. Dit kan in enige kamer van die huis gebruik word." Die linoleum is op die vloeroppervlakte uitgerol en vir 'n maand laat lê om te rek. Daarna is dit vasgespyker of vasgegom. Nadat die linoleum bevestig is, kon dit met vernis, olie of was behandel word (*Paarl Post* 5 Julie 1919, 23 April 1937).

Verf kon plaaslik gekoop word (O. Dreyer 1987:onderhoud; K. Fortuin 1988:onderhoud). Gedurende die agtiende eeu het lady Anne Barnard in haar reisbeskrywing o.m. verwys na 'n "paint stone" wat algemeen in die Paarl-omgewing gevind is. Die klip is eers verpoeier, met olie gemeng en dan is huise asook waens daarmee geverf (Barnard 1924:47). Dié metode het waarskynlik in die laat neëntiende eeu reeds uitgesterf aangesien vandag se ouer geslag nie meer daarvan bewus is nie. Jan Derksen het 'n verfwinkel op die hoek van Malherbestraat en die huidige Derksenstraat gehad. Die straat is na hom vernoem (A. Herr 1989:onderhoud; Malan 1981:63). B. van Gemert en sy seun Jan het 'n onderneming in Lady Greystraat gehad (A. van Schalkwyk 1989:onderhoud; J. Warmenhoven 1987:onderhoud). Die onderneming het huisgereedskap en veral skilderbenodigdhede uit Holland ingevoer (*Paarl Post* 2 Feb. 1918; 16 Julie 1921; 10 Mei 1922).

Lady Greystraat gedurende die veertigerjare met regs na links: Elite haarsalon (mnr. Fourie was destyds die haarkapper); Laws Pty. Ltd.; mnr. N. Louw se klerewinkel en B. van Gemert se winkel. Al die geboue op die foto is alreeds gesloop (Beskikbaar gestel deur H.D. Liebenberg)

Volgens mej. A. van Schalkwyk, destydse sekretaresse van die onderneming, het mnr. B. van Gemert se dogter met 'n Hollander, ene mnr. Sol, wat op pad na die Ooste was, getrou. Gedurende die twintigerjare het dié skoonseun voorgestel dat die firma hul eie verf moet vervaardig en het hy 'n vennoot in die onderneming geword. Die firma het toe as B. van Gemert & Ko. bekend gestaan (*Paarl Post* 23 Feb. 1929).


Wij verschaffen:
VERFWAREN.
VERNISSEN
(Beroemd. MOLIJN Fabrikaat).
PLAKPAPIER.
KWASTEN,
en andere Schilders Benoodigdheden.
Termen: KONTANT.

Telephone: 71.
P.O. Box 4
LADY GREY STRAAT,
Tegenover het Post Kantoor.
Lower Paarl, 1931 / 5 191 /
Mr. Van Niekerk
Paarl
Debet aan
B. van Gemert,
HANDELAAR IN
SCHILDERS BENOODIGDHEDEN.
6 Per cent. gecharqeerd op alle achterstallige rekeningen.

Briefhoof van die onderneming (Van Niekerk-plakboek)

Die winkel was aan die voorkant van die gebou en die fabriek agter. Die verf is onder die handelsnaam Windmill Brand verkoop en is per trein landwyd bemark (*Paarl Post* 23 Feb. 1929; 4 Julie 1931; A. van Schalkwyk 1989:onderhoud). Gedurende die

dertigerjare is mnr. Van Gemert oorlede en sy seun, Jan, en skoonseun, Sol, kon nie oor die weg kom nie. Daar was 'n hofsaak wat deur die seun, Jan van Gemert, verloor is. Hy maak toe sy eie fabriek in Fabriekstraat oop met die naam Jan van Gemert & Co. (*Paarl Post* 4 Julie 1931; 21 Jan. 1933; 13 Jan. 1939; A. van Schalkwyk 1989:onderhoud). Laasgenoemde het sy verf onder die handelsnaam Tower Bridge verkoop (*Paarl Post* 13 Jan. 1939).

'n Advertensie in die Paarl Post van 4 Julie 1931 van B. van Gemert & Ko.

By Hugenootstasie was daar ook 'n verffabriek wat as Standard Paint & Chemical Coy., Ltd., bekend gestaan het (Van Niekerk-plakboek).



'n Briefhoof van die Standard Paint & Chemical Coy. ,Ltd. (Van Niekerk-plakboek)

J. van den Berg was 'n plaaslike binneshuisversierder en skilder (M.S. Myburgh 1988:onderhoud; *Paarl Post* 10 Mei 1928).


Lower Paarl, 6 December 1918.

De Heer van Niekerk.

Dt. aan J. VAN DEN BERG,

Huisschilder, Decorateur, enz.,

HOOFD STRAAT, LOWER PAARL.

1918.

Oct.	Lekkamer en gang geplakt 22 rolles	£	–	12 - 10
	Combuis en badkamer 7 rolles		–	3 - 3
	Combuis muraal uitgewit en bygepleisters		–	8 - 6
		£	1	4 - 7
				12 10
			"	11 9

Ontv. 19/12/18
Met dank
J. vandenberg
19/12/18 Bey Cheque aan Sjoerd van AC Mr A. Skelley
Bd 19/12/18

'n Kwitansie in die plakboek van D.J. van Niekerk (Drakenstein-heemkring)

Die Huguenot Woodworks Limited fabriek, Posbus 1, Hugenoot het behalwe die houtkissies wat hulle vervaardig het, ook hout vir boudoeleindes aan die publiek verkoop (*Hoër Jongenskool-jaarblad* 1921). Boumateriaal kon teen groothandelspryse by S.A. Timber Company, Lady Greystraat, aangekoop word. Een van die direkteure was ene mnr. Kaplan (*Paarl Post* 17 Jan. 1925; 12 Jan. 1929; 11 Jan. 1930; 8 Nov. 1930; A. Roux 1989:onderhoud).





Advertensies van die S.A. Timber Company in die Paarl Post *van 12 Januarie 1929 en 11 Januarie 1930 met 'n aanduiding van boumateriaal wat daar verkrygbaar was.*

Die meeste huise wat gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë ontwerp en gebou is, het 'n veranda met betonpilare gehad. 'n Groot aantal verandas met Victoriaanse pilare met gietyster- of houtwerkversierings is gedurende hierdie tydperk met betonpilare vervang. Die betonpilare kon plaaslik by die S.A. Timber Company, Lady Greystraat, gekoop word (*Paarl Post* 12 Jan. 1929; A. Retief 1988:onderhoud). Die betonpilare kon ook vanaf Salt River Cement Works, Pty., Ltd., Pioniersweg, Soutrivier, of by Union Cement Works, Limited, Albertstraat, Woodstock, bestel word (AB & E 1 Aug. 1918; N.C. Combrink 1989:onderhoud; Telefoonadresboek 1939).

PROFESSIONAL NOTES AND NEWS

THE FOLLOWING IS A LIST OF BRITISH STANDARD SPECIFICATIONS WHICH HAVE BEEN APPROVED BY THE SOUTH AFRICAN STANDARDS INSTITUTION AS SUITABLE FOR BUILDING WORK IN THIS COUNTRY.

12—1931. Portland Cement.
15—1936. Steel for bridges, etc., and general building construction.
61—1913. Copper tubes and their screw threads (primarily for domestic and similar work).
65—1937. Salt-glazed ware pipes including taper pipes bends and junctions.
78—1938. Cast iron pipes (vertically cast) for water, gas and sewage, and special castings for use therewith.
146—1932. Portland Blast-furnace cement.
143—1938. Malleable cast iron and cast copper alloy pipe fittings (screwed B.S.P. taper thread), for steam, water, gas and oil.
138—1935. Portable chemical fire extinguishers of the acid alkali type (excluding foam type).
187—1934. Sand-lime (calcium silicate) bricks.
268—1926. Switchgear cells and cubicles constructed of concrete or moulded stone.
402—1930. Clay or Marl plain roofing tiles.
416—1935. Cast iron spigot and socket soil waste ventilating and heavy rainwater pipes.
437—1933. Cast iron spigot and socket drain pipes.
449—1937. The use of structural steel in building.
455—1932. 5 in. and 6in. steel cased mortice locks—dimensions of.
460—1932. Cast iron spigot and socket light rainwater pipes (cylindrical).
473—1932. Concrete plain roofing tiles.
476—1932. Fire-resistance, incombustibility and non-inflammability of building materials and structures—definitions for (including methods of test).
483—1933. Asbestos cement pressure pipes.
492—1933. Precast concrete partition slabs (solid).
493—1933. Cast iron airbricks and gratings (for use in brickwork).
497—1933. Cast iron manhole covers and frames (light).
504—1933. Drawn lead traps.
534—1934. Steel spigot and socket pipes and specials for water, gas and sewage.
538—1934. Metal arc welding as applied to steel structures.
539—1937. Dimensions of drain fittings, salt glazed ware and salt glazed glass (vitreous) enamelled fireclay.
540—1937. Salt glazed glass (vitreous) enamelled fireclay pipes including taper pipes bends and junctions.
550—1934. Concrete interlocking roofing tiles.
556—1934. Cement concrete cylindrical pipes and tubes (not reinforced).
567—1934. Asbestos cement spigot and socket flue pipes and fittings for gas-fired appliances, dimensions and workmanship of.
569—1934. Asbestos cement spigot and socket rainwater pipes, gutters and fittings, dimensions and workmanship of.
570—1935. Plug and socket connectors for gas-fired appliances.
602—1935. Lead pipes for other than chemical purposes.
606—1935. Plaited sash lines.
693—1936. Oxy-acetylene welding as applied to steel structures.

S.A. STANDARDS.

S.A. 3—1926. Lime.
S.A. 8—1925. Water pipes and fittings.
S.A. 11—1938. Building Bricks.

Pamphlets relating to most of the above are obtainable at Handel House Branch of Central News Agency, Ltd.

'n Lys van Britse standaard spesifikasies wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde as geskik vir bouwerk in Suid-Afrika aanvaar is (SAAR 1939).

5.2 Graniet

Natuurlike klip is van die oudste boumateriaal en as gevolg van die talle maniere waarop dit gebruik kan word, is dit vandag nog gewild. Graniet word as 'n duursame klip beskou omdat dit nie maklik beskadig kan word nie (NBRI 1985:9). Die Paarlvallei is arm aan delfstowwe daarom was mynboubedrywighede tot ongeveer die neëntiende eeu beperk tot die ontginning van klip en gruis vir paaie en die boubedryf. Paarl-graniet is die vernaamste enkele delfstof wat suksesvol bedryf kon word (*Commercial Opinion* 1949:273; Roodt 1969:33). In die *Paarl Post* van 8 November 1930 is die volgende oor Paarl-graniet berig "What Carrara means to the marble world, Paarl means to the granite world." Op 20 Julie 1934 skryf dieselfde koerant weer soos volg "Die monumentnywerheid is vandag 'n suiwer Suid-Afrikaanse nywerheid wat in die Paarl gevestig is omdat graniet hier vrylik beskikbaar is." Kenmerkend van die Paarl-graniet is sy blougrys kleur. Die graniet is in Suid-Afrika sowel as in Europa besonder gewild. Die rede hiervoor is dat dit 'n fyn tekstuur het en besonder lig is. Gepoleerde graniet is nie so porieus soos marmer nie. Die digtheid van graniet verhoed ook dat vlekke daarop verskyn as sekere vloeistowwe daarop gemors word. Graniet word veral vir monumentale werk soos bv. grafstene gebruik. Vir openbare en huishoudelike markte word dit vir die afwerking van geboue, vloer- en werkoppervlaktes gebruik (W. Clift 1988:onderhoud; NBRI 1985:150).

Volgens mnr. P.J. Müller, rustende eienaar van 'n granietbedryf, kan Paarlberg in drie dele verdeel word, noord, middel en suid. Die suidelike graniet is die geskikste, want dit is meer solied. Die kleur van die graniet wissel ook; effens noord is die graniet ligblougrys, in die middel is dit donkerblougrys en suid is dit blougrys (1988:onderhoud). Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was daar in die Paarl sewe ondernemings in die granietbedryf (Joubert 1952:109; Maré 1924:69). Plaaslik kon vakmanne 'n vyfjaarkursus by die groot granietondernemings loop waar hulle in dié ambag opgelei is (P.J. Müller 1988:onderhoud).

5.2.1 Bedryf

Elke granietonderneming in die Paarl het sy eie steengroef gehad. Die grond moes eers verwyder word om die graniet te ontbloot. Die grond is met behulp van grawe en pikke opgekap en met kruiwaens weggery. Eers na die Tweede Wêreldoorlog is begin om die grond met behulp van meganiese laaigrawe te verwyder (W. Clift 1988:onderhoud; P.J. Müller 1988:onderhoud). Volgens die *Paarl Post* van 20 Julie 1934 is die ontginning van die graniet "steenbreuke" genoem.

Klipkappers op Paarlberg (Gribble)

Die Clifts se werksplek in Cliftstraat (Beskikbaar gestel deur W. Clift)

Die growwe dele van die granietblok is eers met die hamer afgekap en daarna is dit met 'n lughamer, wat vier punte het, afgewerk. 'n Plat beitel, onder die vakmanne as 'n "punch" (dryfyster) bekend, is gebruik om die graniet glad af te werk . As die granietwerkers 'n klip moes poleer, het hulle gesê: "Ons aap die klip." Fyn stukkies staal, onder die arbeiders bekend as "shorts", is bo-op die oppervlakte wat gepoleer moes word, geplaas. 'n Klip wat met 'n beitel glad gemaak is, se gladde kant word op die "shorts" geplaas. Aan weerskante van die klip is twee planke vasgeheg waaraan die twee werkers wat die klip gaan poleer, kon vashou. Die twee stoot en trek die klip heen en weer na mekaar toe en sodoende word die granietblok gepoleer deur die wrywing van die "shorts" op die graniet. In die proses word daar eers van growwe "shorts" en mettertyd van fyner stukkies gebruik gemaak. Vir die finale afwerking word 'n poleerpoeier gebruik om die glans te verskaf (W. Clift 1988:onderhoud, P.J. Müller 1988:onderhoud).

Vir grafsteen- en beeldmotiewe was daar foto-albums en patroonboeke beskikbaar. Indien 'n kliënt iets anders wou hê, moes die vakman sy eie sketse op skaal teken en die werk daarvolgens doen. Vir beeldhou- of reliëfwerk is eers gipsmodelle gemaak en daarna is dit op skaal uit die graniet gebeitel (W. Clift 1988:onderhoud; J. van Eeden 1988:onderhoud).

Die ambag om loodletters op die graniet te plaas, was ook 'n belangrike onderdeel van hierdie bedryf. Die letters is eers met 'n potlood op die graniet afgeteken. Daarna word dit met 'n beitel uitgekap en dan word binne die groewe van die letters klein gaatjies geboor. Lood, wat in presies die regte dikte gegiet en gesny is, word dan in die groefies van die letters met 'n notehouthamer ingeslaan. Soos die lood ingedryf word, vul dit ook die vooraf geboorde gaatjies sodat die letters nie sal uitval nie. Die gevormde letters word netjies met beitels afgewerk en uitgesny. Dit het as "verhewe loodletters" bekend gestaan (W. Clift 1988:onderhoud; P.J. Müller 1988:onderhoud; J. van Eeden 1988:onderhoud).

Elke granietverwerkingsfirma het sy eie grofsmid gehad. Hy het beitels en pikke gemaak en gesorg dat al die gereedskap skerp is (P.J. Müller 1988:onderhoud).

5.2.2 Paarl Monumentale Werke

Die monumentnywerheid van die Paarl is in 1898 deur Carl F.W. Bohlman en W.H. Opie begin. Op die Paarlse Landbouskou van 1906 het mnr. Bohlman 'n prys vir sy werk gewen. 'n Afdruk van die medalje is as wapen op hul briefhoofde gebruik (Joubert 1952:109; *Paarl Post* 9 Feb. 1918). Die onderneming se perseel was in Lady Greystraat, regoor die destydse Masonic-hotel. Gedurende die dertigerjare is 'n nuwe gebou in Bredastraat opgerig en die direkteure van die onderneming was twee Paarliete, mnre. L. Bohlman en C.H. Arnold. Albei is ook plaaslik gebore (*Paarl Post* 19 Mei 1936).



'n Advertensie in die Paarl Post *van 15 Mei 1936 met die direkteure links en 'n algemene blik op die werksplek, regs*

Alhoewel bogenoemde onderneming destyds welbekend was, bestaan dit nie meer nie.

5.2.3 J.A. Clift (Edms) Bpk.

James Andrew Clift, 'n granietambagsman, het in 1880 met die ontdekking van goud in Transvaal vanaf Persens, Cornwallis, in die suide van Engeland na Suid-Afrika gekom. Die goudmynbedryf het hom nie aangestaan nie en hy is terug Engeland toe. Hy verneem egter dat daar 'n moontlikheid bestaan om met 'n granietbedryf in Kaapstad te begin. In die jaar 1902 emigreer hy en sy vrou, Caroline, en sy twee kinders, John Andrew en Linda, na Suid-Afrika, waar sy ander twee kinders, William en Emma, later gebore is. James, die stigter van J.A. Clift (Edms) Bpk. het in 1906 sy eerste groot werk gekry, die klipwerk vir die Rhodes-gedenkteken teen die hange van Tafelberg, wat deur die argitek Herbert Baker ontwerp is. Graniet afkomstig van Higgovale, Tafelberg, is vir hierdie monument gebruik. Om die graniet op te lig, het mnr. Clift die eerste hyskraan na Suid-Afrika ingevoer. Dit was van hout gemaak en is nog steeds in die Clifts se besit. Die houtkonstruksie is egter in later jare met staal vervang. Mnr. J.A. Clift het intussen begin rondsoek na 'n ander goeie granietgroef, want hy het besef dat Higgovale toegebou gaan word. (W. Clift 1988:onderhoud; *Paarl Post* 30 Junie 1923; R. van Ginkel 1987:onderhoud).

In 1908 het die Clift-gesin na die Paarl verhuis omdat daar volop graniet was. Dit was feitlik in die boere se pad. 'n Granietgroef is toe op die plaas De Hoop, wat destyds aan die Minnaars behoort het en tans die eiendom van die Clifts is, aangelê. Die grond is van die Minnaars gehuur en aanvanklik is al die werk by die steengroef gedoen. Later het mnr. Clift grond naby Paarlstasie gehuur en dit het as die verwerkingsterrein gedien. In 1916 het mnr. Clift 'n huis op die hoek van die huidige Concordia- en Cliftstraat gekoop. Laasgenoemde straat is na dié bekende persoonlikheid in die granietbedryf vernoem (W. Clift 1988:onderhoud; O.J. Dreyer 1987:onderhoud).

Klipkappers van J.A. Clift by die steengroef op die plaas De Hoop (Gribble)

Die spoor waarop die graniet vervoer is (Gribble)

By die werksplek het elke klipkapper 'n blok graniet en sy eie genommerde balie, wat as werkstafel gedien het, gehad. Nadat die graniet klaar voorberei is, is dit per vragmotor of spoor na die bouperseel vervoer. Granietstene is altyd aan die regterkant gemerk. 'n Plan is geteken waarop die stene met hul nommers soos hulle opmekaar pas, aangedui word. Die messelmateriaal was gewoonlik 'n mengsel van sand, kalk en sement (W. Clift 1988:onderhoud).

In 1931 het Clift die kontrak vir die Ou Mutualgebou in Kaapstad gekry. Vir dié projek moes hulle drieverdieping hoë granietpilare maak en daarvoor is 'n spesiale draaibank ingevoer. Granietbeelde of reliëfwerk is deur mnr. Samuel Oosthuizen, wat in Ceceliastraat gewoon het, gedoen (W. Clift 1988:onderhoud; J.J. Meyer 1986:onderhoud).

Gedurende die Depressiejare was daar 'n afname in die boubedryf en om die bekwame klipkappers in diens te behou, het hulle nog 'n afdeling, die grafsteenbedryf, begin. Een van die spesialiste wat die letters op die stene aangebring het, was mnr. Sandy McGhee (W. Clift 1988:onderhoud; A. Smook 1988:onderhoud).

Die onderneming J.A. Clift (Edms) Bpk. is in 1936 gestig en tans (1986) is sy seun William die voorsitter en sy kleinseuns direkteure (*Paarl Post* 27 Junie 1986). Twee jaar na die stigting is J.A. Clift met vakansie na Engeland. Hy was as die "Granite Industry Chief" bekend. Voor sy vertrek het sy werknemers hom gaan afsien (*Cape Times* 9 April 1938; *Paarl Post* 12 April 1936).



Links is 'n foto van die werksperseel in Lady Greystraat, wat in die Paarl Post *van 20 Julie 1934 verskyn het. Regs is 'n advertensie in die* Paarl Post *van 23 Maart 1929*

Volgens mnr. J.A. van Eeden, wat in diens van die Unie Monumentale Werke was, is marmer uit Europa ingevoer. Swart graniet is van Pretoria en rooi graniet van Calvinia bestel en per trein vervoer. Paarl-graniet is veral vir boustene gebruik. Die bewerking ("dress") van granietstene was mnr. Van Eeden se werk (1988:onderhoud). Bogenoemde onderneming het in die sewentigerjare sy deure permanent gesluit. (P. Müller 1988:onderhoud).

5.2.5 J. Allen en Seuns

Mnr. J. Allen het uit Engeland na Suid-Afrika geïmmigreer en met 'n steengroef op die plaas Labori begin. Nà sy afsterwe het sy drie seuns, George, Ernest en Clide, die bedryf oorgeneem (M. Ritter 1988:onderhoud).

'n Advertensie van die onderneming in die Paarl Post, *18 Desember 1928*

Mev. M. Ritter se vader, mnr. Andries Wium, was in J. Allen en Seuns se diens. Mnr. A. Wium se werk was om by die boupersele vir die arbeiders te wys hoe om met die graniet te bou en waar die verskillende stene inpas (Joubert 1952:109; M. Ritter 1988:onderhoud). Die onderneming bestaan nie meer vandag nie.

5.2.6 Westelike Provinsie Monumentale Werke

Die onderneming se perseel was in Lady Greystraat maar sy steengroef in Suider-Paarl, op Paarlberg. Die eienaars was mnre. Retief en De Lange (Joubert 1952:109; P.J. Müller 1988:onderhoud).

P.O. BOX / P.K. BUS 229 — PHONE / FOON 676

WESTERN PROVINCE MONUMENTAL WORKS (PTY.) LIMITED.

Makers and Importers of Granite and Marble Monuments. 67a, Lady Grey St., PAARL. Fabrikante en Invoerders van Graniet en Marmer Grafstene.

'n Advertensie in die Telefoonadresboek 1939

Mnr. Piet Müller het gedurende die dertigerjare 'n vakleerlingskap van vyf jaar in granietwerk by die onderneming Westelike Provinsie Monumentale Werke gevolg. Die vyfjaarkursus het hy egter binne vier jaar voltooi. Mnr. Müller het by mev. Jacobs wat in Derksenstraat gebly het, loseer. Haar seun was ook by die granietbedryf betrokke. Net na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Müller en Jacobs besluit om hul eie onderneming te begin. Die onderneming Jacobs en Müller is in 1940 gestig. Hulle het in Agter-Paarl op die plaas Diamandt, 'n stuk grond waarop hul steengroef was, teen 'n maandelikse bedrag gehuur. Die ondernemimg Westelike Provinsie Monumentale Werke is in die sestigerjare ontbind. Die onderneming Jacobs & Müller is egter nog steeds in die bedryf (P.J. Müller 1988:onderhoud).

5.2.7 Kleiner ondernemings wat by die granietbedryf betrokke was

Die Afrikaanse Grafsteenwerken is onder leiding van mnre. Richard en Higgo in 1922 gestig (*Paarl Post* 2 Sept. 1922; 16 Junie 1923).





'n Advertensie van die Afrikaanse Grafsteenwerken soos in die Paarl Post *van 17 Des. 1927*

Gedurende die dertigerjare verskyn daar egter nie meer advertensies van dié onderneming in die *Paarl Post* nie en in die Telefoonadresboek van 1939 ontbreek die naam ook. Waarskynlik het die onderneming gedurende die Depressiejare gesluit.

In die *Paarl Post* het daar ook advertensies verskyn van Optenhorst Granietwerke wat aan mnr. A.J. van der Merwe behoort het (*Paarl Post* 28 Okt. 1938).

*Twee advertensies met voorbeelde van granietwerk wat by Optenhorst Granietwerke bestel kon word (*Paarl Post *29 Des. 1938; 13 Jan. 1939)*



'n Advertensie van die Afrikaanse Grafsteenwerken soos in die Paarl Post *van 17 Des. 1927*

Gedurende die dertigerjare verskyn daar egter nie meer advertensies van dié onderneming in die *Paarl Post* nie en in die Telefoonadresboek van 1939 ontbreek die naam ook. Waarskynlik het die onderneming gedurende die Depressiejare gesluit.

In die *Paarl Post* het daar ook advertensies verskyn van Optenhorst Granietwerke wat aan mnr. A.J. van der Merwe behoort het (*Paarl Post* 28 Okt. 1938).

*Twee advertensies met voorbeelde van granietwerk wat by Optenhorst Granietwerke bestel kon word (*Paarl Post *29 Des. 1938; 13 Jan. 1939)*

Van die sewe ondernemings wat gedurende die tydperk onder bespreking aktief in die Paarl besig was, is dit slegs J.A. Clift (Edms) Bpk. wat nog steeds voortbestaan. Jacobs & Müller tel nie onder die sewe ondernemings nie, aangesien dit eers in 1940 gestig is.

6. GEBOUTIPES

6.1 Residensieel

Weens die Groot Griep van 1918 is daar net na die Eerste Wêreldoorlog weinig geboue in die Paarl opgerig. Opvoedkundige sentrums is gesluit en geen jaarblaaie het verskyn nie (J.J. Meyer 1986:onderhoud). Die plaaslike argitek W.H. Louw het in 1914 vir homself 'n huis met Arts and Crafts-elemente aan Hoofstraat ontwerp. Die gebou is in 1918 voltooi. Aangesien daar destyds nie 'n plaaslike hospitaal was nie, is die woonhuis, voordat Louw daar ingetrek het, as hospitaal gedurende die griepepidemie gebruik (W.H. Louw: persoonlike dagboek).

Gedurende die twintiger- en dertigerjare tot en met die Tweede Wêreldoorlog is daar ten spyte van die depressiejare verskeie plase en erwe onderverdeel en is nuwe woonhuise gebou (N.C. Combrink 1989:onderhoud; *Paarl Post* 1 Maart 1930). Daar is gedurende hierdie tydperk meer woonhuise as enige ander tipe gebou in die Paarl opgerig. Die inligting is gebaseer op die planne wat by die Munisipaliteit beskikbaar is en geboue wat volgens onderhoude en eie opnames tussen die twee wêreldoorloë in die Paarl gebou is.

Die meeste woonhuise het verandas, oop portale of elemente van die Kaaps-Hollandse Herlewing vertoon. Skakelhuise met varings in paraffienblikke op die voorstoep was 'n algemene straatbeeld (M. Schietekat 1989:onderhoud). Volgens die planne by die Paarlse Munisipaliteit kon sewentien woonhuise met duidelike Arts and Crafts-elemente geïdentifiseer word, een woonhuis met Tudor-invloed (egter nooit gebou nie); twee woonhuise met Mediterreense elemente; een woonhuis met Klassieke elemente; twee woonhuise met Internasionale Stylelemente en sewe woonhuise met Art Deco-elemente. Tipiese voorbeelde word onder die afdeling heersende style behandel.

Baie woonhuise is periodiek gemoderniseer. Victoriaanse hout- of gietysterpilare is bv. met betonpilare vervang (J.P. Theron 1988:onderhoud). Gedurende die tydperk onder bespreking is daar verskeie planne van aanbouings by die Munisipaliteit ingedien, waarvan 147 vir nuwe verandas met betonpilare was. Die meeste woonhuise het staandakke van sink gehad, terwyl die deftiger huise teël- en rietdakke gehad het. Die Paarliete was gekant teen die platdak wat destyds meer in die mode was. In die *Paarl Post* van 30 Januarie 1926 is die volgende oor die onderwerp geskryf: "Dit behoort 'n wet te wees dat daar net moet staandakke wees in die Hoofstraat. Bouw die Pêrel op, nie plat nie!" Later moes die tradisionele vervoer - kapkarre, waens en perde - plek maak vir die motor. Dit het ook 'n invloed op die boukuns gehad, aangesien baie nuwe

motorhuise ontwerp is. By die Paarlse Munisipaliteit is daar vanaf 1926-1939 nie minder nie as 153 planne vir motorhuise ingedien. Die badkamer het ook 'n integrerende deel van die huis geword en 57 nuwe badkamers is in hierdie tydperk aan bestaande huise aangebou. 'n Groot getal mense het egter nog steeds geglo dat die toilet nie deel van die binneruimte moes wees nie (J. Meyer 1986:onderhoud). Anders as vandag was die buiteleefruimtes soos die verandas nie privaat nie maar aan die straat se kant. Die skakeling met die publiek was dus oënskynlik meer belangrik as die privaatheid van die gesin.

Die moderne oopplanhuise wat in Amerika en Europa ontwerp is, het eers na die Tweede Wêreldoorlog inslag in die Paarl gevind (P.S. Pahl 1990:onderhoud).

Volgens 'n advertensie wat in die *Paarl Post* gevind is, is 'n nuwe enkelverdiepingskakelhuis met vier kamers, 'n kombuis, 'n badkamer en 'n motorhuis in Swartvleistraat in 1939 teen £850 te koop aangebied. 'n Woonhuis met drie slaapkamers, 'n studeerkamer, 'n ontbytkamer, eetkamer, kombuis en badkamer, 'n motorhuis en 'n groot tuin in Noorder-Paarl is teen £1 550 geadverteer. In Suider-Paarl is 'n woonhuis met vyf kamers 'n kombuis, badkamer en motorhuis met elektriese ligte, op 'n groot stuk grond met honderd vrugtebome en tweeduisend wingerdstokke vir £2 850 geadverteer (*Paarl Post* 14 Feb. 1939).

Die eerste planne vir 'n swembad by 'n woonhuis is in 1935 (plan nr. 40, uit Auretstraat), by die Munisipaliteit ingedien. Volgens mev. B. Louw het die middelklasmense nie hul eie huise besit nie, maar die welgesteldes in die gemeenskap het huise laat bou en dit dan verhuur (1988:onderhoud). 'n Algemene gebruik was ook om dubbelverdiepinggeboue te ontwerp waarvan die grondvlak winkels en die eerste vlak woonstelle bevat het. Hierdie geboue word in die afdeling "Kommersieel" bespreek.

6.2 Opvoedkundig

Tussen die twee wêreldoorloë is belangrike geboue vir opvoedkundige doeleindes opgerig. Hieronder volg 'n lys van geboue en wysiginge aan geboue wat vir opvoedkundige doeleindes deur die Munisipaliteit van die Paarl in hierdie tydperk goedgekeur is. Alhoewel koshuisgeboue onder residensiële argitektuur geklassifiseer kan word, word dit hier onder opvoedkundige geboue behandel aangesien koshuise gewoonlik deel van die hele terreinontwerp saam met die skool vorm.

- Onderwyserskollege Athlone in Sanddriftstraat vir bruin studente, W.H. Louw, 1925

- 'n Addisionele dubbelverdiepinggebou met skuifraamvensters vir die Hoërskool Gimnasium in Hoofstraat, W.H. Louw, 1927
- Immanuelskool in Hoofstraat, Noorder-Paarl, nuwe toiletgeriewe, N.C. Combrink, 1927
- Zionskool in Zionstraat, veranda en addisionele klaskamers, W.A. Louw, 1929
- Gimnasiumkoshuis (tans die Oude Pastoriemuseum langs die N.G. kerk Noorder-Paarl), 'n veranda met betonpilare, onbekende ontwerper, 1929. (Die gebou is slegs tydelik as koshuis gebruik)
- Nuwe koshuis vir Gimnasium in Van der Lingenstraat, Louw & Louw, 1933
- Moslemskool (tans die Saame-gebou op die hoek van Moslem- en Weisstraat), 'n nuwe veranda, onbekende ontwerper, 1933
- Nuwe koshuis vir La Rochelle in Faurestraat, S.R. Immelman, 1935
- Hoër Meisieskool La Rochelle, addisionele klaskamers, S.R. Immelman, 1935
- Nuwe koshuisgebou vir Hoër Jongenskool Paarl in Auretstraat, Louw & Louw, 1935
- Onderwyserskollege in Hoofstraat, handwerkkamer, Louw & Louw, 1935
- Imhoff-koshuis van die Hoër Jongenskool, toiletgeriewe, H.L. Brink (in die diens van W.H. Louw),1935
- Hoër Jongenskool, uitbreidings tot 'n dubbelverdiepinggebou, Louw & Louw, 1938

(M. Moosa 1989:onderhoud; *Paarl Post* 28 Julie 1939; M. Victor 1990:onderhoud)

6.3 Kommersieel

In die *Paarl Post* van 29 November 1930 is die volgende oor kantoor- en winkelgeboue berig: "Ons dorp het in die laaste jare baie vooruit gegaan met die bou van mooi nuwe winkels en ander geboue, en tog is daar florerende besighede wat gedryf word in geboue wat die dorp nie tot eer strek nie en waarvoor die eienaars behoort skaam te voel." Hieronder volg 'n lys van kommersiële geboue wat in die Paarl opgerig is in die tydperk onder bespreking.

- Die Elite-bioskoop in Hoofstraat (ongeveer waar die Art Fashion-klerewinkel vandag is), W.H. Louw, 1921
- Winkel van G.J. Retief in Hoofstraat, nuwe winkelvensters, N.C. Combrink, 1927
- Nuwe winkel vir J. Bloom in Lady Greystraat, N.C. Combrink, 1927
- Nuwe stoor in Jubileestraat, N.C. Combrink, 1927
- Winkel van mnr. M. Krawitz in Lady Greystraat, N.C. Combrink, 1927
- Nuwe winkel vir mnr. P. Hendler in Markstraat, N.C. Combrink, 1928
- Motorhawe vir J.A. Husselman, op die h.v. Rose- en Hoofstraat, H.L.Brink, 1928

- Nuwe winkel vir mnr. B. Miller, op die hoek van Breda- en Du Toitstraat, N.C. Combrink, 1928
- Nuwe haarkappersalon vir mnr. J. Geffin in Lady Greystraat, N.C. Combrink, 1928
- Winkel vir mnr. N.J. Rossouw in Hoofstraat, 213
- 'n Nuwe veranda aan bestaande slaghuis, H.L. Brink, 1928
- Winkel van Dick & Allsop op erf 6950, 'n nuwe veranda, H.L. Brink, 1929
- Nuwe kantien vir mnr. A. Cohen in Hoofstraat met 'n gewel en veranda, N.C. Combrink, 1929
- Masjienkamer vir J.F. Phillips in Fabriekstraat erf 247, N.C. Combrink, 1930
- Projektorkamer vir die Palladium-bioskoop, Richard Day van Kaapstad, 1930
- Grofsmidswinkel vir J.A. Clift by die Paarlstasie, W.H. Louw, 1930
- Winkel van Mauritz Uys op die hoek van Auret- en Hoofstraat, nuwe vertoonvensters en 'n veranda, W.H. Louw, 1930
- Winkel van A.L. Dick & Co. op die hoek van Lady Grey- en Hoofstraat, 'n nuwe veranda, onbekende ontwerper, 1931
- Drie winkels vir W. Voight in Lady Greystraat, W.H. Louw, 1931
- Winkel van C. de Villiers in Lady Greystraat, nuwe vertoonventsers, N.C. Combrink, 1931
- Ackermangebou in Hoofstraat, 'n nuwe veranda, Oosthuizen en Sterrenberg, 1931
- Garlicks (hulle het mnr. D.J. du Plessis se winkel in Lady Greystraat oorgeneem), die interieur en die vertoonvensters is verander, Louw & Louw, 1931
- Palladiumgebou, veranderings, Louw & Louw, 1932
- Rabinowitz en Berman, winkel in Kasteelstraat, 'n houtstoor met gewels is ontwerp, Louw & Louw, 1933
- Nuwe winkel vir Rabinowitz en Berman in Lady Greystraat, Louw & Louw, 1933
- Slaghuisgebou met gewel vir A.J. Theunissen in Van Riebeeckweg, onbekende ontwerper, 1933
- Paarlse Boedel en Agentskap Mkp. Bpk., kantore en winkels in Hoofstraat, S.R. Immelman, 1933
- Nuwe winkel van mnr. M. Ziman in Lady Greystraat met veranda, N.C. Combrink, 1934
- Kroeg met veranda vir D. Nelson in Hoofstraat, N.C. Combrink, 1934
- Pakkamer vir mnr. Shoolman in Bredastraat, N.C. Combrink, 1934
- Visstoor vir mnr. C. Louw in Suider Paarl, onbekende ontwerper, 1934
- Vulstasie vir S & A Cohen in die Hoofstraat, N.C. Combrink, 1934
- Kantoor en winkelkompleks vir Jack Phillips in Lady Greystraat, S.R. Immelman, 1934
- Winkel vir mev. C. Retief in Hoofstraat, nuwe vertoonvenster, onbekende ontwerper, 1934
- Woonstel en winkelgebou in Hoofstraat, S.R. Immelman, 1935

- Standardbankgebou in Hoofstraat, nuwe vensters en toiletgeriewe, William Black & Fagg van Kaapstad, 1935
- Vulstasie vir mnr. B. Shapiro in Hoofstraat, onbekende ontwerper, 1936
- Winkelgebou vir G. Ring in Hoofstraat, onbekende ontwerper, 1936
- Kantoor en werkswinkel vir mnr. Kaplan in Lady Greystraat, onbekende ontwerper, 1936
- Devine & Co., kantoorgebou in Concordiastraat, Louw & Louw, 1936
- Motorhawegebou vir C. Back met 'n trapgewel, N.C. Combrink, 1936
- African Mutual Trust and Assurance Co. Ltd, modernisering van fasade, S.R. Immelman, 1937
- Nuwe gebou vir Paarl Board of Executors, Louw & Louw, 1937
- Holmes Motor Co. Ltd. in Lady Greystraat, nuwe fasade, Sterrenberg en Lutz, 1937
- Winkelgebou vir Bloom op die hoek van Lady Grey- en Versterstraat, N.C. Combrink, 1937
- Vier nuwe winkels in Stasiestraat, N.C. Combrink, 1938
- Royal Hotel en Lady Grey Bridge Hotel, fasades is gemoderniseer, 1938
- Vulstasie vir J. de Klerk in Parysweg, J. Collins, 1939
- Woonstelle en winkelkompleks in Hoofstraat, J.P. Vromans, 1939

(*MP; Paarl Post* 23 Julie 1953)

6.4 Industrieel

Gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë was die Paarl ook bekend vir sy industrieë. Die gebruik van halfronde dakke vir dié tipe geboue was 'n algemene boutrant. 'n Tipiese voorbeeld is die verffabriek wat N.C. Combrink in 1937 vir J. Immelman ontwerp het (MP 1937, plan 102).

'n Dwarssnit deur die gebou (MP 1937, plan 102)



Combrink se voorstelling van die gebou (MP 1937, plan 102)

In Europa en Amerika het argitekte meer aandag aan industriële geboue begin skenk. Die Paarl het nie agtergebly nie en argitekte van die Kaap, Roberts & Small, het 'n gebou met moderne elemente vir Royal Baking Powder (Pty Ltd) ontwerp. Die meeste geboue was egter slegs funksioneel en het nie elemente van enige styl nie. Hieronder volg 'n lys van geboue en wysiginge aan geboue wat vir industriële doeleindes deur die Munisipaliteit van die Paarl in hierdie tydperk goedgekeur is.

- 'n Pakhuis vir L. Louw, Hoofstraat, Suider-Paarl, J. Lonstein, 1927
- Aanbouings, S.A. Milling Co., Ltd., Hugenoot, Black & Fagg, 1928
- Wynkelder vir Italian Warehouse in Eilandstraat, A. de Villiers, 1928
- Looierykamer, 'n ketelkamer en droogkamer vir die Paarl Tanning and Boot Co., Van der Lingenstraat, N.C. Combrink,1928
- Distilleerkamer vir E.K. Green & Co. in Hugenoot, Departement van Openbare Weke, 1928
- 'n Wynkelder vir D.J. Le Roux in Ceceliastraat, A.J. de Villiers & seuns, 1928
- Werkswinkel vir mnr. P.J. van der Merwe in Jan van Riebeeckweg, 1928
- Wynkelder vir K.W.V. by Paarlstasie, W.H. Louw, 1929
- Fabriek vir Western Province Tabacco Growers Co. Ltd. by Paarlstasie, onbekend, 1929
- Veranderings by die Royal Baking Powder Co., Hugenoot, Johnston & Thomson, 1929
- Nuwe vertoonvensters en winkel vir die Paarl Wine and Brandy Co., 1929
- Die masjienkamer van die Retief de Ville & Co. in Fabriekstraat is in 'n rolskaatsbaan omskep, 1930
- 'n Pakhuis vir E.K. Green & Co. in Distillerystraat, onbekend, 1931
- Verpulpingskamer vir H. Jones & Co., Paarlstasie, A. de Villiers, 1931
- 'n Pakhuis vir Paarl Roller Flower Mills Limited in Hugenoot, onbekend, 1931
- Fabriek en kantore vir Royal Baking Powder in Jan van Riebeeckweg, Roberts & Small 1931

- Slegs grondplanne van fabriek (geen aanduiding van hoe die fasade sou lyk nie) vir KWV by Paarlstasie, onbekend, 1933
- 'n Pakkamer vir Devine & Co. in Concordiastraat, J.P. Grundlingh, 1933
- Koelkamers vir Jones & Co. by Paarlstasie, A.J. de Villiers, 1934
- Wynkelder vir C.J. du Toit, De La Roche Noorder-Paarl, onbekend, 1934
- 'n Pakhuis vir Paarl Monumentale Werke, Bredastraat, onbekend, 1934
- Fabriek vir die Premier Canning & Manufacturing Co. in Daljosafat, Roberts & Small, 1934
- Pakhuis vir Royal Baking Powder Co. in Jan van Riebeeckweg, 1934
- Verffabriek vir J. Immelman Estate in Lady Greystraat, N.C. Combrink, 1937
- Koringpakhuis vir SASKO, Lady Greystraat, onbekend, 1937
- Wynkelder vir E.K. Green & Co. in Distillerystraat, S. Chapman, 1938
- Veranderings aan bestaande gebou van E.K. Green & Co in Hugenoot, S. Chapman, 1938
- Pakhuis vir Monis Wineries in Eilandstraat, N.C. Combrink, 1938
- Bestaande Laboratoriumgebou van die K.W.V. word in kantore omskep, onbekend, 1938
- Aanbouing aan bestaande fabriek van H. Jones & Co. by Paarlstasie, A.J. de Villiers & sons, 1938
- Pakkamer vir Woods in Skoolstraat, W. Woods, 1939
- Kantore vir H. Jones & Co. by Paarlstasie, A.J. de Villiers & sons, 1934
- Pakkamer vir Rabinowitz & Berman op die hoek van Swartvlei- en Sinagogestraat, J.P. Vromans, 1939

6.5 Openbare geboue

In 1923 kry die Paarl sy eie hospitaal. Die plaaslike argitek W.H. Louw het die planne in 1921 geteken en op 19 September 1923 was die offisiële opening (Louw: persoonlike dagboek; *Paarl Post* 25 Aug. 1923). Hy was ook verantwoordelik vir die ontwerp van die biblioteekgebou in Hoofstraat (Louw: persoonlike dagboek). Bogenoemde planne is egter met die afbrand van die ou stadhuis vernietig. In 1927 het die destydse stadsingenieur, mnr. H. Reitz, planne vir 'n nuwe stadshuis ontwerp. Die argitek W.H. Louw het toesig gehou by die oprigting van die gebou (N.C. Combrink 1989:onderhoud). Die oorspronklike planne is nie by die Munisipaliteit van die Paarl nie, maar wel by die KAB beskikbaar (KAB: M2/706; M2/707; M2/708; M2/709; M2/710).

In 1936 is 'n poskantoorgebou op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat ontwerp. Die planne kon egter nie by die Paarlse Munisipaliteit opgespoor word nie (*Paarl Post* Maart 1936).

6.6 Religieus

Hieronder volg 'n lys van religieuse geboue wat in die Paarl opgerig is in die tydperk onder bespreking.

- Talmud Torah-saal vir die Joodse gemeenskap in Sinagogestraat, onbekend, 1919
- Kerksaal vir N.G. kerk Noorder-Paarl, op die hoek van Hoof- en Van der Lingenstraat, W.H. Louw, 1926
- Sinagoge vir Joodse gemeenskap, op die hoek van Breda- en Sinagogestraat, W.H. Louw, 1927
- A.G.S.-saal in Malherbestraat, onbekend, 1930

7. HEERSENDE STYLE EN INVLOEDE

Alhoewel daar tans 'n toenemende belangstelling in argitektuur en die bewaring van geboue is, bestaan daar nog steeds 'n behoefte aan intensiewe navorsing oor argitektuurstyle wat in Suid-Afrika voorkom (Peters 1983:16). Die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het tot op hede min aandag ontvang.

Die bewuswording van die argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap en dus ook die Paarl, kan teruggevoer word na mense soos Alys Fane Trotter, wat tekeninge van Kaaps-Hollandse geboue gemaak het (Trotter 1900:14). Vroeë fotograwe soos Arthur Elliott asook die Gribble-familie het groot bydraes gelewer. Die Gribble-familie was deur verskillende geslagte sedert 1888 tot vandag in die Paarl aktief. Ongeveer 25 000 negatiewe van dié firma is by die Drakenstein-heemkring beskikbaar vir navorsing (Carstens 1988:16; F. de Klerk 1987:onderhoud; Drakenstein-heemkring; KAB). 'n Belangstelling in ons erfenis gaan hand aan hand met bewaring. Die eerste poging om 'n gebou in die Paarl te restoureer, was gedurende 1939 toe die Stadsraad besluit het om die destydse Hugenote-museum, aanvanklik 'n plaaswoning en gedurende die agtiende eeu 'n pastoriegebou vir die Strooidakkerk, in die Kaaps-Hollandse styl op te knap. Tans is dit die Oude Pastorie-museum (Hugenote-museum: notuleboek 14 Aug. 1939; *Paarl Post* 16 Maart 1973). Hierdie baanbrekerstaak is eers gedurende die sewentigerjare opgevolg toe bewaringsorganisasies die vloedgolf van slopings begin stuit het. Dit was egter slegs geboue met Kaaps-Hollandse en Georgiaanse stylelemente wat bewaar is. Tot so onlangs as 1982 is die laaste enkelverdieping Victoriaanse winkel in Hoofstraat gesloop. Dat ander geboue buiten dié met Kaaps-Hollandse stylelemente ook vir bewaring in aanmerking moes kom, het tot 'n groot polemiek gelei. Alhoewel geboue met Art Deco- en Internasionale stylelemente alreeds meer as sestig jaar gelede in die Paarl opgerig is, is daar tot op hede nog nie een van daardie geboue tot nasionale gedenkwaardighede verklaar nie. Geboue is historiese rekords van die verlede en elke tydperk het sy eie meriete (Herholdt 1986:10; RGN; P. Riley 1990:onderhoud).

Aangesien argitektuur 'n tasbare produk van die mens se kulturele skepping is, kan geboue nie so presies soos bv. botaniese spesies in verskillende kategorieë ingedeel word nie. 'n Argitek of ontwerper van 'n gebou word deur verskeie elemente beïnvloed en in die meeste gevalle is die eindproduk 'n samestelling van style (Peters 1982:7).

Die term "styl" is afgelei van die Latynse woord "stilus" en verwys na die besondere wyse waarop 'n individu met 'n stilus of pen geskryf het (Postma 1985:304; Simpson 1987:570). Die woord het dus aanvanklik klem gelê op die manier van skryf en nie op die emosie en gees daaragter nie. Mettertyd is laasgenoemde betekenis ook aan die

noord geheg (Leathart 1940:14). M.S. Briggs het "styl" in die *Everyman's concise encyclopaedia of architecture* as volg beskryf: "In architecture style is a manner or mode or fashion of building practised at any one period (e.g. Gothic style), or in any particular region in that period (e.g. the German Gothic style); and distinguished by certain characteristics of general design, construction and ornament. The term seems to have been applied to literacy style long before it was applied to architecture" (1954:322). Die skrywer, digter en eertydse professor in Afrikaans W.E.G. Louw het in Kaapstad tydens die stigtingsbyeenkoms van die Stigting Simon van der Stel op 8 April 1959 'n referaat gelewer en die volgende oor "styl" gesê: "Styl is immers die lewende, gedurig veranderde uitdrukking, nie slegs van 'n unieke en éénmalige persoonlikheid nie, maar ook van dié persoonlikheid soos hy deur kragte buite hom in 'n bepaalde tyd gevorm is" (1966:11). Estelle Maré, tans dosent by die Universitiet van Suid-Afrika in Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, noem in haar proefskrif dat die konsep "styl" gebruik word om die kenmerke van 'n versameling werke te beskryf (1985:56). Die term "styl" is dus gaandeweg gebruik om die wyse waarop en redes waarom 'n individu en groepe sekere dinge op sekere maniere doen, aan te dui (Kuijers 1980:21; Odendaal 1984:1105).

Aangesien daar baie min dokumentasie oor die tydperk onder bespreking in Suid-Afrika bestaan, is die terme van die heersende style wat in die Paarl voorgekom het aan Argitektuur-departemente by universiteite en een-en-dertig kundiges wat oor argitektuur skryf, gestuur en om kommentaar gevra. Slegs vier het geantwoord. Van hierdie inligting sowel as dié uit gepubliseerde werke van Europese, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse oorsprong is gebruik gemaak om die geboue van die Paarl volgens style in te deel. Dit moet egter nie as eksklusiewe indelings gesien word nie, want in die meeste gevalle is van 'n kombinasie van stylelemente gebruik gemaak.

7.1 ARTS AND CRAFTS-BEWEGING

Die Arts and Crafts-beweging het in Brittanje gedurende die tweede helfte van die neëntiende eeu as verset teen die tydgenootlike Victoriaanse ontwikkeling ontstaan. Dié beweging was ten gunste van die gebruik van natuurlike, inheemse en tradisionele materiaal en vakmanskap, in teenstelling met die massavervaardigde produkte van die masjien (Anscombe 1978:12; Clark 1971:14; Cobden-Sanderson 1905:10; De Meyer 1981:90; Naylor 1980:7; Pevsner *1937:13; Restorica* 1987:21).

Een van die eerste argitekte en ontwerpers in Brittanje wat teen die moderne industriële rigtings gekant was, was Augustus Welby Pugin (1812-52). In sy boek *The True principles of Pointed or Christian architecture* sê hy die volgende: "The two great rules

for design are these: 1st, that there should be no features about a building which are not necessary for convenience, construction or propriety; 2nd, that all ornament should consist of the essential construction of the building." Hierdie twee beginsels het die Arts and Crafts-beweging sterk beïnvloed (Davey 1980:13). Van sy bekende werk is die St. Augustinus-kerk in Ramsgate wat hy in 1845 ontwerp het (Adams 1987:19; Naylor 1980:14).

Die argitektuurskrywer John Ruskin (1819-1900) was ook 'n voorstander van vakmanskap en het die Arts and Crafts-beweging as 'n skoonheidsleer van die Protestantisme gesien. In sy boek, *Seven lamps of architecture*, het Ruskin o.a. die volgende gesê: "true colours of architecture are those of natural stone. If you could not afford stone so the natural colours of brick were the next best thing" (Davey 1980:17; Naylor 1980:25).

William Morris word deur verskeie skrywers gesien as die belangrikste persoon wat 'n bydrae gelewer het tot die totstandkoming van die Arts and Crafts-beweging (Clark 1972:8; De La Croix 1970:735; Henderson 1967:12). Morris is in 1834 in Walthamstow gebore. Hy was die seun van 'n welgestelde sakeman. Op sesjarige leeftyd het sy vader Woodford Hall, 'n landgoed op die grens van die Eppingwoud, gekoop. Die landgoed het vir eeue ongerep gebly terwyl daar hoofsaaklik van handearbeid gebruik gemaak is. Volgens Peter Davey het die Middeleeuse leefwyse van Woodford Hall 'n merkbare invloed op Morris se latere lewenstyl gehad (1980:21). Hy het onder die argitek G.E. Street gestudeer, maar het nooit self 'n gebou ontwerp nie. Hy het meer op die digkuns, kunsontwerpe en binnenshuisversiering gekonsentreer (Henderson 1967:30; Naylor 1980:97). In 1858 vra Morris vir sy vriend Philip Webb om vir hom en sy vrou 'n huis volgens sy maatstawwe te ontwerp (Davey 1980:22). Die huis, algemeen bekend as die Red House, word as een van die eerste voorbeelde van die Arts and Crafts-argitektuur beskou (Adams 1987:34; Cobden-Sanderson 1905:22; Davey 1980:22; Naylor 1980:97; Richards 1940:97).



Die Red House, Bexley Heath, Kent wat in 1859 deur Philip Webb ontwerp is (Davey 1980:31)

In April 1861 het William Morris, in samewerking met die Pre-Raphaelite skilders ('n groep kunstenaars eers bekend as "Early Christian", wat hul inspirasie uit die Middeleeuse leefwyse geput het) en argitekte, die maatskappy Morris, Marshall, Faulkner and Co. in Londen gestig (Adams 1981:40). Morris het gereeld lesings gehou en van sy werk is ook gepubliseer (Adams 1987:45; Osborne 1975:49). Die Morris-katalogus met materiaal-, teël- en meubelontwerpe wat in 1908 gedruk is, is ook in Suid-Afrika te koop aangebied (Osborne 1975:49; Roodt 1990:brief).

Teëlpaneel wat in 1877 deur William Morris ontwerp is (Davey 1980:29)

Ruskin en Morris se publikasies het verskeie argitekte en kunstenaars geïnspireer om gildes te stig. Hul idees het ook na die res van Europa en Amerika versprei. Die Arts and Crafts Exhibition Society is in 1888 onder die voorsitterskap van Walter Crane gestig. Die vereniging het dieselfde jaar hul eerste uitstalling in Londen gehou. Die werk van o.a. Morris, Crane, Voysey, Lethaby, die Century Guild en Ashbee is ten toon gestel (Naylor 1980:166; Osborne 1975:50). W.R. Lethaby (1857-1931) is in 1896 as die eerste prinsipaal van die Londense Central School of Arts and Crafts aangestel. Hy het 'n groot bydrae tot kunsopvoeding gemaak (Osborne 1975:50).

Charles Robert Ashbee (1863-1942), 'n Engelse argitek en ontwerper, het die Guild of Handicraft gestig. In 1908 word sy boek *Craftmanship in competitive industry* gepubliseer en sê hy onder andere die volgende "The Arts and Crafts Movement brings into modern industry a little of that Soul, that imaginative quality in which our civilisation is so lacking." Ashbee het Amerika gereeld besoek en het ook lesings daar gehou. Daar het hy die argitek Frank Lloyd Wright ontmoet en kon hulle verskeie kere oor die Arts and Crafts-beweging gesels. Hulle het oor die gedagte van die inspirasie uit die natuur saamgestem. In teenstelling met Ashbee het Wright egter geen probleme met masjienvervaardigde produkte gehad nie (Naylor 1980:173).

'n Nuwe geslag argitekte in Engeland het hul inspirasie uit Morris se huis, wat deur Webb ontwerp is, verkry. Hulle het van natuurlike boumateriaal gebruik gemaak. Houtwerk in gewels, dakke en vensters was swaar en sonder draai- of figuursaagwerk. Die balke en van die klipwerk in die interieur word blootgestel en nie agter pleisterwerk of plafonne verberg nie (Barett 1987:89). Een van die vernaamste argitekte was C.F.A. Voysey (1857-1941). Hy het 'n groot aantal huise op die platteland van Engeland ontwerp (Adams 1987:71; Hatje 1975:36; Osborne 1975:50; Richards 1940:97).

'n Kothuis wat in 1901 deur C.F.A. Voysey ontwerp is (Adams 1987:71)



'n Tipiese plattelandse huis, Rutland, wat gedurende 1901 deur C.F.A. Voysey ontwerp is (Richards 1940:97)

In 1980 skryf Peter Davey in sy boek *Arts and Crafts architecture*: "There are always alternative explanations especially of something so ill defined as the Arts and Crafts movement, which never produced a manifesto to which all subscribed, nor a very recognizable style, nor a clear ideology" (1980:6). Norval White beskryf Arts and Crafts in *The architecture book* soos volg: "English neo-medievalism at first, based on William Morris and extended into architecture by C.R. Ashbee, C.F.A. Voysey, and E.L. Lutyens. Lutyens was its sublime missionary, particularly at Tigbourne Court" (1976:18). Volgens Lampugani is die Arts and Crafts-beweging 'n "movement promoting craftmanship and a reform of industrial design. Named after the Arts and Crafts Exhibition Society founded in England. One aim was to recreate the vernacular tradition which had been submerged by the Industrial Revolution. It spread from England to the U.S., and also affected the decorative arts in Germany and Austria" (1986:21-22).

Kenmerkend van dié styl is die gebruik van natuurlike boumateriaal, goeie vakmanskap en 'n asimmetriese benadering van die dakkonstruksie asook 'n lae oorhang van die dak (C. Albertyn 1990:onderhoud).

In Suid-Afrika het die bewuswording van die minderwaardige gehalte van massavervaardigde boukomponente en die veldtog van die Arts and Crafts-beweging teen masjienvervaardigde elemente in die werk van die Engelse argitek Herbert Baker tot uiting gekom. Voor sy koms na Suid-Afrika in 1892, het Baker sy skoling teen 'n Arts and Crafts-agtergrond ontvang. In Engeland was hy lid van die Art Workers' Guild. (Greig 1973:53; Van der Waal 1972:22). In die jaar 1918 is daar ook in Suid-Afrika 'n Arts and Crafts-gilde gestig. Die volgende berig het in die tydskrif *Architect Builder & Engineer* van 2 September 1918 verskyn: "Mr. W.J. Delbridge, ARIBA, recently delivered at Cape Town the opening lecture to the newly formed S.A. Guild of Arts and

Crafts." Delbrigde se lesing het oor klipwerk in Suid-Afrika gehandel. Hy het onder andere ook die granietbedryf bespreek (1918:23).

Elemente van hierdie styl het gedurende die tydperk onder bespreking ook in die Paarl voorgekom. Dit was hoofsaaklik by woonhuise vir die welgesteldes van die gemeenskap (AB&E April 1926:21; MP). Die argitek Thian Forsyth het die meeste geboue in die Arts and Crafts-idioom in die Paarl ontwerp.

Hieronder volg 'n lys van die geboue met Arts and Crafts elemente.

Louw, W.H.	1914	Eie woonhuis, Hoofstraat
	1926	Kerksaal, N.G. kerk Noorder-Paarl
Forsyth, T	1928	2 Woonhuise, onderskeidelik in Oranje- en Van der Lingenstraat
	1929	Woonhuis, Hoofstraat
	1930	Woonhuis, La Modestraat
Louw, W.H.	1931	Woonhuis, Hugenoot
Brink, H.L.	1932	Woonhuis, Auretstraat
Onbekend	1933	Woonhuis, Meulstraat
Onbekend	1933	Golfklubhuis
Louw & Louw	1933	Woonhuis, Hoofstraat
Immelman, S.R.	1934	Woonhuis, Septimusstraat
Forsyth, T	1934	Woonhuis, Plantasiestraat

Immelman, S.R.	1935	Woonhuis, Durrstraat
Onbekend	1935	Woonhuis, Septimusstraat
Brink, H.L.	1937	Woonhuis, Durrstraat
Walgate & Elsworth	1938	Woonhuis, Proteastraat
Retief & Mc Donald	1939	Woonhuis, Jan Phillips-bergpad

Residensieel
Enkele voorbeelde van residensiële ontwerpe word nou bespreek.

7.1.1 Woonhuis, Hoofstraat 28

Die woonhuis is in 1929 deur die argitek T. Forsyth vir mnr. Hartford (plan 101, erfnommer 3408) teen 'n beraamde koste van £400 ontwerp. In 1933 het die argitektuurskrywer Cumming-George die volgende oor dié huis gesê: "This is a house built for the big open spaces of the country. It also represents both externally and internally, the conditions governing domestic life as lived in large towns which remain largely argricultural" (1933:128).



Die plan (MP 1929, plan 101)

Voor die huis is 'n stoep met 'n prieel aan weerskante en 'n halfronde uitbouing in die middel. Oorkant die halfronde uitbouing is 'n portiek en aan die suidekant is 'n eetkamer

en noord 'n sitkamer. In die middel van die portiek is die hoofdeur wat toegang tot 'n ingangsportaal verleen. Uit die ingansportaal is toegange tot die eetkamer en sitkamer. Die ingangsportaal se vloer is van gepoleerde Douglas-dennehout en vir die ander vloere is daar van parketterie gebruik gemaak. Die sitkamer se mure was blou en goud geverf met 'n mosaïekkaggel in groen, blou, pers en goue kleure. Aan die suidekant van die huis is 'n motorhuis wat deur middel van 'n waskamer, arbeiderskwartier en toiletgeriewe met die huis verbind is. Aan die suidekant is daar 'n kombuis, twee stoorkamers, 'n portaal en 'n studeerkamer. Die kombuis het ingeboude kaste, wit teëls teen die mure en kleiteëls vir die vloer. In die studeerkamer is 'n kaggel wat van plaaslike rivierklippe gebou is en die dwarsbalke van die kaggel is afkomstig van 'n akkerboom wat op die erf gestaan het. Die studeerkamer het 'n buitedeur wat op 'n binnehof oopmaak. Aan die noordekant van die huis is daar vier slaapkamers, 'n badkamer, 'n linnekamer en ontvangskamer ("drawing room"). In al die kamers is ingeboude kaste, 'n handewasbak en 'n spieël (Cumming-George 1933:128-129; MP 1929, plan 101). In 1931 is daar weer planne ingedien vir nog toiletgeriewe en 'n addisionele kamer (MP 1931, plan 49).

Die vooraansig van Hartford-woning (Cumming-George 1933:129)

Vooraansig

Die plint van die huis is van sierteen en die boonste gedeelte van die stoep asook die res van die huis is gepleister en wit geverf. Die portiek bestaan uit 'n drieboogarkade met die voordeur reg oorkant die middelste boog. Die voordeur is 'n dubbeldeur met gefatsoenaerde deurpanele waarvan die raamwerk van hout en die panele van glas is. Alhoewel die twee vleuels en priële simmetries aan weerskante van die portiek geplaas is, is die geheelbeeld van die fasade asimmetries. Beide vleuels het 'n halfronde venster in die middel met twee langwerpige vensters aan weerskante van loodglas in houtrame. Bokant hierdie twee vensters is langwerpige ventilasiegate van teëls en aan weerskante van die vleuels is ronde vensters. Aan die noordekant van die huis is 'n komvenster en suid is die reghoekige motorhuisdeur van hout. Die rietdak het verskeie fasette, naamlik

'n hoofdak in 'n U-vorm met 'n vleuel vir die motorhuis aan die suidekant en twee identiese wolfneusgewels wat nie simmetries op die oosaansig geplaas is nie.



Die plan van die dak (MP 1929, plan 101)

Die argitek se voorstelling van die agterkant van die huis (MP 1929, plan 101)



'n Dwarssnit deur die huis (MP 1929, plan 101)

7.1.2 Woonhuis, Proteastraat 5

Die woonhuis is in 1938 deur die vennootskap Walgate & Elsworth vir mnr. D.J. du Plessis ontwerp.



Die grondvlakplan (MP 1938, plan 152)



Die eerstevlakplan (MP 1938, plan 152)

Die grondvlak vorm die plint van die huis en omvat ook twee motorhuise wat oos front en 'n stoorkamer aan die suidekant. Die hoofingang is op die eerste vlak en verleen toegang tot die sitkamer. Dit is aan die noordweste kant geleë en is nie vanaf die straat sigbaar nie. Uit die sitkamer, aan die westekant, loop die studeerkamer en aan die oostekant die portaal. Oos van die portaal is die eetkamer met 'n ingeboude kaggel. Aan die noordekant is daar twee balkonne en aan die oostekant een. Die drie slaapkamers front almal oos. Die plan word in twee verdeel d.m.v 'n gang wat aan die oostekant toegang tot die kamers en aan die westekant toegang tot die toilet, badkamer, kombuis en spens verleen. Aan die westekant is ook 'n arbeiderskamer, badkamer en 'n

binnehof. Die sitkamer en portaal se vloere is van eikehout terwyl die res van die huis se vloere van berkehout gemaak is. Die balkonne se vloere is met kleiteëls bedek.



Die vooraansig (MP 1938, plan 1938)

Vooraansig

Die plint van die huis is van siersteen gebou en vorm 'n dado om die huis. Dit is 'n langwerpige gebou met twee halfronde motorhuisdeure van hout en ongeveer die hoogte van die dado. Bokant die dado is die muuroppervlaktes gepleister en wit geverf. Reg bokant die suidekant se motorhuis is 'n balkon. Die balkon word deur twee konsoles gestut. Aan die noordekant is ook 'n balkon en by beide is daar houtpilare wat die dak van die balkon dra. Die slaapkamerdeur aan die suidekant en die eetkamerdeur aan die noordekant verleen toegang tot die balkonne. Die langwerpige plat oppervlakte van die muur word afgewissel deur drie skuifraamvensters wat asimmetries gerangskik is. Die vensters bestaan uit twee houtskuiframe wat elk op sy beurt in sestien houtraam-glaspaneeltjies verdeel is. Aan weerskante van die venster, dieselfde hoogte as die onderste paneel, is daar hortjiesluike. Die siersteenuitbouing van die kaggel strek oor die volle hoogte van die huis en is met 'n nis versier. Die huis het ook 'n langwerpige staandak van riet. Die oorhang aan die noordekant vorm die dak van die balkon en aan die suidekant 'n uitbouing met hout versier asook twee vleuels aan die westekant van die huis (MP 1938, plan 157).



'n Deursnit deur die huis (MP 1938, plan 157)

Die uitleg van die tuin om die huis is organies.



Die uitleg van die tuin (MP 1938, plan 157)

Religieus

Voorbeeld van religieuse ontwerp word nou bespreek.

7.1.3 Kerksaal vir N.G. kerk Noorder-Paarl

Die gebou op die hoek van Van der Lingen- en Hoofstraat het W.H. Louw in 1927 ontwerp. Die erfnommer is 1727 (MP 1927, plan 733). Die ou Noorder-Paarl-kerksaal het met die tyd te klein geword vir die behoeftes van die gemeente en die kerkraad het in 1927 besluit om die gebou te sloop (*Paarl Post* 17 Des. 1927).

Die ou kerksaalgebou met Klassieke elemente wat gesloop is om plek te maak vir die huidige gebou (Paarl Post *23 April 1927)*

H.L. Brink, 'n argitek wat vir W.H. Louw gewerk het, het 'n skaalmodel volgens laasgenoemde se planne gebou. 'n Foto van die model het in die *Paarl Post* van 23 April 1927 verskyn. Die model is aan die plaaslike museum geskenk (J. Meyer 1986:onderhoud).

Die hoeksteenlegging van die gebou was op 13 April 1927 en die gebou is nog dieselfde jaar ingewy. Die bouers was Oosthuizen & Sterrenberg en die beraamde koste van die gebou was £10 000. Die gebou het sitplek vir 'n duisend mense. Net na die hoeksteenlegging is die volgende in die *Paarl Post* berig: "Dit sal een van die mooiste geboue wat nog in die Paarl opgerig is, wees, en is bedoel om in die groeiende behoefte van die opkomende geslag voorsiening te maak" (April 1927).

Een van die ingange tot die gebou (Albertyn)

Vooraansig

Die gebou bestaan uit 'n geronde uitbouing wat oor die grootste gedeelte van die westelike fasade strek met 'n ingang aan weerskante. Die plint van die gebou is van graniet. Beide ingange bestaan uit 'n dubbele houtdeur en word beklemtoon deur twee Ioniese pilare met groefwerk wat 'n balustrade met twee siervase ondersteun. Bokant die muurtjie is 'n boogvenster. Die hoeke van die gebou is met rustiekwerk versier. Die vensters op die ronding is onder mekaar geplaas en is omlys met rustiekwerk wat 'n vertikale effek skep. Die kroonlys is versier met 'n strook blaaragtige pleisterwerk omraam met 'n eier-en-spiesband. Die dakoorhang is met dekoratiewe konsoles versier. Die gebou het 'n teëldak.

Die argitektoniese styl is eklekties, maar die goeie vakmanskap en boumateriaal dui op Arts and Crafts-invloed.

7.2 TUDOR-HERLEWING

Die term Tudor verwys na die oorgangsfase gedurende die sestiende eeu in Engeland tussen die Gotiek en Renaissance toe die Tudors in Engeland geregeer het (Briggs 1959:123; Fletcher 1956:404). Die *Chambers's twentieth century dictionary* omskryf dié term soos volg: "a rather indefinite term applied to the Late Perpendicular, and the transition from that to Elizabethan is characterised by a flat arch, shallow mouldings and a profusion of panelling on the walls" (1901:1042). Die "Late Perpendicular" is 'n volksboukundige uitvloeisel van die Gotiese argitektuur. Die bouwerke se buitemure het bestaan uit houtraamwerke wat ingevul is met gepleisterde baksteenpanele. Aanvanklik was dit 'n konstruksiemetode en later is die houtraamwerk slegs dekoratief aangewend en die term "vakwerk" word gebruik om die houtraamwek te beskryf. Die dekoratiewe houtpanele is gewoonlik donkerkleurig (Wheeler 1930:4379).

Aan die begin van die twintigste eeu was daar 'n herlewing van dié styl (Barett 1987:90). Volgens die verhandeling *Art and architecture in Natal 1910-1940* van M. Hillebrand het dié styl algemeen gedurende die dertigerjare in Natal voorgekom (1986:221-222). Dr. G.M. van der Waal, tans verbonde aan die Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Pretoria, meld ook in sy boek die gewildheid van die Neo-Tudorstyl gedurende die dertigerjare (1986:233).



Keith Ochley, 'n Durbanse finalejaarstudent in die Argitektuur, se plakkaat wat die Tudor-herlewing uitbeeld (Restorica *1983:17)*

Van die kenmerkendste elemente van dié styl is die gebruik van donkerkleurige vakwerk teen die gepleisterde gewel- en muuroppervlaktes, spitsdakke, erkervensters en hoë skoorstene (Van der Waal 1986:233).

By die Paarlse Munisipaliteit is daar planne vir slegs een voorbeeld in dié styl vir goedkeuring ingedien. Dit was 'n dubbelverdieping-woonhuis met vakwerk op die gewel wat gedurende 1935 vir mej. C. Malan in Patriotstraat ontwerp is. Op die planne is geen aanduiding van wie dit ontwerp het nie en in Patriotstraat is daar ook geen bewyse van so 'n huis gevind nie. Waarskynlik is die huis nooit gebou nie (J.J. Meyer 1986:onderhoud; MP 1935, plan 85).

7.3 KAAPS-HOLLANDSE HERLEWING

Die benaming Kaaps-Hollands, soos die meeste kunsterme, is nie 'n suiwer beskrywing nie aangesien daarin ook Franse en Duitse invloede te bespeur is. Die term word egter algemeen in Suid-Afrika aanvaar en verteenwoordig die boustyl van die Kaapse koloniste tot aan die einde van die Nederlandse bewind. Van die koloniste se nasate het tot 'n halfeeu daarna nog in dié styl gebou (Fransen 1966:15). Daar is hoofsaaklik van 'n I-, T-, H- of U-grondplan gebruik gemaak. Die fasade was deurgaans simmetries, oorspronklik met swaaivensters. Na 1780 is al hoe meer van skuifraamvensters gebruik gemaak. Voor die venters was luike en die voordeur het 'n bo- en onderdeur gehad met 'n boligvenster bokant die deur. Kenmerkend was die dik buitemure van die geboue wat gepleister en met kalk afgewit is. Aan die voorkant van die huis was 'n oop stoep sonder 'n veranda en die trap wat na die stoep lei, was reg in die middel. Die dak was met riet gedek en die kenmerkendste van die boustyl was natuurlik die gewels (Biermann 1955:8; Fransen 1980:198; Ploeger 1966:26-28; Stigting Simon van der Stel 1966:21; Trefois 1970:15-20; Van Niekerk 1941:127).

Rondom 1900 was daar 'n hernieude belangstelling in die Kaaps-Hollandse argitektuur en verskeie publikasies het die lig gesien. Alys Fane Trotter het baanbrekerswerk op dié gebied gedoen. Sy is op 21 Desember 1863 naby Salisbury, Engeland, gebore. Sy was 'n kunstenaar en skrywer. Haar man, Alexander Pelman Trotter, het 'n betrekking as elektriese ingenieur by die Kaapse owerheid vir 'n tydperk van drie jaar aanvaar. Volgens die *S.A biografiese woordeboek* het sy in 1896 in die Kaap aangekom en in 1899 na Engeland teruggekeer (1987:829-830). Gedurende die tydperk van haar en haar gesin se verblyf aan die Kaap het sy 'n intensiewe studie van die Kaaps-Hollandse geboue gemaak. Sy het o.a. met 'n fiets rondgery en sketse van Kaaps-Hollandse geboue geteken. Die argitek Herbert Baker was 'n huisvriend van die Trotters (*Sarie Marais* 1961:21). Voor haar terugkeer na Engeland is sy deur die destydse redakteur van die *Cape Times*, Edmund Garett, gevra om 'n artikel te skryf met sketse van ou huise en plase in en om Kaapstad. Haar boek, *Old Colonial houses of the Cape of Good Hope* oor Kaaps-Hollandse geboue is in 1900 gepubliseer. In die boek het Herbert Baker 'n hoofstuk oor die oorsprong van die Kaaps-Hollandse argitektuur geskryf. In 1951 het

die destydse Historiese Monumentekommissie (tans die RNG) aan haar 'n goue medalje vir haar baanbrekerswerk t.o.v. die Suid-Afrikaanse argitektuur toegeken. Die meeste van haar oorspronklike sketse is in die William Fehr-versameling in die Rust en Vreugd-museum in Kaapstad, terwyl vier van haar sketse by die Oude Pastorie-museum in die Paarl bewaar word (*Cape Times* 13 Jan. 1962; Trotter 1900:20; Trotter 1961:20; Van Reenen 1962:14).

Daar het ook in Argitektuurtydskrifte artikels oor Kaaps-Hollandse boukuns verskyn. In die jaar toe Trotter se boek gepubliseer is, het Arthur Reid 'n artikel oor Kaaps-Hollandse argitektuur in die *Architectural Review* geskryf (1900:147:152). Hy was sekretaris van die ARIBA en ook voorsitter van die RIBA-eksamenraad in Suid-Afrika (Picton-Seymour 1977:110; RGN).

In 1901 het daar selfs 'n publikasie in Engeland verskyn en die Kaaps-Hollandse Herlewing is as "building in the Boer Style" beskryf. Sketse van Kaaps-Hollandse geboue het in *Bungalows and country residences* verskyn (Greatbatch 1901:161). In 1903 het Trotter haar tweede boek oor die Kaapse argitektuur onder die titel *Old Cape Colony, a chronicle of her men and houses 1652-1806* gepubliseer. Die boek is vyf-en-twintig jaar later, in 1928, herdruk (Beyers 1981:829).

Die jaar na Uniewording het Joseph Michael Solomon 'n artikel oor Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die Kaaps-Hollandse styl in die pas gestigte *African Architect* geskryf. Solomon is op 11 Desember 1883 in die Paarl gebore. Destyds het hy die Baker-beurs verwerf waarmee hy in Rome by 'n argitektuurskool verder gaan studeer het. Na sy opleiding daar, het hy by Edwin Lutyens in Londen gewerk. In 1913 keer hy na Suid-Afrika terug en sluit by die Baker-firma in Johannesburg aan. Na 'n kort rukkie het hy na Kaapstad verhuis waar hy sy eie praktyk begin het (Pearse 1960:20; SAAR 1960:19) In 1916 het A.H. Reid nog 'n artikel oor Kaaps-Hollandse argitektuur in die *Studio Yearbook of Decorative Art* geskryf.

Tydens 'n KPIA-vergadering op 14 Januarie 1918 is die belangrikheid van 'n eie inheemse boustyl soos dit in die Kaaps-Hollandse boutrant neerslag gevind het, bespreek. In die notule is die volgende daaroor aangteken: "As a matter of fact, South Africa was the only British Dominion or Colony which had produced a characteristic indigenous style of architecture of its own, as exemplified in the old Cape homesteads. It would be one of the tasks of a South African School of Architecture to develop a distinctive South African Style" (Robertson 1981:4). In Moerdijk se boek *Kerkgeboue in Suid-Afrika* wat in 1919 gepubliseer is, sê hy onder andere die volgende oor sy

ontwerpe: "Die styl van die geïllustreerde ontwerpe is gebaseer op die ou Hollandse styl soos aangetref in die Kaap, sonder om daar krampagtig aan vas te hou" (1919:20).

In 1919 het daar 'n artikel in *Die Huisgenoot* met die titel "Afrikaanse bouwstijl" verskyn. Volgens die bekende Afrikaanse skrywer J.F.W. Grosskopf was daar na die Eerste Wêreldoorlog 'n bewuswording en soeke na 'n eie nasionalisme. Hy bevraagteken egter die idee dat die Kaaps-Hollandse boukuns 'n nasionale Suid-Afrikaanse styl is: "Is die 'Old-Cape Architecture', waarvan Engelse die eerste in Suid-Afrika 'n liefhebberij gemaak het, egter werklik Afrikaner Bouwkuns? Dis die vraag wat ons vir ons moet stel. Dit is uitlanders, dit wil sê nie-Afrikaners, wat hierdie bouwstijl 'ontdek' het en weer probeer gebruik en dis veral hulle wat vandag vir ons dringend toeroep: Dáár is julle eie bouwstijl in die 'Old Dutch' huise van die Boland" (1919:53). Mettertyd is dié boustyl egter wel as eg Suid-Afrikaans aanvaar. In 'n boekie *Ons Kaapse gewels*, skryf die destydse voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, Meiring Naudé, in 1970 o.a. die volgende in die inleiding: "Die argitek Clemens Trefois se beredenering en gegewens is 'n belangrike aanwins met betrekking tot ons kennis van die ontstaan en beïnvloeding van ons waarlik nasionale boustyl, die Kaaps-Hollandse argitektuur" (1970:6).

Voor die Tweede Wêreldoorlog het die volgende mense ook bydraes t.o.v. die bewuswording van die tipies Kaaps-Hollandse geboue gelewer. Dorothea Fairbridge se boeke *Historic houses* is in 1922 en *Historic farms* in 1931 gepubliseer. Sy maak in haar boeke o.a. van Arthur Elliott, 'n fotograaf wat hom daarop toegespits het om Kaaps-Hollandse geboue te fotografeer, se foto's gebruik (SAAR 1960:19). G.E. Pearse, destydse professor in Argitektuur aan die Universiteit van die Witwatersrand, se boek *18th Century architecture in South Africa* wat in 1933 gepubliseer is, se pragtige sketse van o.a. Kaaps-Hollandse geboue het die publiek weer eens bewus gemaak van dié styl.

Sir Herbert Baker word beskou as die man wat die grootste bydrae t.o.v. die herlewing van die Kaaps-Hollandse styl gelewer het (De Bosdari 1971:110; De Kock 1968:46; Emanual 1980:64; Harrop-Allin 1975:13; Pearse 1960:17; SAAR 1928:64). Hy is op 9 Junie 1862 in Owletts, Engeland, gebore. Na sy skoolopleiding het hy in 1879 op sewentienjarige ouderdom by sy neef, Arthur Baker, 'n argitek in Londen, gaan werk. In 1884 sluit hy hom by die pas gestigde Art Workers' Guild aan. Hy aanvaar die strewe van Morris, nl. die gebruik van inheemse, natuurlike materiaal en tradisionele vakmanskap. Hy verwerp egter die gedagte dat dit die ambagsman is wat die kuns beoefen. Volgens hom is dit die argitek wat die ware kunstenaar is (Emanuel 1980:64; Greig 1970:231). Baker het in 1889 die eksamen van die Royal Institute of British Architects geskryf en die beste punte behaal. 'n Jaar later het Baker met sy eie praktyk

begin. In 1892 verlaat hy Brittanje om sy broer, Lionel, met sy vrugteboerdery in die Kaap by te staan. Hier het Baker die destydse eerste minister van die Kaapkolonie, Cecil John Rhodes, ontmoet. Beide het 'n belangstelling in die herinterpretasie van die agtiende-eeuse Kaapse boukuns gehad. Rhodes het die Kaaps-Hollandse styl as 'n uitdrukking van sy ideaal, nl. 'n selfregerende Suid-Afrika onder die Britse kroon gesien, terwyl Baker dit as 'n eg Suid-Afrikaanse styl beskou het. In opdrag van Rhodes het Baker verskeie geboue in die Kaaps-Hollandse styl ontwerp. Die argitektuurskrywer De Bosdari sê in een van sy boeke: "To Cecil John Rhodes is due more credit than to any other single man for the rescue from oblivion of the Cape Dutch style" (1953:100).

Die ampswoning Groote Schuur van die destyds eerste minister is in 1897 deur 'n brand verwoes. Rhodes het vir Baker gevra om op die ou fondamente 'n nuwe gebou te ontwerp. Baker het nie die gebou probeer restoureer nie, maar van Kaaps-Hollandse stylelemente vermeng met sy eie idees, gebruik gemaak. Die herboude Groote Schuur in Rondebosch word as een van die eerste geboue in die Neo-Kaaps-Hollandse styl beskou (SAAR 1946:167).

In die plaaslike koerant van die Paarl het C.H. Edwards die volgende i.v.m. Rhodes se bydrae tot die Kaaps-Hollandse argitektuur gesê: "Our modern domestic Architecture owes much to the late Cecil Rhodes who deputed a prominent architect of to-day to proceed to Holland and East of England to get ideas for the erection of Groote Schuur" (*Paarl Post* 20 Sep. 1930).

Baker het die Kaaps-Hollandse boustyl as 'n model gesien wat as inspirasie moes dien en nie slaafs nagevolg moes word nie. In 'n artikel wat in 1909 verskyn het, het hy die volgende daaroor gesê: "We hear much nowadays of an original South African style. It will never be achieved through copying and imitating borrowed detail, but only through impersonal sub-ordination to the larger ideals and conceptions of architecture" (Harrop-Allin 1975:155). Baker se laaste belangrike gebou wat hy in Suid-Afrika ontwerp het, was die Uniegebou (1910-1912) in Pretoria, waar hy hoofsaaklik van Klassieke elemente gebruik gemaak het. In 1912 het Baker die Baker-beurs ingestel. Dit is bedoel om Suid-Afrikaanse argitekte te help om Argitektuur in Griekeland en Italië te gaan bestudeer (SAAR 1928:84). Die bekende fotograaf Arthur Elliott is ook deur Baker se werk geïnspireer. Op Baker se aanbeveling het hy begin om ou Kaapse geboue te fotografeer. Die Elliott-versameling kan tans in die Kaapse Argiefbewaarplek in Kaapstad besigtig word. Na 'n periode van twintig jaar in Suid-Afrika het Baker na Engeland teruggekeer (Pearse 1946:171).

Op 30 Mei 1936 het F.M. Glennie 'n referaat oor die "Development of modern architecture in South Africa" gelewer en o.a. die volgende oor Baker en die Kaaps-Hollandse argitektuur gesê: "Towards the close of the century, a re-awakening and a new interest in Cape Architecture was sponsered by Rhodes, under the guidance of sir Herbert Baker and his partners. They appreciated the charm of the old work and its adaptability to modern needs and encouraged their pupils to thoughtful research" (CPIAK 1936:23). In 1944, op twee-en-tagtigjarige leeftyd, het Baker die boek *Architecture and personalities* voltooi. Twee jaar later, in 1946, is sir Herbert Baker in Engeland oorlede (De Kock 1968:47; Greig 1970:236; Harrip Allin 1975:13; Potgieter 1970:532; SAAR 1928:64; SAAR 1953:38). Na sy afsterwe het prof. Pearse die volgende oor Baker gesê: "We in South Africa claim him as a worthy follower of an other great architect, a Frenchman, Louis Michel Thibault, who arrived at the Cape a century before Baker and who in his work laid the foundation of a great architectural tradition in this country. It was Herbert Baker who picked up the broken threads of that tradition and upon those foundations has created an architecture which is an inspiration to us, and will be to future generations" (1946:182).

Die gewildheid van die Neo-Kaaps-Hollandse styl het na Uniewording in 1910 toegeneem. Die styl was veral gewild tot voor die Tweede Wêreldoorlog. Die geboue verskil egter van die historiese voorbeelde en is nie slaafse navolging nie. Die gewels was eenvoudiger en sonder oordadige versierings (Solomon 1911:9; Van der Waal 1986:23). In deftiger huise en in openbare geboue is soms ook van uitgesnyde boligte in die Anreith-styl gebruik gemaak (K. Schoeman 1990: brief). Nog 'n kenmerkende toevoeging tot die boustyl was 'n sinkdak bo-oor 'n stoep wat deur betonpilare gesteun is. Met Suid-Afrika se warm klimaat teenoor dié van Europa, het die behoefte aan 'n skaduryke buiteruimte uit eie bodem ontstaan (Fisher 1989:23; L. Wouters 1989: onderhoud).

Gedurende die agtiende eeu is die Kaaps-Hollandse boustyl hoofsaaklik vir woonhuise gebruik. By die herlewing daarvan het die styl egter in verskeie soorte geboue soos bv. skole, poskantore en spoorwegstasies tot uiting gekom (Kuijers 1980:104). Die Kaaps-Hollandse Herlewing of Neo-Kaaps-Hollands, soos dit ook genoem word, was die enigste plaaslike boutrant wat sterk in publikasies na vore gekom het.



'n Plakkaat van Dieter Lüdeman, 'n Durbanse finalejaarstudent in die Argitektuur wat die Kaaps-Hollandse Herlewing uitbeeld (Restorica *1983:17)*

In die *Glossary of Southern African architectural terms* beskryf die redakteur, Franco Frescura, die Kaaps-Hollandse Herlewing soos volg: "Cape Dutch Revivalism took place in Southern Africa during the late 1920's and early 1930's. The architecture of this period is marked by the reintroduction of such elements as small paned timber sash windows and, more generally, the poor reinterpretation of the earlier gable tradition" (1987:14).

Die kenmerkendste element van die Kaaps-Hollandse Herlewing is die gewel.

Die aanvanklike doel van die voorgewel was om die reënwater van die voordeur weg te hou. Die voorgewel het egter mettertyd ook 'n belangrike dekoratiewe rol gespeel (Biermann 1955:8; Trefois 1970:15).

Die doel van die entgewels was om die rietdak teen wind en weer te beskerm. Tydens die oorspronklike Kaaps-Hollandse Periode was die entgewels gewoonlik wolfente, skoorsteengewels of vereenvoudigde weergawes van die hoofgewel (Bosdari 1966:24). Aangesien dekriet nie tydens die herlewingsperiode gebruik is nie, maar wel teëls of sinkplate, het die oorspronklike funksie van die entgewel verval. Entgewels het baie selde tydens die Kaaps-Hollandse Herlewing voorgekom.

Die geweltipe wat die meeste tydens die Kaaps-Hollandse Herlewing gebruik is, is die holboltipe of konkawe-konvekse tipe. Die gewel word so genoem omdat dit uit afwisselende konkawe en konvekse vorme wat deur smal horisontale of vertikale trappies geskei word, bestaan (Fransen 1960:12; Trefois 1970:28). Gewels wat slegs uit konkawe vorme bestaan, kom ook voor.



'n Tipiese voorbeeld is die holbolgewel van die woonhuis te Pleinstraat 32. Op die gewelveld is 'n ovaalvormige ventilator en die datum 1922 (WAD)



Nog 'n goeie voorbeeld is die holbolgewel van woonhuis te Bethelstraat 13 wat N.C. Combrink in 1929 ontwerp het. Op die gewelveld is drie vertikale ventilators (vgl. 7.3.6) (WAD)



Detail van 'n gewel met konkawe vorme wat deur 'n smal trappie geskei word en in 'n voluut eindig, van die woonhuis te Napierstraat. Op die gewelveld is die datum 1927 en 'n vertikale ventilator (WAD)

Geweltipes wat ook dikwels tydens hierdie herlewing voorgekom het, is die eenvoudige gekurfde of s-vormige gewel, sowel as die gelobde gewel. Frescura noem laasgenoemde geweltipe "curvilinear" terwyl Biermann daarna as gelob verwys. Volgens Biermann is die ontwerp aanvanklik deur die Gotiese drielobmotief beïnvloed (Biermann 1955:26; Frescura 1987:13).



Die gelobde gewel van die Elite-bioskoop het W.H. Louw in 1921 ontwerp en die gebou is in 1922 voltooi. Op die gewelveld is 'n sirkelvormige ventilator (vgl. 7.3.9) (WAD)

Detail van 'n eenvoudige s-vormige gewel, Sinagogestraat 41. Op die gewelveld is 'n vierkantige ventilator (vgl. 7.3.3) (WAD)



1918

Detail van die s-vormige gewel van die Talmud Torah-saal met die Joodse stermotief op die gewelveld (vgl. 7.3.17) (WAD)

Gewels met afwykende vorme, wat slegs effense kurwes toon, kom ook voor.



'n Voorbeeld is die gewel op die h.v. Kasteel- en Nuwestraat. Die gewel is 'n kombinasie van 'n s-vorm en 'n bol wat deur 'n trappie geskei is en in 'n eenvoudige voluut eindig. Die kurwes volg die lae helling van die dak (WAD)

Die meer dekoratiewe Barok-, Rococo- en Klassieke- geweltipes uit die oorspronklike Kaaps-Hollandse tydperk kom baie selde in die herlewingstydperk voor. Art Deco-invloede kom wel voor en word weerspieël in die geometriese gewelontwerpe.



As gevolg van die geometriese lyswerk van die gewel van die woonhuis te Dorpstraat 23 word die term "Cape Deco" gebruik om dit te beskryf (WAD)

Behalwe by die middelgewel is die gewels in die Kaaps-Hollandse Herlewingstydperk gewoonlik asimmetries op die fasades en die vleuels van woonhuise aangebring. In sommige gevalle by losstaande woonhuise en in alle gevalle by skakelhuise is die gewels simmetries op die fasades geplaas.



Woonhuis te Sinagogestraat 41, waar die gewel asimmetries geplaas is (WAD)



Skakelhuis te Bredastraat 96, waar die gewels simmetries geplaas is (WAD)

Die Kaaps-Hollandse Herlewing was in die Paarl al voor die Eerste Wêreldoorlog gewild met die volgende geboue as voorbeelde daarvan: die Poskantoorgebou in die Hoofstraat wat in 1909 voltooi is, Huis Lenie Marais (die O.K.P.-meisiekoshuis) wat in 1916 deur W. Louw ontwerp is en talle skakelhuise met vereenvoudigde Kaaps-Hollandse gewels (W.H. Louw: persoonlike dagboek).

Woonhuise in die Hoofstraat, nr. 471 tot 479, met Kaaps-Hollandse Herlewingselemente. Die foto is van noord na suid geneem (Albertyn)

Hieronder volg 'n lys van geboue met Kaaps-Hollandse Herlewingselemente.

Louw, W.H.	1918	Pastorie, Hoofstraat

Onbekend	1919	Talmund Torah-saal, Sinagogestraat
Louw, W.H.	1922	Elite-bioskoop, Hoofstraat
Onbekend	1922	3 Woonhuise
Onbekend	1923	4 Woonhuise
Louw, W.H.	1925	Biblioteek, Hoofstraat
Onbekend	1927	4 Geboue
Combrink, N.C.	1927	9 Geboue
De Villiers, A.J.	1927	Woonhuis, Meulstraat
Louw, W.H.	1927	Woonhuis, Rosestraat
Combrink, N.C.	1928	7 Geboue
Onbekend	1928	Woonhuis, Nuwestraat
Grundlingh, J.P.	1928	Woonhuis, Hoofstraat
Onbekendes	1929	5 geboue
Combrink, N.C.	1929	9 Geboue
Brink, H.L.	1929	3 Geboue
Combrink, N.C.	1930	2 Woonhuise
Brink, H.L.	1930	Woonhuis, Thomstraat

Onbekend	1930	3 Geboue
Onbekend	1931	5 Geboue
Louw, W.H.	1931	Motorhuis, Zionstraat
Combrink, N.C.	1931	Winkel, Bredastraat
Onbekend	1932	2 Geboue
Brink, H.L.	1932	Woonhuis, Hoofstraat
De Villiers, A.J.	1933	Winkel, Hoofstraat
Woods, W.	1933	Houtstoor, Kasteelstraat
Onbekendes	1933	3 Geboue
Immelman, S.R.	1933	Woonhuis, La Modestraat
Combrink, N.C.	1934	5 Geboue
Onbekend	1934	4 Geboue
Louw, W.H.	1934	Woonhuis, Zionstraat
Onbekend	1935	3 Geboue
Brink, H.L.	1935	Woonhuis, Lady Greystraat
Woods, W.	1935	Skakelhuis, Hospitaalstraat
Onbekend	1936	7 Geboue

Combrink, N.C.	1936	2 Skakelhuise onderskeidelik in Kasteel- en Joubertstraat
Onbekend	1937	10 Geboue
Combrink, N.C.	1937	Skakelhuis, Kasteelstraat
Woods, W.	1938	2 Woonhuise in Retiefstraat
De Villiers, A.J.	1938	Fabriek, Paarlstasie
Onbekend	1939	3 Geboue
De Villiers, A.J.	1939	Kantoorgebou, Paarlstasie

Residensieel
Enkele voorbeelde van residensiële ontwerpe word nou bespreek.

7.3.1 Pastorie, Hoofstraat 384

Die kerkgebou in Suider-Paarl van die Paarl gemeente het te klein geword vir al die lidmate en daarom is besluit om nog 'n kerk in Noorder-Paarl te bou en dit het bekend gestaan as die hulpkerk, tans die Paarl-Vallei-gemeente. Die eerste pastorie vir die hulpkerk was die huis van mnr. Jacob du Preez van Bethelstraat. Die bevestiging van ds. D.F. van der Merwe in 1918 as tweede leraar van die Paarl-gemeente het daartoe gelei dat 'n pastorie naby die hulpkerk ter sprake gekom het. Op 15 Februarie 1919 het die kerkraad 'n perseel suid van die hulpkerk teen £90 van mnr. Gert Kirsten gekoop. Die huidige pasorie is daar teen 'n bedrag van £2 050 opgerig. Die argitek, W.H. Louw, het die planne gratis geteken (N.G.-kerkargief, Kaapstad:G3/8; N.G. kerk Paarl-gemeente notuleboek 1918:21 en 46; W.H. Louw: persoonlike dagboek).

Die Munisipaliteit of die kerkkantoor beskik nie meer oor planne van die gebou nie. Die huis is op die tradisionele H-grondplan gebou; die noordelike vleuel is egter 'n bietjie korter as die suidelike vleuel. Die hoofingang front na die Hoofstraat. Daar is 'n veranda voor die huis met twee gewels aan weerskante. Aan die noordekant van die veranda is 'n deur wat toegang tot die studeerkamer verleen en aan die suidekant 'n deur wat na die eetkamer lei. Die voordeur is in die middel van die veranda en lei tot 'n

ingangsportaal, uit die ingangsportaal is 'n gang wat van noord na suid loop. Suid van die ingangsportaal is 'n sitkamer, 'n badkamer, twee spense en 'n kombuis. Aan die noordekant van die huis is vier slaapkamers en 'n badkamer. Die noordelike vleuel van die huis het 'n buitetrap wat toegang tot die solder verleen (Barnard 1990:onderhoud).

Vooraansig van die pastorie (Albertyn)

Vooraansig

Die fasade is simmetries ontwerp. Die plint is soos die res van die gebou gepleister en wit geverf. Aan weerskante van die veranda is vleuels. Beide vleuels het twee skuifraamvensters waarvan die onderste en boonste paneel elk in ses klein ruitjies onderverdeel is. Volle hortjiesluike is aangebring. Die voordeur is in die middel van die gebou. Dit is 'n dubbeldeur wat uit houtpanele bestaan met 'n glasvenster daarbo, bestaande uit vier ruite, wat die bolig vorm. Aan weerskante van die deur is skuifraamvensters met hortjieluike. Die veranda word deur blokvormige betonpilare gesteun. Daar is ook 'n gefatsoeneerde verandamuurtjie. Die twee vleuels het elk 'n holbolgewel met ronde entversierings. Daar is ook twee halfronde balkonne met eenderse balustrades en een draagarm elk wat as versiering onder die balkonne aangebring is. In beide gewels is 'n houtdeur met glaspanele wat van die solder toegang tot die balkonne verleen. Die H-vormige dak is van rooi kleiteëls met skoorstene wat asimmetries geplaas is. Die middelvleuel van die dak het twee simmetriese ventilatorvensters.

7.3.2 Motorhuis, Nantesstraat 3a

Selfs motorhuise is met gewels ontwerp. Volgens die voorgewel van die motorhuis is dit in 1922 gebou. Behalwe die dak wat van sink is, is die gebou geheel en al van graniet. Alhoewel Paarlgraniet vir groot geboue in stede gebruik is, is dit selde op die platteland aangewend. Die gebruik van graniet vir selfs motorhuise is dus uniek aan die Paarl.

Die gewel van die motorhuis te Nantesstraat 3a (Albertyn)

Vooraansig

Die fasade is van granietblokke met sementvoegwerk gebou. Die motorhuisdeur is van hout met 'n betonlatei bo die deur. Die s-vormige gewel se lyswerk is van sement en die datum is in 'n pleisterpaneel.

7.3.3 Woonhuis, Sinagogestraat 41

Die woonhuis is in 1927 deur N.C. Combrink vir die maatskappy Rabinowitz & Berman ontwerp. Volgens die planne is die adres op die hoek van Sinagoge- en Kortrivierstraat. Laasgenoemde straat is egter deur die Bergrivier-boulevard vervang (plan 784).



Die plan (MP 1927, plan 784)

Aan die oostelike kant van die huis is 'n veranda wat noord en oos front. Die huis word in twee verdeel d.m.v. 'n gang. Aan die oostekant is daar drie slaapkamers en 'n

badkamer. Die westelike deel bestaan uit 'n ontvangskamer ("drawing room"), eetkamer, 'n kombuis en 'n spens (MP plan 784, 1927).

Die vooraansig van die gebou (MP 1927, plan 784)

Vooraansig

Die plint, soos die res van die gebou, is gepleister en geverf. Die fasade is asimmetries. Wes is 'n vleuel met twee swaaivensters en nie drie soos op die plan aangedui word nie. Die venster bestaan uit ag indelings van kleiner ruitjies met 'n bolig wat uit vier indelings bestaan. Die voordeur bestaan uit twee panele waarvan die boonste paneel van glas is en die onderste deel uit twee houtpanele bestaan. Die bolig bokant die voordeur is van loodglas. Oos is ook twee swaaivensters met hortjiesluike. Die veranda word deur Doriese betonpilare gestut. Die verandamuurtjie is gepleister en geverf en word met balustrades in die muuroppervlakte afgewissel. Die staandak is van sink en die westelike vleuel eindig in 'n eenvoudige gewel. Die ronde ventilator op die plan is vierkantig gebou. Die hooffasade front noord (MP 1927, plan 784).



Venster met hortjies van woonhuis, Sinagogestraat 41. Dit is onderverdeel in drie swaairaamvensters, elke venster is onderverdeel in ses ruitjies, bokant elke venster is 'n bolig wat in vier ruitjies onderverdeel is (WAD)

7.3.4 Motorhuis op die h.v. Verster- en Kasteelstraat

Die motorhuis is in 1927 vir 'n ene mnr. Redelinghuys ontwerp. Die gebou het houtskuifdeure, 'n ronde ventilasierooster en 'n s-vormige gewel met 'n ronde spitsversiering gehad (MP 1927, plan 889; A. Carolissen 1989:onderhoud). Die gebou is alreeds gesloop.

Die vooraansig van die motorhuis (MP 1927, plan 889)

7.3.5 Skakelhuis, Bredastraat 96

Die skakelhuis is in 1928 deur N.C. Combrink vir mnr. J. Bloom ontwerp.

Die plan (MP 1928, plan 9)

Die veranda front oos. Die dubbele skakelhuis word deur 'n gemeenskaplike middelmuur geskei, sodat die een huis 'n spieëlbeeld van die ander is. Aan die suidekant is daar 'n slaapkamer, 'n badkamer sonder 'n toilet, 'n eetkamer en 'n kombuis. Aan die

noordekant is daar twee slaapkamers. Aan die westekant is 'n agterstoep (MP 1928, plan 9).

Die vooraansig van die gebou (MP 1928, plan 9)

Vooraansig

Die fasade is simmetries en die gebou is gepleister en geverf. Die twee vleuels het elk twee swaaivensters van glas met twee boligte wat uit vier indelings van kleiner ruitjies bestaan. Die vensters het hortjieluike. Die veranda word deur Doriese betonpilare gesteun. Die verandamuurtjie word afgewissel met balustrades. Die muuroppervlakte onder die veranda het dieselfde vensters as die syvleuels, maar het geen luike nie. Die voordeure, aan beide kante, bestaan uit twee panele waarvan die boonste paneel van glas en die onderste paneel van hout is. Aan weerskante van die deur, dieselfde hoogte as die bodeur, is 'n sylig. Die bolig is van soliede glas. Beide vleuels word afgerond met 'n kromlynige gewel wat holbol invloede toon. Die gewel het ronde ventilators en nie langwerpiges soos dit aanvanklik ontwerp is nie. Die staandak is van sink (MP 1928, plan 9).



Die venster met hortjies van die woonhuis, Bredastraat 96, is onderverdeel in twee ruite en bokant elke ruit is 'n bolig wat uit vier ruitjies bestaan (WAD)

7.3.6 Skakelhuis, Bethelstraat 13 en 15

Die skakelhuis is in 1929 deur N.C. Combrink ontwerp.



Die plan (MP 1929, plan 100)

Die skakelhuis word deur 'n gemeenskaplike muur verbind en die een huis is 'n spieëlbeeld van die ander. Slegs die westelike huis word bespreek. Die veranda front suid. Aan weerskante is drie slaapkamers, 'n badkamer en 'n huishulpkamer op die agterstoep. Aan die oostekant is daar 'n eetkamer, 'n kombuis en 'n spens.



Die vooraansig (MP 1929, plan 100)

Vooraansig

Die fasade is simmetries en front suid. Die huis is gepleister en geverf. Beide syvleuels het drie swaaivensters van loodglas. Mettertyd is die loodglasvensters met soliede glas vervang. Die veranda word deur Doriese betonpilare gesteun en die verandamuurtjie is gepleister en word met 'n balustrade afgewissel. Die voordeur se boonste paneel is van glas terwyl die res van die deur van hout is. Die houtwerk is geverf. Die twee syvleuels

het elk drie langwerpige ventilators waarvan die middelste die langste is. Beide vleuels eindig in 'n eenvoudige holbolgewel. Die staandak is van sink (MP 1929, plan 100).



1929

'n Enkel versinkte voordeur in 'n koepelvormige portaal van die skakelhuis, Bethelstraat 15, met reglynige bo- en syligte. Die voordeur se boonste paneel is 'n enkel glaspaneel wat aan die bokant gekurf is. Die onderste deel het twee reghoekige houtpanele. Tussen die boonste en die onderste panele is 'n briewegleuf (WAD)

7.3.7 Woonhuis, Thomstraat 2

Die woonhuis is in 1930 deur die argitek H.L. Brink, wat vir mnr. W.H. Louw gewerk het, vir mev. K. de Villiers ontwerp (MP 1930, plan 31).



Die plan (MP 1930, plan 31)

Die woonhuis front suid en word d.m.v. 'n gang in twee verdeel. Aan die westekant van die huis is 'n eetkamer, 'n spens, 'n badkamer, 'n stoorkamer en 'n buitetoilet op die agterstoep. Aan die oostekant is drie slaapkamers.



Die argitek se voorstelling van die vooraansig (MP 1930, plan 31)

Vooraansig

Die geboue is gepleister en geverf en het meer detail as die argitek se voorstelling. Die vensters is nie van soliede glas, soos op die bostaande skets aangedui is nie, maar is van loodglas met hortjieluike. Reg bo die venster in die syvleuel is 'n festoen. Die veranda word deur Doriese betonpilare gesteun. Die voordeur se boonste paneel is van glas en die ander panele van hout. Om die deur is 'n bolig en syligte van loodglas. Die syvleuel het drie ventilators met rustiekwerk. Die konkawe lyne van die argitek se voorstelling van die gewel is by die bouwerk met s-vormige lyne vervang. In die middel van die gewel is ook 'n sluitstuk versiering aangebring. Die staandak is van sink (MP 1930, plan 31).

7.3.8 Woonhuis, Hoofstraat 42

Volgens mev. S. de Villiers het haar vader, mnr. Roux, die plaas Di Rialto van ene mnr. Hauptfleisch gekoop. Mnr. Hauptfleisch se vrou was nie bewus van die koopkontrak nie en wou nie trek nie. Haar man het toe 'n stuk grond noord van die oorspronklike huis, insluitend die Di Rialto-pakskuur, afgesny en in 1932 het die argitek H.L. Brink die woonhuis, tans Hoofstraat 42a, ontwerp wat op die stuk grond gebou is (J.W. le Roux 1989:onderhoud; MP 1932, plan 24). Op 16 Oktober 1987 is die woonhuis tot 'n Nasionale Gendenkwaardigheid verklaar (RNG).



Die plan (MP 1932, plan 24)

Voor die huis is 'n veranda, noord is die voordeur en dit verleen toegang tot 'n groot ingangsportaal. Uit die ingangsportaal is daar aan die noordekant 'n sitkamer en 'n slaapkamer. Die ingangsportaal lei tot 'n gang wat van suid na noord loop. Oos van die gang is 'n eetkamer en 'n kantoor. Aan die suidekant van die veranda is twee deure, een verleen toegang tot die kantoor en die ander deur verleen toegang tot 'n musiekkamer. Aan die westelike kant van die gang is 'n slaapkamer, aantrekkamer, werkkamer, pakkamer, kombuis, ontbytkamer, nog twee slaapkamers, 'n badkamer en 'n veranda (MP 1932, plan 24).



Die argitek se voorstelling van die vooraansig. Die bouwerk het egter meer detail - die vleuels wat oos en suid front eindig beide in s-vormige gewels (MP 1932, plan 24)

Vooraansig

Die vooraansig is asimmetries en die huis is gepleister en geverf. Die bestaande huis het egter meer detail as bostaande voorstelling. Die veranda se dak is van sink en word deur rustiekpilare gesteun. Die verandamuurtjie is 'n reeks balustrades wat die ronding van die stoep afrond. Die huis het in teenstelling met die skets, swaairaamvensters van loodglas met boligte van brandglas in die vorm van 'n pers blom met groen blare. Die motief word herhaal in die ovaalvormige venster in die middel van die huis. Die voordeur se boonste paneel is 'n ovaalvormige venster en die onderste panele is van hout. Om die deur is 'n bolig en syligte. Die vleuels wat oos en suid front eindig beide in eenvoudige s-vormige gewels. Die staandak is van kleiteëls.



Detail van die s-vormige gewel van die Hauptfleisch-woning met 'n pluim- en wielversiering in die middel. Op die gewelveld is 'n ovaalvormige loodglasvenster (WAD)

Kommersieel

Enkele voorbeelde van kommersiële ontwerpe word vervolgens bespreek.

7.3.9 Elite-bioskoop, Hoofstraat

In 1921 het W.H. Louw die Elite-bioskoop in Hoofstraat, wat gestaan het ongeveer waar Art Fashion-modewinkel vandag is, ontwerp. Die gebou is in 1922 voltooi (W.H. Louw: persoonlike dagboek; *Paarl Post* 15 Julie 1922). Tien jaar na die opening in 1932 het die gebou afgebrand en is nie weer herbou nie (J. Meyer 1986:onderhoud).

*Die Elite-bioskoop (*Paarl Post *30 Julie 1922)*

Die plint van die gebou, die hoofingang met 'n boog en pilare was van Paarl-graniet. Op die hoeke is rustiekwerk in Paarl-graniet aangebring. Die vooraansig van die gebou front oos. Die grondvlak het twee winkelvensters, noord van die ingang was 'n kafee en suid was die Central-haarsalon vir mans en vroue. Die gebou het 'n gelobde gewel met die jaartal 1922 daarop aangebring (W.H. Louw: persoonlike dagboek; J. Meyer 1986: onderhoud).

7.3.10 Werkswinkel, Jan van Riebeeckweg

In 1928 het 'n onbekende persoon die werkswinkel in Jan van Riebeeckweg ontwerp (MP 1928, plan 103; M. Smit 1989:onderhoud).



Links: Die vooraansig
Regs: Die plan (MP 1928, plan 103)

Die gebou het 'n houtvoordeur en 'n aangepaste holbolgewel. Die jaartal 1928 is op die gewel aangebring. Dit is egter alreeds gesloop (M. Smit 1989:onderhoud).

7.3.11 Veranda vir Dick & Allsop, Hoofstraat

In 1929 het H.L. Brink wat vir W.H. Louw gewerk, het die veranda vir Dick & Allsop op erf 6950 ontwerp. Die gebou staan tans leeg.

Die argitek se voorstelling van die plan (MP 1929, plan 72)

Vooraansig
Die grondvlak se klein vensteropeninge is met groot glaspanele vervang. Die veranda is ook slegs vir die grondvlak en word deur Doriese betonpilare gesteun. Die

borsweringmuur van die veranda vorm 'n gewel bokant die hoofingang (MP 1929, plan 72).

7.3.12 Kantien, Hoofstraat, Noorder-Paarl

Die gebou is deur N.C. Combrink in 1929 vir mnre. S. en A. Cohen ontwerp.



Die plan (MP 1929, plan 25)

Die middelste gedeelte van die plan is die eersteklas-kroeg. Aan die noordekant is die tweedeklas-kroeg met 'n veranda en aan die suidekant is 'n drankwinkel. Aan die oostekant is 'n toilet en 'n pakkamer (MP 1929, plan 25).

Die vooraansig (MP 1929, plan 25)

Vooraansig

Die fasade front wes. Die gebou is gepleister en geverf. Die middelste gedeelte het 'n dubbele houtdeur met 'n segmentale bolig. Aan weerskante van die deur is

swaairaamvensters met segmentale boligte. Op die hoeke van die voorste uitbouing is pilasters. Die twee pilasters word deur 'n kroonlys verbind. Aan weerskante van die kroonlys, reg bokant die pilasters, is balvormige entversierings. Die sentrale gedeelte eindig in 'n aangepaste holbolgewel. Noord en suid van die middelste uitbouing is 'n veranda. 'n Boogvormige opening word deur twee betonpilare gestut. 'n Dubbele houtdeur met 'n reghoekige bolig verleen toegang tot die tweedeklas-kroeg en drankwinkel. Die staandak is van sink. Die gebou is egter alreeds gesloop (Armstrong 1989:onderhoud;C. Conradie 1987:onderhoud; MP 1929, plan 25).

7.3.13 Loodgieterswinkel op die h.v. Breda- en Loopstraat

Die gebou is in 1930 deur N.C. Combrink vir O.J. Arnold ontwerp (MP 1930, plan 27).

Die plan (MP 1930, plan 27)

Die gebou het 'n veranda wat om die hoek van die gebou strek en van suid na noord loop. Aan die suidekant van die gebou is 'n groot werkswinkel en aan die noordekant is 'n teekamer, 'n vertoonlokaal en 'n kombuis. Aan die westekant van die gebou is twee buitetoilette (MP 1930, plan 27).

Die vooraansig, Bredastraat (MP 1930, plan 27)

Vooraansig

Die gebou is gepleister en geverf. Die vooraansig front oos. Die veranda word deur Doriese betonpilare gestut. Die werkswinkel het 'n groot motorhuisdeur van hout en aan die suidekant van die deur is 'n groot glasvenster. Aan die noordekant van die gebou is die dubbelhoutdeur van die winkel en suid van die deur is 'n groot vertoonglasvenster. Die gebou het 'n vereenvoudigde gewel met 'n kombinasie van 'n reglynige trapgewel en 'n platvormige s-kurwe om aan te pas by die helling van die dak. Die dak is van sink (MP 1930; plan 27). Die gebou is egter alreeds gesloop en moes plek maak vir 'n nuwe winkelkompleks (C.P. Priem 1987:onderhoud).

7.3.14 Viswinkel en woonhuis, Hoofstraat 536

Die gebou is in 1934 deur N.C. Combrink vir ene Fortuin ontwerp (MP 1934, plan 98).



Die plan (MP 1934, plan 98)

Die viswinkel vorm deel van die noordoostelike deel van die woonhuis (MP, plan 98).



N.C. Combrink se voorstelling van die vooraansig (MP 1934, plan 98)

Die bouwerk (Albertyn)

Vooraansig

Die vooraansig front oos. Die veranda vorm twee rondings met 'n horisontale verbinding en word gestut deur Ioniese betonpilare. Daar is drie deure wat toegang tot die gebou verleen en twee komvensters wat dieselfde ronding as die veranda volg. Die borsweringmuur omvat ook 'n balustrade. Die finale bouwerk is meer dekoratief as die oorspronklike ontwerp. Die gebou het 'n vereenvoudigde booggewel met trapmotiewe en is afgesluit met 'n krulmotief op elke punt (MP 1935, plan 98).

Industrieel

Voorbeeld van industriële ontwerp word nou bespreek.

7.3.15 Houtpakkamer, op die h.v. Kasteel- en Nuwestraat

W. Woods het die planne in 1933 vir die maatskappy Rabinowitz & Berman ontwerp. Dit is 'n langwerpige gebou met 'n gewel aan die noorde- en suidekant. Tussen die twee gewels is die langwerpige houtpakkamer met 'n staandak van sink (MP 1933, plan 7).



Die tekenaar se voorstelling van die noordaansig. Die gewels aan die noorde- en suidekant is identies. Die gewel is 'n kombinasie van 'n s-vorm en 'n bol wat deur 'n trappie geskei is en in 'n eenvoudige voluut eindig. Die kurwes volg die lae helling van die dak (MP 1933, plan 7)

Die gebou grens tans aan die Bergrivier-boulevard en huisves die winkel All Sorts wat tweedehandse meubels verkoop.

Openbare gebou

Voorbeeld van openbare ontwerp word nou bespreek.

7.3.16 Biblioteek, Hoofstraat

Die amptelike stigtingsdatum van die biblioteek in die Paarl is 1872. Die Biblioteekkomitee het besluit om hul eie gebou op te rig en het in 1920 'n stuk grond van ene mnr. Myburgh aan Hoofstraat gekoop (Krüger 1987:196). W.H. Louw het die gebou in 1923 ontwerp. Die boukontrakteur was mnr. Attie (Bas) de Villiers. Die amptelike opening deur dr. Viljoen, die destydse Superintendent-generaal van Onderwys, het op 25 Maart 1925 feestelik plaasgevind. Selfs die skoliere kon tydens skoolure die verrigtinge bywoon. L. Bloch, 'n plaaslike juwelier, het 'n spesiale silwersleutel vir die voordeur van die gebou gemaak (*La Rochelle-jaarblad* 1925:7; W.H. Louw: persoonlike dagboek; *Paarl Post* 28 Maart 1925). Die biblioteek se deure is in 1972 amptelik gesluit.

Die bouwerk (Albertyn)

Vooraansig

Die simmetriese wesfasade van die ou biblioteekgebou bestaan uit 'n sentrale portiek met 'n eenvoudige aangepaste holbolgewel en 'n sirkelvormige ventilator. Die portiek word ondersteun deur eenvoudige Doriese beton- en reghoekige vormklipwerk-pilare. Vier houtswaairaamvensters met loodglas en hortjies getuig van goeie vakmanskap. Die hoeke van die gebou is met rustiekwerk versier.

Religieus

Enkele voorbeelde van religieuse ontwerp word nou bespreek.

7.3.17 Talmud Torah-saal, Sinagogestraat

Dit is onbekend wie hierdie gebou ontwerp het. Die hoeksteen van die gebou is op 17 Desember 1919 gelê. Die saal het destyds 'n belangrike rol in die sosiale lewe van die Paarliete gespeel. Dit is as musiek-, teater- en danssaal vir alle Paarliete gebruik. Gedurende die week het dit as skool vir die Joodse kinders gedien (De Villiers 1924:78; J. Devine 1988:onderhoud; Drakenstein-heemkring:plakboek).



Die bouwerk (Albertyn)

Vooraansig

Die suidelike fasade is simmetries. Die sentrale portiek bestaan uit vier eenvoudige Doriese pilare. Die twee syvleuels het elk twee houtskuifraamvensters terwyl die boonste vlak van die gebou drie vals vensters het. Al die vensters is met tandlyste bekroon. Die twee syvleuels eindig in eenvoudige s-vormige gewels met die Joodse stermotief op die gewelveld. Die dak is van sink.

7.3.18 A.G.S-saal, Malherbestraat

Die gebou is in 1930 deur 'n onbekende persoon ontwerp (MP 1930, plan 94).

SPESIALE
EVANGELIEDIENSTE
Inwyding van Nuwe Saal
John Hewitt
(EVANGELIS)
Opwekkingspredikes van Wallis saal die Spesiale Dienste waarneem in die
A. G. SENDINGSAAL
Vanaf 1 tot
SONDAG, 1 FEB
DIENSTE:

Voor die amptelike inwyding van die gebou het bogenoemde advertensie in die Paarl Post *verkyn (*Paarl Post *31 Jan. 1931)*

Vooraansig

Die gebou het 'n sentrale houtdeur met 'n segmentale bolig en twee boogvensters aan weerskante, 'n ronde ventilator en 'n eenvoudige holbolgewel (MP 1930, plan 94).

7.4 GEBOUE MET VERANDAS EN OOP PORTALE

Uniewording in 1910 het 'n nuwe era in Suid-Afrika ingelui. Gaandeweg is die geboue van hul oordadige Victoriaanse versierings gestroop. 'n Groot aantal verandas se dekoratiewe gietyster- of houtpilare is met pilare van beton vervang. Buiten die geboue met gewels is daar van 1926 tot 1939 altesame 256 planne van geboue met 'n oop portaal of veranda by die Paarlse Munisipaliteit ingedien. As gevolg van die sonnige klimaat in Suid-Afrika, soos reeds gesien, was die behoefte aan 'n skaduryke buiteruimte belangrik. Buiten bogenoemde oop onderdakruimte, vertoon die geboue egter nie kenmerke van enige spesifieke styl nie (MP; L. Wouters 1990:onderhoud).

Boumodes wat hiermee vergelyk kan word, is die sogenaamde Skilddak- of "Bungalow"-styl. Die Skilddakstyl is 'n term wat G.M. van der Waal in sy boek oor die boukuns van

Johannesburg gebruik. Volgens hom het die mode waarskynlik deels op eie bodem ontstaan en deels in Noord-Amerika en Australië ontwikkel. (1986:235). Die term "bungalow" kan na Europa en waarskynlik na die Engelse nedersetting in Indië tydens die sewentiende eeu teruggevoer word. Die benaming is van die Indiese woord "banggolo" afkomstig (Frescura 1987:12; Gowans 1986:78). Onder die invloed van die bekende Amerikaanse argitek Frank Lloyd Wright (1869-1959), is daar met die eeuwending van "prairie houses" gepraat. Die abstrakte benadering soos by Wright en sy navolgers het egter nie in Suid-Afrika neerslag gevind nie (Herbert 1975:159).

Kenmerkerd van die Skilddakstyl is die lae helling en wye oorhang van die dak. Dit is algemeen by kleiner, middelklashuise gebruik en afgesien van pilare is huise van alle ornamente gestroop (Van der Waal 1986: 237).

Hieronder volg 'n lys van die geboue met verandas of oop portale.

Onbekend	1927	7 Geboue
Combrink, N.C.	1927	12 Geboue.
	1928	27 Geboue
Onbekend	1928	2 Woonhuise
Gauerman, J. C.	1928	2 Geboue met verandas
Grundlingh, J. P.	1928	Arbeidershuis
Onbekend	1929	7 Geboue
Combrink, N.C.	1929	8 Geboue
Louw, W. H.	1929	3 Geboue
Bethke, W.	1929	Ontwerp van plan vir vervanging van houtbalkonne met betonpilare en veranda by die Mutual Hall-hotel in Hoofstraa.

Grundlingh, J.P.	1929	Woonhuis vir G. Hauptfleisch, Lemoenkloof
Brink, H.L.	1929	Woonhuis vir D. Moyle, Rosestraat
Adams, M.	1929	Nuwe veranda vir die Standard Bank in Hoofstraat
Louw, W.H.	1930	2 Geboue
Onbekend	1930	11 Geboue
Brink, H.L.	1930	Veranda vir P. le Roux se woonhuis, Hoofstraat
Onbekend	1931	13 Geboue
Combrink, N.C.	1931	3 Geboue
Oosthuizen & Sterrenberg	1931	2 Verandas vir bestaande geboue, beide in die Hoofstraat
Onbekend	1932	8 Geboue
Oosthuizen & Sterrenberg	1932	Woonhuis, mev. G. Retief, Hoofsraat en 'n veranda vir D.J. du Plessis, Lady Greystraat
Combrink, N.C.	1932	Omskepping van 'n woonhuis in 'n winkel met 'n nuwe veranda, H. Park, Lady Greystraat
Woods, W	1932	2 Woonhuise in Sinagogestraat
Louw, W.H.	1932	Woonhuis vir T. Sterrenberg, Thomstraat

Onbekend	1933	12 Geboue
Woods, W.	1933	Gietysterpilare word met betonpilare vervang vir F. Perold, Hoofstraat, en 'n woonhuis vir S. Zuidmeer, Oranjestraat
Onbekend	1934	12 Geboue
Louw & Louw	1934	Woonhuis vir H. de Villiers, Hugenoot
Combrink, N.C	1934	3 Geboue
Brink, H.L.	1934	2 Woonhuise onderskeidelik in Meul- en Van der Lingenstraat
Combrink, N.C.	1935	3 Geboue
Nöthling, G. H.	1935	Balkon vir M. Uys se winkel, Auretstraat
Lonstein, J.	1935	Woonhuis vir I. Kaplan, Septimusstraat
Onbekend	1935	11 Geboue
Immelman, S. R.	1935	Woonhuis vir M. Hough, Pleinstraat
Onbekend	1936	22 Geboue
Louw & Louw	1936	H.J.S. koshuis, Auretstraat, en 'n skakelhuis, Lockupstraat
Combrink, N.C.	1936	Skakelhuis vir A. Kulsen, Southstraat
Onbekend	1937	15 Geboue
Woods, W.	1937	4 Geboue

Nöthling, G.H.	1937	Veranda vir woonhuis van H. Vercueil, Roostraat
Combrink, N.C.	1937	Woonhuis vir P. Ackerman, Louisstraat
Onbekend	1938	19 Geboue
Brink, H.L.	1938	Veranda vir bestaande gebou, Oranjestraat
Woods, W.	1938	Veranda vir J. Heydenreich, Hoofstraat, en 'n woonhuis vir F. Marais, Boomstraat
Combrink, N.C.	1938	Skakelhuis, Tweede Laan, en 'n woonhuis, Auretstraat
Woods, W.	1939	4 Woonhuise in Kasteelstraat en 'n woonhuis, Hoofstraat
Onbekend	1939	9 Geboue
Combrink, N.C.	1939	2 Woonhuise onderskeidelik in Septimus- en Louiestraat
Black & Fagg	1939	Nuwe veranda vir die Standard Bank in Hoofstraat
Meiring & Naude	1939	1 Veranda vir bestaande huis, Patriotstraat
Vromans J. P.	1939	Woonhuis vir F. Williams, Reitzstraat

Residensieel

Enkele voorbeelde van residensiële ontwerpe word nou bespreek.

7.4.1 Skakelhuis, Bredastraat 110

Die skakelhuis is in 1927 deur N.C. Combrink vir B. Volks ontwerp.



Die plan (MP 1927, plan 809)

Die twee huise is spieëlbeelde van mekaar en word d.m.v. 'n gemeenskaplike muur geskei. Slegs die suidelike huis word bespreek. Die huis front oos en het 'n veranda voor. Die huis word d.m.v. 'n gang in twee verdeel. Noord van die gang is twee slaapkamers en aan die suidekant is 'n kame- badkamer, eetkamer en kombuis. Agter die huis is nog 'n veranda wat wes front.



Die tekenaar se voorstelling van die vooraansig (MP 1927, plan 809)



Bredastraat 110 in huidige vorm (Albertyn)

Vooraansig

Die gebou is simmetries ontwerp en is nie presies volgens plan gebou nie. In plaas van twee boë is daar 'n arkade van vier boë wat deur Doriese betonpilare gesteun word. Die verandamuurtjie word nie deur balustrades afgewissel nie, maar is solied. Die vensters is ook nie swaairaamvensters nie, maar wel skuifraamvensters met hortjieluike. Die twee voordeure se boonste panele is van glas terwyl die onderste panele van hout is. Bo die deure is reghoekige boligte en aan die kante is syligte. Die staandakke is van sink (N. Coetzee 1991:onderhoud; MP 1932, plan 14).

7.4.2 Woonhuis, Sinagogestraat

Die woonhuis is in 1932 deur mnr. Woods vir A. Coetzee ontwerp. Die huis is alreeds gesloop (B. Armstrong 1989:onderhoud).



Die plan (MP 1932, plan 14)

Die huis front suid en aan die suidwestekant van die huis is 'n veranda. Die huis word in twee verdeel d.m.v. 'n gang wat van suid na noord loop. Wes van die gang is 'n slaapkamer, 'n kombuis en 'n spens. Oos van die gang is drie slaapkamers en 'n badkamer. Daar is ook agter 'n veranda wat noord front.

Woods se voorstelling van die vooraansig (MP 1932, plan 14)

Die gebou is gepleister en geverf. Aan die suidwestekant is 'n veranda wat deur Doriese betonpilare gesteun word. Die huis het swaairaamvensters met hortjieluike. Die voordeur het 'n reghoekige bolig en syligte van glas en die panele is van hout. Die staandak is van sink (B. Armstrong 1989:onderhoud; MP 1932, plan 14).

7.4.3 Veranda vir losieshuis, tans Afrikaanse Taalmuseum, Pastorielaan 11

Die toevoeging van die veranda aan hierdie gebou (huidige Gideon Malherbehuis) is 'n goeie voorbeeld van hoe daar in die behoefte van 'n koel buiteleefruimte tydens die warm Paarl somers sowel as 'n beskutte onderdak ruimte vir die lang nat winters, vervul is. Die gebou is destyds as 'n woonstelgebou gebruik en het aan mev. A.W. Louw van Londenstraat, Seepunt, behoort. Planne vir die nuwe veranda is in 1932 by die Paarlse Munisipaliteit ingedien. Daar is egter geen aanduiding van wie dit ontwerp het nie.

Die tekenaar se voorstelling van die veranda (MP 1932, plan 48)

Die gebou is later deur die Afrikaanse Taalmuseum aangekoop en die veranda is verwyder. Die gebou is op 31 Augustus 1973 tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar (RNG).

7.4.4 Woonhuis, Pleinstraat 22

Die woonhuis is in 1935 deur die argitek S.R. Immelman vir ene Hough ontwerp.



Die plan (MP 1935, plan 39)

Die woonhuis het 'n portiek voor wat suid front. Aan die westekant van die portiek is die voordeur. Die voordeur verleen toegang tot 'n portaal en oos van die portaal is die studeerkamer en wes is die eetkamer met 'n kaggel. Die portaal eindig in 'n gang wat van wes na oos loop. Noord van die gang is 'n spens, 'n slaapkamer, 'n stortbad en 'n badkamer. Aan die oostekant van die huis is drie slaapkamers en 'n toegeboude stoep. Aan die westekant van die huis is 'n ontbytkamer, 'n kombuis, 'n toilet en 'n huishulpkwartier. Agter die huis is 'n veranda wat noord front (MP 1935, plan 39).

Die argitek se voorstelling van die vooraansig van die gebou (MP 1935, plan 39)

Vooraansig

Die huis is gepleister en geverf. Die portiek front suid en het vier Ioniese suile. Die suilhoof bestaan uit 'n voluut en die nek is met 'n eier-en-spiesrand versier. Op die suilskag kom kannelures voor en tussen die voorste twee suile is 'n gietysterreling. Die vensters is van loodglas en het soliede houtluike met kussingpanele. Die slaapkamer aan die oostekant van die huis en die eetkamer aan die westekant het elk 'n erkervenster. Die voordeur is asimmetries op die fasade geplaas. Die boonste paneel van die voordeur

is van loodglas met dieselfde patroon as dié van die vensters. Die onderste paneel is van hout. Bo die deur is 'n reghoekige bolig en aan die kante is langwerpige syligte. Rooi dakteëls is vir die skilddak gebruik (MP 1935, plan 39).

7.4.5 Woonhuis, Victoriastraat 6

Die woonhuis is in 1937 deur N.C. Combrink vir J.A. de Villiers ontwerp.



Die plan (MP 1937, plan 64)

Voor die huis is 'n portiek wat suid front. Uit die portiek loop die voordeur wat toegang na die ingangsportaal verleen. Aan die oostekant van die ingangsportaal is 'n slaapkamer en aan die westekant is die sitkamer. Die ingangsportaal word deur middel van 'n boog van die gang geskei. Aan die oostekant van die gang is 'n eetkamer met 'n kaggel, 'n veranda wat oos front, 'n slaapkamer en nog 'n veranda wat noord front. A.g.v. die helling van die erf is 'n motorhuis onder laasgenoemde slaapkamer ontwerp. Aan die westekant van die huis is 'n slaapkamer, badkamer, toilet, kombuis, spens, stoorkamer en 'n arbeiderskwartier.

Die tekenaar se voorstelling van die vooraansig (MP 1937, plan 64)

Vooraansig

Die gebou is gepleister en geverf. Kontras word verkry deurdat nagebootste rooibruinbakstene op die hoeke geverf is. Die vereenvoudigde pilare en latei van die portiek loop aaneen en waar die twee bymekaarkom is 'n Art Deco trapvormige motief. Die huis het swaairaamvensters met hortjieluike. Die voordeur se boonste paneel bestaan uit dwarsstroke glas, terwyl die onderste paneel van hout is. Die staandak is van gegolfde sink (MP 1937, plan 64).

7.4.6 Woonhuis, Fabriekstraat 45

Die woonhuis is in 1937 deur W. Woods vir H. Rabie ontwerp. Die gebou is deur die plaaslike bouer J.H. de Koker van Fabriekstraat opgerig. Die loodgieters- en metaalwerk is deur O.J. Arnold van Bredastraat gedoen en al die boumateriaal is deur W. Woods verskaf. Op die voorblad van die *Paarl Post* van 27 Augustus 1937 het foto's van die pas voltooide gebou se fasade en interieur verskyn.



Die grondplan (MP 1937, plan 26)

Voor die huis is 'n veranda wat wes front. In die middel van die veranda is die voordeur. Die oppervlakte voor die voordeur is van swart en wit teëls. Die ingangsportaal se mure is met Spaanse pleister afgewerk; bruin, groen en naaswit verf is gebruik. Uit die ingangsportaal is 'n boogvormige trap met 'n verchroomde handreling wat na die boonste verdieping lei. Aan die noordekant van die huis is 'n sitkamer wat d.m.v. skuifdeure met die eetkamer verbind is. Die skuifdeure het diamantvormige loodglas motiewe op. Die eetkamer het 'n kaggel en die kaggelomranding is van rooi en swart teëls wat 'n waaiervormige motief aanneem. Aan weerskante van die kaggel is twee

ingeboude kaste. Die kaste is dieselfde hoogte as die kaggelomranding en die kasdeure het indelings met diamantvormige ruitjies. In die vertrek is ook Spaanse pleister gebruik. In 'n beriggie in die *Paarl Post* word dit soos volg beskryf: "Here again Spanish plaster has been used with striking effect and the brownish tint at the bottom of the walls merges gradually into a creamy appearance and is quite a new departure in wall decoration" (27 Aug. 1937). Aan die noordoostekant is daar 'n arbeiderskwartier. Aan die suidekant van die huis is 'n studeerkamer, 'n ontbytkamer, 'n spens en 'n kombuis. Daar is ook 'n veranda agter die huis wat oos front. Aan die suidekant van die huis is 'n motorhuis. Uit die motorhuis het 'n deur toegang tot die kombuis verleen. Die boonste verdieping het vier slaapkamers en 'n badkamer. Die kleurskema in die badkamer was oorspronklik groen en naaswit. Reg bokant die motorhuis is nog 'n slaapkamer of "sleeping porch" (MP 1937, plan 26; *Paarl Post* 27 Aug. 1937). Later jare is die motorhuis in nog 'n leefvertrek omskep (R. Alexander 1989:onderhoud).

Die tekenaar se voorstelling van die vooraansig (MP 1937, plan 26)

Vooraansig

Die plint van die huis is van siersteen, asook die gedeeltes van die verandamuurtjie direk onder die pilare. Die res van die fasade is gepleister en geverf. Buiten die motorhuis en die staalraamvenster aan die suidekant van die huis, is die res van die fasade simmetries. Die grondvlak en die eerste vlak het 'n veranda met vereenvoudigde pilare. Die gebou het swaairaamvensters met indelings van dwarslopende ruitjies. Die voordeur se panele is ook uit dwarslopende ruitjies saamgestel. Die staandak is van teëls (MP 1937, plan 26).

7.4.7 Woonhuis, Louiestraat 12

Die woonhuis is in 1938 deur 'n onbekende persoon vir J. Hugo op erf 4561 ontwerp.



Die plan (MP 1938, plan 53)

Die woonhuis het 'n veranda wat oos front en om die hoek van die huis in 'n suidwestelike rigting strek. Die veranda is egter later jare toegebou om nog 'n vertrek te vorm (S. van Wyk 1989:onderhoud). Die voordeur verleen toegang tot 'n ingangsportaal. Aan die suidekant is 'n sitkamer met 'n kaggel, 'n kombuis en 'n ontbytkamer. Aan die noordekant is drie slaapkamers, 'n badkamer en 'n toilet. Agter is ook 'n veranda, wat wes front. Aan die noordekant is 'n motorhuis los van die gebou (MP 1938, plan 53).

Vooraansig (MP 1938, plan 53)



Louiestraat 12 in sy huidige vorm (Albertyn)

Vooraansig

Die huis is gepleister en geverf. Die fasade is asimmetries. Daar is effens van die plan afgewyk. I.p.v. vier rustiekpilare soos aangedui, is vyf gebou. Nadat die veranda toegebou is, vertoon die vyfde pilaar soos 'n pilaster. Op die hoeke en onder die pilare is rooi bakstene geverf. Die vensters het ook nie soliede glasruite nie, maar is swaairaamvensters van loodglas met hortjieluike. Die staandak is van teëls (MP 1938, plan 53; S. van Wyk 1989:onderhoud).

Kommersieel

Enkele voorbeelde van kommersiële ontwerp word nou bespreek.

7.4.8 Veranda vir winkel van Mauritz Uys op die h.v. Auret- en Hoofstraat

W.H. Louw het in 1930 'n veranda en nuwe vertoonvensters ontwerp (MP 1930, plan 77).



Die plan (MP 1930, plan 77)

Die veranda word gesteun deur Doriese betonpilare. Die oorspronklike pilare by die ingang van die gebou is met spieëls bedek. Die groot glaspanele van die vertoonvensters vorm 'n trappatroon totdat dit aansluit by die deure wat toegang tot die gebou verleen. Swart en naaswit teëls is voor die deure gelê. Bokant die groot glaspanele van die vertoonvensters is 'n horisontale strook met diamantvormige loodglasvensters (MP 1930, plan 70).



1930

Detail van die vertoonvenster met die groot glaspanele en diamantvormige loodglasvensterstrook (WAD)

7.4.9 Veranda vir slaghuis van N. Rossouw, Hoofstraat 135

Die veranda is in 1928 deur H.L. Brink ontwerp (MP 1928, plan 104).

Die argitek se voorstelling van die veranda (MP 1928, plan 104)

Die veranda word deur Doriese betonpilare gestut en front wes. Die gebou word tans gedeeltelik deur Durr Estates (Realty I) en aan die suidekant deur Chess Fabrics benut (MP 1928, plan 104).

7.5 RONDAWELHUISE

In die *Glossary of Southern African architectural terms* beskryf F. Frescura 'n rondawel soos volg: "Afrikaans term for the cone on cylinder domestic structure indigenous to the Southern African region. It is possibly derived from the Dutch 'rondheuwel' meaning a

Norman Eaton, 'n bekende argitek van Pretoria, het ook van die rondawelhuis gebruik gemaak en 'n goeie voorbeeld hiervan is Huis Greenwood, Pretoria (Fransen 1981:158; Greig 1971:70; Herbert 1975:88).

Hieronder volg 'n lys van geboue waar daar van 'n rondawelontwerp gebruik gemaak is.

Brink, H.L.	1929	Twee rondawels met 'n gang verbind, Van der Lingenstraat. Alhoewel die planne ingedien is, is die gebou nie opgerig nie.
Onbekend	1931	'n Ateljee in die vorm van 'n rondawelhuis vir mnr. Heckman, St Petersstraat. Die gebou is egter ook nie opgerig nie.
Onbekend	1933	Volgens 'n berig in die *Paarl Post* is die gholfklubhuis op 8 April 1933 geopen. Die planne kon egter nie by die Paarlse Munisipaliteit opgespoor word nie
Onbekend	1938	'n Opsigterswoning is aan die bestaande gholfklubhuis gebou
Louw & Louw	1939	Rondawelhuis te Hoofstraat 34

Die gholfklubhuis en opsigterswoning. Die rondawelmotief kom duidelik na vore met verbindings na verskeie kante om 'n huiseffek aan die gebou te verleen (Munisipaliteit Paarl 1951:28)

Residensieel

Voorbeeld van residensiële ontwerp word nou bespreek.

7.5.1 Woonhuis, Hoofstraat 34

Die huis is deur W.H. Louw, noord van sy eie huis, in 1939 vir homself ontwerp. Die huis is gebou met die doel om dit te verhuur (T. Louw 1990:onderhoud).



Die terreinuitleg (MP 1939, plan 67)



Die plan (MP 1939, plan 67)

Die huis het eers 'n oop stoep en dan 'n veranda wat oos front. Die suidoostelike rondawel is die sit-en-eetkamer en die noordoostelike, noordwestelike en suidwestelike rondawels is slaapkamers. Die voordeur wat oos front, verleen toegang tot 'n voorhuis met 'n kaggel. Die noordelike verbinding tussen die twee rondawels is onderverdeel in 'n gang, toilet en 'n badkamer. Die verbinding tussen die twee rondawels aan die suidelike kant van die huis is as kombuis ontwerp. Agter die huis is ook 'n veranda wat wes front. Aan die suidwestekant van die huis is 'n buitetoilet (MP 1939, plan 67).

Die argitek se voorstelling van die vooraansig (MP 1939, Plan 67)

'n Deursnit van die huis (MP 1939, Plan 67)

Vooraansig

Die gebou is gepleister en geverf. Buiten die buitetoilet is die vooraansig simmetries. Die twee voorste rondawels front oos en word d.m.v. 'n veranda met mekaar verbind. Op die middelpunt van die veranda is 'n glasvoordeur wat uit tien ruitjies bestaan. Aan weerskante van die deur is syligte. Die huis het swaairaamvensters en die rondawels se dakke is van riet. Later jare is die veranda wat oos front toegebou om 'n groter binne ruimte te skep en is die rietdak met teëls vervang. Die platdakgedeelte tussen die rondawels is van beton (H.J. Louw 1986:onderhoud; MP 1939, plan 67).

7.6 MEDITERREENSE INVLOED

Alhoewel die Engelse argitek sir Herbert Baker slegs twintig jaar in Suid-Afrika gebly het, het hy ook t.o.v. die Mediterreense styltendens 'n bydrae gelewer. Gedurende sy leeftyd het hy o.a. ook die Mediterreense lande (Griekeland, Italië, Frankryk en Spanje) besoek. In 1909 het hy artikels in *The State* onder die opskrif "The architectural needs of South Africa" en in die *Report to the South Africa Association for the Advancement of Science* onder die opskrif "Style in architecture in relation to building problems in South Africa" geskryf. Daarin meld hy die belangrikheid van die Mediterreense boustyl vir Suid-Afrika met dieselfde sonnige klimaat (Baker 1909a:512-524; 1909b:391-404). Die argitek J.M. Solomon stem saam met Baker oor die skerp sonlig van die Suid-Afrikaanse klimaat in 'n artikel wat in die *African Architect* verskyn het (Junie 1911:4-9). In die tydperk na die Eerste Wêreldoorlog het Gordon Leith, 'n bekende argitek van Johannesburg, soms van die Mediterreense boutrant, o.a. ook by sy eie woonhuis, gebruik gemaak (Cumming-George 1933:10; Fransen 1981:153; Roodt 1990:brief).

Die Mediterreense invloed het ook as "Spanish Colonial", "Mission" of die Kaliforniese styl bekend gestaan (Cumming-George 1933:130; Fleming 1966:211; Gibberd 1965:43; Hillebrand 1986:211). *The Natal Mercury* berig in 1928: "Another style is the Californian, or Mission, with its low roof, wide shady eaves, and simplicity of outline. It is particularly appropriate to a country of bright sunshine, wide spaces, and clear skies

of intense transparent blue" (24 Mei 1928:7). Bogenoemde terme kom egter nie voor in verklarende argitektuurwoordeboeke wat geraadpleeg is nie. Die Mediterreense boustyl was gedurende die twintiger- en dertigerjare in Suid-Afrika gewild. Verskeie argitekte het in dié styl 'n kompromis tussen die Klassieke en Kaaps-Hollands gevind. In die Kaapse Skiereiland is talle villas in Kusweg, Muizenberg en Milnerton in die Mediterreense boutrant opgerig (Louw 1960:13; Schoeman 1990:brief). Die argiteksfirma Walgate & Elsworth, wat ook geboue in die Paarl ontwerp het, maak van die Mediterreense invloed gebruik vir die huis wat vir lady Graaff in Kusweg, Milnerton, ontwerp is (Cumming-George 1933:130).

Kenmerkende elemente van die Mediterreense styl is die golwende dakteëls, torings, teëldakke, dakke met lae hellings en wye oorhange en balkonne. Teëls is ook op erkervensters en vensterbanke aangewend. Behalwe die loggia en balkonne is daar min muuropeninge. Hierdie geboue was dikwels versier met Klassieke ornamentasie, glasuurteëls en lyswerk (Die Burger Mei 1985; Peters 1983:16; Schoeman 1990:brief).



Pauline van Rensburg, 'n Durbanse finalejaarstudent in die Argitektuur, se plakkaat wat die Mediterreense invloed uitbeeld (Restorica *1983:17)*

Buiten by openbare geboue kom die boustyl slegs by welgestelde huiseienaars voor. In die Paarl het Julius Lonstein, 'n argitek van Kaapstad, en die plaaslike argitek Wynand Louw van die Mediterreense styl in die ontwerp van geboue gebruik gemaak (W.H. Louw: persoonlike dagboek; MP).

Hieronder volg 'n lys van die geboue met Mediterreense elemente.

Louw, W.H.	1919	Woonhuis vir mnr. A. Devine (destydse burgemeester van die Paarl) in Hoofstraat

Lonstein, J. 1927 Woonhuis vir mnr. A. de Villiers in Thomstraat

Residensieel

Voorbeeld van residensiële ontwerp word nou bespreek.

7.6.1 Woonhuis, Hoofstraat 30

Die woonhuis is in 1919 deur W.H. Louw vir die destydse burgemeester, mnr. A. Devine, ontwerp (W.H. Louw: persoonlike dagboek). Volgens mej. J. Devine, dogter van wyle mnr. Devine, het die bruin mense haar vader gewaarsku en gesê hulle moet nie daar bou nie, want daar is 'n man sonder 'n kop wat al die akkerblare bymekaarvee. Daar is ook 'n lykswa sonder perde wat die heuwel afgehardloop kom. Die huis is in 1920 teen 'n bedrag van £400 voltooi (A. Blackenberg 1988:onderhoud; J. Devine 1989:onderhoud).

Die foto het in 'n boekie oor die Paarl wat in 1929 uitgegee is, verskyn. Dit is as een van die indrukwekkendste huise in die Paarl beskou. Noord van die huis is W.H. Louw se huis ook sigbaar (Munisipaliteit Paarl 1929:16)

Die oorspronklike plan van die huis is met die afbrand van die Stadhuis venietig. Voor die huis is 'n portiek wat oos front. Onder die portiek aan die suidelike kant van die huis is die dubbelmotorhuis. Die res van die grondvlak is 'n kelder. Die middelste gedeelte van die huis bestaan uit 'n groot sitkamer met 'n kaggel aan die suidekant. Aan die westekant is 'n snoekerkamer met sy daklig. Reg rondom bogenoemde twee vertrekke is 'n gang. Die gang verleen ook toegang tot vier slaapkamers aan die noordekant van die huis. Die kamers het geen ingeboude kaste nie. Die gang aan die suidekant van die huis verleen toegang tot 'n studeerkamer met 'n kaggel en nog 'n sitkamer met 'n kaggel asook 'n spens. Tussen die studeerkamer en die sitkamer aan die suidekant is die hoofingang met 'n kruisgewelfdakkonstruksie wat in die gang eindig. Die ingangsportaal se vloer was van kleiteëls en dié van die res van die huis, buiten die badkamer, was van hout. Die gang aan die westekant van die huis verleen toegang tot 'n kombuis met 'n groot vuurherd, 'n strykkamer en 'n badkamer met 'n marmervloer. Agter die huis aan die westekant is 'n veranda en op die noordepunt is 'n buitetoilet. Daar is geglo 'n toilet is onhigiënies en moes dus nie deel van die leefruimte van 'n huis vorm nie. Aan die suidekant van die huis is 'n stoep. Aan die noordoostekant van die gang is 'n trap na die

boonste verdieping. Onder die trap is 'n linnekamer. Die boonste verdieping bestaan uit 'n slaapkamer, 'n badkamer en 'n groot balkon van dieselfde grootte as die portiek daaronder. Die res van die boonste verdieping is 'n solder en aan die westekant van die huis is daar ook 'n arbeiderskwartier (J. Devine 1989:onderhoud; A. Smook 1991:onderhoud).

'n Tekening van hoe die gebou destyds gelyk het (Beskikbaar gestel deur A. Smook)

Vooraansig

Die plint van die huis en die muurtjie aan weerskante van die trap wat na die portiek lei, is van Paarl-graniet. Die res van die huis is gepleister en geverf. Aan die suidoostekant is 'n boogvenster. Die twee vleuels se vensters is nie simmetries nie. Aan die suidekant van die huis is vier swaairaamvensters van loodglas en aan die noordekant van die huis is twee swaairaamvensters met hortjieluike. Die portiek front oos en bestaan uit twee rye arkades. Beide arkades bestaaan uit vyf boë. Die middelste boog vorm die ingang tot die portiek en tussen die buitenste twee boë is 'n balustrademuurtjie. Die balkonmuurtjie het vyf openinge en elke opening het vyf balusters en onder elke baluster is 'n gegolfde teël. Die dak van die twee vleuels hang effens oor en word deur konsoles gestut. Die dak is van golwende teëls.

Kommersieel

Voorbeeld van kommersiële ontwerp word nou bespreek:

7.6.2 Veranderings aan Central Hotel op die h.v. Hoof- en Markstraat

Die oorspronklike Central Hotelgebou het Victoriaanse stylelemente gehad. Dit is onbekend wanneer die gebou die Mediterreense fasade gekry het. Die planne wat by die Munisipaliteit ingedien is, toon slegs binnenshuise veranderings aan. Die opskrif van 'n

beriggie in die *Paarl Post* lui: "The new Central Hotel opening ceremony". Volgens die berig het die destydse burgemeester, mnr. A. Devine, die opening waargeneem. Nuwe badkamers, wasbakke en ingeboude kaste is aangebring. Die hotel is ook ingerig met nuwe yskaste in die kombuisarea (29 Maart 1930).

Die foto hierbo is van die Central Hotel se noordaansig. Die straat wat sigbaar is, is Markstraat. Die arkade en die blokvormige toring, wat die noordwestelike hoek van die gebou vorm, is tipies van die Mediterreense invloed (S.A.Biblioteek: Cape Times-versameling PHA)

Die hotel het destyds 'n belangrike rol in die sosiale lewe van die Paarliete gespeel. Dit was veral gewild vir Sondag-, en Kersetes en danspartye met Nuwejaar. Die gebou is in 1985 gesloop en die Sentraboer-gebou is op die perseel opgerig. Geen planne van die fasade kon opgespoor word nie.

In 1937 het T. Forsyth planne by die Paarlse Munisipaliteit ingedien vir die modernisering van die eetkamer (MP 1937, plan 107; 154). Die bouer was ene mnr. Grundlingh (MP 1937, plan 107).

Openbare gebou

7.6.3 Distrikshospitaal, Hospitaalstraat

Die Kaapse Provinsiale Administrasie het in 1920 'n lening aan die Hospitaalkomitee toegestaan. Dr. A.C. de Jager ('n voormalige LPR en LV van die Paarl) wat vanaf 1918 voorsitter van die Hospitaalraad was en lede van die publiek het verder geldelike bydraes gelewer sodat die Paarl sy eie hospitaalgebou kon kry. J.F. Phillips en Kie, wat van die begin af groot belangstelling in hierdie gebou getoon het, was nie tevrede met die enkelverdiepinggebou wat W.H. Louw ontwerp het nie en mnr. Phillips het homself bereid verklaar om £3 000 by te dra as daar 'n tweede verdieping bygevoeg sou word. Op 19 September 1923 is die dubbelverdiepinggebou offisieel geopen (DAB 3/PRL; Paarlgemeente notuleboek 1921:111; *Paarl Post* 13 Aug. 1921; 23 Aug.1923). Die gebou dien tans as addisionele kamers vir die nuwe hospitaalgebou wat in 1954 ingewy is (Van Breda 1987:214).

*Die bouwerk (*Paarl Post *25 Aug. 1923)*



Die hoeksteen van die hospitaalgebou (Albertyn)

Vooraansig

Die tweeverdieping gebou bestaan uit twee simmetriese vleuels wat verbind word deur 'n sentrale blok. Die plint van die gebou is van graniet terwyl die res van die gebou gepleister is. Houtskuifraamvensters is simmetries op die fasade geplaas. Mediterreense invloed word weerspieël in die boogarkades, die Italiaanse tipe kleidakteëls en die ronde vensters op die sykante.

7.7 KLASSIEKE INVLOED

Die term Klassiek verwys na die Griekse en Romeinse kultuur gedurende die vyfde eeu v.C. tot die vierde eeu n.C. (Fheming 1966:154; Osborne 1975:591; Pothorn 1979:94). In die *Encyclopedia of architecture and technological change*, word die volgende oor Klassisisme gesê: "The term 'Classicist' is used for any architecture or art which revives the principles of Greek and Roman art" (Macmillan 1979:39). Kenmerkende elemente van hierdie boukuns is die gebruik van simmetrie, die reguit lyn, die driehoekige pediment asook die Doriese, Ioniese, Korinthiese en Saamgestelde bouorde (Hattingh 1985:38).

Gedurende die Renaissance het argitekte na die Klassieke style teruggekeer. Die herontdekking van tekeninge en beskrywings van Griekse en Romeinse boukuns wat Vitruvius, 'n argitek uit die laaste paar dekades v.C. in Italië gedoen het, het 'n belangrike bydrae t.o.v. hierdie bewuswording gelewer (Howarth 1990:81; Kleinbauer 1971:413). Die Klassieke geboue is egter nie slaafs nagevolg nie. Daar is slegs van Klassieke elemente gebruik gemaak. 'n Bekende argitek uit daardie tydperk was Andrea Palladio (1508-1580) van Venesië. Die beweging het van Italië na die res van Europa versprei (Jordan 1975:196; Pothorn 1979:94).

Die term Neo-Klassisisme verwys na die herlewing van Klassieke style gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu (Osborne 1975:591; White 1976:48). Lampugani omskryf die term soos volg: "The style of decoration, based on Ancient Greek and Roman examples, which made its appearance in the 1750's as a reaction to the capricious excesses of the Rococo, and which was fully established by the 1770's. It is characterized by a preference for the linear and the symmetrical" (1986:128). Gedurende hierdie tydperk was daar 'n historiese korrekte benadering t.o.v. die Klassieke. Argeologiese ondersoeke oor Klassieke stede bv. Pompeji, Herculaneum en Paestum vanaf 1738 tot 1756 het bygedra tot die wetenskaplike benadering (Osborne 1975:591). Verskeie argitekte het Italië besoek om die oorspronklike Klassieke geboue

te bestudeer. 'n Belangrike argitek van daardie tydperk wat in die Klassieke belang gestel het, was Robert Adam van Engeland (Fheming 1966:154; Osborne 1975:591). Die "suiwere" stylrigting het tot die vroeë neëntiende eeu bly voortbestaan en is daarna met styleklektisisme vervang (Kuijers 1980:32).

Geboue met Klassieke stylelemente kom gedurende die twintigste eeu in Europa en Amerika voor (Potgieter 1970:532). In Suid-Afrika het argitekte ook 'n belangstelling in die Klassieke boustyl getoon. Die plaaslike Baker-beurs het voorsiening gemaak vir die beste argitektuurstudent om vir verdere studies na Italië te gaan (Harrop-Allin 1975:14). Belangrike Suid-Afrikaanse argitekte wat van Klassieke stylelemente gebruik gemaak het, was Gordon Leith en J.M. Solomon (Fransen 1981:150; Greig 1971:61).

Aangesien die term Neo-Klassisisme na die herlewing gedurende die agtiende eeu verwys, word die term Klassieke invloed gebruik om die geboue gedurende die tydperk onder bespreking in die Paarl te klassifiseer. Daar is dertien planne met Klassieke elemente by die Paarlse Munisipaliteit ingedien. Twee van die planne het geen aanduiding van wie dit ontwerp het nie. Dit is 'n kantoorgebou vir M. Krawitz in Lady Greystraat waarvan die planne in 1933 by die Munisipaliteit ingedien is. Die ander plan is in 1936 ingedien en dit was 'n winkel vir E. Ring. Die poskantoor wat op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat gebou is, het ook Klassieke stylelemente, maar die planne van die gebou kon nie by die Munisipaliteit opgespoor word nie. Volgens 'n berig in die *Paarl Post* is die gebou in 1936 ontwerp, maar daar is geen aanduiding van wie die argitek was nie (17 Maart 1936).

Hieronder volg 'n lys van die geboue met Klassieke elemente.

Louw, W.H.	1926	Onderwyserskollege Athlone
Reitz, H.	1927	Stadsaal (Wynand Louw hou toesig oor die bouery)
Brink, H. L.	1928	Motorhawe op hoek van Rose en Hoofstraat
Louw & Louw	1932	Veranderings aan bestaande Palladiumgebou in Lady Greystraat (In 1930 het 'n Kaapse argitek, Day, ook planne vir veranderinge aan die Palladium ingedien. Louw & Louw se planne is egter uitgevoer)

	1933	Koshuisgebou vir die Gimnasiumskool in Van der Lingenstraat
Nöthling, G.	1934	Woonhuis in Tweede Laan. Die Klassieke elemente op die plan het egter nie in die bouwek tot uiting gekom nie
Louw & Louw	1936	Kantoorgebou vir mnr. Devine in La Concordiastraat
Cech, W.	1937	Werkswinkel in Fabriekstraat
Louw & Louw	1938	Addisionele skoolgebou vir die Hoër Jongenskool

Residensieel

Voorbeeld van residensiële ontwerp word nou bespreek.

7.7.1 Woonhuis, Tweede Laan 7

Die woonhuis is in 1934 deur G. Nöthling ontwerp. Dit is die enigste plan van 'n woonhuis met Klassieke elemente wat gedurende die tydperk onder bespreking by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is.



Die voorstelling van hoe die huis sou lyk (MP 1934, plan 97)

Die woonhuis word nie volledig bespreek nie, aangesien die huidige bouwerk nie meer Klassieke elemente vertoon nie. Die Klassieke elemente nl. die gebroke pediment en die balustrade ontbreek en is nie by die bouwerk opgerig nie. Dit is met 'n eenvoudige gewel vervang.

Opvoedkundig

Enkele voorbeelde van opvoedkundige ontwerp word nou bespreek.

7.7.2 Onderwyserskollege Athlone, Sanddriftstraat

Predikante en sendelinge van vyf verskillende kerke in die Paarl het 'n beheerraad gevorm. Hulle doel was om 'n onderwyserskollege vir bruin mense, wat terselfdertyd as 'n hoër- en laer skool kon dien, te stig. 'n Stuk grond is teen 'n bedrag van £2 000 by mnr. Durr van Oranjestraat aangekoop. In 1925 het W.H. Louw die planne geteken. Die hoeksteenlegging het op 12 Desember 1925 plaasgevind. Daar is twee hoekstene gelê. Op die een staan: "Deze steen is gelegd door zijn Edele Sir Fredric de Waal, K.C.M.C., Administrateur van die Kaap Provincie. 12-12-1925" en op die ander steen staan: "This stone was laid by the founders Rev. C. Earp-Jones, Rev. W.H. Lloyd, Rev. L.D. Pienaar, Rev. M.C. Grebe, Rev. L. Zeeman, M. Ehrenreich, C. Louw, G. Ziervogel, J. Kearns, D. Willemse. 12-12-1925" (*Paarl Post* 19 Des. 1925). Die gebou is in Augustus 1926 geopen. Die tender van £10 967 van J. Carolissen vir die bouwerk is aanvaar (*Die Burger* 26 Sep. 1986; Joubert 1952:52; Onderwyskollege Athlone 1926-1986:7; *Paarl Post* 19 Des. 1925). In 1930 het die destydse Britse goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, en prinses Alice toestemming aan die kollege verleen om hul familiewapen en leuse te gebruik (*Paarl Post* 14 Junie 1930).

Die Athlonegebou (Albertyn)

Die langwerpige dubbelverdiepinggebou met sy Klassieke elemente is simmetries en was oorspronklik 280 vt (93 m) lank. Die portiek voor die gebou front oos en bestaan uit 'n pediment waarop die datum van die voltooiing van die gebou aangebring is. Die pediment word gedra deur ses Doriese pilare met kannelures. Die pilare is die volle hoogte van die gebou. Die gebou het skuifraamvensters van hout wat simmetries op die fasade geplaas is (*Paarl Post* 19 Des. 1925).

7.7.3 Huis Robert Möhr, Van der Lingenstraat

W.H. Louw het in 1933 dié koshuis vir die skoolkinders van Gimnasium ontwerp. Tans huisves die gebou skoliere van die Hoërskool Laborie. Die gebou het £7 000 gekos en

kan sestig kosgangers huisves. Op die grondvlak is die kombuis, eetkamer, studeerkamer, sitkamer en privaat woonstel. Die slaapkamers en badkamers is op die eerstevlak. Buiten die slaapsaal vir die heel jongstes, is die slaapkamers vir slegs twee persone ontwerp. Die vertrekke is gemeubileer met twee beddens, kaste, twee tafels en stoele van kiaathout asook 'n mat met golfmotiewe daarop (Gimnasium-jaarblad 1934:16; MP 1933, plan 70).

*Huis Robert Möhr (*Gimnasium-jaarblad *1934:18)*

Dit is 'n langwerpige dubbelverdiepinggebou. Die plint van die gebou is van graniet en die res is gepleister en geverf. Skuifraamvensters met hortjiesluike is simmetries op die fasade geplaas. Die hoofingang front oos. Die voordeur is van hout en aan weerskante is kolossale pilasters wat die volle hoogte van die dubbelverdieping strek. Bokant die twee pilasters is 'n pediment. Die staandak is van rooi kleiteëls (MP 1933, plan 70).

Kommersieel

Voorbeeld van kommersiële ontwerp word nou bespreek.

7.7.4 Veranderings aan die Palladium, Lady Greystraat (vgl. 7.8.2.16)

Die Palladium was op die hoek van Fabriek- en Lady Greystraat. In die *Paarl Post* van 28 September 1934 is daar 'n foto van hierdie gebou met die onderskrif: "The Palladium, Paarl's popular House of entertainment where excellent films are being shown". Volgens onderhoude gevoer het die blankes op die grondvlak gesit en bruin mense op die galery (C.Adams 1987:onderhoud; G. Hendricks 1989:onderhoud).



Die plan (MP 1930, plan 42)

In 1930 het 'n argitek van Kaapstad, R. Day, 'n addisionele projektorkamer ontwerp. Korinthiese suile is gebruik om die konstruksie te ondersteun (MP 1930, plan 42).

Die argitek se voorstelling van die pilaarkonstruksie. Die beraamde koste vir die aanbouing was £250 (MP 1930, plan 42)

In 1932 het Louw & Louw 'n nuwe ingang en vertoonvensters vir die Palladium-kafee aan die westekant en die winkel van L. Bloch aan die oostekant van die gebou ontwerp (MP 1932, plan 39).



Louw & Louw se voorstelling van die veranderings (MP 1932, plan 39)

Groter glaspanele is vir die bestaande vertoonvensters ontwerp asook 'n sentrale boogportiek met ornamentele pilare om die ingang te beklemtoon en 'n lobvormige betonversiering vir die baldakyn. Die borsweringmuur het 'n pedimentversiering met die naam Palladium daarop. Die naam volg die ronding van die boogportiek. Die gebou is in die sestigerjare gesloop en 'n winkelkompleks is op die perseel gebou. By die Drakenstein-heemkring bestaan 'n skets van die gebou deur 'n plaaslike kunstenaar, David Botha (*Paarl Post* 8 Des. 1988).

Openbare geboue

Enkele voorbeelde van openbare ontwerp word nou bespreek.

7.7.5 Stadsaal op die h.v. Hoof- en Faurestraat

Op 29 November 1924 het die ou Stadhuis afgebrand. Hierna het die Stadsraad 'n boukomitee aangestel en is drie erwe op Markplein teen £5 000 aangekoop. Die stadsingenieur, mnr. H.L. Reitz, het die gebou in medewerking met W.H. Louw ontwerp. Die oorspronklike planne is egter nie by die Paarlse Munisipaliteit beskikbaar nie (KAB: M2/706; M2/707; M2/708; M2/709; M2/710). In die *Paarl Post* van 5 Maart 1927 het

'n skets en 'n plan van die voorgestelde gebou verskyn. Oosthuizen & Sterrenberg se tender van £36 800 vir die bouwerk is aanvaar (SAB Nov. 1927:51). Die hoeksteenlegging was op 10 Maart 1928. Onder die roep van drie hoera's het die destydse administrateur, mnr. A.P.J. Fourie, die steen bevestig (*Paarl Post* 17 Maart 1928).

Die ingangsportaal se vloer, wandbekleding en die trap na die galery is met gepoleerde marmer uitgevoer. Uit die portaal word toegang tot die kleedkamers verkry. Die plan sluit ook vier sale, nl. die hoofsaal, banketsaal, hulpsaal, raadsaal en 'n kombuis in. Die hoofsaal het sitplek vir 1 200 mense en die wandbekleding tot die hoogte van die deure is van stinkhoutpaneelwerk. Die gedeelte wat deur die amptenare gebruik is, sluit 'n burgemeesterskamer, drie Komiteekamers, twaalf kantore, 'n dokumentekamer en twee brandkluise in. 'n Opsigterswoning is ook aan die agterkant van die gebou ingepas.

Die gebou is amptelik op 31 Julie 1929 geopen. Die verrigtinge is op rolprent vasgelê en is in 1939 met die opening van die Protea-bioskoop vertoon. Die film is aan die destydse burgemeester, mnr. A. Devine, oorhandig asook die goue sleutel waarmee hy die gebou oopgesluit het. Die rolprent is tans beskikbaar by die Nasionale Film-, Video- en Klankargief in Pretoria (J. Devine 1988:onderhoud).

'n Afdruk van die negatief uit die rolprent. Die persoon met die sleutel is mnr. A. Devine (burgemeester) en mnr. T. Sterrenberg (bouer) hou 'n geelkoperbord vas waarop die sleutel gelê het (Nasionale Film-, Video- en Klankargief)

In 1988 is die gebou tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar (*Paarl Post* 8 Des. 1988).



Die bouwerk (Albertyn)



Die hoofingang van die stadsaal (Albertyn)

Vooraansig

Die simmetriese fasade bestaan uit 'n mengsel van style en is met pleister, verf en graniet afgewerk. Die hooftrap van Paarl-graniet lei na die sentrale teruggesette gedeelte van die fasade wat bestaan uit 'n portiek wat weer uit 'n reeks kruisgewelwe en 'n kolonnade met Ioniese granietpilare bestaan. Daar is drie gefatsoeneerde dubbele houtdeure. Die boligte is met druiwemotief-houtsneewerk versier. Op die boonste vlak is 'n ritmiese ry hout-skuifraamvensters. Die pediment in die middel word bekroon deur 'n kloktoring. Die toring is met 'n horlosie, die pediment met die dorpswapen en die vensters met afsonderlike segmentale pedimente en lyswerk versier.

Die twee dubbelvlaksyvleuels huisves administratiewe kantore en is met eenvoudige Klassisistiese pilasters en kroonlyste versier. Die dak is reg rondom agter 'n borswering versteek.

Die skuifraamvensters, dekoratiewe dubbeldeure en boligte sowel as die breë kroonlyste herinner sterk aan die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl terwyl die pediment, kruisgewelwe, kolonnade van Ioniese pilare en pilasters, 'n duidelike Klassieke invloed uitbeeld.

7.7.6 Poskantoor op die h.v. Hoof- en Bo-Lady Greystraat

Die erf waarop die Poskantoorgebou opgerig is, het aanvanklik aan mnr. Seppie de Villiers, wie se woonhuis daar gestaan het, behoort. Hy het die grond in 1930 verkoop en toe in Van der Lingenstraat gaan woon (E. Blignault 1988:onderhoud). Die oorspronklike planne vir die gebou kon nie by die Munisipaliteit opgespoor word nie. Daar is slegs 'n plan van die nuwe toonbank wat op 18 Desember 1936 deur die Departement van Openbare Werke by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is (MP 1936, plan 117). Die hoeksteen van die gebou is op 21 Maart 1936 deur die destydse LV van die Paarl, mnr. P du Toit, gelê. Die gebou is amptelik in 1937 geopen (*Paarl Post* 17 Maart 1936; 7 Mei 1937).

Die bouwerk (Munisipaliteit Paarl 1951:5)

Vooraansig

Die oosfasade van die dubbelverdiepinggebou bestaan uit houtskuifraamvensters op twee vlakke weerskante van die hoofingang. 'n Breë kroonlys met 'n sentrale pediment rus op dubbelvlak hoë pilasters met kannelures. 'n Reliëfbeeld van die landswapen word op die gewelveld uitgebeeld. Die fasade onder die kroonlys is met festoene versier. Die plint van die gebou is van Paarl-graniet. Die dak word versteek agter 'n eenvoudige borswering.

Religieus

Voorbeeld van religieuse ontwerp word nou bespreek.

7.7.7 Sinagoge op die h.v. Breda- en Sinagogestraat

Op 1 Julie 1926 het die oorspronklike sinagogegebou afgebrand (*Paarl Post* 3 Julie 1926). W.H. Louw het die daaropvolgende jaar 'n nuwe gebou in dieselfde styl met 'n paar wysigings ontwerp. Die oorspronklike gebou se wes-fasade het twee ventilators en twee spitsboogvensters gehad in teenstelling met die nuwe gebou se een ventilator en vyf boogvensters. Wynand Louw is in 1930 £130 vir sy dienste betaal (C. Press 1988:onderhoud).



Die bouwerk (Albertyn)

Die wesfasade bestaan uit 'n ingangsportiek van drie boë met vyf boogvensters van wisselende lengte daarbo en 'n sentrale, ronde ventilator naby die bopunt. Die fasade is verder versier met pilasters, 'n geboë kroonlys, horisontale bande en 'n geprofileerde gewelomranding. Die dekorasie van hierdie fasade spreek van eklektisisme met oorheersend Klassieke elemente.

7.8 MODERNE BEWEGING

In die konteks van hierdie navorsing word die Moderne Beweging as 'n algemene term gebruik om die argitektuur wat wegbeweeg het van die historiese herlewingstyle deur

van gewapende beton, glas en ander kunsmatig vervaardigde boumateriaal gebruik te maak te klassifiseer. Van die kenmerke is funksionele beplanning en die afwesigheid van oordadige versierings. Die Moderne Beweging word as oorkoepelende term gebruik met die Internasionale Styl en Art Deco as manifestasies daarvan.

Met die eeuwending was daar argitekte wat teen die valsheid van die herlewingstyle in opstand gekom het. H.P. Berlage, 'n argitek van Nederland, het reeds in die neëntiende eeu die herlewingstyle as "scheinarchitektur" beskryf (Baumgart 1969:279; Giedion 1973:292; Maré 1985:274). Internasionaal het die benutting van moderne tegnologie en die wegbeweeg van historiese style 'n nuwe beweging ingelui (Curtis 1982:15). Dié Moderne Beweging het Giedion soos volg beskryf: "the movement developed as the application of two principles: the abandonment of historical styles, and consequent upon this the use of 'fitness for purpose' as a criterion. The explanation is correct, in as much as both these factors were involved, but it does not go far enough. The movement took its strengh from the moral demands which were its real source" (1973:293). Die naslaanboeke *Penguin dictionary of architecture, The Oxford companion to the decorative arts* en *The architectural styles - an historical guide to world design* bevat geen omskrywing van die term nie (Fheming 1966; Osborne 1975; Pothorn 1979). In die *Thames and Hudson encyclopedia of the twentieth century architecture* word die beweging soos volg beskryf: "Modern Movement is a general name given to the succession of avant-garde styles in art and architecture which have dominated Western culture almost throughout the 20th C" (1986:122).

Die Moderne Beweging is deur verskillende elemente beïnvloed. Art Nouveau word beskou as die eerste stylrigting wat wegbeweeg het van die historiese herlewingstyle (Benevolo 1971: 379; Hatje 1975:34; Kidson 1965:299; Norwich 1976:218). H.R. Hitchcock ondersteun bogenoemde gedagte en het die volgende daaroor geskryf: "Art Nouveau was actually the first stage of modern architecture in Europe, if modern architecture be understood as implying primarilary the total rejection of historicism" (1970:416). Reyner Banham skryf in sy boek *Guide to modern architecture*: "it can be agreed that this period represents the division between new and old" (1967:13). Kenmerkend van Art Nouveau is die gebruik van vloeiende lyne en plantaardige versieringsmotiewe (Fleming 1966:17; Pothorn 1971:97; Warren 1980:8).

Die Amerikaner Louis Sullivan het pionierswerk op die gebied van hoogbou en die gebruik van staal gedoen soos by die Wainwrightgebou in St Louis wat in 1891 voltooi is. Hy het ook die idee van "form follows function" opnuut beklemtoon (Boger 1980:432; Hatje 1975: 276; Jencks 1985:186).

Een van Amerika se bekendste argitekte was Frank Lloyd Wright (Camesasca 1971:330; Norwick 1976:225). Hy het sy inspirasie uit die natuur geput. Sy geboue is nie geïsoleerd ontwikkel nie, maar het 'n eenheid met die omgewing gevorm (Emanuel 1980:898; Jencks 1983:7; Peel 1990:58). Hy het veral bekendheid verwerf met voorstedelike huise in die omgewing van Chicago wat as die Prairie-huise bekend staan. Kenmerkend van dié geboue is die dakoorhang en verskillende horisontale vlakke wat op mekaar volg om by die horisontale landskap aan te pas. Die boumateriaal is 'n kombinasie van gewapende beton en natuurlike materiaal, bv. klip. Die betonluifels het ook die gevoel van ruimte en onbelemmerde uitsig geskep aangesien stutte nie meer nodig was nie (Banham 1967:82; Camesasca 1971:330; Cantacuzino 1968:8; Emanuel 1980:889). Hy het van die oopplan gebruik gemaak en Hitchcock het die volgende daaroor geskryf: "His open planning broke the mould of the traditional house, to which Europe clung down to the war" (1932:18). J.J. Norwich skryf in sy boek *Great architecture of the world*: "Until just before World War II, Frank Lloyd Wright was producing almost the only noteworthy architecture in the United States" (1976:254).

Die Duitser Peter Behrens was van die eerste argitekte wat aan die vereistes van die geïndustrialiseerde gemeenskap kon voldoen. Hy was ook in 1907 een van die stigters van die Deutscher Werkbund (Benevolo 1970:379; Hatje 1975:48; Norwich 1976:230).

Die Belg Auguste Perret het veral bekendheid verwerf as gevolg van sy eksperimentering met gewapende beton. Beton wat al die gewig dra, is as raamwerk gebruik en glas of ander voorafvervaardigde materiaal kon in die openinge aangebring word om lig in te laat. 'n Bekende voorbeeld van sy werk is die Notre Dame-kerk by le Raincy wat in 1923 voltooi is (Hatje 1975:225; Norwich 1976:228).

Nog 'n Duitser, Walter Gropius, het in 1911 sy eerste staal-en-glasgebou, die Fagusfabriek, ontwerp (Cantacuzino 1968:78; Emanuel 1980:316). Gropius het die moderne tegnologie tot sy beskikking ten volle benut en word as 'n belangrike leermeester en argitek van hierdie eeu beskou (Banham 1975:3; Benevolo 1971:387; Cantacuzino 1968:28; De La Croix 1970:742; Duncan-Brown 1990:41; Emanuel 1980:319; Giedion 1973:499; Hatje 1975:139; Jones 1961:46).

Een van die belangrikste opvoedkundige sentrums wat na die Eerste Wêreldoorlog 'n moderne siening nagestreef het, was die Bauhaus wat in 1919 onder leiding van Walter Gropius in Weimar tot stand gekom het (Banham 1967:146; P.E.Pahl 1990:onderhoud; Spaeth 1986:208; Witford 1984:41). A. Duncan-Brown het die volgende oor die Bauhaus gesê: "The Bauhaus provided a setting where the avant-garde of Europe could refine and define their role in art and architecture. The Bauhaus became an ideological

symbol of the unity of the Modern Movement as a whole, it was also the link between Modern Art and architecture" (1990:27). Volgens P.E. Pahl, 'n destydse student aan die Bauhaus en tans woonagtig in Stellenbosch, het die skool bekendheid verwerf deur verskillende publikasies en uitstallings wat gehou is (1990:onderhoud). Alhoewel dié opleidingsentrum daarna gestreef het om moderne argitektuur te ontwerp, het Gropius dit gesien as 'n emosionele benadering meer as 'n spesifieke styl. Hy het dit in sy boek *Scope of total architecture - the ideals of the modern movement in architecture* soos volg uiteengesit: "The object of the Bauhaus was not to propagate any style, system or dogma. Our endeavors were to find a new approach which would promote a creative state of mind in those taking part and which would finally lead to a new attitude towards life" (1955:21). Die Bauhaus-gebou in Dessau (1925-1926) is een van die bekendste geboue, wat Walter Gropius ontwerp het en is 'n goeie voorbeeld van die Internasionale Styl (Banham 1975:157; Emanuel 1980:316; Hatje 1975:141). Die Bauhaus se deure is op 11 April 1933 a.g.v. Nazi-teenstand gesluit (Jordan 1975:316;.P.E. Pahl 1990:onderhoud; Whitford 1984:196). As gevolg van die politieke omstandighede in Duitsland het Gropius na Engeland verhuis en in 1937 het hy 'n professoraat aan die Harvard-universiteit, V.S.A., aanvaar (Emanuel 1980:316; Hatje 1975:144).

Nog 'n bekende Duitse argitek is Ludwig Mies. Hy het later ook sy moeder se van aangeneem en as Ludwig Mies van der Rohe bekend gestaan (Emanuel 1980:545). Een van die meesterstukke van die Moderne Beweging is die Duitse paviljoen wat Mies van Rohe in 1929 vir die Internasionale Tentoonstelling in Barcelona ontwerp het. Vanaf 1930 tot en met die sluiting van die Bauhaus was hy die direkteur daarvan (Benevolo 1971:491; Cantacuzino 1968:45; Emanuel 1980:456). In 1937 het Mies van der Rohe na die VSA verhuis waar hy verskeie blokwolkekrabbers van staal-en-glas ontwerp het. Kenmerkend van sy werk is die suiwere vorms en goeie kennis van verskillende boumateriaal wat daarin tot uiting kom. Een van sy belangrike grondbeginsels was "Less is more". D.w.s. die geboue moes funksioneel wees, sonder oordadige versierings (Bill 1955:8; Emanuel 1980:547).

Die Switser bekend as Le Corbusier se werklike naam was Charles Edouard Jeanneret (Emanuel 1980:457). In 1917 het hy hom in Parys gevestig. Le Corbusier was 'n skilder, beeldhouer en argitek. Sterk geometriese vorms het in sy argitektuur tot uiting gekom. Hy was teen eklektisisme gekant en in teenstelling met Frank Lloyd Wright het hy nie sy inspirasie in die natuur gevind nie, maar in die meetkunde en die masjien. Hy het na woonhuise as "machines for living in" verwys. Sy boek *Vers une architecture nouvelle* wat in 1923 gepubliseer is en later in Engels onder die titel *Towards a new architecture* vertaal is, word vandag nog as 'n belangrike bron oor kenmerke van die

Moderne Beweging beskou (De La Croix 1970:740; Giedion 1973:155; Jones 1961:48). In sy publikasie het hy die volgende vyf punte uitgelig:

(a) "Pilotis": Gewapende beton het dit moontlik gemaak om 'n huis op pilare te bou. Die huis se fondamente volg nie meer die kontoere van die omgewing nie, maar dit is 'n losstaande struktuur op kolomme sodat die tuin onder die huis kan deurloop. Die term "pilotis" verwys na die ronde, slank pilare wat as voetstuk vir 'n woonhuis dien (Benevolo 1971:444; Boesiger 1972:76; Jordan 1975:373; Tzonis 1985:7).

(b) "Roofgardens": Gewapende beton het dit moontlik gemaak om platdakke te bou. Aangesien dié boumateriaal wat onderhewing aan temperatuurveranderings is, kan kraak, is daar van daktuine gebruik gemaak om die temperatuur konstant te hou (Benevelo 1971:444; Boesiger 1972:76; Duncan Brown 1990:37-38).

(c) "Le Plan Libre": Die term word vir die oopplan huis gebruik. Vroeër was dit nodig om een stutmuur direk bo-op 'n ander te bou. Indien gewapende beton as boumateriaal gebruik word, is dit egter nie meer nodig nie. Sodoende kan oop ruimtes binne die huis geskep word (Benevolo 1971:444; Boesiger 1972:76; Duncan-Brown 1990:38-39).

(d) "Fenêtre en Longueur": Die term word gebruik om na horisontale vensterbande te verwys. Gawapende beton het dit moontlik gemaak dat 'n venster dwarsoor 'n fasade kon strek. Glas kon dus in groot hoeveelhede in 'n skermmuur aangebring word (Benevolo 1971:445; Boesiger 1972:76; Duncan-Brown 1990:39).

(e) "Free Facade": Die term word soos volg beskryf: "Columns behind the facade, inside the house. The floor cantilevered out. Facades are now only light membranes made up of screen walls or windows" (Boesiger 1972:76). Die fasade staan dus los van die struktuur (Benevolo 1971:445).

Le Corbusier word as een van die belangrikste argitekte van die Moderne Beweging beskou (Benton 1985:9-18; Boesiger 1972:42; Cantacuzino 1968:85; Duncan-Brown 90:40; Tzonis 1985:7). C. Jencks het die volgende oor hom geskryf: "It would be an exaggeration to claim that Le Corbusier was mostly responsible for the 'Heroic Period' of modern architecture. Certainly Theo van Doesburg and De Stijl in Holland provided much of the impetus as did the Constructivists in Russia, and the Bauhaus in Germany but the hero remains Le Corbusier for his self-conscious moral position as much as for his buildings" (Jencks 1973:58).

Die abstrakte geometriese vorms van kubistiese skilders, bv. Picasso en Braque, het vanaf die begin van die twintigste eeu ook die argitektuur van die Moderne Beweging beïnvloed (Duncan-Brown 1991:28; Hattingh 1985:328) Die term Kubisme is vir die eerste keer in 1908 gebruik nadat die kunstenaar Mattisse die werk van Braque as "te veel kubisse" beskryf het (Hattingh 1985:319). In Nederland het 'n groep kunstenaars en argitekte in 1917 die De Stijl-beweging gestig. Geometriese vorms word ook met dié rigting geassosieer. 'n Bekende lid van die beweging was Gerrit Rietveld (Hatje 1975:243; Jencks 1985:34).

In Duitsland het 'n nuwe beweging, die Ekspressioniste, ontstaan. In die *Encyclopedia of architecture and technological changes* word die volgende oor Ekspressionisme geskryf: "There was no Expressionist school of architects as such, although a number of architects and designers were closely associated with the Expressionist movement in Germany between 1910-1923" (Macmillan 1979:50). Die argitekte van bogenoemde beweging het van moderne tegnologie en boumateriaal gebruik gemaak. Die funksie van die gebou het ook die vorm bepaal (Pehnt 1979:26). E. Howarth het die volgende kenmerke van Ekspressionisme uitgelig: "They have outlines suggesting movement: swooping, curving roofs, spiky towers and much decorative brickwork. The shapes were made possible by the plastic quality of concrete, and the freedom of expression is sometimes more suggestive of sculpture than of architecture" (Howarth 1990:133; Peel 1990:41; Zevi 1985:17).

In Rusland was daar die Konstruktivisme (Duncan-Brown 1990:25; Howarth 1990:137; Peel 1990:48). E. Howarth het die kenmerke van die beweging as volg beskryf: "The Constructivists emphasized, and took advantage of the possibilities presented by new materials. In furtherance of the cult of the sun and of the body which was so popular in the years immediately following World War I many buildings had balconies and sun-decks. Windows too are large in order to let in as much light as possible and are framed in metal. The exteriors are commonly white" (1990:137).

In die jaar 1928 het die Congre's Internationaux d'Architecture Moderne (CIAM) in Switserland tot stand gekom. Die organisasie het verskeie kongresse gereël en dit het as bindende faktor gedien vir argitekte wat die Moderne Beweging nagestreef het (Benevolo 1971:495; Giedion 1951:53; Hatje 1975:70; Macmillan 1979:51).

Bogenoemde bewegings en persone het almal daartoe bygedra om die Moderne Beweging internasionaal te vestig.

7.8.1 INTERNASIONALE STYL

In 1932 is H.R. Hitchcock en P. Johnson se boek *The International Style: Architecture since 1922* gepubliseer. Die *Thames and Hudson encyclopaedia of the twentieth century architecture* beskryf die term Internasionale Styl soos volg: "Name coined by the architectural historian Henry Russel Hitchcock and the architect Philip Johnson to characterize the avant-garde architecture which appeared in Europe between 1920 and 1930. Their criteria were that it was architecture which worked from the inside of the building outward to its facade, replacing the search for axial symmetry by one for logical planning, and that it eliminated all arbitrary decoration" (Lampugani 1986:104). Ongeveer dieselfde beskrywing word in die *Architecture book* gevind (White 1976:155). In die aanvullende herdruk van die *Penguin dictionary of architecture* wat in 1986 uitgegee is, word dié term soos volg beskryf: "A term coined in America in the 1930's to refer to the new architecture style of the 20 c, as created before the first World War, first in Central Europe and then in other countries of Europe and in America from the late twenties onwards. The style is characterized by a symmetrical composition, unrelievedly cubic general shapes, an absence of mouldings, large windows often in horizontal bands, and a predilection for white rendering" (Fheming 1986:168). A.D. Heroldt het dié Internationale Styl as 'n radikale breuk met die verlede gesien. Versierings word met abstraksie vervang (1986:14).



Oliver Dods, 'n Durbanse finalejaarstudent in die Argitektuur, het as deel van sy projek 'n plakkaat oor Internasionale Styl ontwerp en dit soos volg beskryf: "This is the first style for centuries in which period motifs were totally abandoned. Such buildings

emphasize geometrical cubic form, are smooth plastered, make use of large expanses of windows and portholes and cantilever balconies on upper floors" (Peters 1983:16).

Die internasionale omvang van hierdie styl word deur Mumford soos volg gestel: "The international style has become evident and definable only gradually as different innovators throughout the world have successfully carried out parallel experiments" (1956:384).

In Suid-Afrika het die Internasionale Styl sy sterkste invloed deur die Argitektuurdepartement van die Universiteit van die Witwatersrand uitgeoefen. Aanvanklik het die boutrant slegs as die Moderne Beweging bekend gestaan, maar laat in die dertiger jare word hierna as die Internasionale Styl verwys (Cook 1960:21-27; Kamstra 1985:28; Louw 1960:13; McTeague 1985:21). Volgens Duncan-Brown was dit die Engelse argitek S. Furner wat Suid-Afrikaners van dié styl bewus gemaak het. Hy het in 1925 na Suid-Afrika gekom en 'n artikel in die SAAR met die opskrif "The Modern Movement in architecture" geskryf (Furner 1925:87-89). Die artikel kan as pionierswerk gesien word, aangesien daar destyds internasionaal nog weinig publikasies oor die onderwerp verskyn het (Herbert 1975: 19). Oor die argitektuur in Suid-Afrika het Harrop-Allin die volgende gesê: "Yet at a stage when the movement was still in its relative infancy, even in Europe and America from where it had sprung, it was already having a considerable impact on South Africa" (1975:15). In Suid-Afrika het Furner van die eerste geboue in dié kontemporêre styl ontwerp. Die Internasionale Styl het egter eers volwaardig in die dertigerjare onder studente van Furner na vore gekom. Die studente was N. Hanson, G. McIntosh, B. Cooke, N. Finkelstein, S.N. Tomkin, J. Fassler, H. Martienssen en R. Martienssen wat die leier van die groep was. Studiereise is na Europa onderneem. Tydens die toere is hulle deur die werk van Gropius, Mies van der Rohe en Le Corbusier beïnvloed (CPIA 1936:24; Duncan-Brown 1990:63; Fransen 1981:156; Harrop-Allin 1975:15; Herbert 1975:26; SAAR 1960:21).

Rex Martienssen, een van die studente van Furner, het in 1931 'n artikel in die SAAR met die opskrif "The international tendency in contempory architecture" geskryf (SAAR 1931:109-112). Nog 'n Suid-Afrikaanse tydskrif wat daarna gestreef het om kennis oor kontemporêre argitektuur te versprei, was *Zerohour* wat in 1933 vir die eerste keer verskyn het (Duncan-Brown 1991:68; Herbert 1975:96). In April 1936 het Gropius 'n eksemplaar van *The new architecture and the Bauhaus* vir die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand gestuur. Hy was geïnteresseerd in die Suid-Afrikaanse argitektuur en het o.a. gesê daar word gehoop "that the young South Africans, as pioneers of a continent less burdened by tradition, might loosen quicker the

fetters of the past than was possible in Old Europe" (Herbert 1975:187). Rex Martienssen het voorbeelde van Suid-Afrikaanse ontwerpe aan Le Corbusier gestuur en in Oktober 1936 het hy teruggeskryf: "I was very touched. In the first place to find something so alive in that far away spot in Africa" (Herbert 1975:187; SAAR 1940:245-260). Die tydskrif *Zerohour* het mettertyd internasionale bekendheid verwerf en in 'n Britse blad, die *Architectural Review* van Oktober 1938, is die volgende opgemerk: "South Africa has leapt forward with a beautifully produced paper called Zerohour, containing illustrations of the work of Gropius and Le Corbusier as well as an interesting house in Pretoria by Gordan McIntosh. This is the final answer to those who imagine that colonial architecture is in a more Neo-Renaissance state than it is in England" (Bayer 1944:112).

Die eerste tekens van die Internasionale Styl in Suid-Afrika het dus in Johannesburg voorgekom. Kaapstad met sy lang historiese agtergrond was meer konserwatief en daarom is daar voor die Tweede Wêreldoorlog weinig geboue in hierdie trant ontwerp (Fransen 1990:onderhoud). Van die enkele geboue in dié styl is die Dorchester-woonstelle (1935) en die Avalon-woonstelle (1936) in Seepunt wat beide deur Roberts en Small (vgl 4.30) ontwerp is (AB&E Sep. 1935; AB&E Okt. 1936; Fransen 1981:157). Herbert het die volgende oor bogenoemde woonstelle geskryf: "as very tentative experiments with the new forms, both with symmetrical plans, rounded balconies, white wall surfaces, and horizontally glazed windows, Avalon's going around the corner in the accepted 'modernistic' manner. The latter building to be published in the conservative pages of the *Architect, Builder and Engineer* (Herbert 1975:154; AB&E Nov. 1936). In 1935 het Max Policansky, 'n argitek wat in Madrid, Londen, Amsterdam en Johannesburg gepraktiseer het, 'n praktyk in Kaapstad begin en verskeie geboue met Internasionale Stylelemente ontwerp (Fransen 1981:157; Herbert 1975:154; Potgieter 1970:533). In 1936 is prof. Thornton White, 'n argitek van Engeland, as hoogleraar in die Argitektuur aan die Universiteit van Kaapstad aangestel. Hy het sy studente o.a. van dié Moderne Beweging bewus gemaak (Fransen 1981:157; Potgieter 1970:532). Die argitek P.H. Shillington het in dieselfde jaar 'n woonhuis in Rondebosch met Internasionale Stylelemente ontwerp. Dit was die eerste gebou buite Transvaal met Internasionale Stylelemente waaroor daar 'n berig in die SAAR verskyn het (SAAR Des. 1937:530-531; Herbert 1975:154).

Daar is verbasend vroeg drie geboue in die Paarl in bogenoemde trant ontwerp. Alhoewel die styl van die geboue eklekties is, het dit tog elemente van die Internasionale Styl bevat. In 1934, 'n jaar voor die Dorchester-woonstelgebou in Seepunt opgerig is, is daar 'n woonhuis in bogenoemde trant in die Paarl opgerig (J.J. Meyer 1986:onderhoud)

Hieronder volg 'n lys van die geboue met Internasionale Stylelemente.

Immelman, S.R.	1934	Woonhuis in Pleinstraat vir mev. F. Kirsten, voorheen van die plaas Vredenhof
Onbekend	1935	Omskepping van woonhuis vir mnr. P.W. Durr, Oranjestraat
Vromans, J.P.	1939	Woonstel vir A. Frorath, Hoofstraat

Residensieel

Enkele voorbeelde van residensiële ontwerp word nou bespreek.

7.8.1.1 Woonhuis, Pleinstraat 21

Die woonhuis is in 1934 deur S.R. Immelman vir mev. F. Kirsten, voorheen van die plaas Vredenhof, ontwerp. Alhoewel die styl van die gebou eklekties is (die westelike fasade het bv. 'n Art Deco-trapgewel) is die geheelbeeld dié van die Internasionale Styl (MP 1934, plan 115; D. Jacobs 1989:onderhoud; P. Pahl 1990:onderhoud). In 1935 het W. Woods die planne vir die motorhuis aan die oostekant van die huis ontwerp (MP 1935, plan 90).



Die grondplan is links en die eerste vlak is regs (MP 1934, plan 115)

Die ruimte-indeling agter die moderne fasade bestaan nog steeds volgens die tradisionele boutrant van geïsoleerde kamers. Die voordeur front noord en verleen toegang tot die ingangsportaal. Uit die ingangsportaal is 'n oordakte oop ruimte beplan. Dit is egter tydens die bouery toegebou. Aan die westekant van die huis is die sitkamer

en die trap wat na die eerste verdieping en die solarium lei. Onder die trap is 'n toilet. Aan die oostekant is 'n ontbytkamer en aan die suidwestekant is 'n slaapkamer. Tussen laasgenoemde twee vertrekke is die kombuis met 'n ingeboude stoof, yskas en wasbak. Agter die huis is 'n stoep wat suid front. Die eerste vlak het drie slaapkamers met ingeboude kaste, 'n slaapbalkon ("sleeping porch"), 'n naaldwerkkamer en 'n balkon (MP 1934, plan 115).



Die noordelike fasade is links en die suidelike fasade regs (MP 1934, plan 115)

'n Deursnit van 'n gedeelte van die huis links en regs die dakplan (MP 1934, plan 115)

Vooraansig

Die gebou is gepleister en geverf. Die fasade is asimmetries. Die voordeur en die vertikale venster in die deur is met aluminiumstroke omraam. Reg bokant die deur is 'n betonluifel. Al die vensters het staalrame. Reg bo die betonluifel is 'n geometriese driehoekige projekterende venster. Die grondvlak en die eerste vlak se vensters aan die noordwestekant strek rondom die hoek. Die balkon aan die noordoostekant is ook op die hoek geplaas. Die handreling bestaan uit vier horisontale pype wat deur twee vertikale pype verbind is. Die handreling volg die ronding van die balkon en herinner sterk aan die luukse bootontwerpe van daardie tyd. Alhoewel dit nie 'n platdak is nie, word dié illusie d.m.v. die horisontale kroonlys geskep. Die Internasionale Styl kom na vore deur die strak kubistiese vorms en die sterk horisontale lyne soos bv. by die betonluifel van die balkon (MP 1934; plan 115).



Die bouwerk in Pleinstraat (Albertyn)

7.8.1.2 Moderne fasade aan bestaande huis, Oranjestraat 23

Die fasade is in 1935 deur 'n onbekende persoon vir P.W. Durr van Het Schoongezicht, Oranjestraat 23, ontwerp (MP 1935, plan 89).



Die plan (MP 1934, plan 89)

'n Langwerpige dubbelverdiepingblok is vooraan die bestaande huis aangebou. Die voordeur front oos en verleen toegang tot die ingangsportaal. Die vloerbedekking is van swart en grys teëls. Aan die noorde- en suidekant is daar 'n veranda. Uit die

ingangsportaal is die trap wat na 'n balkon op die eerste vlak lei. Aan die noorde- en suidekant van die balkon is slaapkamers (MP 1935, plan 89).



'n Dwarssnit van die aanbouing (MP 1935, plan 89)



Die vooraansig (MP 1935, plan 89)

Die gebou is gepleister en geverf. Die fasade is kubisties en sonder enige versiering. Die huis het staalraamvensters en die horsiontale dakrand skep die illusie van 'n platdak (MP 1935, plan 89).

Kommersieel

Voorbeeld van kommersiële ontwerp word nou bespreek.

7.8.1.3 Nuwe fasade vir woonstelle en winkels, Hoofstraat

J.P. Vromans het die fasade in 1939 vir A. Frorath ontwerp. Die gebou is reeds gesloop en die Spur-restourant is tans op die perseel (Y.G. Fisher 1988:onderhoud).



Vromans se voorstelling van die fasade (MP 1939, plan 122)

Die bouwerk met die Protea-klerewinkel en die Protea-haarsalon op die grondvlak en die twee woonstelle op die eerste vlak (Gribble)

Vooraansig

Die gebou front wes en is sonder oordadige versiering. Die veranda word gesteun deur eenvoudige, blokvormige pilare. Die vertoonvensters is omraam met chroomstroke. Die balkon het 'n pypvormige reling. Kenmerkend van die dertigerjare is ook die horisontale indeling van die vensters. Reg bokant die vensters en deure van die eerste vlak is 'n betonluifel. Die kroonlys is met 'n horisontale strook swart teëls versier (MP 1939, plan 122).

7.8.2 ART DECO

Alhoewel die bloeitydperk van Art Deco tussen die twee wêreldoorloë voorgekom het, het hierdie term eers gedurende die sestigerjare in gebruik gekom (Brunhammer 1983:8; Hillier 1968:11-12; Klein 1986:1). Die naam is afgelei van die uitstalling L'Exposition International des Arts Décoratifs et Industrials Moderns wat in 1925 in Parys gehou is (Bayer 1988:11; Brown 1977:8; Brunhammer 1983:7; *Die Burger* 12 Mei 1990; Duncan 1984:9; *Fascino* 2 Nov. 1990; Hillier 1968:11; Klein 1974:70; Musgrove 1987:1323). Die uitgangspunt van die organisasie was "dat alle geëxposeerde stukken een moderne geest en echte originaliteit moesten vertonen" (Klein 1986:106). In Amerika is daar in 1926 by verskeie museums geleende stukke van die 1925-uitstalling in Parys vertoon. Met die 1925-uitstalling as model het die Metropolitaanse Museum in 1929 sy eie uitstalling gehou. Die naam van die uitstalling was "The architect and the industrial arts: An exhibition of contemporary American design". 'n Tweede uitstalling deur bogenoemde museum is in 1934 gehou. A.g.v. die wêreldwye depressie is daar by die uitstalling gepoog om van eenvoudiger vorms en materiaal as voorheen gebruik te maak wat maklik gereproduseer kon word (Boyce 1976:260; Osborne 1975:44-45). Daar was egter nog nie 'n algemeen aanvaarde term vir die werke nie (Hillier 1968:11).

In 1966 is 'n uitstalling "Les Années 25" in Parys gehou. Die uitstalling het gekonsentreer op die twintigerjare en veral die bekende uitstalling van 1925. In hul katalogus is die term Art Deco gebruik (Klein 1980:70). Dieselfde jaar, op 2 November 1966, het 'n berig in die Britse koerant *The Times* met die opskrif "Art Deco" verskyn. Presies 'n jaar later, op 2 November 1967, het 'n berig "Les Arts Deco" in die Franse tydskrif *Elle* verskyn. Die eerste boek oor die onderwerp was Bevis Hillier se *Art Deco* wat in 1968 gepubliseer is (Hillier 1968:11-13). Die styl is ook Style 1925, Paris 25 en La Mode 1925 genoem, maar aangesien dit 'n hoogtepunt gedurende die dertigerjare bereik het en voorbeelde daarvan tot na die Tweede Wêreldoorlog voorkom, word die term Art Deco verkies (Hillier 1968:11-12). In 1971 is 'n uitstalling "The world of Art Deco" in Amerika gereël en die term is toe gevestig (Klein 1980:70).

Hillier het in sy boek die term Art Deco soos volg omskryf: "an assertively modern style, developing in the 1920's and reaching its high point in the thirties, it drew inspiration from various sources, including the more austere side of Art Nouveau, cubism, the Russian Ballet, American Indian art and the Bauhaus, it ran to symmetry rather than asymmetry, and to the rectilinear rather than the curvilinear, it responded to the demands of the machine and of new materials and its ultimate aim was to end the old conflict between art and industry" (1968:13). Roger Max, 'n joernalis, het in 1907 geskryf: "a social art derives its interest and justification only from the degree to which

it adapts itself rigorously to the times in which it appears" (Brunhummer 1983:8). Art Deco voldoen wel aan bogenoemde vereistes en R. Brown stel dit soos volg: "As a design it had no limitations in size, scope, medium or material. From wallpapers to skyscrapers, plastic rings to platinum bracelets, paper cups to silver chalices, the Art Deco style permeated everyday life. Never before and not yet since, has such a unified approach to design taken hold in the Western word" (1977:1). Van de Lemme het die volgende oor die term gesê: "The term Art Deco is used to describe, in somewhat simplified terms, the diverse developments that took place in the world of design between the wars. It is, however, an apt title for the style that followed on immediately from Art Nouveau at the end of the 19th century. The latter had mostly relied on floral motifs to pattern and ornament its buildings and other artefacts, whereas Art Deco was thoroughly modern in turning away from the winding, sinuous qualities of Art Nouveau, looking instead to those of abstract design and colour for colour's sake" (1968:8).

Parys was toonaangewend gedurende die twintigerjare en Art Deco-ontwerpers is hoofsaaklik deur modeontwerpers geïnspireer (Arwas 1980:19; Brunhammer 1983:20; Klein 1980:70). Diaghilef se Russiese balletgroep wat Parys in 1909 besoek het se helderkleurige kostuums en robuuste ontwerpe het 'n groot invloed op die modewêreld gehad (Brown 1977:8; Klein 1980:70).

Die geometriese gebruike van die Kubisme het ook Art Deco beïnvloed. Die motiewe is hoekig uitgebeeld (Klein 1980:71; Lampugnani 1986:21).

Egiptiese voorbeelde het met die ontdekking van Toetankhamen se graf in 1922 eweneens Art Deco-ontwerpe beïnvloed (Brown 1977:8; Gardner 1959:59; Howarth 1990:132). Die gebruik van swart Afrikagesigte met goue lippe en diamantversierings vir juweliers- en muurontwerpe dui op die Afrika-invloed. Die invloed is versterk deur kunswerke uit die Franse kolonies wat in 1922 uitgestal is (Battersby 1969:7; Haslam 1987:8). Die kultuur van die Amerikaanse Indiane, veral die trapmotiewe van die Astiekse tempels, kom sterk na vore (Hillier 1968:44). In 'n bespreking oor die Chase National Bank, New York, is verklaar: "The architect has contrived to erect in this uncompromizing location a building admirably suited to the purpose of modern commerce, and at the same time, suggestive of the stepped pyramidal effects of what is really Mexican" (Hillier 1971:32). Gedurende die twintigerjare was daar ook 'n belangstelling in glas, meubels en Chinese porselein uit die Ooste (Brunhammer 1983:169). Selfs Lodewyk XV- en XVI-meubels het as inspirasie vir materiaalontwerpe gedien (Brunhammer 1983; Lampugani 1986:21). Art Deco-ontwerpers is ook deur Antieke invloede geïnspireer. Van de Lemme stel dit in sy boek *A guide to Art Deco style* soos volg: "The spirit of Art Deco was the spirit of the modern. Even though it

adapted older styles for its own use it was still the style of the new" (Van de Lemme 1986:26).

Die argitekte Frank Lloyd Wright van Amerika en Josef Hoffman van Oostenryk het onder andere geboue ontwerp wat as oorgangsfase tussen Art Nouveau en Art Deco geklassifiseer kan word. Een so 'n voorbeeld is die "Palais Stoclet" in Brussel, België, wat Josef Hoffman in 1905 ontwerp het. Die gebou is in 1911 voltooi. Van de Lemme het die volgende oor die gebou gesê: "Described as Art Nouveau or the shrine of the Vienna Secession, it is a singular example of Hoffman's ingenuity and unique standing as the transitional figure between Art Nouveau and Art Deco" (1986:8). Nog 'n voorbeeld is die "Avery Coonley Playhouse" in Chicago, Illinois, wat Frank Lloyd Wright in 1912 ontwerp het en die Hollyhock-huis in Los Angeles wat hy in 1917 ontwerp het (Klein 1986:185; Van de Lemme 1986:42).

Na die Eerste Wêreldoorlog het 'n nuwe stand, die pasrykes, na vore gekom. Hulle wou hul nederige herkoms verbloem en maak van die dienste van binnehuisversierders gebruik. Ruimte het meer beperk geword en elke moontlike deeltjie moes as leefruimte benut word. Badkamers kry 'n nuwe voorkoms en die kombuis word self deur die huisvrou benut aangesien 'n groot getal huishulpe, soos in die neëntiende eeu, nie bekostig kon word nie. Die formele dinees is vervang met skemerpartytjies en die drankkabinet het 'n belangrike meubelstuk geword. In die slaapkamer was die moderne spieëltafel die fokuspunt (Klein 1980:75-77). Snelheid en advertensie het belangrik geword. Stoomskepe het drywende museums geword wat die nuwe modes oral oorsee bekend gestel het (Van de Lemme 1986:47; Klein 1980:74).

Vir die eerste keer het vrouens ook die manswêreld betree. Een so 'n dinamiese vrou was Eileen Gray (1879-1933) wat in Ierland gebore is. In 1927 het sy haar eie huis en interieur ontwerp. Sy het hoofsaaklik van staal, glas en geverfde hout gebruik gemaak (Bayer 1988:25; Brunhammer 1983:73).

Een van die leidende figure op die gebied van Art Deco-argitektuur in Europa was die Franse argitek Robert Mallet-Stevens (1886-1945) (Brunhammer 1983:88; Fheming 1986:19; Hatje 1975:183; Klein 1986:108-109). Alhoewel die bewuswording van Art Deco na die uitstalling van 1925 teruggevoer kan word, word al die voorbeelde van destyds nie vandag as Art Deco geklassifiseer nie. 'n Goeie voorbeeld is die "Pavillon de L'Esprit Nouveau" wat Le Corbusier vir die 1925 tentoonstelling ontwerp het. Hy het uit verset teen die oordadige versierings en kleure, sy hele paviljoen wit geverf. Dit is dus 'n voorbeeld van die Internasionale Styl en nie Art Deco nie (Klein 1980:76; 1986:126).

In die VSA is Art Deco-elemente in die wolkekrabberargitektuur gebruik. 'n Bekende voorbeeld is die Chrysler-gebou wat in 1930 voltooi en deur William van Alen ontwerp is (Fheming 1986:19; Klein 1980:130). Nog 'n voorbeeld is 'n gebou in Lexingtonlaan, New York, wat in 1931 gebou en deur die argitekte Cross en Cross ontwerp is (Klein 1980:130).



Chrysler-gebou, New York (Duncan-Brown 1991:91)

Gedurende die twintiger- en dertigerjare was sakelui meer bewus van die waarde van goeie ontwerpe. Geboue is as 'n goeie belegging en 'n bemarkingsproduk gesien en daarom is meer aandag aan die ontwerp van bv. fabrieke en afdelingswinkels geskenk. Argitekte en binnehuisversierders moes 'n indrukwekkende atmosfeer in die kantore skep. Daar is spesifieke aandag aan die ligte geskenk en funksionele voorwerpe het ook as versierings gedien. 'n Goeie voorbeeld is die Hoover-gebou net buite Londen wat in 1932 deur Wallis, Gilbert en vennote ontwerp is (Klein 1980:128-129; Peel 1990:61; Van der Hoven 1990:71; Van de Lemme 1986:46-47).



Hoover-gebou, Londen (Duncan-Brown 1991:92)

'n Besoek aan die bioskoop was gewilde vermaak van die twintiger- en dertigerjare . Die behoefte aan bioskope het 'n geleentheid geskep vir argitekte om hulself uit te leef. Kenmerkend was die Art Deco-styl wat in die ontwerpe gebruik is (Barrett 1987:40; Clark 1943:150; Fleming 1980:435; Garner 1978:288). Hillier skryf: "If one had to present someone the quintessence of Art Deco, what would one show him? My choice

would be one of the cinemas" (1971:30). 'n Bekende voorbeeld is die New Victoria-bioskoop in Londen (Van de Lemme 1986:50).

Kenmerkende elemente van die styl is geometriese vorms; halfsirkelboë; die sterk beklemtoning van vertikale lyne, dikwels in die vorm van 'n trapmotief, wat die volle hoogte van die gebou oploop en bo die dakrand uitsteek; dekoratiewe panele in vlak reliëf; vensters en balkonne op die hoeke geplaas; soliede glasblokke vir beligting in die mure; 'n dekoratiewe hoofingang; kontrasterende kleure so op geboue geverf sodat dit 'n liniêre effek skep; kontrasterende gewilde kleure soos helder kersierooi, oranje, violet, swart en skakerings van groen; mure van silwer of goud gedurende die twintigerjare asook sonstraal- gestileerde fontein- en siggoerat-motiewe (Albertyn 1984:4; Battersby 1976:145; Duncan-Brown 1991:92).



*Geometriese Art Deco-elemente met'n voordeur links waarop 'n sonstraalmotief voorkom en regs bo 'n Art Deco-lig (*Gibberd *1965:42)*



Stella Ferreira, 'n Durbanse finalejaarstudent in die Argitektuur, se plakkaat wat Art Deco uitbeeld. Die onderskrif lui soos volg: "These buildings, mainly tall apartment blocks along American skyscraper lines, have a dominant vertical emphasis. Windows are arranged as recessed planes within ornamental facades of zigzags, chevrons, sunbursts and stylised plant and animal motifs" (Peters 1983:16)

Art Nouveau, die eerste styl in die moderne idioom, het weinig inslag in Suid-Afrika gevind. Art Deco daarenteen het sterk na vore gekom en kan as die oorheersende

moderne styl tussen die twee wêreldoorloë beskou word. Die fasade van 'n Art Deco-gebou was baie belangrik, in teenstelling met die Internasionale Styl waar die ruimtebeplanning die vorm van die gebou bepaal het. Art Deco-invloede het selfs die tradisionele Kaaps-Hollandse Herlewing beïnvloed en sulke geboue word as "Cape Deco" beskryf. Die gewels het gewissel van eenvoudige trapgewels tot meer dekoratiewe geometriese gewels. Voorbeelde van dié styl kom tot in die kleinste dorpies in Suid-Afrika voor, alhoewel dit dikwels net 'n trapgewel of deurhandvatsel is waaraan 'n mens die Art Deco-invloed kan onderskei. 'n Goeie voorbeeld van Art Deco-argitektuur in Johannesburg is die Colosseumgebou in Commissionerstraat wat in 1932 deur P. Rogers Cook ontwerp is (Van der Waal 1986:192). In Kaapstad was W.H. Grant vir 'n paar Art Deco-geboue verantwoordelik; 'n goeie voorbeeld is die Commercial Union-gebou, tans die Marketgebou op Groentemarkplein (Fransen 1981:152; Riley 1990:onderhoud). Een van die treffendste geboue in die Art Deco-styl is die S.A. Mutual-gebou in Darlingstraat wat in 1939 deur Louw & Louw in samewerking met F.M. Glennie ontwerp is. Vir jare lank was dit die hoogste gebou in Suid-Afrika (Fransen 1981:153; Hattingh 1985:548; Suid-Afrikaanse Biblioteek 1990:10; Van der Hoven 1990:8).

In die Paarl is daar gedurende die tydperk onder bespreking vyftig bouplanne met Art Deco-stylelemente by die Paarlse Munisipaliteit ingedien . Die eerste voorbeeld van Art Deco boukuns in die Paarl was 'n aanbouing in die vorm van 'n trapgewel aan 'n bestaande huis in 1930.

Art Deco in die Paarl het naas die boukuns ook die skone kunste en alledaagse gebruiksartikels beïnvloed. Die KWV het selfs reukwater vervaardig wat volgens 'n advertensie in die *Paarl Post* in 'n Art Deco-botteljie verpak is (Paarl *Post* 15 Des. 1938).



Links: His masters voice radio met gestileerde fonteinmotiewe (Gimnasium Hoërskool-jaarblad 1934)

Middel: *Let op die hoekige lettergebruik en die kleredrag op die Hospitaaldanskaartjie* (Drakenstein-heemkring)

Regs: *Die sonstraalmotief en geometriese letters word vir 'n advertensie van Hepworths gebruik* (Paarl Post 31 Jan. 1931)

Hieronder volg 'n lys van geboue met Art Deco-stylelemente.

Combrink, N. C.	1930	Aanbouing van trapgewel aan 'n bestaande huis
Onbekend	1931	Veranda aan bestaande gebou van A.L. Dick, Lady Greystraat
Louw, W. H.	1931	Drie winkels vir mnr. Voigt in Lady Greystraat
Roberts & Smal	1931	Royal Baking Powder-gebou (goed ontwerpte, industriële gebou)
Louw & Louw	1933	Winkel vir Rabinowitz & Berman in Lady Greystraat
Immelman, S. R.	1933	Kantoorgebou in Hoofstraat
Onbekend	1933	Motorhuis, Lady Greystraat
Grundlingh, J. P.	1934	Pakhuis in Concordiastraat
Onbekend	1934	Motorhuis in Louiestraat en 'n nuwe vertoonvenster vir Economics, Hoofstraat
Combrink, N. C.	1934	Pakhuis ook in Concordiastraat
Immelman, S. R.	1934	Kantoorgebou vir Jack Phillips in Lady Greystraat
	1935	Winkel vir Dick & Allsop in Hoofstraat
Bromfield, B.	1935	Stoep vir woonhuis in Bethelstraat

Brink, H. L.	1935	Motorhuis met trapgewel aan bestaande woonhuis
Woods, W.	1935	Pakhuis vir Paarl Monumentale werke in Bredastraat
Lonstein, J.	1935	Planne vir Palladium bioskoop wat nie in praktyk gerealiseer het nie
Onbekend	1936	Motorhuis in Retiefstraat, motorhawe in Fabriekstraat en 'n kantoorgebou in Lady Greystraat
Combrink, N. C.	1936	Motorhawe met trapgewel in Hoofstraat
Tallo, G.	1936	Woonhuis in Hoofstraat 506
Louw & Louw	1936	Die Paarlse Eksekuteurskamer (tans die gebou van die Raad vir Inmaakvrugte), Hoofstraat 258. Soos die aangrensende Stadsaal ook eklekties maar detail dui sterk op Art Deco-elemente. 'n Goeie beskrywing van die gebou is die opskrif in 'n berig in die *Paarl Post* van 19 Oktober 1937 oor die gebou: "Classic in conception - modern in detail"
Immelman, S. R.	1936	Winkel vir J. Phillips in Lady Greystraat
		Addisionele kamers vir Biblioteek in Hoofstraat
		Aanbouings aan La Rochelle skoolgebou
	1937	Gebou vir African Mutual Trust in Hoofstraat
		Koshuisgebou vir La Rochelle
Combrink, N. C.	1937	Twee motorhuise met trapgewels
		Woonhuis met stoep

		Blooms meubelwinkel op hoek van Lady Grey en Versterstraat
Onbekend	1937	Woonhuis, Louiestraat
Sterrenber & Lutz	1937	Gebou vir Holmes Motors in Lady Greystraat
Combrink, N. C.	1938	Vier winkels vir mnr. Black in Stasiestraat
		Woonhuis in Malherbestraat
Onbekend	1938	Woonhuis met 'n "Cape Deco" gewel in Textile- en Bernhardistraat, asook 'n skakelhuis in Nuwestraat
Immelman, S. R.	1938	Verandering aan die Royal Hotel (Nuwe Art Deco fasade)
Vromans, J.P.	1939	Pakhuis op hoek van Sinagoge- en Swartvleistraat vir Rabinowitz en Berman
		Skakelhuis by Paarlstasie
Woods, W.	1939	Woonhuis in Malherbestraat
Grant, W. H.	1939	Protea bioskoop in Hoofstraat. Mnr. Grant was ook verantwoordelik vir die ontwerp van verskeie Art Deco-geboue in die middestad van Kaapstad

Residensieel

Enkele voorbeelde van residensiële ontwerp word nou bespreek.

7.8.2.1 Addisionele kamers vir H. Carolissen, Waterkantstraat

Dit is die eerste voorbeeld van 'n trapgewel wat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien is (MP 1930, plan 73).

Mnr. N.C. Combrink het die planne van die trapgewel geteken. Die gebou is egter reeds gesloop (E. Carolissen 1989:onderhoud; MP 1930, plan 73)

7.8.2.2 Dubbelmotorhuis, Bredastraat

Die motorhuis is in 1934 deur 'n onbekende persoon vir J. Rossouw ontwerp (MP 1934, plan 67).



Die dubbelmotorhuis met sy trapgewel is alreeds gesloop (MP 1934, plan 67;M. Vlotman 1988:onderhoud)

7.8.2.3 Veranda vir bestaande huis, Bethelstraat 29

Die argitek B. Bromfield het in 1935 die veranda vir N. Schneider ontwerp (MP 1935, plan 36).

Die geometriese afwerking van die verandarand dui op Art Deco-*invloed* (MP 1935, plan 36)



1935

Chroomhandvatsel van die voordeur met trapmotief (WAD)



1935

Die gebruik van loodglasvensters en hortjies is tradisioneel, maar die diamantvormige glasmotiewe van die swaairaamvensters aan die woonhuis dui op Art Deco-invloed (WAD)

7.8.2.4 Motorhuis, Templierstraat

Die motorhuis is deur N.C. Combrink in 1937 vir D. Moyle ontwerp. Dit het £50 gekos om die motorhuis te bou. Die gebou is later gesloop om plek te maak vir nog 'n huis (N.C.Combrink 1989:onderhoud; MP 1937, plan 170).



Die grondplan is links en die vooraansig regs. 'n Tipiese stylelement van Art Deco *is die horisontale dakrand met die sentrale vertikale versiering (MP 1937, plan 120)*

7.8.2.5 Skakelhuis, Tekstielstraat 29

Die skakelhuis is in 1938 deur 'n onbekende persoon vir mnr. D. van Niekerk van die plaas Pontac ontwerp. Die gebou het £800 gekos. Daar was probleme met die bouery en die Cape Deco-gewel is in latere jare afgebreek (C. Albertyn 1990:onderhoud; MP 1938, plan 21).

Die plan (MP 1938, plan 21)

Die hoeksteen (S. de Villiers-plakboek)

Die offisiële opening van die koshuis was op 6 Junie 1936. Die destydse Administrateur van die Kaapprovinsie, mnr. J.H. Conradie, het die gebou met 'n silwersleutel oopgesluit wat aan hom deur mej. J. Meyer, prinsipale van die skool, oorhandig is (J. Meyer 1986:onderhoud). Die gebou is drie verdiepings hoog en bestaan uit vier vleuels wat 'n binnehof omsluit. Die gebou het £25 000 gekos (*Paarl Post* 9 Junie 1936).



Die vooraansig (Albertyn)

Die vooraansig is simmetries en front suid. Die plint van die gebou is van Paarl-graniet en die res is gepleister en geverf. 'n Vertikale effek word deur die lyswerk en die plasing van die staalraamvensters verkry. Beide die ooste- en westevleuels het vertikale lyswerk om die middelste drie vensters. Die bande van die lyswerk strek vanaf die grondvloer tot by die tweede verdieping en is trapvormig versink. Tussen die grondvloer en die eerste verdieping is 'n balkon. Tussen die twee vleuels is 'n portiek met twee pilasters en vier pilare. Die dekoratiewe hoofingang het lyswerk om die voordeur en rondom die venster bokant die deur. Tussen bogenoemde deur en venster is die skool se wapen in reliëf aangebring. Die borsweringmuur wat rondom die gebou loop se bo-rand is versier met vertikale profilering.

7.8.2.7 Skoolgebou vir La Rochelle, Faurestraat

'n Jaar nadat bogenoemde koshuisgebou voltooi is, het S.R. Immelman 'n addisionele skoolgebou vir La Rochelle (ook met Art Deco-stylelemente) ontwerp (J. Meyer 1987:onderhoud; MP 1936, plan 149).



Die argitek se voorstelling van die vooraansig (MP 1936, plan 149)

Die plint van die langwerpige dubbelverdiepinggebou is van siersteen. Die dekoratiewe hoofingang front suid (MP 1936, plan 149).



Die ontwerp van die lyswerk van die hoofingang stem ooreen met dié van die koshuis wat die vorige jaar gebou is. Aan weerskante van die geometriese gewel is 'n vertikale strookversiering van swart glasuurteëls wat afgewissel word met twee langwerpige staalraamvensters aan weerskante (Albertyn)

Die oorspronklike ontwerp van twee enkelverdiepingvleuels aan beide kante van die gebou is met twee dubbelverdiepingvleuels sonder deure vervang (MP 1936, plan 149).

Dieselfde lyswerk as by die hoofingang word hier herhaal. Die gebou het 'n teëldak (Albertyn)

Kommersieel

Enkele voorbeelde van kommersiële ontwerp word nou bespreek.

7.8.2.8 Veranda vir A.L. Dick & Co., Lady Greystraat

In 1931 is planne vir 'n veranda vir A.L. Dick & Co. op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat by die Paarlse Munisipaliteit ingedien. Geen aanduiding kon gevind word van wie die planne opgestel het nie. Die geometriese fatsoenering van die borsweringmuur en die geometriese reliëfwerk bokant die pilare dui op Art Deco-invloed. Die gebou is alreeds gesloop en 'n gebou vir Wesbank is op die perseel opgerig (MP 1931, plan 18).

Regs op die foto is die veranda sigbaar (Gribble)

7.8.2.9 Nuwe winkelvenster, Lady Greystraat

In 1931 het N.C. Combrink 'n nuwe vertoonvenster vir die bestaande gebou van C. de Villiers ontwerp (MP 1931, plan 86).



Combrink se voorstelling van die veranderings (MP 1931, plan 86)

Die gebou het 'n moderne deur gekry met 'n chroomstrook in die vorm van 'n diamant (N.C. Combrink 1989:onderhoud).

7.8.2.10 Boedelgebou op die h.v. Lady Grey- en Hoofstraat

Die gebou is in 1933 deur S.R. Immelman vir die Perelse Boedel & Agentskap Maatskappy Beperk, ontwerp. Die bouers was Sterrenberg en Lutz van die Paarl. Van Gemert & Co. van die Paarl was verantwoordelik vir die verf. A.L. Smook van die Paarl was verantwoordelik vir die elektriese werk. Die balustrades en ysterwerk is deur W. Voigt Ltd. van Hugenoot gedoen. Brimble & Briggs Ltd. was verantwoordelik vir die winkelventsers en die gewapende beton is deur The Reinforcing Steel Co. Ltd. van Kaapstad gedoen. Dit het twaalf maande geneem om die gebou te voltooi. Die opskrif in die *Paarl Post* oor die gebou het gelui: "Monument to development of Paarl" (23 Julie 1935).



Die oppervlakte wat die gebou beslaan. Die stippellyn dui die geboue wat gesloop is aan (MP 1933, plan 60)



Immelman se voorstelling van die fasade aan Lady Greystraat (MP 1933, plan 66)

Voorstelling van die fasade aan Hoofstraat (MP 1933, plan 66)

Die bouwerk op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat (KAB: AG 5042)

Die vooraansig van die gebou is asimmetries en die dubbelverdiepinggebou is op 'n hoekerf ontwerp. Die gebou het vyf dekoratiewe ingange. Vier deure is met glansende metaal omraam en die deure wat aan Hoofstraat front het geometriese driehoekvormige panele, terwyl die deure wat aan Lady Greystraat front, gestileerde fonteinmotiewe het. Die hoofingang is in Lady Greystraat en is afgewerk in swart en grys marmer. Buiten vir die groot vertoonvensters het die gebou verchroomde vlekvrye staalswaairaamvensters. Bokant die grondvlak se vensters is daar 'n betonluifel met horisontale bande ondersteun deur getrapte konsoles. Tussen die vensters van die eerste verdieping is getrapte, geprofileerde vertikale versierings en die ventilasie-openinge is met

geometriese bande omraam. Die kroonlys van die borsweringmuur het 'n kammotief en bokant die deuropening is panele met vertikale versierings. Drie van die panele het elk 'n vlagmas (MP 1933, plan 66; *Paarl Post* 13 Julie 1935; SAB 1934:30). Die gebou is alreeds gesloop en Bolandbankgebou is op die perseel opgerig.



1933

Kenmerkend van Art Deco-argitektuur is die gebruik van geometriese vorms soos by die deur van die Boedelgebou op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat. Dié deur se paneelwerk bestaan uit twee gelykvormige driehoeke wat deur 'n dubbelhandvatsel verbind is. Die gebou is alreeds gesloop (WAD)



1933

Die versonke dubbeldeur van die Boedelgebou het toegang tot die destydse Paarl Kafee verleen. 'n Gestileerde fontein-motief is vir die paneelwerk van dié deur gebruik (WAD)

7.8.2.11 Rabinowitz & Bermangebou, Lady Greystraat

Louw & Louw was in 1933 verantwoordelik vir die opstel van die planne. Die grondvlak is onderverdeel in vertoonlokale, ablusiegeriewe, kantore en 'n vertrek waar glas gesny is. Die eerste vlak het gedien as stoorplek. Vandag staan die gebou op die hoek van Lady Greystraat en die Bergrivier-boulevard en Slabber's Uitrusters is tans daarin gehuisves.



Louw & Louw se voorstelling van die vooraansig (MP 1933, plan 26)

Vooraansig

'n Strook van swart-en-wit diamantvormige teëls is op stoepvlak om die gebou gelê. Die fasade is simmetries en front suid. Bokant die agt glaspanele van die vertoonvensters is 'n horisontale strook van swart marmer. Die metaalvoordeur het horisontale indelings en aan weerskante van die deur is swart marmer. Bokant die deur is die naam Rabinowitz & Berman in verchroomde letters aangebring. Die sentrale gedeelte van die geboue het 'n bloktoring met reghoekige versierings wat onder mekaar gerangskik is om 'n vertikale lyn te vorm. Die sierstene is so gebou dat dit skadupatrone vorm. Die mure is gesaksmeer sodat die patrone van die sierstene nie verlore sou gaan nie. Op die kroonlys is verchroomde groen emaljeletters op swart pennetjies aangebring (MP 1933, plan 26).

7.8.2.12 Pakkamer en winkel, Bredastraat

N.C. Combrink het die gebou in 1934 vir ene Shoolman ontwerp (MP 1934, plan 65).

Voorstelling van die fasade (MP 1934, plan 65)

Kenmerkend van die gebou is die trapgewel (MP 1934, plan 65). Die gebou is alreeds gesloop.

7.8.2.13 Nuwe vertoonvensters vir Economic Boot Store, Hoofstraat

In 1934 het 'n onbekende persoon die vertoonvensters vooraan die bestaande gebou ontwerp (MP 1934, plan 134).

'n Skets van die vertoonvensters (MP 1934, plan 134)

Die glaspanele trap in tot by die deur. Die plint het driehoekige versierings en bokant die glaspanele is 'n vertikale strook- afwerking (MP 1934, plan 134).

7.8.2.14 Phillipsgebou, Lady Greystraat

In 1934 het S.R. Immelman die Phillipsgebou langs die Boedelgebou op erf 8672 ontwerp (MP 1934, plan 8672; Phillips 1989: onderhoud). Die opskrif in 'n beriggie in die *Paarl Post* lui: "Positive proof of New Era in Commercial Activity". Verder word geskryf: "Indeed we may say that the architecture of the past generation was representative of the 'iron age'. The typical balconies of that time are still to be seen in

numerous structures in which the pillars were of cast iron, supporting the balconies. On the other hand, the Jan Phillips building may rightly be classified as signifying the age of concrete, for it is practically of concrete throughout, and both the utility and stength of this material are adequately represented in the broad overhanging balcony, void of any pillars or supports whatever, other than that provided by the thickness of the material and its solidity. It is not an ornate structure. There is no scrollwork and there is not a curved line anywhere. Everything is rectangular, or assumes angular proportions, while the general trend of the salient lines are in the perpendicular" (*Paarl Post* 3 Des. 1935).

Die plan van die eerste verdieping. Die grondvlak is vir winkels en die eerste vlak is vir kantore gebruik (MP 1934, plan 131)

Die hoofingang lei tot 'n portaal met 'n marmerpaneel waarop die huurders van die gebou se name aangebring is. Die trap wat na die eerste vlak lei, was van swart mosaïekteëls en die muurbekleding was van nagemaakte blougrys marmer. Die trapportaal op die eerste verdieping is ovaalvormig met 'n ster-motief op die grond en 'n gang aan weerskante. Houtdeure van kiaat verleen toegang tot die kantore. Die bouers was J.L. Grundlingh & Son, Paarl; die loodgieterswerk is deur O.J. Arnold gedoen en moderne ligte is deur A.L. Smook geïnstalleer. Die winkelvensters is deur Brimble & Briggs, Ltd., van Kaapstad gedoen en Arderne, Scott, Thesen, Ltd., van Kaapstad was verantwoordelik vir die lyswerk en plafonne (*Paarl Post* 3 Des. 1935).



Immelman se voorstelling van die vooraansig (MP 1934, plan 131)



Detail van die hoofingang (MP 1934, plan 131)



Die gebou soos dit tans daar uitsien. Die omskepping van die gebou word egter nie hier bespreek nie, aangesien dit nie gedurende die tydperk onder bespreking uitgevoer is nie (Albertyn)

Vooraansig

Die langwerpige dubbelverdiepinggebou front suid en is simmetries ontwerp. Die groot vertoonvensters op die grondvlak is met verchroomde stroke en met 'n swart emalje-oppervlakte omlys. Tussen die verskillende winkelvensters op die bopunt van die vertikale swart stroke is geometriese chroomversierings aangebring. Elke winkel het sy eie toegangsdeur met chroom en geometriese glaspanele gehad. Bokant die

vertoonvensters is 'n betonluifel wat reg om die gebou strek. 'n Horisontale metaalraamvenster is op beide hoeke van die eerste verdieping geplaas. Tussen laasgenoemde vensters is 'n reeks van sewentien vertikale metaalswaairaamvensters. Bokant die sentrale vensters is dekoratiewe panele in vlak reliëf. Die borsweringmuur vorm 'n trapmotief met vertikale panele wat die volle hoogte van die gebou beslaan. Die sentrale paneel met vertikale versierings het 'n vlagmas en sierrooster wat dui op Egiptiese invloed (MP 1934, plan 131; *Paarl Post* 3 Des. 1935).



1934

Die dubbeldeur van die Phillipsgebou aan Lady Greystraat se paneelwerk het uit driehoekpanele met diagonale handvatsels bestaan. Die gebou is intussen verander (WAD)

7.8.2.15 Winkels en woonstelle vir Dick & Allsop, Hoofstraat 248

S.R. Immelman het in 1935 die gebou ontwerp. Op die grondvlak was die Elite-kafee en Elite-haarsalon vir mans en vroue en die eerste verdieping bestaan uit twee woonstelle (MP 1935, plan 31; *Paarl Post* 8 Nov. 1935).



Immelman se voorstelling van die vooraansig (MP 1935, plan 31)

Vooraansig

Die vooraansig is simmetries en front oos. Daar is drie dubbeldeure met vertikale glaspanele wat met verchroomde stroke omraam is. Bokant die deure is reghoekige boligte. Die vertoonvensters is met verchroomde bande omraam en die boonste gedeelte bestaan uit horisontale stroke van swart glas wat ook met verchroomde bande omraam is. Die muuroopervlakte aan die kante van die middelste vertoonvensters het elk 'n vertikale strook van geel emalje en op die bopunt is 'n geometriese chroomversiering. Bokant die vensters is 'n betonluifel wat die basis van die oop balkon op die eerste verdieping vorm. Die balkon het 'n staalhandreling. Die middelste gedeelte van die gebou is 'n driehoekvormige erkervenster wat trapvormig geprofileer is en oor die volle hoogte van die eerste verdieping strek. Die woonstelle het staalswaairaamvensters met horisontale indelings. Die kroonlys van die borsweringmuur is in die vorm van 'n kammotief (MP 1935, plan 31).



1935

Die deur en vertoonvenster van die Dick & Allsop-gebou aan Hoofstraat dui op die sterk beklemtoning van horisontale en vertikale lyne (WAD)



1935

'n Geometriese, vertikaalvormige deurhandvatsel van die Dick & Allsop-gebou aan Hoofstraat. Die handvatsel is van chroom met driehoekvormige reliëfversiering



Die vertoonvensters van die Dick en Allsop-gebou in Hoofstraat is met 'n vertikale strook van gekleurde geelglas verbind. Die glas is omraam met 'n chroomstrook en aan die bopunt van die glas is 'n dekoratiewe chroompaneel met 'n trapmotief (WAD)

7.8.2.16 Nuwe Palladiumgebou, Lady Greystraat

Die argitek Julius Lonstein het die planne met Art Deco-elemente in 1935 opgestel. Die gebou is egter nooit opgerig nie. Die fasade word dus nie bespreek nie (MP 1935, plan 83).

Lonstein se voorstelling vir 'n nuwe Palladiumgebou (MP 1935, plan 83)

7.8.2.17 Motorhawe vir C. Back, Hoofstraat 1

Die gebou is in 1936 deur N.C. Combrink ontwerp (MP 1936, plan 139).



Die bouwerk (Albertyn)

Die gebou front wes en het 'n veranda met eenvoudige pilare. Onder die veranda is die petrolpompe aangebring. Aan die suidekant van die gebou is die werkswinkel en aan die noordekant die kantoor en teekamer.

Die borsweringmuur is in die vorm van 'n trapmotief met 'n vertikale versiering in die middel (MP 1936, plan 139).

7.8.2.18 Motorhawe vir Williams, Hunt & Johnston Ltd., Fabriekstraat

Die gebou is deur 'n onbekende persoon in 1936 ontwerp en die beraamde koste was £ 2 200. Die gebou is reeds gesloop en nuwe vertoonkamers vir Atkinson's Motors is op die perseel gebou (MP 1936, plan 103).

Die Williams, Hunt & Johnston-gebou (Gribble)

Vooraansig

Die gebou is simmetries en front wes. Die plint van die gebou is van siersteen. Aan weerskante van die sentrale ingang is 'n vertikale paneel met groefwerk wat oor die volle hoogte van die gebou strek met 'n horisontale paneel wat aan die bokant twee vertikale panele verbind met twee ronde entversierings op die boonste hoeke geplaas. Die paneel omsluit twee vertikale panele met groefwerk, ventilasie-openinge en siersteenversierings. Die vertoonvensters is van groot glaspanele wat aan die bokant afgerond word met 'n geometriese loodglasstrook. Aan weerskante van die sentrale ingang is daar 'n betonluifel. Die borsweringmuur volg 'n trapmotief met twintig vertikale panele (MP 1936, plan 103).

7.8.2.19 Vertoonkamers vir Holmes Motor Co. op die h.v. Lady Grey- en Bredastraat

In 1937 het Sterrenberg en Lutz die nuwe fasade en vertoonkamers vir die Holmes Motor Co. gebou (MP 1937, plan 87). Die gebou is alreeds gesloop en die Grand Bazaars-gebou is op die perseel opgerig.

Die foto van die interieur het in die* Paarl Post *van 31 Maart 1939 verskyn. Die modernisering van die gebou het £400 gekos (Gribble)



Sterrenberg en Lutz se voorstelling van die nuwe fasade (MP 1937, plan 87)

Vooraansig

Die fasade is asimmetries en front noord. Dit is 'n langwerpige gebou. Horisontale en vertikale reguit lyne speel 'n belangrike rol. Die groot glasvensters is so ontwerp dat die motors van alle kante sigbaar is. Die borsweringmuur het vertikale paneelversierings (MP 1937, plan 87).

7.8.2.20 Meubelwinkel vir Bloom op die h.v. Lady Grey- en Versterstraat

N.C. Combrink het die gebou in 1937 ontwerp. Buiten die vertoonvensters wat deur Brimble & Briggs Ltd. van Kaapstad gedoen is en die betonwerk, was al die ander mense betrokke by die bouwerk, Paarliete. Die bouer was J.H. de Koker; B. van Gemert & Co. se verf is gebruik; die loodgieterswerk is deur O.J. Arnold gedoen, die elektriese bedrading deur J. Wolfaardt en E. Essenhigh was vir die Spaanse pleisterwerk verantwoordelik (M[illegible] plan 167). Tans is Beares & Giddys se meubelwinkel in die gebou.

Combrink se voorstelling van die vooraansig (MP 1937, plan 167)

*Die bouwerk (*Paarl Post *28 Okt. 1938)*

Vooraansig

Die plint van die gebou is met swart emalje teëls versier. Volgens 'n beriggie in die *Paarl Post* was dit die langste vertoonvensters met staalrame in die Paarl (28 Okt. 1938). Tussen die vertoonvensters is vertikale swart emaljestroke. Kruisvormige metaalstroke is dekoratief op die horisontale strookvensters aangebring. Die hoofingang is bekroon met 'n horlosie en ligte wat in die aand aan en af geflikker het. Bokant die vertoonvensters is 'n betonluifel wat om die hoek strek. Drie vertikale stroke van soliede glasblokke is vir beligting in die muur op die hoek geplaas. Die staalswaairaamvensters van die eerste verdieping is so geplaas dat dit 'n horisontale band vorm. Die borsweringmuur het horisontale bande wat afgewissel word met vertikale lyswerk wat bo die dakrand uitsteek. Bokant die hoofingang is 'n vertikale dekoratiewe paneel (MP 1937, plan 167; *Paarl Post* 28 Okt. 1938).

7.8.2.21 Vernuwing van klerewinkel vir Garlicks, Lady Greystraat

Op 25 Junie 1937 het mnr. D.J. du Plessis sy winkel wat in 1910 gebou is aan Garlicks verkoop. Met die opening van die winkel lui die opskrif in 'n plaaslike koerant : "Paris, London and New York in Lady Grey street". Mnr. J. Goldie, wat nege jaar lank die hoofsnyer van die firma D.J. du Plessis was, het sy eie manswinkel in die Paarl Postgebou begin. Die res van die personeel is deur Garlicks oorgeneem. Die interieur is verander en die winkel het nuwe vertoonvensters gekry. Volgens die berig in die *Paarl*

Post was die winkelvensters gelykstaande aan dié van oorsese winkels (*Paarl Post* 12 Nov. 1937).

Die vertoonvensters (Gribble)

Die ingang bestaan uit 'n boogportiek met glasvertoonvensters aan weerskante. Op 'n horisontale band is die naam Garlicks uitgebeeld en bokant dit is 'n strook met loodglasvensters waar die ronde motief met geometriese lyne afgewissel is.

Die interieur van Garlicks (Gribble)

Die interieur het houtblokkies as vloerbedekking; die aantrekhokkie en die oorhange vir die klere het 'n geprofileerde kroonlys; bokant die spieëls teen die muur is dekoratiewe panele en die ligte met geronde wit glasskerms en 'n trapmotief is saam met die genoemde eienskappe, kenmerkend van daardie tydperk (Gribble).

7.8.2.22 Nuwe fasade vir African Mutual Trust, Hoofstraat 310

In 1937 het S.R. Immelman 'n nuwe fasade vir die bestaande gebou van African Mutual Trust & Assurance Co. Ltd in Hoofstraat ontwerp (MP 1927, plan 18). Tans huur Ons Huis-ondernemings die gebou.

Immelman se voorstelling van die vooraansig (MP 1937, plan 18)

Vooraansig

Die gebou front suid, is asimmetries en het 'n veranda met eenvoudige pilare. Die noordekant van die gebou het groot vertoonvensters met 'n dubbeldeur wat onderverdeel is in vertikale glaspanele. Die suidekant het staalswaairaamvensters en 'n ingesonkte dubbeldeur met geelkoper oorgetrek en met 'n geometriese motief daarop.

Die borsweringmuur vertoon 'n trapmotief wat die helling van die dak volg. Die trappanele word al hoe kleiner opwaarts en is met bande van geglasuurde grys-teëls versier. Die sentrale gedeelte het vertikale versierings, 'n vlagmas en 'n sierrooster met Egiptiese motiewe (MP 1937, plan 18).

7.8.2.23 Paarlse Eksekuteurskamer-gebou, Hoofstraat 258

Die firma Louw & Louw was verantwoordelik vir die opstel van die planne. Die bouers was J.L. Grundlingh & Son (Pty) van die Paarl. O.J. Arnold van Bredastraat het die loodgieterswerk gedoen en S.B. de Kock, wie se onderneming op die hoek van Derksen-

en Nuwestraat was, het die elektriese bedrading geïnstalleer. Die klipwerk is deur J.A. Clift van Suider-Paarl gedoen. Die betonwerk, vloerbedekkings en gordyne is deur firmas van die Kaap behartig (*Paarl Post* 19 Okt. 1937). Die oorspronklike planne van die gebou kon nie by die Munisipaliteit opgespoor word nie.



Die bouwerk (Albertyn)

Vooraansig

Die plint van die gebou is van Paarl-graniet asook die veelkantige trapskagtoring met teruggesette vensters. Die toring beklemtoon die hoofingang. Aan weerskante van die ingang is 'n smeedyster ventilasierooster. Die enigste horisontale panele is die betonlateie bokant die buitedeure. Tussen die teruggesette staalswaairaamvensters is bokmotiewe in reliëfpanele uitgebeeld. Die teruggesette vensters wat oor twee verdiepings strek, skep die illusie van statigheid. Die borsweringmuur is sonder enige versiering.



Die trapskag (Albertyn)

'n Kenmerk van Art Deco is die dekoratiewe hoofingang wat gewoonlik tot 'n trapskag of hyser met ryk versierings lei. Die trap en muuroppervlaktes in bogenoemde gebou is met marmer uitgevoer. Gedurende die tydperk onder bespreking is daar geen geboue met hysers in die Paarl opgerig nie.

Die noordoostelike gedeelte van die grondverdieping was destyds 'n melksalon. Volgens 'n berig in die *Paarl Post* van 19 Oktober 1937 is die eerste melksalon in Londen opgerig en het die mode ook by die Paarliete posgevat.

Die interieur van die melksalon (Gribble)

Die melksalon vertoon 'n tipiese interieur van die tydperk onder bespreking. Daar is 'n vloerbedekking van houtblokkies, Spaanse pleister teen die mure, terwyl die stoele vereenvoudigde namaaksels van een van Mies van de Rohe se stoelontwerpe is (Whitford 1981:171).



1937

Die deur van die Paarlse Eksekuteurskamer front aan Faurestraat. Die raamwerk van die deur is van chroom met 'n vertikale paneel van glas. Die handvatsel bestaan uit twee parallelle chroomstroke wat horisontaal oor die glaspaneel geplaas is (WAD)

7.8.2.24 Vernuwing van die Lady Grey Bridge-hotel

In 1938 het 'n onbekende persoon planne vir 'n nuwe fasade vir die bestaande Lady Grey Bridge-hotel opgestel (MP 1938, plan 6).

Die oorspronklike Victoriaanse gebou (Cape Times-versameling)



'n Voorstelling van die moderne fasade (MP 1938, plan 6)

Vooraansig
Die moderne fasade is simmetries en vertikale lyne word sterk beklemtoon. Die houtskuifraamvensters is met staalswaairaamvensters vervang. Die sentrale borsweringmuur het 'n gestileerde sonstraalmotief terwyl die twee sygewels 'n siggoerat-motief vertoon. Die gebou is in 1988 gesloop (MP 1938, plan 99; *Paarl Post* 1 Sep. 1988).

7.8.2.25 Protea Bioskoop, Hoofstraat

Mnr. W.H. Grant het in 1939 die Protea Bioskoop vir African Consolidated Theatres ontwerp. Die moderne Art Deco-gebou het aanvanklik nie byval by die Paarliete gevind nie. In die *Paarl Post* van 7 Februarie 1939 is berig dat dit 'n Kaaps-Hollandse gebou gaan wees en dat die publiek baie bly daaroor is, maar nie oor die voorgestelde naam Grand nie. In die daaropvolgende koerant is 'n skets van die moderne gebou met die naam Grand daarop gepubliseer (*Paarl Post* 10 Feb. 1939). "Teleurstellende verrassing" is die opskrif van 'n latere berig in die koerant en o.a. is geskryf: "Hoeveel van ons het nie al in gedagte gesien agter die vier pragtige akkerbome 'n ou plaashuis met sy gewels en swaar eikehout luike en deure bereik onder 'n pragtige prieël om dan in 'n voorportaal of voorhuis te kom met sy vuurherd, riempiesbank en 'n massiewe outydse kas wat as kaartjieskantoor dien! maar helaas dis drome, ons gaan nou die gebou in onder 'n eina-eina-vasklou verandatjie" (*Paarl Post* 29 Aug. 1939). Die ontwerp van die gebou het dieselfde gebly, maar die naam is na Protea verander. Planne van die gebou kon nie by die Paarlse Munisipaliteit opgespoor word nie. Na die voltooiing van die bouwerk is die betoog om 'n tradisionele gebou laat vaar en is berig: "Massive in its modernity the Protea is an architectural asset to the centre of the town in particular and to Paarl in general" (*Paarl Post* 20 Okt. 1939). Volgens die *South African Builder* kon die gebou met die beste bioskope in die land vergelyk word (Nov. 1939: 68).



Die bouwerk (Albertyn)

Vooraansig

Die gebou front wes en is asimmetries. 'n Kenmerk is die beklemtoning van horisontale lyne. Die enigste vertikale versierings is die sentrale driehoekvormige naambord en twee versierings op die kante van die borsweringmuur. Die rant van die betonluifel bokant die hoofingang en kaartjieskantoor is geprofileer en die naam Protea is ook daarop aangebring. Aan weerskante van die luifel is vierkantige staalraamvensters langs mekaar geplaas om 'n horisontale strook te vorm. Bokant die staalraamvensters is twee betonluifels wat om die hoek van die struktuur strek. Die muuroppervlak is met 'n skaakbordmotief versier. Die suidekant van die gebou wat die restaurant huisves, vorm 'n ronding en die betonluifel en vensters vertoon ook dié vorm.

Industrieel

'n Voorbeeld van industriële ontwerp word nou bespreek.

7.8.2.26 Royal Baking Powder (Pty) Ltd, Jan van Riebeeckweg

Die gebou is in 1931 deur argitekte van die Kaap, Roberts & Small, ontwerp (MP 1931, plan 97). Tans is dit die Kilotreads-gebou.



Links: Voorstelling van die vooraansig (MP 1931, plan 97)
Regs: Die bouwerk (Cox 1936: 37)

Vooraangesig

Die gebou front oos en bestaan uit twee rye industriële tipe staalraamvensters in pare gegroepeer en 'n derde ry kleiner vensters, ook in pare, hoër op. Die eenvoudige gewel volg die relatief lae helling van die dak daaragter. Die sentrale venster met afgeskuinste hoeke met waaiervormige sierpanele weerskante word beklemtoon deur 'n sluitsteenmotief met die datum 1932 daarop (MP 1931, plan 97).

8 GEVOLGTREKKING

Die periode tussen die twee wêreldoorloë was 'n tyd van verandering en toenemende industrialisasie. Die Paarlse gemeenskap het, soos elke ander gemeenskap, 'n bepaalde kultuurpatroon ontwikkel wat skakel met die van ander gemeenskappe, maar tog iets heel besonders besit, 'n eie unieke karakter. Verskeie faktore het daartoe meegewerk.

Geografiese faktore

Omgewing en klimaat het die dorpsaanleg en die aktiwiteite van die inwoners beïnvloed. Die Paarl is nie formeel gestig of uitgelê nie. Die oorspronklike plase wat in die huidige dorpsgebied uitgereik is, is gaandeweg onderverdeel en in erwe opgesny. Alhoewel die Paarl as een van die vooruitstrewendste dorpe gedurende die tydperk onder bespreking beskou is, het dit steeds sy landelike karakter behou deurdat daar nog steeds plase binne die munisipale grense van die dorp is.

Die geografiese ligging van die oorspronklike Paarl met Paarlberg aan die weste en die Bergrivier aan die ooste, is waarskynlik die rede waarom die nedersetting in 'n straatdorp ontwikkel het. Die Hoofstraat vorm die slagaar van die dorp en bied 'n verteenwoordigende beeld van verskillende style wat oor die jare opgerig is.

Die gunstige klimaat en die bestendige reënval maak die gebied geskik vir kultuurgewasse soos wingerd, olywe, graan en 'n groot verskeidenheid vrugte. Die landbou word egter deur wingerdbou oorheers vanweë die vrugbare verweerde granietgrond wat uiters geskik hiervoor is.

Chroniese oorproduksie en ongeorganiseerde wedywering tussen die wynboere het daartoe gelei dat die K.W.V. in 1918 gestig is. Die totstandkoming van hierdie organisasie het voorspoed vir die wynboere meegebring. In 1938 het die K.W.V. oor die mees moderne bogrondse kelder ter wêreld beskik.

Historiese invloede

Verskeie historiese gebeure het die aard en karakter van die dorp beïnvloed. Die Groot Griep van 1918 het die wêreld in rou gedompel. Ook in die Paarl is duisende mense dood en dit het meegebring dat opvoedkundige sentrums en selfs sakeondernemings tydelik gesluit is. Feitlik geen nuwe geboue is in daardie jaar opgerig nie.

Die wêreldwye Depressie van 1929 tot 1932 het by al die probleme wat daaruit voortgevloei het ook positiewe gevolge vir die land en in die besonder ook vir die Paarl ingehou. Suid-Afrikaners is daardeur verplig om meer klem te lê op plaaslike vervaardiging en ontwikkeling. So het die olyfbedryf 'n groot inspuiting gekry toe 'n Italiaanse kweker, mnr F. Costa, 'n oliepers op sy plaas Nervi by Hugenoot opgerig het. Hiermee is 'n mark vir die olyfboere verseker. In 1932 het die oudste vervaardigers van verpakkingsmateriaal in die Paarl, Jiffy Packing Company (Pty) Ltd, 'n fabriek geopen. Die Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy (Sasko) is in 1935 met sy hoofkantoor in die Paarl gestig.

Infrastruktuur

'n Duidelike oorgangsfase van die tradisionele na 'n moderne lewenswyse kan in hierdie tydperk bespeur word. Tegnologiese ontwikkeling soos veral die motor het tot gevolg gehad dat nuwe gebouë soos vulstasies, motorvertoonlokale en privaat motorhuise oral in die dorp verrys het. Namate die paaie verbeter het, het die motorbedryf die eens welbekende wamakersbedryf verdring.

Elektrisiteitvoorsiening het die industrieë drasties beïnvloed. In 1928 het die Paarl Roller Flour Mills meer krag as enige ander nywerheid in die destydse Unie van Suid-Afrika gebruik. Die koms van elektrisiteit het ook die vermaaklikheidslewe in die Paarl beïnvloed deurdat verskeie bioskoopgeboue gedurende die tydperk onder bespreking opgerig is.

Straatnaamgewing

Dit is duidelik dat die straatnaamgewing op 'n besondere wyse aan die geskiedenis en ontwikkeling van die dorp verbonde is. Straatname word gewoonlik aan belangrike gebeurtenisse, persone, die topografie, sakeondernemings ens. verbind. Vir die huidige geslag is die historiese verband van baie van die straatname egter onbekend.

Boumateriaal

'n Vername geologiese kenmerk van die Paarl is sy graniet. Dat 'n winsgewende granietbedryf hier sou ontstaan, is 'n logiese gevolg. Hoewel Paarl-graniet vir groot geboue in stede gebruik is, is dit selde op die platteland aangewend. Die gebruik van graniet vir selfs motorhuise is dus uniek aan die Paarl.

Alhoewel boumateriaal óf van Europa bestel óf plaaslik by agente en firmas aangekoop kon word, het die boeregemeenskap in sommige gevalle hul eie boumateriaal soos stene vervaardig.

Die boubedryf bring noodwendig ander handelsontwikkeling. Plaaslike firmas soos Dick & Allsop, Rabinowitz & Berman, W. Woods, W. Voigt Bpk, B. van Gemmert en S.A. Timber Company het veral 'n groot rol gespeel by die voorsiening van boumateriaal aan bouers. In sommige gevalle het van die ondernemings selfs 'n tekenaar in diens gehad en indien die kliënte boumateriaal aangekoop het, kon hulle hom gebruik om gratis bouplanne te teken.

Argitektuur

Dit was eers gedurende die tydperk onder bespreking dat die akademiese opleiding van argitekte in Suid-Afrika tot sy reg gekom het. Al hoe meer argitekte was verantwoordelik vir die ontwerp van geboue in die Paarl. Hulle het 'n groot rol gespeel by die eietydse argitektuur wat in die Paarl voorgekom het.

Navorsers is geneig om slegs belangrike gebeurtenisse en bouwerke uit 'n sekere tydvak uit te sonder, waarvolgens die kultuurbeeld van daardie tyd dan bepaal word. Die algemene beeld van hoe die mense geleef en gewoon het, word nie in ag geneem nie en kosbare inligting raak sodoende verlore. By die onderhawige studie is alle vorme van bouwerke nagevors.

Daar is meer woonhuise as enige ander tipe gebou in die Paarl opgerig. Die meeste woonhuise het verandas, oop portale of elemente van die Kaaps-Hollandse Herlewing vertoon. Die welgesteldes se huise is egter hoofsaaklik in die Arts and Crafts-idioom ontwerp. Skakelhuise met varings in paraffienblikke op die voorstoep was 'n belangrike deel van die algemene straatbeeld. Baie woonhuise is periodiek gemoderniseer. Victoriaanse gietysterpilare is byvoorbeeld met betonpilare vervang.

Anders as vandag was die buiteleefruimtes soos die verandas nie privaat nie, maar aan die straatkant. Skakeling met die publiek was dus oënskynlik meer belangrik as die privaatheid van die gesin. Die badkamer het ook 'n integrerende deel van die huis geword en verskeie badkamers is aan bestaande huise aangebou. 'n Groot getal mense het nog steeds geglo dat die toilet nie deel van die binneruimte van die huis moes wees nie. Die moderne oopplanhuise wat in Amerika en Europa ontwerp is, het eers ná die Tweede Wêreldoorlog inslag in die Paarl gevind. Die meeste woonhuise het staandakke

van sink gehad terwyl die deftiger huise teël- of rietdakke gehad het. Die oorgrote meerderheid van die Paarliete was gekant teen die platdak wat destyds hoog in die mode was.

Die Paarl is 'n belangrike opvoedkundige sentrum en nuwe geboue vir hierdie doel is oorwegend met Klassieke of moderne elemente opgerig. Die kommersiële geboue was hoofsaaklik modern met Art Deco-invloede terwyl openbare geboue daarenteen in 'n tradisionele trant met Kaaps-Hollandse Herlewing- en Klassieke elemente ontwerp is. In Europa en Amerika het argitekte meer aandag aan industriële geboue begin skenk. Die Paarl het nie agtergebly nie en in 1931 is 'n fabriek en kantore vir Royal Baking Powder met Art Deco-elemente ontwerp. Die meeste industriële geboue was egter slegs funksionele geboue en het nie kenmerke van enige styl vertoon nie. Die religieuse geboue daarenteen openbaar 'n tradisionele trant met Arts and Crafts-, Kaaps-Hollandse Herlewing- en Klassieke elemente.

Geboue kan nie soos plante in presiese spesies ingedeel word nie. 'n Argitek of ontwerper van 'n gebou word deur verskeie faktore beïnvloed en in die meeste gevalle is die eindproduk 'n samestelling van verskillende style volgens die ontwerper se persoonlike verwysingsraamwerk. Tog kom sekere algemene elemente voor.

Die volgende boustyle en invloede kan onderskei word: Arts and Crafts-beweging, Tudor-herlewing, Mediterreense invloed, Klassieke invloed, Kaaps-Hollandse Herlewing, geboue met verandas en/of portale, rondawelhuise, Internasionale Styl en Art Deco. Soos reeds aangedui is in die meeste gevalle 'n kombinasie van hierdie stylelemente gebruik.

Die oorwegende boutrant was enersyds die tradisionele bouwyse wat hoofsaaklik in die Kaaps-Hollandse Herlewing tot uiting gekom het teenoor die Moderne Beweging waar die Paarlse geboue hoofsaaklik Art Deco-invloede toon. 'n Soeke na 'n kompromie tussen tradisionele vorms en moderne idees is aangetref. Die eerste Afrikaanssprekende argitek, W.H. Louw, is in die Paarl gebore en het ook hier gepraktiseer en sy ontwerpe uit hierdie tyd getuig veral van hierdie kompromie.

Restourasie en bewaring van geboue

Alhoewel daar tans 'n toenemende belangstelling in die argitektuur en die bewaring van geboue is, is die onkunde oor die verskillende style opvallend. Die eerste restourasie en bewaringspoging in die Paarl was in 1939 toe die Stadsraad besluit het om die destydse

Hugenotemuseum (aanvanklike plaaswoning en gedurende die agtiende eeu 'n pastoriegebou vir die Strooidakkerk) in die Kaaps-Hollandse Styl op te knap. Tans is dit die Oude Pastorie-museum. Hierdie baanbrekerswerk is eers gedurende die sewentigerjare opgevolg toe bewaringsorganisasies die vloedgolf van sloping begin stuit het. Dit is egter slegs geboue met oorwegend Kaaps-Hollandse en Georgiaanse stylelemente wat bewaar is. Tot so onlangs as 1982 is die laaste enkelverdieping Victoriaanse winkel gesloop. Dat ander geboue buiten dié met Kaaps-Hollandse stylelemente ook vir bewaring in aanmerking moet kom, het tot groot polemiek gelei. Alhoewel geboue met Art Deco- en Internasionale Stylelemente alreeds meer as sestig *jaar gelede in die Paarl opgerig is, is daar tot op hede nog nie een van daardie geboue tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar nie.*

Alhoewel die boutrant in die Kaap gedurende die tydperk onder bespreking oorwegend tradisioneel was teenoor moderne ontwikkelings in Johannesburg en omstreke, is daar verbasend vroeg drie geboue in die Paarl met Internasionale Stylelemente ontwerp. Hoewel hierdie geboue eklekties van aard was, het hulle tog duidelik herkenbare elemente van die Internasionale Styl bevat. In 1934, reeds 'n jaar voor die Dorchester-woonstelgebou in Seepunt gebou is, is daar 'n woonhuis te Pleinstraat 21 in hierdie boutrant in die Paarl opgerig.

Geboue is tasbare historiese rekords van die verlede en geboue uit elke tydperk het bestaansreg en verdien om bewaar te word.

BYLAE


NEWTON
PREMIER
ST. ELMO
BLOMMEDAL
GROENKLOOF
MOUNTVIEW
PAARL MOUNTA
BUITENVERWACHTING
PAARLBERG
Published by/Uitgegee deur
AC BRADY (Pty) Ltd/(Edms) Bpk
Reg No/Reg Nr 05/21545/07
HEAD OFFICE/HOOFKANTOOR
PO Box 1426
Pinetown
3600
Tel (031) 701 7021
Fax/Faks (031) 701 7036
CAPE TOWN/KAAPSTAD
PO Box 14205
Elsies Rivier
7534
Tel (021) 439 1160/61
Fax/Faks (021) 434 5865

VERKLARENDE WOORDELYS

Woorde word slegs in die sin waarin hulle in hierdie proefskrif gebruik word, verduidelik sonder vermelding van alternatiewe betekenisse.

arkade: Reeks boë wat op pilare rus

baldakyn: Troonhemel (canopy)

balkon: Soort platform of uitbousel aan die buitekant van die boverdieping van 'n gebou, soms met tralies of 'n muurtjie

baluster: 'n Klein pilaartjie wat hoekig, plat of gerond is, op die vorm van 'n Griekse vaas gebaseer

balustrade: Reeks balusters of kort pilaartjies wat 'n reling steun

bandlaag: Vooroorstekende laag of pleisterwerk wat 'n horisontale band langs die muur vorm en as versiering dien

betonluifels: Vrydraende betonoorhang

bolig: Venstertjie bo 'n deur of venster

borsweringmuur: Buitemuur wat die dak versteek

brandglas: Geskilderde glas waarin die kleur d.m.v. verhitting vasgelê is

Cape Deco: Gebou waar die gewel deur geometriese vorms van Art Deco beïnvloed is

dado: Die onderste deel van 'n muur wat in 'n ander kleur as die res van die gebou geverf of gepleister is, soms met lyswerk of 'n geverfde lyn afgemerk

Dories: Tipiese bouorde van die Grieke, waar die pilaar se suilhoof uit 'n onversierde nek, echinus en abakus bestaan. Die pilaarvorm word by verskeie herlewingstyle gebruik

eier-en-spies: Oud-Griekse versieringsmotief wat uit eier- en spiesmotiewe bestaan

eklekties: Gebou of ontwerp waarin daar gebruik gemaak word van elemente uit verskillende style

entversiering: Vertikale spitsversiering by die eindpunt van 'n muur of pilaar

erker: Uitgeboude deel van 'n muur wat 'n venster of vensters bevat

fasade: Die vooraansig of buitekant van 'n gebou

festoen: Skulpagtige reeks lusse, bv. 'n touketting van blomme

figuursaagwerk: Houtwerk wat in patrone uitgesaag is

gebroke pediment: Wanneer 'n gewel of pediment in die middel onderbreek is

gefatsoeneer: Wanneer die rande van 'n oppervlakte of muur in 'n sekere fatsoen gevorm word

ingangsportaal: Ruimte agter 'n voordeur

Ionies: Pilaar waar die suilhoof 'n voluut insluit (Griekse bouorde)

kamversiering: Lae, regop versierings of pleisterwerk in die vorm van 'n kam

kannelures: Groefwerk, vertikaal of horisontaal

kolonnade: Reeks pilare met lateie oordek

komvenster: Uitgeboude venster wat 'n ronding vorm (soort erker)

konsole: Draagarm

kroonlys: Vooruitstekende lys aan die boonste rand van 'n buitemuur of by die aansluiting van 'n binnemuur en 'n plafon

kruisgewelf: Dit bestaan uit twee boë wat mekaar reghoekig sny

kussingpaneel: Paneel wat binne 'n groter oppervlakte gevorm is met afgeskuinste hoeke sodat dit uitstaan bo die omliggende konstruksie

lambrisering: Bedekking met hout van die onderste gedeelte van 'n muur

latei: Horisontale balk wat 'n opening soos 'n deur of venster oordek

loggia: Oordekte galery by 'n boverdieping

loodglas: Glasruite wat in lood vervat is om 'n venster te vorm

luike: Houtblinding aan die buitekant van 'n gebou

lyswerk: Vooruitstekende band wat as versiering gebruik word veral om deure of vensters

mosaïek: Inlegwerk van glas of teëls van verskillende kleure of groottes wat patrone vorm

nis: Holte in 'n muur vir die plasing van 'n ornament

ojief: Vorm wat uit teenoorstaande s-vormige boë saamgestel is

parketterie: Geometriese inlegwerk in hout

pediment: Driehoekige gedeelte (gewel) van 'n muur

pergola: Oorgroeide prieël

pilaster: Muurpilaar, 'n gedeelte van die muur word uitgebou met 'n suilhoof en voetstuk om die idee van 'n pilaar te skep

plint: Die basis van 'n gebou

portiek: Oop galery voor 'n gebou met 'n dak wat op pilare of 'n arkade rus

profilering: Groewe wat op hout of metaal of 'n muuroppervlakte aangebring word, soms d.m.v. lyswerk

reliëf: Oppervlakte met 'n patroon waarvan die figure bo die agtergrond verhef is

rondeboogvenster: Venster wat bo 'n ronde boog vorm

rustiek: Bouwerk bestaande uit 'n versiering van groot klip, eg of met pleister nageboots

rustiekpilaar: Pilaar wat versier is met nagebootste klip

saksmeer: In stede van pleister, word nat sement met sakmateriaal op stene aangesmeer, sodat die steen se vorm nog steeds sigbaar is

siggoerat: Antieke trapmotief

skaakbordmotief: Oppervlakte wat versier is met vierkantige donker blokke afgewissel met ligter blokke

skilddak: Staandak wat uit vier vlakke bestaan

solarium: Sonterras, gewoonlik bo-op 'n dakoppervlakte

Spaanse pleister: Tekstuurpleister op 'n muuroppervlakte aangebring

stoep: Smal, geplaveide terras op dieselfde vloerhoogte as die huis, sonder 'n dak

suil: Sinoniem vir pilaar of kolom

syligte: Vertikale vensters aan weerskante van 'n deur

ventilator: Opening in 'n muur om lug in te laat

veranda: Dak, gesteun deur pilare, wat 'n stoep oordek

voluut: Spiraalvormige krul soos by 'n Ioniese suilhoof

BRONNE

BOEKE EN ARTIKELS

Adams, S.	1987	*The Arts & Crafts Movement*, Londen.
Adcock, J.	1926	*The Prince of Wales African book*, Londen.
Albertyn, C.F.	1951	*Die Afrikaanse kinderensiklopedie*, Deel VII, Kaapstad.
American Institute of Architects	1940	*The fifteenth International Congress of Architects*, Deel I, Washington.
Anderson, D.	1777	An account of a large stone near Cape Town *(Royal Society of London, Philosophical Transactions)*.
Anscombe, I.	1978	*Arts and Crafts in Britain and America*, Londen.
Arnason, H.H.	1972	*A history of modern art, Japan*.
Arwas, V.	1980	*Art Deco*, Japan.
Baker, H.	1934	*Cecil Rhodes by his architect*, Oxford.
	1909	The architectural needs of South Africa (*The State 1909*).

	1909	Style in architecture in relation to building problems in South Africa (*Report of the South African Association for the Advancement of Science,* VI, 1909).
Banham, R.	1967	*A guide to modern architecture,* Londen.
Banham, R.	1975	*A personal view of modern architecture,* Engeland.
Barett, H. & Phillips, J.	1987	*Suburban style: The British home 1840-1960,* Londen.
Barnard, A.	1924	*South Africa a century ago. Letters written from the Cape of Good Hope* 1797 - 1801, Kaapstad.
Battersby, M.	1969	*The Decorative thirties,* Londen.
Baumgart, F.	1969	*A history of architectural styles,* Londen.
Bayer, P.	1988	*Art Deco source book,* Oxford.
Benevolo, L.	1971	*History of modern architecture,* Deel II, Londen.
Benton, T.	1985	Villa Savoye and the architect's Practice (A Tzonis, red.: *Drawings from the Le Corbusier*).

Beyers, C.J. (red.)	1981	*Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Deel IV, Pretoria.
Beyers, C.J. (red.)	1987	*Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Deel V, Pretoria.
Beyers, M.S.	1933	*Die verbreiding van die menslike woonplekke in die distrikte van die Pêrel en Wellington.* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Biermann, B.E.	1955	*Boukuns in Suid-Afrika*, Kaapstad.
Bill, M.	1955	*Ludwig Mies van der Rohe*, Milaan.
Boesiger, W.	1972	*Le Corbusier*, Londen.
Bond, J.	1956	*They were South Africans*, Londen.
Bonta, J.P.	1979	*Architecture and its interpretation*, Londen.
Botha, A. (red.)	1987	*My Paarl*, Paarl.
Boonzaaier, W.A.	1963	Die Louws (*Die Huisgenoot* 16 Aug. 1963).
Bosman, D.B. (red.)	1957	*Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, Deel II, Kaapstad.

Botha, C.G.	1926	*Place names in the Cape Province,* Kaapstad.
Boyce, A.N.	1976	*Europe and South Africa,* Kaapstad.
Briggs, M.S.	1959	*Everyman's concise encyclopedia of architecture,* Londen.
Brown, G.	1937	*South and East African year book & guide,* Londen.
Brown, R.K.	1977	*Art Deco,* Londen & Tokio.
Brown, S.M.	1969	*Architects and others, 1880-1925,* Johannesburg.
Brunhammer, Y.	1983	*The Art Deco style,* Londen.
Burchell, W.J.	1967	*Travels in the interior of South Afica (herdr.),* Kaapstad.
Burger, J. (red.)	1981	*Boerdery in die Bo-Bergrivier-vallei,* Kaapstad.
Cameron, T.	1986	*An Illustrated history of South Africa,* Johannesburg.
Camesasca, E.	1971	*History of the house,* Londen.
Carstens, A.	1988	Waardevolle foto-dokumentering van die Paarl deur fotograwe van die tydperk 1871-1960, (Ongepubliseer.) Paarl.

Cantacuzino, S.	1968	*Great modern architecture*, Londen.
Chambers	1901	*The Chambers's Twentieth century dictionary*, Londen.
Clark, K.	1943	Ornament in modern architecture (in *Architectural Review*, Deel 94).
Clark, R.J.	1972	*The Arts and Crafts movement in America 1876-1916*, Princeton.
Cobden-Sanderson, J.J.	1905	*The Arts and Crafts Movement*, Londen.
Coertzen, P.	1987	Die godsdiensgeskiedenis van die Drakensteinvallei (A.G. Oberholster, red.: *Paarlvallei 1687 - 1987)*.
	1988	*Die Hugenote van Suid-Afrika, 1688-1988*, Kaapstad.
Coetzee, A.	1960	*Die Afrikaanse volkskultuur*, Kaapstad.
Conradie, L.J.	1953	*Spaanders wat vlieg: Die romantiek van die poskantoor*, Pretoria.
Cooke, B.	1960	The emergence of contemporary architecture in South Africa 1927-1939 (*South African Architectural Record 1960)*.

Cornell, C.R.	1988	*Biography index,* Deel XV, New York.
Cox, M.L.	1936	*The wine book of South Africa,* Stellenbosch.
Cumming-George, L. (red.)	1933	*Architecture in South Africa,* Deel I, Kaapstad.
	1934	*Architecture in South Africa,* Deel II, Kaapstad.
Curtis, W.R.	1982	*Modern architecture since 1900,* New Jersey.
Danoldson, H. (red.)	1905	*South African Directories: Western Province,* Kaapstad.
Davey, P.	1980	*Arts and Crafts architecture,* Groot-Brittanje.
De Bosdari, C.	1971	*Cape Dutch houses and farms,* Kaapstad & Amsterdam.
De Jong, C.	1802	*Reizen naar de Kaap de Goede Hoop in de jaren 1791 tot 1797,* Haarlem.
De Kock, W.J.(red.)	1968	*Suid-Afrikaanse* Biografiese woordeboek, Deel I, Kaapstad.
De la Croix, H.(red.)	1970	*Gardener's art through the ages, (5de dr.),* New York.
De Meyer, R.	1981	*Architectuur 1913-1918,* Leuven.

De Puyfontein, H.	1972	*Louis Michel Thibault 1750-1815: His official life at the Cape,* Kaapstad.
De Saxe, M.	1929	*The South African Jewish year book,* Johannesburg.
De Villiers, R.E.	1949	*Suid-Afika, ons mooi land,* Johannesburg.
De Villiers, S.	1948	My 50 years of public service (*The Outspan* 1948).
De Vries, C.G.	1963	*Die Opleidingskollege Paarl, 1913 - 1963,* Paarl.
De Wet, G.C.	1987	Vestiging in die Drakensteinvallei tot 1700 (A.G. Oberholster red.: *Paarlvallei 1687 - 1987*).
Delbridge, W.J.	1917	Professional organisation among architects in the South African Union (*Cape Provincial Institute of Architects-kalender*).
Delius, A.	1947	*The young traveller in South Africa,* Londen.
	1959	*The young traveller in South Africa,* Londen.
Dendale, M.	1987	*Specialization area project* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Kaapstad).

Du Plessis, D.C.	1987	*'n Onderlinge vergelyking van die granietlandskappe in die Suidwes-Kaapse kusvoorland* (Ongepubliseerde Honneurs-seminaar Dept. Geografie, Universiteit van Stellenbosch).
Du Plessis, E.J.	1973	*'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername,* Kaapstad.
Du Toit, H.	1953	Wynand Louw - hy is dikwels vir generaal Smuts aangesien (*Die Huisgenoot*, 2 Jan. 1953).
Duncan, A.	1984	*Art Deco furniture*, Londen.
Duncan-Brown, A.	1991	*The International Style of architecture in Southern Africa: Port Elizabeth - a case study* (Ongepubliseerde M.A. tesis, Universiteit van Port Elizabeth).
Emanuel, M.	1980	*Contemporary architects,* Londen.
Emms, M.	1988	*Geskiedenis van die telefoon in Suid-Afrika,* Pretoria.
Esterhuysen, K.	1987	'n Bietjie Paarlse nostalgie (*Gedenkbrosjure nasionale filatelistiese uitstalling,* Sept. 1987).
Fairbridge, D.	1928	*The Pilgrims way in South Africa,* Londen.

Faktor-Kreitzer, L.	1988	*Taking a bow,* Woodstock.
Fheming, J.	1986	*The Penguin dictionary of architecture,* Engeland.
Fisher, C. & S. le Roux	1989	*Die Afrikaanse woning* (Herdrukke uit *Die Boerevrou,* 1919-1931), Hammanskraal.
Fitzpatrick, E.J.	1948	Huguenot as I have known it (*The Outspan* 1948).
Fleming, W.	1980	*Arts and ideas,* Ohio.
Fletcher, B.	1956	*A history of architecture,* Engeland.
Fourie, J.M.	1976	*Mineralization of Western Cape rivers* (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
Frampton, K.	1980	*A critical history of modern architecture,* Londen.
Fransen, H. & M. Cook	1980	*The old buildings of the Cape,* Kaapstad.
Fransen, H.	1966	Die glorietydperk van die Kaaps-Hollandse boukuns (*Bewaring van ons erfenis*).
	1981	*Drie eeue kuns in S.A.,* Pietermaritzburg.

Frescura, F.	1987	*A glossary of Southern African architectural terms,* Port Elizabeth.
	1980	*The development of rural vernacular architecture in South Africa*, Johannesburg.
Furner, S.	1925	The Modern Movement in architecture (*SAAR*, Des 1925).
Gardner, H. (red.)	1959	*Art through the ages,* 4de dr., Londen.
Garner, P. (red.)	1978	*Phaidon encyclopedia of decorative arts, 1890-1940,* Oxford.
Garrison, L.	1909	*The Paarl,* Kaapstad.
Geldenhuys, C.W.	1989	*Die Bergrivier terasse en hul benutting* (Ongepubliseerde Honneurs-seminaar, Dep. Geografie, Universiteit van Stellenbosch).
Gibberd, F.	1965	*The architecture of England from Norman times to the present day*, Groot-Brittanje.
Gie, S.F.	1939	*Geskiedenis vir Suid-Afrika,* Stellenbosch.
Giedion, S.	1951	*A decade of new architecture,* Zurich.

Giedion, S.	1973	*Space, time and architecture*, Londen.
Glennie, F.M.	1936	Development of modern architecture in South Africa (CPIAK).
Godée-Molsbergen, E.C.	1916	*Reize in Zuid-Afrika 1652 - 1805*, Den Haag.
Gomme, A.	1968	*Architecture of Glasgow*, Londen.
Gowans, A.	1986	*The comfortable house: North American suburban architecture 1890-1930*, Londen.
Greatbatch-versameling	1901	*Bungalows and country residences*, Groot-Brittanje.
Green, L.G.	1957	*Beyond the city lights*, Kaapstad.
Greig, D.	1970	*Herbert Baker in South Africa*, Kaapstad.
	1971	*A guide to architecture in South Africa*, Kaapstad.
	1973	A domestic heritage (*Lantern*, 22(3) 1973).
Grey, E.	1988	*Presidents of the United States*, New York.
Grobbelaar, P.W. (red.)	1974	*Die Afrikaner en sy kultuur*, Deel I *Mens en Land*, Kaapstad.

Gropius, W.	1955	*Scope of total architecture: The ideals of the Modern Movement in architecture,* New York.
Grosskopf, J.F.W.	1919	Afrikaanse bouwstijl (*Die Huisgenoot* Junie 1919).
Gutkind, E.A.	1962	*The twilight of cities,* New York.
Hahn, L.	1881	*Tsuni-II Goah, the Supreme being of the Khoi-khoi,* Johannesburg.
Harrop-Allin, C.	1975	*A study of the world of the South African architect Norman Eaton, 1902-1966,* Johannesburg.
Haslam, M.	1987	*Art Deco*, Londen.
Hatje, E.	1975	*Encyclopedia of modern architecture*, Londen.
Hattingh, A.S.	1985	*Kunswaardering*, Johannesburg & Kaapstad.
Henderson, P.	1967	*William Morris, his life, work and friends,* Londen.
Hendler, M.	1946	Biggest rocks in the Union (*South African Railways and Harbours Magazine* Des. 1946).
Herbert, G.	1975	*Martienssen and the International Style,* Kaapstad & Rotterdam.

	1987	On the fingers of the International Style (*Architecture SA*, Sept/Okt 1987).
Herholdt, A.D.	1986	*Die argitektuur van Steytlerville*, Port Elizabeth.
Hillebrand, M.	1986	*Art and Architecture in Natal* 1910-1940 (Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif, Universiteit van Natal).
Hillier, B.	1968	*Art Deco*, Londen.
	1971	*The world of Art Deco*, Londen.
Hitchcock, H.R.& P. Johnson	1932	*The International Style: Architecture since 1922*, New York.
Hitchcock, H.R.	1968	*Architecture: Nineteenth and twentieth centuries*, Engeland.
	1970	*Modern architecture: Romanticism and reintegration*, New York.
Hope, H.	1936	*With your car at the Cape*, Kaapstad.
Hoskyn, M.	1979	*Stellenbosch village, 1920 - 1950*, Kaapstad.
Howarth, E.	1990	*Architecture*, Londen.

Howarth, T. 1952 *Charles Rennie Mackintosh and the Modern Movement*, Londen.

Jencks, C. 1973 *Le Corbusier and the tragic view of architecture*, Londen.

1983 *Kings of infinite space: Frank Lloyd Wright & Michael Graves*, New York.

Jordan, R. F. 1975 *A concise history of Western architecture*, Engeland.

Jones, C. 1961 *Architecture today and tomorrow*, New York.

Joubert, W.A. 1952 *Die Paarl*, Paarl.

Joyce, P. 1989 *The South African family encyclopedia*, Kaapstad.

Kamstra, M.F. 1985 John Fassler 1910-1971 (*Architecture South Africa*, Julie/Aug. 1985).

Kidson, P. 1965 *A history of English architecture*, Engeland.

Klein, D. 1980 *Art Deco*, Engeland.

1986 *Art Deco: Ontstaan, ontwikkeling en oplewing van deze decoratieve stijl*, Den Haag.

Kleinbauer, W. E. 1971 *Modern perspectives in Western art history*, New York.

Kolb, P. 1727 *Naaukeurige beschryving van de Kaap de Goede Hoop,* Amsterdam.

Kostof, S. (red.) 1977 *The architect: Chapters in the history of the profession,* New York.

Kotze, D. 1969 Op drie na die oudste (*Die Burger* 16 April 1969).

Krüger, D.W.(red.) 1971 *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* Deel II, Kaapstad en Johannesburg.

1977 *Suid-Afrikaanse biografiese* woordeboek, Deel III, Kaapstad.

Kuijers, A. 1980 *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom, 1860 tot 1940* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Potchefstroom).

Lampugnani, V. M. (red.) 1986 *The Thames and Hudson Encyclopedia of twentieth century architecture,* Londen.

Landboukollege Elsenburg 1985 *Bolandsubstreek ontwikkelingsprogram,* Elsenburg.

Leathart, J. 1940 *Style in Architecture,* Londen.

Lewcock, R.	1963	*Early nineteenth century architecture in South Africa*, Kaapstad.
Lewis, J.	1953	*The Institute of South African Architects (SAAR Mei 1953)*.
Lichtenstein, H.	1930	*Travels in Southern Africa in the years 1803-1806*,(Van Riebeeck Society) Deel II, Kaapstad.
Louw, A.	1948	Oom Seppie van die Paarl (*Die Ruiter*, 5 Maart 1948).
Louw, H.	1988	*Pêrel van die Paarl*, Paarl.
Louw, M.A.	1974	*Wynand H. Louw*, Kaapstad.
Louw, W.E.G.	1960	Die boukuns as spieël van die verlede (*Stigting Simon van der Stel Bulletin*,Deel I, 1960).
Malan, D.G.	1929	*Die ekonomiese toestand van Pêrelse gekleurdes* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Malan, J.	1981	*Rytuie van weleer*, Pretoria.
Maré, B.J.	1924	*In the Valley of the Berg*, Paarl.
Maré, E. M.	1985	*Die menswaardigheid van die stad as argitektoniese omgewing* (Ongepubliseerde D. Arch.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat).

Maree, P.	1970	*Verkennerlewe,* Bellville.
Markowitz, A.	1947	The story of South African Jewry (*S.A. Jewish Times* 3 Okt. 1947).
Masson, F.	1776	*An account of three journeys,* Londen.
McTeague, M.	1985a	In the spirit of a new epoch (*Planning and Building Developments*, April-Mei 1985).
	1985b	Interpreting Modernism (*Architecture SA*, Jul-Aug 1985).
Meiring, J.G.	1964	*Dominee P.G.J. Meiring en sy mense*, Kaapstad.
Mockford, J.	1944	*Here are South Africans,* Londen.
Moerdijk, G.	1919	*Kerkgeboue in Suid-Afrika,* Pretoria.
Moodie, D.	1841	*Specimens of the authentic record of the colony of Cape of Good Hope,* Kaapstad.
Mostert, D. (red.)	1940	*Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika,* Kaapstad.
Mountjoy, A.B.	1965	*Africa: A geographical study,* Londen.

Muller, C.F.	1973	*Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* Kaapstad & Johannesburg.
Mumford, L.	1956	*Roots of contemporary American Architecture*, New York.
Munisipaliteit Paarl	1929	*Paarl, the pearl of the Cape,* Paarl.
Munisipaliteit Paarl	1951	*Paarl*, Paarl.
Musgrove, J. (red.)	1987	*History of architecture*, (19de druk), Engeland.
Naamkunde-commisie	1953	*Middeleeuse en moderne straatnaamgewing,* Amsterdam.
Nasou-atlas	1978	Kaapstad.
National Building Research Institute	1987	*Handbook of South African natural building stone,* Johannesburg.
Naylor, G.	1980	*The Arts and Crafts Movement,* Groot-Brittanje.
Nel, P.G.	1981	Die Afrikaner en sy kultuur (*Handhaaf* Nov. 1981).
Niehaus, G.C.	1988	*Tydruimtelike aktiwiteitspatrone van blankes in die Paarl* (Ongepubliseerde Honneurs-werkstuk, Dep. Geografie, Universiteit van Stellenbosch).

Nienaber, P.J. 1963 *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*, Kaapstad.

Noble, J. 1885 *De geschiedenis der Hugenoten in Zuid-Afrika*, Kaapstad.

Oberholster, A.G. 1987 *Paarlvallei 1687-1987*, Pretoria.

Oberholster, G.J. (red.) 1941 *Kwartmillenium gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Paarl, 1691 - 1941*, Paarl.

Odendaal, J.P. 1983 *Die ontstaan en ontwikkeling van die kusvlakte van Suidwes-Kaapland: 'n Geomorfologiese ondersoek* (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).

Odendal, F. (red.) 1984 *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (IIde uitg.), Johannesburg.

Osborne, H. 1975 *The Oxford companion to the decorative arts*, Engeland.

Osler, L. 1961 *The Oxford English dictionary*, Oxford.

Pearse, G.E. 1934 *Architectural education*, Pretoria.

1946 Sir Herbert Baker (*South African Architectural Record* 1946).

	1960	The Architectural theme 1899-1927 *(South African Architectural Record 1960)*.
	1968	*Eighteenth century architecture in South Africa,* Kaapstad.
Peel, L.	1990	*20th-century architecture,* Londen.
Pehnt, W.	1979	*Expressionist architecture,* Londen.
Peters, W. (red.)	1982	*Durban Art Gallery exhibition* 2-24 Julie.
Peters, W.	1983	Architectural Indentification (*Restorica* April 1983).
Pettman, C.P.	1931	*South African place names,* Queenstown.
Pevsner, N.	1937	*An enquiry into industrial art in England*, New York.
	1976	*A history of building types,* Washington.
Picton-Seymour, D.	1977	*Victorian buildings in South Africa*, Kaapstad.
Ploeger, J. (red.)	1966	*Bewaring van ons erfenis,* Kaapstad.
Postma, F.	1985	*Beknopte woordeboek in Latyns-Afrikaans*, Vde druk, Pretoria.

Pothorn, H.	1971	*Styles of architecture*, Londen.
	1979	*The architectural styles: An historical guide to world design*, Italië.
Potgieter, D.J.(red.)	1970	*Standard encyclopedia of Southern Africa*, Kaapstad.
Potgieter, F.J.	1974	Suid-Afrika as kultuurbodem (P.W. Grobbelaar, red.: ***Mens en Land***).
Preston, A.	1989	*Suid-Afrikaanse geskiedenis in beeld*, Londen.
RNG	1985	*Historiese besienswaardighede in die Paarl*, Stellenbosch.
Raguin, E.	1965	*Geology of granite*, Londen.
Reader's Digest	1982	*Illustrated guide to Southern Africa*, Kaapstad.
Reid, A.H.	1900	Architecture of the past in South Africa (*Architectural Review*, 1900).
	1916	Domestic architecture in South Africa (*Studio Yearbook of Decorative Art*).
Richard, D.	1987	Die seuntjie van Swartvlei (A. Botha, red.: *My Paarl*).

Richards, D. M.	1940	*An introduction to modern architecture*, Londen.
Robertson, H.M.	1981	Onvoltooide proefskrif oor die Universiteit van Kaapstad.
Rode, A.	1987	Argitektuur van die Drakensteinvallei (*Oberholster, red. :Paarlvallei 1687-1987)*.
Roodt, L.	1969	*Aardrykskundige faktore met betrekking tot argitektuur en stadbou in Suid-Afrika* (Ongepubliseerde B.Arg-tesis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat).
Rybko, W.	1947	A Zionist lecture tour (*The Zionist Record* 20 Junie 1947).
Schapera, I. (red.)	1933	*The early Cape Hottentot*, Kaapstad.
Schoeman, K.	1982	*Vrystaatse erfenis*, Kaapstad.
	1990	Kaapstad in die dertigerjare (Foto-uitstalling Suid-Afrikaanse Biblioteek Aug. - Nov. 1990).
Scholtz, M. (red.)	1970	*Wine country*, Kaapstad.
Schoonees, P.C. (red.)	1965	*Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, Johannesburg.
Simpson, D.P. (red.)	1987	*Casell's Latin dictionary*, Vde uitgawe, Londen.

Smit, M.J.	1974	*Die Paarl graniet* (Ongepubliseerde Honneurs-werkstuk Dep. Geografie, Universiteit van Stellenbosch).
Solomon, J.M.	1911	South African Architecture (*African Architect*, Junie 1911).
South African Railways	1929	*Paarl the pearl of the Cape*, Paarl.
Sparrman, A.	1787	*Reize naarde Kaap de Goede Hoop*, Leyden.
Spaeth, D.	1986	*Inside the Bauhaus*, New York.
Strauss, M.C.	1966	Pos- en telekommunikasie in Suid-Afrika (*Koers* XXXIV Des. 1966).
Suid-Afrikaanse Spoorweë	1929	*Paarl*, Paarl.
Suid-Afrikaanse Spoorweë	1951	*Paarl*, Paarl.
Swanevelder, C.J.	1987	Die evolusie van die Drakensteinlandskap (A.G. Oberholster, red.: *Paarlvallei, 1687 - 1987)*.
Swart, M.J. (red.)	1980	*Afrikaanse kultuuralmanek*, Johannesburg.
Talbot, W.J.	1971	*South Western Cape Province: Paarl and Bain's Kloof sheets*, Pretoria.

Taljaard, P.C.	1948	Paarl geskiedenis (*Paarl Post* 16 April 1948).
Theal, G.	1795	*History and ethnography of Africa south of the Zambesi,* Londen.
Thom, H.B. (red.)	1954	*Journal of Jan van Riebeeck,* Kaapstad.
Thunberg, C.P.	1793	*Travels in Europe, Africa and Asia performed between the years 1770 and 1779,* Londen.
Trefois, C.	1970	*Ons Kaapse gewels,* Pretoria.
Trefois, C.V.	1969	*Oud Nederlandse architektuur in Zuid-Afrika,* Gentbrugge.
Trotter, A.F.	1900	*Old colonial houses of the Cape of Good Hope,* Londen.
.	1961	Herinneringe van die Kaap byna 70 jaar gelede (*Sarie Marais* 7 Junie 1961).
Truswell, J.F.	1977	*The geological evolution of South Africa,* Kaapstad.
Twidale, C.R.	1982	*Granite landforms,* Amsterdam.
Tzoni, S.A.	1985	*Drawings from the Le Corbusier archive,* Londen.
Van de Lemme, A.	1986	*A guide to Art Deco style,* Londen.

Van der Hoven, L.	1990	*Art Deco an International Style at the Cape* (Ongepubliseerde Honneurs-werkstuk Dep. Afr. Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch).
Van der Merwe, H.	1983	*Die tradisionele wamakersbedryf in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die Paarl* (ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Van der Merwe, J.D.P.	1960	Ons boukuns oor vyftig jaar (*Die Volksblad* 25 Mei 1960).
Van der Waal, G.	1986	*Die boukuns van Johannesburg 1886-1940*, Johannesburg.
Van Niekerk, B.	1941	*Kunsgeskiedenis: Boukuns*, Bloemfontein.
Van Reenen, R.	1962	Sy was lief vir ons ou huisie (*Die Burger* 11 Jan. 1962).
Van Zyl, D.J.	1987	Ekonomie (A.G. Oberholster, red.: *Paarlvallei, 1687 - 1987)*.
Venter, E.A.	1983	*Ons geskiedenisalbum*, Potchefstroom.
Vercueil, S.	1966	Laaste van die meester wamakers (*Naweekpos* Sept. 1966).
Visagie, J.C.	1987	Plaaslike bestuurinstellings (A.G. Oberholster, red.: *Paarlvallei, 1687 - 1987)*.

Walker, E.A.	1929	The S.A. College and the University of Cape Town, 1829-1929, Kaapstad.
Weber, E.	1989	*Art Deco,* Londen.
Warren, G.	1980	*Art Nouveau*, Engeland.
Wellington, J.H.	1955	*South Africa: A geographical study,* Cambridge.
Wells, A.W.	1939	*South Africa: A planned tour of the country,* Londen.
Wheeler, H. (red.)	1930	*The Waverley dictionary,* Engeland.
White, N.	1976	*The architecture book*, New York.
Whitford, F.	1984	*Bauhaus*, Londen.
Yuill, D.W.B.	1984	*The architecture of Kimberley, 1871-1914* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van die Witwatersrand).
Zevi, B.	1985	*Erich Mendelsohn*, Londen.

KOERANTE, TYDSKRIFTE, ENS.

African Architect

Architect Builder and Engineer

African studies

Architectural Review

Building

Cape of Good Hope Government Gazette

Cape of Good Hope, Result of cencus of the colony 1875

Cape Provincial Institute of Architects-kalender

Cape Argus

Cape Times

Commercial Opinion

De Kolonist

De Paarl

De Villiers, S.: plakboek

Di Afrikaanse Patriot

Die Boerevrou

Die Burger

Die Huisgenoot

Die Kerkbode

Die Wynboer

Durban Kunsgalery-uitstalling 7-24 Julie 1982

Farmer's Weekly

Fascino

Immelman, P.W. 1990: brief

Lantern

Louw, W.H.: persoonlike dagboek

Nöthling, L. 1990: brief

Paarl Post

Planning and Building Developments

Report of the South African Association for the Advancement of Science

Restorica

Roodt, A. 1990: brief

Rool Rose

S.A. Jewish Times

Sarie Marais

Schoeman, K. 1990: brief

Stigting Simon van der Stel: Bulletin

South African Architectural Record

South African Builder

Studio Yearbook of Decorative Art

The African Architect

The Argus

The Natal Mercury

The South African Architect

The State

The Zionist Record

Weerburo, D.F. Malan-lughawe

Western Province Advertiser

Zero Hour

ARGIVALE BRONNE

Drakenstein-heemkring, Paarl
Gribble-fotoversameling,
Growth of Paarl (Verwysing P.W. 360)
Joernaalboek van die Klein Drakenstein-debatsvereniging 1910-1945
Onderhoude, kassette nr. I tot nr. LVII
Plakboeke, algemeen
Van Niekerk-plakboek
Verfraaiingsvereniging verslag

Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, studenteseminare PAA I tot XVII

Hoërskool Gimnasium-jaarblad, 1919-1939

Hoërskool La Rochelle-jaarblad, 1919-1939

Hoër Jongenskool-jaarblad, 1919-1939

Hoër Meisieskool-jaarblad, 1919-1939

Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte se ledelys in Johannesburg

Kaapse Argiefbewaarplek
A.G.-versameling
CO: Colonial Office
Kaart-versameling
Elliott-versameling
Jeffreys-versameling
Ravenscroft-versameling
Steer-versameling
VC: Verbatum Copies

K.W.V.: Notules van direksievergaderings, 1918-1924

Munisipaliteit Paarl
Bouplanne
Notuleboeke
Pritchard, Charles: Plan van Paarl, 1907-1912
Stadsklerk-argief

Nasionale Film-, Video- en Klankargief: rolprente oor die Paarl

N.G.-kerkargiefbewaarplek, Kaapstad
Besluite kerkraad van Drakenstein 1718
Paarlgemeente notuleboek 1918-1939

Openbare biblioteek Paarl: Notules

Oude Pastorie-museum, Paarl: ongepubliseerde bronne

Poskantoor-museum, Pretoria: *Telefoonadresboek, Kaapse Skiereiland, Westelike en Suidwestelike Distrikte 1918-1939*

RGN: Dokumentasie-sentrum vir kunshistoriese navorsing, Pretoria: Ongepubliseerde bronne i.v.m. argitekte

RNG: Lys van geboue wat as Nasionale Gedenkwaardighede verklaar is

S.A. Biblioteek: *Cape Times*-versameling, Kaapstad

WAD: Tekeninge van foto's wat deur navorser afgeneem is

PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Abrahams, A.	1989	Playstraat 4, Paarl, 33 jr., tekenaar.
Abrahams, J.	1988	Dempersstraat 2, Paarl, 77 jr., kleremaker.
Abrahams, S. (mev.)	1987	Rusthof, Paarl, 77 jr., huishulp.
Ackerman, J.J. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 94 jr., huisvrou.
Ackerman, M. (mev.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 94 jr., huisvrou.
Adams, C. (mev.)	1987	Solomonstraat 29, Paarl, 68 jr., huishulp.
Adonis, J.	1988	Harperstraat 6, Paarl, 83 jr., afgetrede fabriekwerker.
Albertus, J.	1989	Rusthof, Paarl, 70 jr., rustende plaasarbeider.
Albertus, L.	1989	Rusthof, Paarl, 65 jr., plaasarbeider.
Albertyn, C.K.	1990	Hoofstraat 42 C, Paarl, 34 jr., argitek.
Alexander, R. (mev.)	1989	Gousblomstraat 2, Paarl, 70 jr., afgetrede verpleegster.
Alijanson, C. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 75 jr., huishulp.

Anderson, S. (mev.)	1989	Bosmanstraat 13, Paarl, 66 jr., afgetrede fabriekwerker.
Andrews, A. (mev.)	1989	Blesbokstraat 10, Paarl, 79 jr., huishulp.
Andrews, S.	1989	Fieldstraat 20, Paarl, 71 jr., afgetrede K.W.V. arbeider.
April, M. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 80 jr., huishulp.
Armstrong, B.	1989	Rusthof, Paarl, 80 jr., afgetrede polisieman.
Arnold, A. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 87 jr., huisvrou.
Barnard, H.D.	1989	Grensweg 11, Gordonsbaai, 60 jr., predikant.
Bartlet, M.E. (mev.)	1989	Rusoord, Paarl, 80 jr., huisvrou.
Bassick, D. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 85 jr., afgetrede fabriekwerker.
Basson, E.C. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 82 jr., afgetrede onderwyseres.
Basson, J.C.F.	1988	Wattstraat 58, Gordonsbaai, 58 jr., rustende boer.
Basson, M.E. (mev.)	1989	Rusoord, Paarl, 72 jr., huisvrou.
Basson, O. (mev.)	1988	Monte Rosa 505, Paarl, 79 jr., huisvrou.

Baudazzi, W. (mev.)	1989	Dorpstraat 52, Paarl, 80 jr., huisvrou.
Bester, C.G. (mev.)	1987	Agstestraat 126, Hermanus, 72 jr., afgetrede onderwyseres.
Beyers, J.C. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 84 jr., huisvrou.
Blanckenberg, A. (mej.)	1988	Monte Rosa 402, Paarl, 62 jr., afgetrede matrone.
Blignault, E.L. (mev.)	1988	Lemoenkloof, Paarl, 84 jr., afgetrede onderwyseres.
Blignault, I.D.	1988	Lemoenkloof, Paarl, 89 jr., rustend, spoorwegdiens.
Booysen, L. (mev.)	1989	Pointsettiastraat 11C, Paarl, 70 jr., huishulp.
Boshoff, E.M. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 80 jr. huisvrou.
Bosman, C.J.	1988	Monte Rosa nr. 305, Paarl, 76 jr., rustende boer.
Bothma, J. (mev.)	1987	Goethamstr. 10, Paarl, 61 jr., huishulp.
Botma, J.J. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 68 jr., afgetrede kleremaakster.
Bouwer, M. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 90 jr., huisvrou.

Brandt, P.	1986	Rusthof, Paarl, 80 jr., rustende plaasarbeider.
Brewis, G. (mev.)	1989	Rusoord, Paarl, 77 jr., huisvrou.
Briers, A.E. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Briers, R. (mev.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 91 jr., huisvrou.
Brisley, E. (mej.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 90 jr., afgetrede onderwyseres.
Carolissen, A. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 88 jr., huishulp.
Carolissen, E. (mev.)	1989	Rooiborsiestraat 22, Paarl, 64 jr., afgetrede fabriekwerker.
Carstens, H. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 73 jr., huisvrou.
Carstens, H.M.J.A. (mej.)	1988	Rusoord, Paarl, 73 jr., rustende fabriekwerkster.
Cilliers, F.J. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 64 jr., afgetrede telefoniste.
Cilliers, J.W.	1989	Rusoord, Paarl, 75 jr., afgetrede plaasbestuurder.
Clift, W.	1988	De Hoop, Paarl, 82 jr., voorsitter van die maatskappy J.A. Clift.
Cockeran, B. (mev.)	1989	Rusoord, Paarl,85 jr., afgetrede verpleegster.

Coetzee, N.	1991	Bredastraat 110, Paarl, 85 jr., KWV distilleerder.
Collins, J.B.	1990	Keeromstraat 2, 77 jaar, argitek.
Combrink, A. (mej.)	1989	Rusthof, Paarl, 74 jr., huishulp.
Combrink, N.C.	1989	Chevestraat 4, Paarl, 85 jr., afgetrede tekenaar.
Conradie, C.	1987	Rusthof, Paarl, 54 jr., rustende plaasarbeider.
Conradie, D. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Crotz, C. (mev.)	1989	Grebestraat 10, Paarl, 75 jr., afgetrede fabriekwerker.
Cyster, C.	1989	Rusthof, Paarl, 70 jr., afgetrede karwyder.
Daisy, J.	1989	Vredehof, Paarl, 61 jr., huishulp.
Dalebout, R.C. (mev.)	1981	Huis Vergenoegd, Paarl, 93 jr., afgetrede onderwyser.
Dawey, M. (mev.)	1989	Sederstraat 70, Paarl, 64 jr., huisvrou.
Dawids, J. (mev.)	1989	Wisteriastraat 3, Paarl, 70 jr., afgetrede arbeider.
De Klerk, F. (mev.)	1987	Saffier, Paarl, 57 jr., Drakenstein-heemkring kurator.

De Klerk, W.A. (dr.)	1988	Saffier, Drosterbergplase, Paarl, 71 jr., skrywer.
De Villiers, E. (mej.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., rustende klerk.
De Villiers, M. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 75 jr., huisvrou.
De Villiers, M.E. (mev.)	1988	Weltevrede, Suider-Paarl, 84 jr., huisvrou.
De Villiers, M.E. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 71 jr., huisvrou.
De Villiers, M.S. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 90 jr., huisvrou.
De Villiers, S.M.	1986	Rustig, Klein-Drakenstein, 74 jr., rustende boer.
Devine, J. (mej.)	1988	Oranjezichtwoonstelle 11, Paarl, 80 jr., ouers opgepas.
Dörnbrach, E. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 82 jr., huisvrou.
Dressler, J.J. (mev.)	1988	Meulstraat 1, Paarl, 70 jr., museumassistentte.
Dreyer, O.J.T.	1987	Hoofstraat 419, Paarl, 80 jr., afgetrede onderwyser.
Du Plessis, T.D.	1988	Rusoord, Paarl, 77 jr., sakeman.

Du Preez, E. (mev.)	1989	Northwood 205, Paarl, 86 jr., huisvrou.
Du Toit, A.C. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 81 jr., huisvrou.
Du Toit, M.L. (dr.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 83 jr., rustende dokter.
Eksteen, A.E. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Erenrech, N. (mev.)	1989	Van der Boschstr. 15, Paarl, 70 jr., huisvrou.
Fransen, H.	1990	Die Michaelisversameling, Die ou stadshuis, Kaapstad, Direkteur van die Michaelisversameling.
Farao, S. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 80 jr., huishulp.
Faure, K. (mev.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 89 jr., huisvrou.
Ficosecco, M. (mev.)	1989	Thomstraat 28, Paarl, 67 jr., huisvrou.
Fisher, Y.G. (mev.)	1988	Dauphinestraat 1, Courtrai, Paarl, 60 jr., fotograaf.
Fortuin, C. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 72 jr., huisvrou.
Fortuin, K.	1988	Rusthof, Paarl, 75 jr., huishulp.
Fortuin,L. (mev.)	1989	Ericastraat 1, Paarl, 62 jr., huishulp.
Fouche, H. (Mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 77 jr., huisvrou.

Fredericks, A. (mev.)	1989	Cornelissenstr. 7, Paarl, 79 jr., afgetrede fabriekwerker.
Gersbach, H.	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 78 jr., rustende boer.
Gersbach, H.	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 73 jr., rustende boer.
Gertze, F.	1988	Rusthof, Paarl, 74 jr., afgetrede kelnerin.
Gilbert, J. (mev.)	1989	Fairhaven 104, Port Elizabeth, 79 jr., huisvrou.
Grobbelaar, H. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 86 jr., huisvrou.
Harrison, D. (mev.)	1989	Nantesstraat 22, Paarl, 76 jr., huisvrou.
Hauptfleisch, M.M. (mev.)	1984	Huis Vergenoegd, Paarl, 87 jr., huisvrou.
Henderson, J. (mev.)	1987	Obekawoonstel 1, Paarl, 65 jr., afgtrede onderwyseres.
Hendricks, G. (mev.)	1989	Desmorestraat 19, Paarl, 66 jr., afgetrede haarsalon werker.
Hendricks, L.	1989	Rusthof, Paarl, 73 jr., plaasarbeider.
Herr, A. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 80 jr., huishulp.

Hoffmeyer, S.C. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 85 jr., huisvrou.
Hofmeyer, M. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 80 jr., huisvrou.
Horak, H. (mej.)	1989	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Hugo, A.J.B.	1988	Milnertonstraat 17, Gordonsbaai, 75 jr., afgetrede wynkontroleerder.
Hugo, S. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 76 jr., afgetrede fabriekwerkster.
Hugo, W. (mej.)	1988	Rusoord, Paarl, 61 jr., afgetrede verkoper.
Jacobs, J. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 77 jr., huishulp.
Jansen, C. (mev.)	1987	Jan Groentjiestraat 3, Paarl, 65 jr., afgetrede fabriekwerker.
Jordaan, M.D. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Joubert, F.J.	1989	Lillestraat 12, Paarl, 77 jr., rustende boer.
Joubert, M. (mev.)	1989	Lillestraat 12, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Joubert, S.L.	1988	Louvrestraat 14, Paarl, 79 jr., afgetrede bestuurder, K.W.V.
Klaasen, R. (mev.)	1989	Nichollstraat 34, Paarl, 73 jr., huishulp.

Koegelenberg, S. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 74 jr., huisvrou.
Kohler, J. (mev.)	1988	Septimusstraat 7, Paarl, 72 jr., afgetrede verpleegster.
Krynauw, I. (mej.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 88 jr., afgetrede onderwyser.
Kurtz, S. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 78 jr., afgetrede kelnerin.
Lategan, S.M.J. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 83 jr., huisvrou.
Laubscher, G.E. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Laubscher, J.B.G. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 83 jr., huisvrou.
Le Roux, J.M. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Le Roux, J.W. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 81 jr., huisvrou.
Le Roux, M.C. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Liebenberg, H.D..	1988	Klein-Meulstraat 1, Paarl, 56 jr., stadsklerk.
Liebenberg, M.J.	1988	Rusoord, Paarl, 81 jr., huisvrou.
Lochner, S.G.	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 88 jr., rustende boer.
Louw, B. (mev.)	1988	Babylons Toren, Simondium, 68 jr., afgetrede verpleegster.

Louw, H.J.	1986	Ametis, Strand, 94 jr., argitek.
Louw, H.S. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 77 jr., afgetrede klerk.
Louw, M. (mev.)	1984	Huis Vergenoegd, Paarl, 80 jr., huisvrou.
Louw, M.J. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 89 jr., huisvrou.
Louw, T.	1989	Jan Phillipsbergpad 5, Paarl, 72 jr., argitek.
Lutz, W.J. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Malan, M. (mev.)	1984	Huis Vergenoegd, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Malan, M.H. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 85 jr., huisvrou.
Malherbe, B. (mev.)	1988	Silver-Oaks, Hermanus, 72 jr., afgetrede onderwyser.
Malherbe, D.G.	1986	Nooitgedacht, Paarl, 78 jr., rustende boer.
Malherbe, M. (mej.)	1988	Northwood 103, Paarl, 67 jr., afgetrede onderwyseres.
Malherbe, M.J. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 73 jr., huisvrou.
Marthenussen, D.	1989	Rusthof, Paarl, 77 jr., huishulp.

Martin, C.S. (mev.)	1989	Gert Thomasstraat 12, Paarl, 63 jr., maatskaplike werkster.
Meiring, J.G. (dr.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 89 jr., afgetrede dosent.
Meyer, J.J. (mej.)	1986	Huis Vergenoegd, Paarl, 94 jr., afgetrede skoolhoof.
Mitchel, J.	1986	Rusthof, Paarl, 65 jr., plaasarbieder.
Moosa, M.	1989	Ambagvalleistraat 37, Paarl, 69 jr. meubelmaker.
Morkel, E. (mev.)	1987	Klein Drakenstein, Paarl, 72 jr., afgetrede fabriekwerker.
Mostert, E.J. (mej.)	1981	Huis Vergenoegd, Paarl, 82 jr., afgetrede klerk.
Mostert, L (mej.)	1982	Huis Vergenoegd, Paarl, 90 jr., afgetrede onderwyseres.
Müller, M.J.H. (mev.)	1988	Monte Rosa 307, Paarl, 68 jr., huisvrou.
Müller, P.J.	1988	Monte Rosa 307, Paarl, sakeman.
Myburgh, M.S. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl,87 jr., huisvrou.
Niehaus, D.C. (mev.)	1987	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., huisvrou.

Oosthuizen, A.C. (mev.)	1988	Bloemstraat 26, Bellville, 75 jr., huisvrou.
Orsmond, L. (mev.)	1989	Oranjestraat 5, Paarl, 68 jr., huisvrou.
Page, E. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Pahl, P.E.	1990	Dorpsigstraat 1, Stellenbosch, 81 jr., argitek.
Paulse, L. (mev.)	1989	Lemoenkloof, Paarl, 67 jr., huishulp.
Perold, E.S. (mej.)	1988	Rusoord, Paarl, 82 jr., afgetrede telefoniste.
Petersen, M. (mev.)	1988	Carolinastraat 62, Paarl, 80 jr., huishulp.
Philander, M. (mev.)	1988	Harperstraat 12, Paarl, 64 jr., afgetrede fabriekwerker.
Phillips, J.F.	1988	Goedemoed, Paarl, 50 jr., sakeman.
Pickard, A.W. (mev.)	1989	Meulstraat 70, Paarl, 82 jr., huisvrou.
Pietersen, H.	1988	Rusthof, Paarl, 69 jr., afgetrede leerlooier.
Pietersen, P. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 72 jr., huishulp.
Plaatjies, S. (mev.)	1988	Adamstraat 6, Paarl, 76 jr., afgetrede arbeider.

Plezens, M. (mej.)	1989	Rusthof, Paarl, 70 jr., afgetrede klerk.
Press, C.	1988	Hoofstraat 183, Paarl, 42 jr., reisagent.
Priem, C.P.	1987	Rusoord, Paarl, 82 jr., sekuriteitsman K.W.V..
Reitz, C.A. (mev.)	1989	Rusoord, Paarl, 76 jr., huisvrou.
Retief, A.P.	1988	Rusoord, Paarl, 71 jr., afgetrede motorwerktuigkundige.
Retief, G.J.	1986	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., rustende boer.
Retief, H. (mev.)	1986	Huis Vergenoegd, Paarl, 82 jr., huisvrou.
Retief, J.C. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Retief, P.	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 97 jr. afgetrede boer.
Rhode, E. (mev.)	1987	Barkerstraat 25, Paarl, 76 jr., afgetrede fabriekwerker.
Riley, P.	1990	RGN, posbus 4637 Kaapstad, argitek.
Ritter, M.M. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Roberts, M. (mev.)	1988	Steenbokstraat 7B, Paarl, 70 jr., huishulp.

Robertson, L. (mev.)	1989	Meistraat 48, Paarl, 65 jr., huishulp.
Ross, M.	1989	Drakensteinweg 162, Paarl, 79 jr., afgetrede fabriekwerker.
Rossouw, B. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 86 jr., huisvrou.
Roux, A. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 90 jr., huisvrou.
Roux, H.J.	1989	Rusoord, Paarl, 81 jr., rustende boer.
Schietekat, M.J. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 85 jr., afgetrede verpleegster.
Seeliger, A. (mej.)	1986	Lorelei Kommetjie, 83 jr., rustende skoolhoof.
Segoma, K. (mev.)	1988	Lantanastraat 30C, Paarl, 78 jr., afgetrede fabriekwerker.
Siebritz, A.W. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., besigheidsvrou.
Simpson, A. (mej.)	1988	Rusoord, Paarl, 90 jr., rustende huismoeder.
Smit, J. (mev.)	1986	Obekawoonstelle 10, Paarl, 66 jr., huisvrou.
Smit, L. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., huisvrou.

Smit, M.	1989	Rusthof, Paarl, 70 jr., rustende togwaryer.
Smith, H.V. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 92 jr., afgetrede onderwyseres.
Smook, A. (mev.)	1991	Buitekantstraat 13, Paarl, huisvrou.
Smook, A.J.R.	1988	Buitekantstraat 13, Paarl, 66 jr., sakeman.
Snyders, H. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 81 jr., huishulp.
Solomons, A. (mev.)	1989	Rusthof, Paarl, 80 jr., huishulp.
Stramrood, W.J.	1988	Stasiestraat 33, Paarl, 67 jr., afgetrede werker, K.W.V.
Strydom, E.G. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Swanevelder, A.	1990	Posbus 12, Paarl, 54 jr., landmeter en stadsbeplanner.
Theron, E.P. (mev.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 84 jr., afgetrede onderwyseres.
Theron, J.P.	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 81 jr., rustende boer.
Theron, S.	1988	Vallei cul de sac- straat 6, Gordonsbaai, 79 jr., rustende direkteur van onderwys.
Truter, T.M. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 81 jr., huisvrou.

Uys, V.d.S.	1989	Rabiestraat 11, Paarl, 72 jr., afgetrede inspekteur van handwerk.
Van Breda, K. (mev.)	1987	Rusoord, Paarl, 90 jr., afgetrede onderwyseres.
Van der Berg, F. (mev.)	1989	Non Pareillestraat 10, Paarl, 73 jr., huisvrou.
Van Dyk, F. (mev.)	1986	Olyvenstraat 13, Paarl, 36 jr., dosent O.K.P.
Van Eeden, J.A.	1988	Rusoord, Paarl, 78 jr., grafsteenwerker.
Van Eeden, W.C.F. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 87 jr., huisvrou.
Van Ginkel, R.C. (mev.)	1987	Rusoord, Paarl,71 jr., huisvrou.
Van Graan, M. (mej.)	1988	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., afgetrede onderwyseres.
Van Niekerk, D.J.	1988	Zionstraat 18, Paarl, 91 jr., rustende boer.
Van Ravesteyn, J.J.	1989	Waltham Crossstraat 4, Paarl, 88 jr., Ouditeur.
Van Schalkwyk, A.C. (mej.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 81 jr., besigheidsvrou.
Van Tonder, M.M. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 75 jr., huisvrou.
Van Wyk, F. (mev.)	1989	Prinsfortuinstraat 5, Paarl, 73 jr., huishulp.

Van Wyk, S. (mev.)	1989	Lantanawoonstelle D4, Paarl, 82 jr., afgetrede fabriekwerker.
Van Zyl, A.A. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 79 jr., huisvrou.
Vermeulen, H. (mev.)	1987	Rusoord, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Victor, M.M. (mej.)	1988	Theronstraat 1, Paarl, 28 jr., kurator Oude Pastorie-museum.
Visser, C.J. (mev.)	1988	Rusoord, Paarl, 78 jr., huisvrou.
Vivier, A.C. (mev.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 84 jr., huisvrou.
Vlotman, F. (mev.)	1987	Pointsettiastraat 20C, Paarl, 63 jr., huishulp.
Vlotman, M.	1988	Pointsettiastraat 20C, Paarl, 74 jr., afgetrede fabriekwerker.
Voigt, A.	1989	Meulstraat 28, Paarl, 80 jr., rustende ingenieur.
Wagner, R. (mej.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 72 jr., afgetrede verpleegster.
Walder, A.B. (mej.)	1989	Huis Vergenoegd, Paarl, 87 jr., afgetrede onderwyseres.
Warmenhoven, J. (mev.)	1987	Murrayhuis, George, 74 jr., huisvrou.
Williams, K. (mev.)	1989	Steenbokstraat 14A, Paarl, 60 jr., afgetrede fabriekwerker.

ams, M. (mev.)	1989	Spes Bonastraat 2, Paarl, 68 jr., afgetrede fabriekwerker.
Wouters, L.	1990	Smetstraat 7, Deurne België, argitek.
Wright, D.W.	1990	Non Pareillestraat 31, Paarl, 65 jr., landmeter.